# VROUETAAL IN DRIE AFRIKAANSE TYDSKRIFTE:

# DIE BOEREVROU (1919-1931), DIE HUISGENOOT (1932-1948)

# EN SARIE (MARAIS) (1949-1989)

DEUR SARAH JOHANNA CATHARINE SLABBERT

PROEFSKRIF VOORGELÊ TER VERVULLING

VAN DIE VEREISTES VIR DIE

GRAAD PHILOSOPHIAE DOCTOR

IN AFRIKAANS EN NEDERLANDS

IN DIE

FAKULTEIT LETTERE AAN DIE UNIVERSITEIT VAN DIE WITWATERSRAND

PROMOTOR: PROF. E.H. RAIDT

Johannesburg: April 1993

DECLARATION

I declare that this thesis is my own, unaided work. It is being submitted for the degree of Doctor of Arts at the University of the Witwatersrand, Johannesburg. It has not been submitted before for a degree or examination at any other University.

Sarah J.C. Slabbert : .....

2 April 1993 : 2 April 1993

ABSTRACT

This study is based on three main hypotheses:

a) The discourse between a women's magazine and its reader can be regarded as a specialized type of woman to woman communication and can therefore be placed within the paradigm of women's language.

b) Because language is a social semiotic, changes in the social position of women will be reflected in the lexicogrammatical features of the women's magazine.

c) Changes in the social position of women will mainly be reflected in the realm of interpersonal meaning and consequently one can expect movement in those lexicogrammatical features that are associated with interpersonal meaning.

The research traces the historical development of this discourse type in three Afrikaans magazines: Die Boerevrou (1919-1931), the women's section of Die Huisgenoot (1932-1948) and Sarie(Marais) (1949-1989). The focus is on three core sections of the women's magazine: the discourse between female and male characters in love stories, and the discourse between magazine-speaker and reader-listener in the general articles and in the advertisements.

Theoretically the research links up with the functional model of Halliday. The method is mainly quantitative and based on the Interactional Process Analysis (IPA) of Bales (1970) as interpreted by Preisler (1986), as well as on the work of Fowler et al. (1979). Three sets of specific hypotheses have been defined. The first is based on the stereotypes of women's language, the second on IPA categories and the markers of tentativity, and the third on the markers of control as described by Fowler et al. (1979). When relevant, the behaviour of additional variables that have shown themselves to be sensitive to time, or which have been previously researched in other material, e.g. Stoops (1972), was also described quantitatively. For the advertisements changes in the context of situation were also described in qualitative terms.

The results have proved the central assumption of the study to be correct, namely that the discourse of women's magazines would be sensitive to the defined variables. The most important findings were the following:

In all the examined volumes, with the exception of 1970/71, a significant difference between the linguistic behaviour of male and female characters in the magazine stories was found. This difference is however not always equal, and does not always concern the same variables.

In both the magazine articles and the advertisements there is a movement away from an explicit task-oriented role towards a more socio-emotional role. In the articles it entails a massive shift from task-oriented functions towards the function "Dramatizing" (Bales 1970), whereas the shift in the advertisements is not as large and towards "Friendly" (Bales 1970).

The study has shown that a quantitative instrument that has been developed for the description of group interaction on a synchronic level can also be successfully applied to a historical study on written language. It is hoped that it has also demonstrated the value of functionally defined variables and contrastive material for stylistic analysis.

VOORWOORD

Ek is baie dank verskuldig aan die volgende mense vir die bydrae wat hulle gelewer het om hierdie proefskrif 'n werklikheid te maak:

Prof. E.H. Raidt, my promotor, vir die belangstelling in vrouetaal wat sy by my gewek het, asook vir haar leiding en ondersteuning.

Prof. Walter Claassen wat my aan die program Wordcruncher bekendgestel het.

Prof. Fatti van die Departement Statistiek aan die Universiteit van die Witwatersrand vir sy hulp met die statistiese verwerking van die resultate.

Laurie Pienaar, Wessel Graaff, Santie Wheeler, Elida Jacobsz, Leoné du Plooy en Marlene Vorster vir hulle harde werk om die materiaal in 'n verwerkbare vorm op rekenaar te kry.

Ena Jansen vir die proeflees van hoofstuk twee en vir haar nuttige wenke.

Vanity vir die eindelose koppies tee en Ben vir elke Vrydag se opruim van die kantoorchaos.

My ouers vir hulle gebede.

My broer, Harri, vir sy waardevolle kommentaar en sy bereidwilligheid om te alle tye te luister en te help.

My man vir sy hulp en opoffering en my kinders vir hulle begrip en uithouvermoë.

Iske en Susan vir die ondersteuning waarsonder hierdie proefskrif nooit klaar sou gekom het nie.

Ek erken hiermee ook met dank geldelike bystand van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

VIR HENRI, MY KINDERS, EN ISKE

INHOUDSOPGAWE

INLEIDING . . . . . p. 6

HOOFSTUK 1: MODELLE EN TERMINOLOGIE

1.1 INLEIDING . . . . . p. 9

1.2 TAALMODELLE . . . . . p. 9

1.2.1 Perspektiewe: outonoom versus kontekstueel . . . . . p. 9

1.2.2 Subdissiplines van die nie-outonome taalmodel . . . . . p. 11

1.2.3 Die funksionele taalmodel van Halliday . . . . . p. 13

1.2.4 Tyd en geografiese ruimte as gesprekskomponente . . . . . p. 18

1.3 STYL . . . . . p. 20

1.3.1 Algemene definisies en terreinafbakening . . . . . p. 22

1.3.2 Spesifieke definisies en terreinafbakenings . . . . . p. 23

1.4 REGISTER . . . . . p. 23

1.5 SAMEVATTEND TEN OPSIGTE VAN STYL EN REGISTER . . . . . p. 25

1.6 DIE FOKUS VAN HIERDIE STUDIE . . . . . p. 26

HOOFSTUK 2: 'N KRITIESE OORSIG VAN DIE STUDIES OOR VROUETAAL

2.1 INLEIDING . . . . . p. 30

2.2 CHRONOLOGIESE OORSIG . . . . . p. 30

2.2.1 Studies van voor die negentiende eeu . . . . . p. 30

2.2.2 Die negentiende eeu . . . . . p. 31

2.2.3 Twintigste-eeuse studies oor absolute verskille . . . . . p. 31

2.2.4 Die eerste emansipasiegolf . . . . . p. 32

a) Otto Jespersen
b) Jacques van Ginneken

2.2.5 Die tweede emansipasiegolf . . . . . p. 36

a) Robin Lakoff
b) Mary Ritchie Key
c) Kritiek

2.2.6 Die sosiolinguiste . . . . . p. 40

2.2.7 Nuwe belangstellings . . . . . p. 41

2.2.8 Suid-Afrika . . . . . p. 41

2.3 SISTEMATIESE OORSIG . . . . . p. 41

2.3.1 Kategorisering . . . . . p. 41

2.3.2 Vrouetaal as 'n kollektiewe idiolek . . . . . p. 45

a) Kognitief gedefinieer

b) Sosiaal gedefinieer

i. Absolute of kategoriese verskille: Nie-Westerse tale

ii. Kategoriese verskille met 'n waarskynlikheidsverdeling: Die sosiolinguistiese studies

iii. Verskille met 'n waarskynlikheidsverdeling: Lakoff, en ander se intuïtiewe aansprake word getoets

iv. Algemene gevolgtrekkkings

v. 'n Verdere verklaring vir die onbevredigende resultate van mikrostudies

vi. Verklarings vir geslagsdifferensiasie in taalgebruik vanuit hierdie perspektief

2.3.4 Vrouetaal as 'n interaksionele rol . . . . . p. 59

i. Oorsig
ii. Die navorsing van Preisler (1986)

2.4 MERKERS VERSUS STEREOTIPES . . . . . p. 62

2.5 DIE ROL VAN DIE VROU IN TAALVERANDERING . . . . . p. 63

2.6 TOT WATTER MATE KAN VROUETYDSKRIFTAAL AS VROUETAAL BESKOU WORD?

. . . . . p. 65

HOOFSTUK 3: VROUETYDSKRIFTAAL: HIPOTESES EN METODIEK

3.1 ALGEMENE HIPOTESES . . . . . p. 68

3.2 DIE "INTERACTIONAL PROCESS ANALYSIS" VAN BALES EN DIE TOEPASSING DAARVAN OP HIERDIE STUDIE . . . . . p. 71

3.3 DIE LINGUISTIESE MERKERS VAN TENTATIWITEIT EN STELLIGHEID p. 75

3.4 SPESIFIEKE HIPOTESES . . . . . p. 82

3.5 SPESIFIEKE METODES . . . . . p. 86

3.5.1 Materiaalversameling . . . . . p. 86

3.5.2 Kodering . . . . . p. 87

3.5.3 Verwerking . . . . . p. 87

HOOFSTUK 4: DIE VERANDERLIKE KONSTANTES VAN DIE AFRIKAANSE VROUETYDSKRIF

4.1 INLEIDING . . . . . p. 92

4.2 DIE S.A. VROUETYDSKRIFPROFIEL EN LESERSPATRONE . . . . . p. 94

4.3 DOELSTELLINGS EN REDAKTEURSBELEID: IDEALISME VS. MATERIALISME . . . . . p. 97

4.4 DIE VERANDERLIKE KONSTANTES . . . . . p. 101

4.4.1 Die *voorblaaie* . . . . . p. 102

4.4.2 Die teks . . . . . p. 102

4.4.2.1 Verhale p. 102
4.4.2.2 Huis, handwerk, kos, skoonheid en modes p. 102
4.4.2.3 Kinderopvoeding p. 104
4.4.2.4 Rubrieke p. 104
4.4.2.5 Artikels ("features") p. 105

4.5 SLOT . . . . . p. 110

HOOFSTUK 5: VROUETAAL IN DIE KORTVERHALE VAN DIE VROUETYDSKRIF

5.1 INLEIDING . . . . . p. 113

5.2 MATERIAAL . . . . . p. 113

5.3 METODE VAN ANALISE . . . . . p. 114

5.4 HIPOTESES . . . . . p. 116

5.5 DIE RESULTATE . . . . . p. 120

5.5.1 Die Boerevrou . . . . . p. 120

5.5.2 Sarie 1949/50 . . . . . p. 151

5.5.3 Sarie 1970/71 . . . . . p. 181

5.5.4 Sarie 1988/89 . . . . . p. 217

5.6 ALGEMENE GEVOLGTREKKINGS . . . . . p. 242

5.7 HIPOTESE: DIE TAALGEBRUIK VAN DIE VERHAALDIALOOG IS NIE GEVOELIG VIR DIE VERLOOP VAN TYD NIE. . . . . p. 247

HOOFSTUK 6: VROUETAAL IN DIE TYDSKRIFARTIKELS

6.1 INLEIDING . . . . . p. 252

6.2 MATERIAAL . . . . . p. 252

6.3 KODERING . . . . . p. 254

6.4 HIPOTESES . . . . . p. 256

6.5 RESULTATE . . . . . p. 259

6.6 AANVULLENDE RESULTATE . . . . . p. 318

6.7 ALGEMENE GEVOLGTREKKINGS MET BETREKKING TOT DIE GESTELDE HIPOTESES . . . . . p. 339

HOOFSTUK 7: VROUETAAL IN DIE TYDSKRIFADVERTENSIES

7.1 INLEIDING . . . . . p. 343

7.2 NAVORSINGSMETODE . . . . . p. 346

7.2.1 Bales se IPA-model . . . . . p. 346

7.2.2 Die materiaal . . . . . p. 348

7.3 HIPOTESES . . . . . p. 349

7.4 RESULTATE . . . . . p. 351

7.5 ADDISIONELE RESULTATE VIR SPESIALE VERANDERLIKES . . . . p. 377

7.6. LEKSIKALE EN GRAMMATIESE VERANDERLIKES: KWALITATIEWE RESULTATE . . . . . p. 379

7.6.1 Naamwoordstuk . . . . . p. 379

a) kloussubjekte p. 379
Die Boerevrou
Die Huisgenoot 1940
Sarie 1960/61
Sarie 1980/81

b) Persoonlike voornaamwoorde . . . . . p. 385
Die Huisgenoot 1940

c) Substantiewe . . . . . p. 385
Die Boerevrou
Die Huisgenoot 1940
Sarie 1960/61
Sarie 1980/81

d) Betreklike voornaamwoorde . . . . . p. 394

e) Adjektiewe . . . . . p. 394
Die Boerevrou
Die Huisgenoot 1940
Sarie 1960/61
Sarie 1980/81

7.6.2 Werkwoordstuk . . . . . p. 411

Die Boerevrou
Die Huisgenoot 1940
Sarie 1960/61
Sarie 1980/81

7.6.3 Slotopmerkings . . . . . p. 418

7.7 ALGEMENE GEVOLGTREKKINGS . . . . . p. 419

SLOTSOM . . . . . p. 424

BIBLIOGRAFIE . . . . . p. 426

# INLEIDING

Die doelstelling van hierdie studie is drieledig. Dit is

a) 'n studie oor 'n bepaalde soort vrouetaal, naamlik dié van die Afrikaanse vrouetydskrif.

Motivering: Daar is nog baie min navorsing oor geslagsdifferensiasie in Afrikaans gedoen, en navorsing oor vrouetaal vanuit 'n historiese perspektief is feitlik heeltemal braak terrein. Twee kernvrae, nl.

i) Is geslagsdifferensiasie in die taalgebruik van Westerse volke 'n konstante of het dit oor die afgelope, sê sestig jaar, verander?

ii) Indien daar wel 'n verandering plaasgevind het, wat was die rigting daarvan en het die veranderende sosiale rol van die vrou enigiets daarmee te make gehad?

is na my wete nog nooit aangespreek nie.

Hierdie soort geskrewe kommunikasie is ook nog nie vantevore binne die paradigma van linguisties gedefinieerde vrouetaal geplaas nie.

b) 'n kwantitatiewe stilistiese studie.

Motivering:
Kwantitatiewe stilistiese studies met 'n historiese perspektief is beperk tot die stilistiese ontwikkeling van individuele outeurs.

'n Historiese perspektief bied egter die ideale vergelykingsbasis vir 'n stilistiese beskrywing van 'n taalverskynsel soos die vrouetydskrif, omdat daar soveel konstantes is, wat die funksionaliteit van leksiko-grammatiese veranderlikes vereenvoudig.

Daar is nog nie vantevore 'n stilistiese studie van hierdie aard in Afrikaans gedoen nie.

c) 'n historiese taalstudie.

Motivering:
Die Afrikaanse tydskrifte van die afgelope 70 jaar is ook dokumente van die ontwikkeling van geskrewe Afrikaans. Stoops (1972) se studie oor die taalgebruik van Die Huisgenoot het so 'n ondersoek as oogmerk gehad.

Alhoewel dit nie sin het om Stoops se studie vir die vrouetydskrifte te herhaal nie, kan hierdie materiaal tog dalk interessante nuwe perspektiewe gee, veral ten opsigte van die jongste twee dekades.

Die leksikon van die Afrikaanse vrouetydskrifte is terselfdertyd

'n dokument van 'n stuk sosiale geskiedenis. Daar sal op die taalgebruik in die advertensies gekonsentreer word om dit aan te dui.

Die studie vind teoreties aansluiting by Halliday se funksionele taalmodel, en metodologies by Bales (1970) se Interactional Process Analysis en Preisler (1986) se gebruik daarvan.

As voorbeelde van Afrikaanse vrouetydskriftaal is Die Boerevrou (1919-1931), die vroueafdeling van Die Huisgenoot (1932-1948) en Sarie (Marais) (1949-1989) gekies. Die vroueafdeling van Die Huisgenoot is gekies omdat daar nie in daardie tydperk 'n vergelykbare vrouetydskrif bestaan het nie en omdat dit wat inhoudelike struktuur betref, ooreenstem met die ander twee vrouetydskrifte.

Aangesien dit belangrik was om veranderlikes tot 'n minimum te beperk, is die tydskrifte as stilisties en inhoudelik gestratifieerd beskou en is daar op drie strata gefokus: die verhale, die algemene artikels, en die advertensies.

Die hoofstuk-uiteensetting is baie kortliks as volg:

In hoofstuk 1 word die basiese aannames en metodes van die subdissiplines wat op hierdie studie betrekking het, bespreek. Daar word spesiaal stilgestaan by die relevante kernprobleme van die stilistiek en daar word aangedui in watter opsigte hierdie studie metodologiese oplossings bied. Vervolgens word Halliday se funksionele taalmodel uiteengesit en vrouetydskriftaal word hierbinne geplaas.

Die verskillende sienings oor vrouetaal en die navorsing wat daaroor gedoen is, word in hoofstuk 2 krities bespreek. Daar word terselfdertyd gemotiveer in watter verband vrouetydskriftaal in hierdie studie "vrouetaal" genoem word.
Hoofstuk 3 stel die algemene hipoteses wat in hierdie studie getoets gaan word en gee 'n uiteensetting van die veranderlikes in terme waarvan die algemene hipoteses in spesifieke hipoteses omgesit gaan word. Dit behels 'n bespreking van Bales (1970) se "Interactional Process Analysis" as 'n metode om interaksionele rol te kwantifiseer, asook 'n bespreking van die linguistiese merkers van tentatiwiteit en beheer/stelligheid. Die spesifieke hipoteses word vervolgens geformuleer. Daar word ten slotte verwys na die spesifieke metodes met betrekking tot materiaalversameling, kodering en verwerking van resultate wat in hierdie studie gevolg gaan word.

Hoofstuk 4 plaas die kwantitatiewe navorsing wat volg teen die agtergrond van 'n oorsig van die veranderlike konstantes van die Afrikaanse vrouetydskrif. Die oorsig sluit algemene doelstellings van die tydskrif en redakteursbeleid, asook 'n omvattende inhoudsanalise in.

In hoofstukke 5, 6 en 7 word die resultate vir die verskillende strata gegee en bespreek.

Die slothoofstuk is 'n opsomming van die belangrikste gevolgtrekkings.

# HOOFSTUK 1: MODELLE EN TERMINOLOGIE


1.1 INLEIDING . . . . . p. 9

1.2 TAALMODELLE . . . . . p. 9

1.2.1 Perspektiewe: outonoom versus kontekstueel . . . . . p. 9

1.2.2 Subdissiplines van die nie-outonome taalmodel . . . . . p. 11

1.2.3 Die funksionele taalmodel van Halliday . . . . . p. 13

1.2.4 Tyd en geografiese ruimte as gesprekskomponente . . . . . p. 18

1.3 STYL . . . . . p. 20

1.3.1 Algemene definisies en terreinafbakening . . . . . p. 20

1.3.2 Spesifieke definisies en terreinafbakenings . . . . . p. 22

1.4 REGISTER . . . . . p. 23

1.5 SAMEVATTEND TEN OPSIGTE VAN STYL EN REGISTER . . . . . p. 25

1.6 DIE FOKUS VAN HIERDIE STUDIE . . . . . p. 26

## 1.1 INLEIDING

'n Titel soos "Vrouetaal in die Afrikaanse vrouetydskrif" open onmiddellik 'n hele lys teoretiese vrae:

> Watter taalmodel is onderliggend aan die studie?
>
> Is dit 'n sosiolinguistiese studie of is dit 'n stilistiese studie, of probeer dit beide wees? Wat is in ieder geval die verskil tussen die twee?
>
> Wat word vir hierdie studie bedoel met vrouetaal?
>
> Hoekom is die taal van 'n vrouetydskrif "vrouetaal", m.a.w. wat is die hipoteses en wat is die veranderlikes by dié begrip?

Hierdie eerste hoofstuk word hoofsaaklik aan die beantwoording van die eerste twee vrae bestee.

Enige studie soos hierdie veronderstel een of ander taalmodel, wat weer op sy beurt bepaal wat die inhoud van die term vrouetaal asook terme soos register, styl, teks en konteks sal wees. Daar sal gevolglik eerstens 'n oorsig gegee word van taalmodelle, en in meer besonderhede die subdissiplines van die nie-outonome taalmodel omdat die term vrouetaal die bybetrek van 'n kontekstuele faktor in taalbeskrywing impliseer. In die tweede plek word die inhoud van die terme teks en konteks asook styl en register soos wat hulle in die verskillende subdissiplines gebruik is, bespreek, en daar word probeer om by werkbare definisies vir hierdie studie uit te kom. Omdat hierdie studie ook histories is, sal in die derde plek gekyk word na die plek van tyd in die nie-outonome taalmodel. Laastens word die plek van vooropstelling en die kontrastiewe werkswyse binne die funksionele taalmodel van Halliday bespreek en die relevansie daarvan vir hierdie studie word aangedui.

## 1.2 TAALMODELLE

### 1.2.1 Perspektiewe: outonoom versus kontekstueel

> Dat taal 'n semiotiese sisteem is, betwyfel taalkundiges nie. Die verband tussen die tekendraer, die waarneembare taalvorm dus, die nie-talige werklikheid en die kognitiewe prosesse van die brein is egter die sentrale problematiek.
>
> Die taalkunde kan verdeel word in twee breë strominge: die studie van taal as 'n outonome sisteem en die studie van taal in sy verhouding tot 'n nie-talige konteks, d.w.s met die bybetrek van ander vakdissiplines, bv. die psigologie, sosiologie, antropologie.
>
> Tot die eerste stroming behoort die strukturele taalkunde in sy vele vorms en met sy subdissiplines: die fonologie, morfologie, sintaksis en semantiek; tot die tweede onder meer dialektologie, sosiolinguistiek, pragmatiek, en tekslinguistiek.
>
> Hierdie tweedeling hang ook saam met die klassieke "langue-parole"- en "competence-performance"-verdelings. In die eerste geval: 'n beskrywing van 'n abstrakte sisteem wat ook 'n model is van 'n inherente vermoë; in die tweede geval: die sisteem in werking in die

konkrete kommunikasiesituasie en die invloed van hierdie kontekstuele faktore op die struktuur van die taaluiting.

Volgens die strukturele taalkunde opereer die taalsisteem op hiërargiese vlakke: die foneem, die morfeem, die woord, die sin. Vir elke vlak kan minimale eenhede gedefinieer word wat in paradigmatiese en sintagmatiese relasies tot mekaar staan. Die aard van die eenhede en hulle relasies konstitueer die sisteem.

Binne die transformasioneel-generatiewe skool, wat steeds in wese strukturalisties is, word die eenhede op die onderskeie vlakke gegenereer met 'n sisteem van basisreëls en die konkrete realisering van die abstrakte sisteem word gegenereer met 'n sisteem van transformasiereëls.

Beide modelle gaan uit van die standpunt dat 'n mens op al die vlakke van taal te make het met seleksie en kombinasie. Hierdie seleksie en kombinasie van klankvorm, grammatiese struktuur en betekenis - die basiese struktuurelemente - word eerstens beperk deur die semiotiese aard van die taalsisteem met sy sub-sisteme. Die, klip of ten spyte van is moontlik, pilk, ied of ten spyte agter is binne die betrokke taalsisteem nie moontlik nie, tensy een of ander meganisme geaktiveer word om die semiotiese aard van die tweede groep uitings aan te dui. Hierdie openheid is een van die sentrale eienskappe van die taalsisteem, 'n feit wat sisteemmodelle van veral die betekenis kompliseer. Naas hierdie beperkings is daar seleksie-en-kombinasiemoontlikhede wat deur die nie-talige aspekte van die kommunikasiesituasie bepaal word, bv. spreker-en-hoorderfaktore en medium.

Tog stuur beide modelle op 'n manier weg van die sentrale relasie tussen taal en nie-taal. Die outonome taalmodel definieer inhoud (betekenis) in terme van struktuurrelasies; betekenis is dus altyd 'n mentalistiese "iets". Taal is 'n psigologiese realiteit, wat wel in relasie staan tot 'n werklikheid daarbuite, maar wat onafhanklik daarvan beskryf kan word. Aan die ander kant sluit die kontekstuele taalmodel normaalweg inhoud van keuse uit en beperk hom tot daardie aspekte van die konteks wat duidelik definieerbare linguistiese veranderlikes determineer, byvoorbeeld persoonlike besonderhede van spreker en hoorder soos ouderdom, geslag, sosiale stand, ens., die aard van hulle verhouding, of die medium van kommunikasie. Dit verloor uit die oog dat inhoud ook 'n keuse is en net so kontekstueel gebonde is. Byvoorbeeld: Of twee mense wat by mekaar verby stap, taal gaan gebruik, en die seleksie wat gemaak gaan word indien taal gebruik word, is volledig 'n funksie van die konteks, al moet 'n mens hier konteks breër definieer om inter- en intratekstuele konteks in te sluit. Om net te gaan kyk na die verskillende strukture van gesproke groetformules en die invloed van spreker-hoorderrelasies, negeer die konteks agter die feit dat daar in die eerste plek taal gebruik is en dat die inhoud 'n groetformule is.

Ek wil selfs huiwer om van nie-talige aspekte te praat omdat taal hierdie aspekte veronderstel. Dit is nie net die toepassing van 'n taalitem in 'n bepaalde konteks wat betrokke is by die keuse van Kyk hierdie interessante boom teenoor Kyk hierdie interessante rok nie; die hele semiotiese proses wat taal is, is aktief by hierdie seleksie en interpretasie. Origens, soos in die formulering van L.R. Waugh (1984:409): "It is obvious that language is multimodally interconnected

with other semiotic systems - a typical speech situation is actually a complex semiotic situation in which many other semiotic systems are also used; for example, gesture, disposition of bodies in space, dress, the built environment (buildings and artifacts), etc. But of course the speech situation is minimally one in which speech takes place and thus the presence of these other semiotic systems *becomes linguistically relevant - or better, it takes on a linguistic facet*" (my kursivering).

Die sistemies-funksionele taalmodel wat deur Halliday (1971, 1973, 1977, 1978, 1895) en Halliday en Hasan (1976, 1989) ontwikkel is, is 'n poging om sowel die relatief outonome as die nie-outonome aard van taal te versoen tot 'n meer omvattende model wat ook hierdie sentrale relasie probeer aandui. Omdat dit die uitgangspunt is van hierdie studie sal in 'n volgende afdeling in meer besonderhede hierna verwys word.

### 1.2.2 Subdissiplines van die nie-outonome taalmodel

Taal binne kommunikatiewe verband is in die loop van die geskiedenis deur verskeie subdissiplines bestudeer. Hartmann (1980:10) gee 'n chronologiese oorsig van subdissiplines wat die komponente van die gesprek en sy funksies in ag neem, of soos hy dit stel: "approaches to discourse analysis" is. Dit behels onder meer:

Stilistiek:

a) Die literêre stilistiek se doelstelling is breedweg om daardie strukturele eienskappe van die kunswerk aan te dui wat funksioneel is, d.w.s. wat in diens van die estetiese funksie staan. Volgens Hartmann (1980) onderskei Guiraud (1974) vier benaderingswyses:

   * "beskrywend" (Charles Bally en Maurice Grammont)
   * "funksioneel" (Roman Jakobson en Roland Barthes)
   * "geneties" (Benedetto Croce en Leo Spitzer)
   * "kwantitatief" (Wilhelm Fucks en Gustav Herdan)

   Die werkwyse van die tradisionele literêre stilistiek is impressionisties, subjektief, gebaseer op die "intuitive leap hypothesis", en baie sterk gerig op 'n kritiese beoordeling van literêre tekste in terme van norme soos gepastheid, doeltreffendheid en effektiwiteit. Hierdie norme word vandag deur die Tekslinguistiek beskou as die beginsels wat tekstuele organisasie beheer (De Beaugrande en Dressler 1981:11). Kwantitatiewe verifiëring van aannames of intuïsies het later bygekom, maar die aandui van die estetiese funksie is steeds grootliks impressionisties. Ek kom later hierop terug.

b) Die beskrywing van nie-literêre style val sowel binne die terrein van die Sosiolinguistiek as stilistiek en ook hierna sal later weer verwys word.

Semiotiek:

Volgens Hartmann (1980) het Karl Bühler (1934), Morris (1938), Jakobson (1960), Kenneth Pike (1954) en Roland Barthes (1968) elk

hulle eie sienings van die aard van taal en die kommunikatiewe gebeurtenis, maar hulle het 'n meer uitgebreide kommunikasiemodel in gemeen, wat voorsiening maak vir drie addisionele komponente naas Spreker en Hoorder, Gespreksonderwerp en vorm van die Boodskap self, naamlik: Kode of Taalsisteem, Kanaal of Medium, Konteks of Situasie.

Naas die toepassings van hierdie meer uitgebreide model in die reeds genoemde studieterreine, het dit ook nuwe studievelde geopen, waarvan die volgende vir hierdie studie belangrik is:

Die Taalhandelingsteorie:

Die Taalhandelingsteorie ontwikkel in Engeland en Amerika na-oorlogs veral uit die werk van Austin (How to do things with Words [1962]), Grice (1975) en Searle (Speech Acts [1969]) en demonstreer dat die struktuur van die uiting nou verweef is met kommunikatiewe strategieë. Die bevindings van hierdie Angelsaksiese beweging is sterk deur die beskouings van die latere Wittgenstein (veral sy Philosophical Investigations (1974) beïnvloed). In die algemeen kan gesê word dat uit diverse tendense van hierdie aard die formele studierigting van die pragmatiek ontwikkel het.

'n Taalmodel wat die gespreksituasie in ag neem, is per se nie beperk tot die sin nie. Die taalkunde het egter vir die grootste deel van sy geskiedenis die studie van strukture en relasies binne die sin behels. Tog was daar van tyd tot tyd insigte oor eenhede groter as die sin. Vergelyk byvoorbeeld die historiese oorsig oor verskeie bydraes in De Beaugrande en Dressler (1981:20 e.v.).

Die belangstelling in relasies in eenhede groter as die sin het algaande uitgegroei tot twee nuwe studieterreine binne die linguistiek, nl. diskoersanalise en tekslinguistiek. Onderliggend aan beide is hipoteses wat soos volg deur Hartmann (1980:18) geformuleer word: "the assumption (a) that it is the text where linguistic and extra-linguistic categories correlate, (b) that for a characterisation of the linguistic patterns we need to go beyond the limits of the clause or sentence, and (c) that 'text-ness', 'texture' or 'textuality' is a more realistic notion for capturing communicative events than the more narrowly conceived component notions of phonemicity, grammaticality, and semanticality".

Diskoersanalise:

"Discourse analysis starts with the outer frame of the situational context and works inwards to find out which verbal features correlate with specific communicative settings; this is derived from the 'ethnographic' approach of American anthropology and British sociology." (Hartmann 1980:17)

Tekslinguistiek:

"Text grammar, on the other hand, starts from within the linguistic patterns of the message and asks how they may be used in certain contexts; this 'textographic' approach may be said

to rest largely on European deductive linguistics." (Hartmann 1980:17)

Die meeste werk op die gebied van die tekslinguistiek bly gebaseer op die transformasioneel-generatiewe grammatika en is 'n poging om die term "transformasie" oor die grense van die sin te projekteer (De Beaugrande en Dressler 1981). Die totstandkoming van 'n teks word as 'n proses beskou, 'n teks word dus gegenereer, en dit is die taak van die taalkundige om die meganismes van hierdie proses te beskryf. In hierdie opsig sluit die teksgrammatika ook aan by die afdeling van die rekenaarwetenskap wat hom daarop toelê om natuurlike taal te genereer met behulp van 'n leksikale databasis en algoritmes.

Teksgrammatika/teksanalise/tekslinguistiek is dus 'n verruiming van die strukturalisme: dit neem strukturalisme verby die grense van die sin. In die proses word 'n nuwe soort grammatikaliteit gekonstitueer, nl. tekstualiteit. Anders as in die geval van die outonome taalkunde is die volledige kommunikasiemodel hierby betrek, d.w.s. ook die psigologie, sosiologie, antropologie, informatika, om maar 'n paar subdissiplines te noem. Aan die ander kant is die model steeds geplaas binne die raamwerk van die outonome taalkunde met terme soos teks vs. nie-teks en die parallelle tussen grammatikaliteit en tekstualiteit. Volgens De Beaugrande en Dressler (1981: 1-12) is die sewe standaarde van tekstualiteit die volgende: kohesie, koherensie, intensionaliteit, aanvaarbaarheid, informatiwiteit, situasionaliteit en intertekstualiteit en die drie regulerende beginsels is: produktiwiteit, doeltreffendheid en gepastheid. Teks is die aktualisering van 'n aantal operasies: "the text is an ACTUAL system in which options have been taken from their repertories and utilized in a particular STRUCTURE" (De Beaugrande en Dressler 1981:35). Myns insiens is hulle met hierdie benadering terug by die probleme wat die TGG met "betekenis" ondervind het, omdat die taal die vermoë het om sulke voorskrifte te rek verby die grense van enige definisie.

Uiteraard het sowel Tekslinguistiek as Diskoersanalise nuwe insigte gebring vir die literêre stilistiek, asook taalonderrig en taalgebruiksleer.

Die Variasietaalkunde:

Die Variasietaalkunde toon aan dat sogenaamde "vrye" variasie in die teks toegeskryf kan word aan sprekerveranderlikes, bv. geslag, ouderdom, sosiale stand, en geografiese herkoms, asook spreker-hoorder-relasies, soos formaliteit.

Labov (1966, 1972a en 1972b) en ander kwantitatiewe variasiestudies, bv. dié van Fasold (1972), Trudgill (1974b) en Milroy (1980), bly binne die raamwerk van die strukturalistiese eenhede foneem, morfeem en sin in hulle keuse van linguistiese veranderlikes. Maar hulle kyk na die tekstuele verspreiding van hierdie veranderlikes. Kontekstuele veranderlikes word selde as deel van 'n groter konteksmodel beskou en die informasie wat 'n spesifieke konfigurasie van linguistiese veranderlikes verskaf, word nie geknoop aan die groter betekenis van die teks nie.

Soos aangedui in hierdie afdeling, is die benadering tot die verhouding taal:nie-taal óf normatief óf verklarend, hetsy ten opsigte van 'n beperkte versameling tekste soos wat in Diskoersanalise gedoen word (bv. Labov en Fanshel 1977), of ten opsigte van gekose linguistiese veranderlikes en kontekstuele faktore, soos in die geval van die Variasietaalkunde.

Verklarende benaderings is weer op hulle beurt óf op 'n makrovlak, waardeur algemene patrone vir 'n groot spraakgemeenskap blootgelê word, (bv. die klassieke studies van Labov [1966, 1972a, 1972b], Milroy [1980], Trudgill [1972, 1974a] en ander oor die taalgebruik van bepaalde stedelike gemeenskappe), óf op 'n mikrovlak, bv. gedetailleerde diskoersanalises.

Alle studies oor vrouetaal val binne een van die genoemde subdissiplines, soos wat in die volgende hoofstuk aangetoon sal word.

### 1.2.3 Die funksionele taalmodel van Halliday

Die werk van Halliday oor tekstuele kohesie val tot 'n groot mate binne die kader van die Tekslinguistiek. Sy funksionele taalmodel word hier egter apart bespreek, omdat dit 'n poging is om die relevansie van die groter kommunikasiesituasie vir taalstruktuur, wat uit die werk in al die genoemde subdissiplines geblyk het, in 'n omvattende teoretiese taalmodel in te bou.

Vir Halliday (1971, 1973, 1977, 1978, 1985) kan taal nie losgemaak word van die sosiale konteks waarin en waaruit dit funksioneer nie. Daar is vir hom 'n ikoniese verband tussen leksikogrammatiese struktuur en betekenis. 'n Grammatiese struktuur vervul 'n konfigurasie van rolle of semantiese funksies. Funksies moet nie geïnterpreteer word as gebruike van taal nie, maar as funksionele komponente van die semantiese sisteem. Hy onderskei drie semantiese funksies, waarvan een uit twee subfunksies bestaan:

1. die ideële funksie ("ideational")
   a) die belewenisfunksie ("experiential")
   b) die logiese funksie ("logical")

2. die interpersoonlike funksie ("interpersonal")

3. die tekstuele funksie ("textual")

Hy definieer hulle as volg:

1. "the ideational function: language as expressing the speaker's experience of the external world, and of his own internal world, that of his own conciousness." (1978:45)

   a) "The experiential function, as the name implies, is the 'content' function of language; it is language as the expression of the processes and other phenomena of the external world, including the world of the speaker's own consciousness, the world of thoughts, feelings and so on.

   b) The logical component is distinguished in the linguistic

system by the fact that it is expressed through recursive structures, whereas all the other functions are expressed through nonrecursive structures. In other words, the logical component is that which is represented in the linguistic system in the form of parataxis and hypotaxis, including such relations as coordination, apposition, condition and reported speech." (1978:49)

2. "an interpersonal function... Here, the speaker is using language as the means of his own intrusion into the speech event: the expression of his comments, his attitudes, and evaluations, and also of the relationship that he sets up between himself and the listener - in particular, the communication role that he adopts, of informing, questioning, greeting, persuading, and the like." (1971:333)

3. "But there is a third function which is in turn instrumental to these two, whereby language is, as it were, enabled to meet the demands that are made on it; I shall call this the textual function, since it is concerned with the creation of text. It is a function internal to language...It is through this function that language makes links with itself and with the situation; and discourse becomes possible, because the speaker or writer can produce a text and the listener or reader can recognize one." (1971:334)

Taal is 'n geheel van betekenispotensialiteit wat in konkrete gevalle deur 'n proses van betekenisseleksie as teks aktualiseer. Teks is 'n produk van al drie hierdie funksies; "it is a polyphonic composition in which different semantic melodies are interwoven, to be realized as integrated lexicogrammatical structures" (1978:112).

Terwyl die verweefdheid van funksies ter sprake is, is dit miskien interessant om Halliday se tekskonsep met die van De Beaugrande en Dressler (1981) te vergelyk. Die perspektief van die tekslinguistiek is in essensie struktureel, en meer spesifiek transformasioneel-generatief: Hoe lyk die proses van geslaagde teksgenerasie? Halliday se perspektief is semanties, daarom is sy teksdefinisie oper en meer diffuus. Vir hom is die teks 'n manier waarop die betekenis van 'n konteks oorgedra word. Alle operasies word dus gerelativeer deur die konteks: "By 'text' then, we understand a continuous process of semantic choice. Text is meaning and meaning is choice, an ongoing current of selections each in its paradigmatic environment of what might have been meant (but was not). It is the paradigmatic environment, the enumerable subsystems that make up the semantic system - that must provide the basis of the description, if the text is to be related to higher orders of meaning, whether social, literary or of some other semiotic universe." (1977:195) Teks is vir hom dus 'n onbegrensde konsep: "A text, in the normal course of events, is not something that has a beginning and an ending. The exchange of meanings is a continuous process that is involved in all human interaction; it is not unstructured, but it is seamless, and all that one can observe is a kind of periodicity in which peaks of texture alternate with troughs - highly cohesive moments of relative little continuity. The discreteness of a literary text is untypical of texts as a whole." (1977:195)

Teks is ingebed in 'n konteks van situasie (Halliday 1978:122). "The

context or situation of any text is an instance of a generalized social context or situation type. The situation type is not an inventory of ongoing sights and sounds but a semiotic structure; it is the ecological matrix that is constitutive of the text" (1978:122). Die semiotiese stuktuur van die sosiale konteks beskou hy as opgebou uit drie dimensies, nl. "field", "tenor" en "mode". (Na my mening skep dit net verwarring om hierdie drie terme te probeer vertaal.)

> Field verwys na die aktiwiteit van die deelnemers in die konteks. Dit sluit dus sowel die onderwerp as hulle aktiwiteite in verband daarmee in. 'n Tenniswedstryd en 'n gesprek oor tennis aan tafel mag albei tennis as taalinhoud hê, maar omdat die aktiwiteit van die deelnemers verskil, verskil die "field" ook. (Halliday 1978:221)
>
> Tenor verwys na daardie aspekte van die konteks wat betrekking het op die rolverhoudings van die deelnemers: wie is die deelnemers, en wat is hulle verhouding tot mekaar? Sekere rolle en relasies is veranderlik van konteks tot konteks, ander rolle en relasies is meer stabiel en geïnstitusionaliseer ten opsigte van bepaalde kontekste, bv. 'n universiteitslesing, 'n kerkdiens, 'n Graad I-juffrou se leesles, ens. (Halliday 1978:222)
>
> Mode verwys na die kommunikasiekanaal en die taalkundige golflengte wat gekies word. Fundamenteel hieraan is die keuse tussen gesproke en geskrewe medium, maar dit is nie al nie. "The question underlying the concept of the mode of discourse is, what function is language being used for, what is its specific role in the goings-on to which it is contributing? To persuade? to soothe? to sell? to control? to explain? or just to oil the works..." (Halliday 1978:223)

"There is a systematic correspondence between the semiotic structure of the situation type and the functional organization of the semantic system. Each of the main areas of meaning potential tends to be determined or activated by one particular aspect of the situation." (Halliday 1978:116) Die verskillende funksionele betekenis-domeine is 'n enkodering van die sosiale struktuur, die ideële funksie van "field", die interpersoonlike funksie van "tenor" en die tekstuele funksie van "mode".

Die leksiko-grammatiese kenmerke van 'n teks wat ideële betekenis dra (bv. oorganklikheid, en leksikale keuse), reflekteer die "field" van die betrokke diskoers. Dieselfde geld vir onderskeidelik interpersoonlike betekenis as 'n refleksie van "tenor" (bv. in modale en persoonstrukture) en tekstuele betekenis as 'n refleksie van "mode" (bv. in temakeuse, informasiestruktuur, kohesierelasies). Halliday gee na my mening te min erkenning aan die meerfunksionaliteit van leksiko-grammatiese kenmerke in 'n konteks, en dit is hoekom die voorbeelde waar hy sosiale konteks afbeeld op semantiese funksie, en semantiese funksie op leksikogrammatiese strukture, oorvereenvoudig voorkom. Vir Halliday is die doel van die funksionele taalkunde om op grond van die model en uit 'n beskrywing van 'n relevante sosiale konteks 'n voorspelling te kan maak van die waarskynlike betekenis van 'n teks en die leksikogrammatiese strukture wat daarmee geassosieer word. Hy definieer relevant as "van belang vir die sosialisering van 'n kind". (1978:228) Die taalgebruiker is die hele tyd besig met hierdie soort

voorspelling. Dit is, volgens hom, die basis van kommunikasie: "We succeed in the exchange of meanings because we have access to the semiotic structure of the situation from other sources" (1978:189).

'n Mate van voorspellingskrag (met verskillende grade van waarskynlikheid afhangende van die tipe fenomeen wat ondersoek word) bly een van die doelstellings van enige wetenskaplike model: gegee die "input" van veronderstelde reëlmatighede kan die "output" van gerealiseerde moontlikhede gegenereer word. Dit is ook die eksplisiete doelstelling van die outonome taalmodel, al lyk die relasie tussen "input" en "output" daar heeltemal anders.

'n Meer beskeie doelstelling, een wat die bostaande ambisieuse een myns insiens behoort vooraf te gaan, en wat ook die doelstelling van studies binne die verskillende subdissiplines is, is die blootlegging van die verband tussen sosiale struktuur, semantiese funksie en leksikogrammatiese struktuur vir spesifieke kontekste en tekste. Dit is in dié verband ten opsigte van die sosiale domein van "vrouetaal", soos geopenbaar deur die vrouetydskrif, wat hierdie studie 'n bydrae probeer maak.

Die aspekte van die konteks van situasie vir die vrouetydskrif kan soos volg omskryf word:

*Field*: Die sosiale handeling wat in die vrouetydskrif as kommunikasie plaasvind, hang ten nouste saam met die algemene, geïnstitusionaliseerde asook spesifieke doelstellings van die tydskrif, en redakteursbeleid. Hierdie aspekte word in hoofstuk 4 bespreek. Dit hang ook ten nouste saam met spesifieke tipe kommunikasie: die sosiale handeling wat tussen advertensiestem en leser-hoorder plaasvind is nie dieselfde as tussen artikelstem en leser-hoorder nie, terwyl die tydskrifverhaal 'n fiktiewe en 'n nie-fiktiewe sosiale handeling saamvat.

*Tenor*: Sowel spreker as hoorder is in die geval van die vrouetydskrif kollektief. Die vrouetydskrif projekteer 'n vrouepersoonlikheid wat ook die spreker-"stem" van die tydskrif is. Die hoorder is die kollektiewe leser, wat op "haar" beurt weer 'n kollektiewe "vrouepersoonlikheid" is. Ook hierna word in hoofstuk 4 verwys. Die status en rol van spreker en hoorder in hierdie kommunikasie kan nie losgemaak word van die toegekende sosiale handeling waarna "field" verwys nie en is grootliks 'n funksie daarvan. Soos in die geval van "field" verskil status en rol van spreker en hoorder van kommunikasietipe tot kommunikasietipe: dit is eenvoudig nie dieselfde vir artikel en kortverhaal en advertensie nie.

*Mode*: Die kommunikasiemedium is geskrewe taal wat aangevul word met visuele illustrasiemateriaal. Die verhouding tussen geskrewe taal en visuele materiaal hang van die kommunikasietipe af, maar dit varieer ook binne kommunikasietipes. Die tekstuele organisasie is ook grootliks 'n funksie van die spesifieke kommunikasietipe. Dieselfde geld vir wat

> Halliday (Halliday en Hasan 1989:12) die "rhetorical mode" van die kommunikasie noem. Daarmee bedoel hy "what is being achieved by he text in terms of such categories as persuasive, expository, didactic, and the like".

Elkeen van hierdie aspekte is veranderlik ten opsigte van die tyds- of historiese dimensies van die kommunikasie. Die werklikheid waarna die tydskrifteks verwys, is uiteraard veranderlik. Elke tydperk is 'n snit in die kontinuum van tegnologiese ontwikkeling, modegiere, sosiale en politieke omstandighede en waardes. Die leksikon en idioom van elke tydperk is 'n weerspieëling hiervan. Die belangrikste verandering in die kommunikasiesituasie tussen tydskrif en leser hou waarskynlik verband met die ontwikkeling van die massakommunikasiemedia. Die algemene tipe van spreker en hoorder het dieselfde gebly, maar veral die opvoedingspeil en lewensomstandighede van die hoorder het verander, wat natuurlik weer die relasie tussen die twee beïnvloed het. Die tydskrifmedium het geskrewe gebly, maar die voorkoms het in samehang met tegnologiese ontwikkeling baie verander. Swart-en-wit het kleur geword, dowwe bladsye het glans gekry en bylaes word in in 1988/89 netjies verseël in plastiek. Die taalgebruik van die Afrikaanse vrouetydskrif gee ook 'n beeld van die geskiedenis van geskrewe Afrikaans, binne hierdie spesifieke konteks.

### 1.2.4 Tyd en geografiese ruimte as gesprekskomponente

Dit val op dat Hartmann (1980) nie subdissiplines van die taalkunde wat uitsluitlik fokus op die relasie tussen tyd, geografiese ruimte en taalstruktuur, naamlik dialektologie en historiese taalkunde, in sy lys insluit nie. Tog is geografiese ruimte sowel deel van die sosiologiese gegewens van spreker en hoorder as van die spesifieke konteks self en dit word as sodanig deur die sosiolinguistiek hanteer. Dit word dus nie heeltemal uitgesluit nie. Geografiese ruimte is nie vir hierdie studie relevant nie.

Tyd, veral in die vorm van sosio-historiese konteksfaktore, word nêrens as gesprekskomponent hanteer nie, ook nie deur Halliday nie, waarskynlik omdat geredeneer word dat historiese kontekstualiteit mettertyd verander en dat hierdie omvattende "tyd" as sodanig nie 'n kontekstuele faktor is nie. Ek is nie oortuig daarvan dat alle taalverandering net verandering in konteks behels nie. Daarvoor is die gedrag van leksikogrammatiese en fonologiese veranderlikes wat betrokke is by taalverandering, te eenvormig, veral as 'n mens kyk na fonologiese veranderings. Die volgende standpunt van Roman Jakobson (Waugh en Monville-Burston 1990:166) verteenwoordig miskien die beste globale perspektief op historiese veranderlikes, sowel wat die relatief outonome taalsistematiek as die samehang daarvan met eksterne situasiefaktore in 'n spesifieke tekstuele verband betref:

> "In a linguistic community, it is inconceivable that modifications take place overnight, all at once. The beginning and end of each change are always recognized as such during a period of coexistence in the community. The point of departure and the end point may, however, be distributed in different ways. The older form may be characteristic of an older generation and the new one of a younger, or both forms may belong from the outset to

two different styles of language, different subcodes of a single common code, in which case all members of the community have the competence to perceive and choose between the two variants. In other words, I repeat that coexistence and modification not only do not exclude each other but are instead indissolubly linked."

Tyd is egter wel ingebou as faktor in byvoorbeeld stilistiese studies wat die oeuvre van skrywers nagaan. Ook die Sosiolinguistiek integreer tyd as verklarende faktor, maar nie as gesprekskomponentveranderlike nie.

Die Variasietaalkunde hanteer tyd byvoorbeeld slegs sinchronies. 'n Sinchroniese aanduiding van taalverandering sou 'n beduidende verandering in die verwagte frekwensie van 'n linguistiese veranderlike vir een of ander sosiale groepering wees. Interaksie tussen ouderdom en interne linguistiese kondisionering dui ook taalverandering aan, in ooreenstemming met die siening van Jakobson wat hierbo gegee is.

Labov verwerp egter onomwonde die bruikbaarheid van historiese data vir sosiolinguistiese navorsing. Hy noem historiese data "bad": "'bad' in the sense that it may be fragmentary, corrupted, or many times removed from the actual productions of the native speaker" (Labov 1972c:100). Hy sê verder dat historiese taalkundiges geen kontrole oor hulle data het nie. Dit is sekerlik waar as geskrewe tekste as weergawes van gesproke taal beskou word, maar alle analises van geskrewe tekste binne die nie-outonome taalmodel behels een of ander vorm van rekonstruksie van die gespreksituasie wat tot die teks aanleiding gegee het.

Romaine (1982:14) verwerp wat sy noem "the belief... that speech is the only 'true' manifestation of language" en die gevolgtrekking dat "writing is only a speech surrogate or a poor reflection of the spoken language". Sy beskou geskrewe taal as 'n onafhanklike realisasie van taal. "Thus it can be said that spoken and written language are instances of the same language embodied in different media, by assumption that a medium can have potential for full autonomy as a vehicle for language."

Ek wil met haar saamstem solank 'n mens in gedagte hou dat dit foutief is om ekstrapolasies oor gesproke taal vanuit geskrewe taal te maak en omgekeerd. Alhoewel geen ekstrapolasies na gesproke Afrikaans gemaak kan word nie, dink ek tog dat die taalgebruik van die Afrikaanse vrouetydskrif van die afgelope 70 jaar 'n aanduiding is van ontwikkelings in geskrewe Afrikaans oor dieselfde tydperk.

Daar moet ook mee rekening gehou word dat die nie-linguistiese veranderlikes wat as relevant vir variasiestudies van gesproke taal bewys is, byvoorbeeld, geografiese verspreiding, geslag, ouderdom en sosiale stand van die spreker en hoorder, asook iets soos 'n spreker se sosiale netwerktelling, moeilik is om betroubaar vir historiese tekste te rekonstrueer. Aan die ander kant moet nie sonder meer aangeneem word dat sosiale veranderlikes wat vir variasie in die gesproke taal relevant is, ook relevant vir geskrewe taal is nie, want geskrewe taal het sy eie norme, wat dalk onafhanklik van die genoemde veranderlikes funksioneer.

In hierdie studie oor vrouetydskriftaal in Afrikaans is die spreker die stem van die vrouepersoonlikheid wat die tydskrif projekteer en die hoorder is die leser. Die tipiese nie-linguistiese veranderlikes wat op die spreker en hoorder betrekking het en wat in die vorige paragraaf genoem is, is dus nie hier ter sake nie. Groter kollektiewe nie-linguistiese veranderlikes soos die sosiale posisie en status van die Afrikaanse vrou is nou egter wel ter sake.

Onmiddellike besware sou wees: Wat dan van die individuele skrywers, wat van hulle geografiese herkoms, hulle sosiale stand, hulle ouderdom, hulle geslag (want daar is ook mans wat in die vrouetydskrifte skryf)? Geografiese herkoms is in geskrewe taal van minder belang, in Afrikaans moontlik selfs negeerbaar. Uit Rabe (1985) blyk dit dat daar min variasie in die sosiale samestelling van redaksielede is, en dat die variasie in ouderdom wat wel voorkom, opgevang word deur soortgelyke variasie in latere of vroeëre tydskrifte. Die persentasie bydraes wat deur mans geskryf is, bly ook ongeveer konstant, sodat dit nie 'n invloed op die resultate behoort te hê nie. Daar moet ook in gedagte gehou word dat dit hier gaan oor hoe daar vir 'n vroulike leserspubliek geskryf word, nie oor hoe mans of vrouens skryf nie.

Aangesien die populasie in hierdie geval 'n versameling taaluitings is en nie 'n versameling sprekers nie, beteken dit verder dat, indien daar op 'n gegewe moment in die tyd variasie binne die tydskrif voorkom, dit intra-sprekervariasie is en nie inter-sprekervariasie nie. Met verloop van tyd skuif intra-sprekervariasie en inter-sprekervariasie egter oor mekaar. Is dit in 1988 nog dieselfde tydskrifstem as in 1919, maar in 'n ander register of styl, of is dit 'n ander tydskrifstem vanuit 'n ander sosiologiese raamwerk? Met ander woorde, wat is hierdie studie: sosiolinguisties of stilisties?

Wat hierdie kwessie betref, is dit waarskynlik relevant om in besonderhede die begrippe styl en register te bespreek omdat hulle in so 'n terminologiese kraaines verknoop is.

## 1.3 STYL

### 1.3.1 Algemene definisies en terreinafbakening

Leech en Short (1981:15) onderskei twee sentrale gedagterigtings ten opsigte van die term styl, nl. 'n dualistiese en 'n monistiese. Die dualistiese benadering berus op die aanname dat vorm en betekenis in taal onderskeibaar is, terwyl die monistiese benadering berus op die aanname dat vorm en inhoud nie skeibaar is nie.

Die mees ekstreme vorm van dualisme is dat styl die inkleding van gedagtes is, 'n ornamentele "iets" wat toegevoeg word. Leech en Short verwys na hierdie opvatting in die Renaissance by onder andere Sidney en Lyly. Hulle kritiek hierop is dat sogenaamde "adornments" in die meeste gevalle tog parallel loop met die betekenis, bv. die verband tussen skematiese poësiestruktuur en die skematiese relasies tussen die betekenisse wat gekommunikeer word. 'n Ander beskrywing van dieselfde gedagte is dié van Bally en Rifraterre wat styl beskou as die ekspressiewe of emotiewe deel van taal wat toegevoeg word tot die neutrale voorstelling van die boodskap (Leech en Short 1981:18). Die implikasie hiervan is dat sekere tekste suiwer neutraal kan wees, dit wil

sê sonder styl. Leech en Short verwerp dit op die basis dat 'n neutrale keuse net so veel 'n stilistiese keuse behels as 'n nie-neutrale.

Die meer aanvaarbare vorm van dualisme neem aan dat daar verskillende maniere is om dieselfde ding te sê. Ohmann (1964:434) stel dit so: "To put the problem more concretely, the idea of style implies that the words on the page might have been different, or differently arranged, without a corresponding difference in substance". Leech en Short (1981:23) vermy die implikasie dat stilistiese keuses "betekenisloos" is, deur te onderskei tussen die basiese, logiese, konseptuele, parafraseerbare betekenis, die "sense" en groter "significance", nadat dit wat deur stilistiese keuse gekommunikeer word, bygevoeg is.

Vir die monis is styl en inhoud onskeibaar. Dit was die standpunt van onder andere die New Critics (Leech en Short 1981). Alhoewel Leech en Short erken dat dit in die poësie dikwels onmoontlik is om "sense" van styl te skei, kritiseer hulle nogtans die monisme omdat dit nie tussen verskillende soorte keuses onderskei nie. Volgens hulle kan die keuse tussen bv. donker en bruin nie oor dieselfde kam geskeer word as die keuse tussen donker en lig nie.

Hulle vind dan uiteindelik aanklank by die funksionele taalmodel wat 'n gestratifiseerde monisme is deur te postuleer dat taalgebruik keuses op verskillende funksionele dimensies impliseer, maar hulle onderskei tussen styl 1 wat soos Halliday alle keuses by die term styl insluit en styl 2, die definisie wat uiteindelik hulle eie uitgangspunt vorm, en wat weer aansluit by die dualisme: "Stylistic choice is limited to those aspects of linguistic choice which concern alternative ways of rendering the same subject matter" (Leech en Short 1981:39).

Hulle het probleme met Halliday se stelling dat globale inhoud ("subject matter") ook 'n keuse behels. Ja, in 'n fiktiewe wêreld, tot 'n mate wel, al is "the referential, truth-functional nature of language ...not in abeyance in fiction" (Leech en Short 1981:35), maar in die nie-fiktiewe wêreld sal dit tot 'n breuk in kommunikasie lei as geen breë ooreenstemming tussen spreker en hoorder t.o.v. 'n identiese betrokkenheid op 'n identiese werklikheidsegment aangeneem kan word nie. Keuse is egter altyd 'n funksie van die "betekenis" wat gekommunikeer word. Luis en mier het "normaalweg" nie dieselfde referensiële denotasie nie, hulle het dus nie dieselfde parafraseerbare betekenis nie, en volgens Leech en Short is by 'n keuse tussen die twee nie 'n stilistiese keuse betrokke nie. Maar dit is tog redelik eenvoudig om 'n konteks te bedink waar mier gekies kan word om 'n saaklike opmerking te maak en luis om iemand te terg. ('n Ma is besig om kopluissjampoe uit haar kind se kop te kam en die skuimbolle word met groot belangstelling vir ongewenste goggas ondersoek.) Dit is omdat daar op die vlak van die betekenis meer op die spel is as die ideële betekenisfunksie (Leech en Short se referensiële en konseptuele betekenisse). Die interpersoonlike en tekstuele betekenisfunksies speel saam. Dit hou ook verband met Halliday se opmerking waarna reeds verwys is dat nie alle aspekte van die "field" in alle omstandighede en op dieselfde manier betekenisvol is nie en dat hierdie betekenisvolheid ook gelyktydig 'n funksie van "tenor" en "mode" is. Slegs daardie aspekte wat betekenisvol is, kan taal word. Dit is in hierdie opsig dat "subject matter" 'n keuse behels.

Vir die stilistiese bespreking van 'n literêre werk mag hierdie keuse van minder belang wees. Die literêre stilistikus is meer geïntereseerd in die meer spesifieke betekenis wat die "subject matter" in 'n literêre teks het. Kyk 'n mens egter breër na historiese periodes of 'n skrywer se oeuvre is hierdie keuse wel van belang.

In nie-literêre taal is die keuse van "subject matter" dikwels voorspelbaar uit die geïnstitusionaliseerde konteks en word dit daarom as triviaal beskou. Dat 'n kookboek oor kos handel, is nie 'n insiggewende stilistiese opmerking nie, aldus Leech en Short. Ek volstaan met twee teenvoorbeelde.

Vrouetydskrifte bevat uiteraard artikels oor die huwelik, liefde, seks, modes, skoonheid, kos, en kinders, maar al dié dinge vorm op sigself reeds 'n stuk sosiale semiotiek wat 'n omvattende verwysingsraamwerk van "algemene vroulike belangstellings" behels, en elk van die verskillende domeine hiervan kan in interaksie met taalgebruik 'n linguistiese korrelaat verwerf, volgens die gesigspunt van Waugh, soos op p.10 aangehaal. 'n Vergelyking van die proporsionele verhoudings en fyner onderskeidings binne hierdie omvattende semiotiese raamwerk, soos wat hulle oor 'n tydperk verander het, of soos dit by verskillende tydskrifte aangetref word, lê die persepsies oor vroue in 'n bepaalde gemeenskap asook die historiese verandering van persepsies bloot. Dit is hoegenaamd nie triviaal nie.

Wat is die "subject matter" van die gesprek tussen 'n man en 'n vrou in die loop van 'n voorhuwelikse verhouding? Is sommige daarvan voorspelbaar en in watter mate? As 'n mens toegee dat dit saamhang met watter soort individue hulle is, in watter kultuur hulle hulle bevind, hoe hulle inpas in die kulturele stratifikasies, in watter tyd hulle hulle bevind, wat hulle rolle in die spesifieke konteks is (minnaar, vriendin, medestudent), wat die modus van kommunikasie is (per brief, telefonies, fluister in die maanlig op die strand, skreeu op die diskobaan, vlei, beïndruk of terg), gee jy toe dat die keuse van "subject matter" ook die enkodering is van 'n komplekse sosiale semiotiek en allesbehalwe triviaal of voor die hand liggend.

### 1.3.2 Spesifieke definisies en terreinafbakenings

Die drie basiese uitgangspunte oor styl waarna in 1.3.1 verwys is, vind 'n mens terug in die literêre stilistiek sodat daar nie weer hier na die literê stilistiek verwys sal word nie. Daar gaan hier volstaan word met die definisies van styl in die Tekslinguistiek, die Diskoersanalise en die Variasietaalkunde, omdat die studies oor vrouetaal hoofsaaklik binne hierdie studieterreine val.

Diskoersanalise en Tekslinguistiek:

Beide hierdie studieterreine probeer die relasie tussen teks en konteks beskryf. Die verskillende invalshoeke is hierbo aangegee in die Hartmann-aanhalings. De Beaugrande ken egter aan die term styl die geykte relasie vorm-inhoud toe. Hy onderskei tussen die semantiek van die sintaksis en die sintaksis van die betekenis van 'n teks. Die interaksie tussen die rangskikking van elemente in die oppervlakteks en die samestelling van onderliggende konsepte en relasies word, volgens hom, beheer deur wat hy noem

"mapping procedures". "The characteristic mapping procedures selected to produce a text yield the style of the text." (1980:9) Hy verklaar egter nie wat hy met "characteristic" bedoel nie. Verder in dieselfde werk brei hy die konsep styl uit: "Yet to depict style fully, we must consult all the mapping from the phases of PLANNING and IDEATION all the way to the LINEARIZATION of the surface text. We must note the particular modifications performed in or between these phases as an additional non-obligatory contributor to style. Finally, we must confront the observed processes with the EXPECTATIONS of potential text receivers about the respective domains". (1980:293) In sulke terme is "to depict style fully" en tekslinguistiek baie na aan ekwivalent.

Die literêre stilistiek word as een van die toepassingsterreine van sowel Diskoersanalise as Tekslinguistiek aangedui (De Beaugrande 1980). Vir De Beaugrande (1980:292) is die tekswêreld van die literêre werk essensieel anders as die "normale". Die insigte van die Tekslinguistiek kan dus hoogstens met modifikasies toegepas word op die literêre teks.

Die Sosiolinguistiek:

Binne die Sosiolinguistiek verwys styl feitlik altyd na Labov se gebruik van hierdie term (Milroy 1987). Hy het het 'n stylkontinuum gedefinieer op basis van die aandag wat die spreker aan sy taalgebruik gee, en verder gepostuleer dat daar 'n korrelasie is tussen aandag aan taalgebruik en die voorkoms van die sogenaamde "vernacular". 'n Styl, bv. "casual style", "formal style","reading passage style", "word-list style" of "minimal pair style" word dus gedefinieer in terme van sprekeraktiwiteit en 'n persentasievoorkoms van die "vernacular".

Hy knoop dus styl, of die keuse van taalelemente, aan 'n vaste taalgebruiksituasie en veronderstel verder dat dit die taalgebruiksituasie is wat styl determineer. Dat dit 'n oorvereenvoudigde voorstelling van stilistiese keuses is, is deur kritiek aangedui. Voorbeelde van die doelbewuste gebruik van die "vernacular" is in die kritiek aangehaal (Woolfson 1982; Dressler en Wodak 1982). Bell (1984:197) gee 'n alternatiewe meer funksionele interpretasie van stilistiese variasie: "At all levels of language variability, people are responding primarily to other people. Speakers are designing their style for their audience".

Nog 'n meer uitgebreide definisie is dié van Fromkin en Rodman (1988). Hulle noem style "situational dialects" en hulle sluit sleng en jargons daarby in.

## 1.4 REGISTER

Register is by uitstek 'n term wat binne die variasietaalkunde gebruik word.

Die sosiolinguis Hudson (1980) gebruik styl en register as sinonieme. Hy het egter 'n interessante benadering in die sin dat hy aansluit by sowel

die literêre stilistiek as die Tekslinguistiek en nie uitgaan van 'n beskrywing van 'n variasie nie. Hy noem sy model 'n "item-based model". "In the latter model, each linguistic item is associated with a social desription which says who uses it, and when. There is scope for similarities between items in their social descriptions, and to the extent that if items are similar they may be grouped together as members of a weak version of 'variety', but there may be many such groups of items in a given person's language, and there will also be many items with unique social descriptions. The social descriptions of different items need not, and do not, all refer to the same factors, so within a single sentence some items (say, words) may reflect the speaker's region of origin, others his social class, others his relation to the addressee, others the formality of the occasion, and so on. According to this view the object of description , in desciptive linguistics, is not the 'variety' but the linguistic item."(1980:50)

Dit is tog vir my 'n vraag of alle items wel 'n sosiale beskrywing het.

'n Verdere interessante aspek van sy teorie is die siening dat nie alle tipes taalitems op dieselfde wyse sosiale funksies merk nie: "A very tentative hypothesis thus emerges regarding the different types of linguistic items and their relations to society, according to which syntax is the marker of cohesion in society, with individuals trying to eliminate alternatives in syntax from their individual language (Wolfram's observation that syntactic differences tended to be qualitative rather than quantitative seems to support this view). In contrast, vocabulary is a marker of divisions in society, and individuals may actively cultivate alternatives in order to make more subtle social distinctions. Pronunciation reflects the permanent social group with which the speaker identifies. This results in a tendency for individuals to suppress alternatives, but in contrast to the tendency with syntax, different groups suppress different alternatives in order to distinguish themselves from each other." (1980:48) Hudson verskaf egter geen omvattende model waarvolgens taalitems in relasie tot hulle sosiale funksionaliteit bestudeer kan word nie.

Hudson het baie raakpunte met Halliday. Daar is reeds op p.21 verwys na Halliday se omvattende definisie van styl. Die term styl kom relatief min in sy werk voor - eintlik net as hy op die terrein van die literêre stilistiek beweeg. In Halliday se taalmodel val styl en register saam. Hy definieer register as volg: "A register is a semantic concept. It can be defined as a configuration of meanings that are typically associated with a particular situational configuration of field, mode, and tenor. But since it is a configuration of meanings, a register must also, of course, include the expressions, the lexico-grammatical and phonological features, that typically accompany or realise these meanings." (Halliday en Hasan 1989:38)

Dit kom dus daarop neer dat register 'n relevante term word wanneer 'n bepaalde situasionele konfigurasie op een of ander manier geïnstitusionaliseer raak, of bloot in tyd herhaal word. Die konteks van die vrouetydskrif is so 'n konfigurasie.

Volgens Halliday moet 'n teorie van register daarna streef om aan toon watter situasiefaktore watter linguistiese kenmerke determineer. Dit is presies dieselfde as die algemene doelstelling van die funksionele

taalmodel.

Hy onderskei register van dialek. Dialek, is volgens hom, soos 'n taal, dit word bepaal deur wie ons is, en is dus nie onderhewig aan keuse nie. Maar hy erken tog dat mense oor meer as een dialek kan beskik en dat sosiale faktore 'n invloed het op die keuse van 'n spesifieke dialek. Dan word dialek 'n aspek van register. Grense raak problematies as 'n mens 'n individu se taalgebruik oor die verloop van tyd beskou, soos wat gebeur in die stilistiese studies van individuele outeurs.

## 1.5 SAMEVATTEND TEN OPSIGTE VAN STYL EN REGISTER

1.5.1 Die verskillende definisies van styl sluit mekaar nie noodwendig uit nie, maar hulle verskil van mekaar in hulle begrensing. Halliday se definisie dat styl keuse is en dat alle keuse betekenisvol is, is die breedste. Aan die ander kant hang die verskillende definisies vir die term "styl" en sy grense saam met 'n bepaalde taalfilosofiese uitgangspunt, wat radikaal kan verskil, soos in die geval van die dualistiese en monistiese uitgangspunte aangedui is. Dit alles ondermyn die bruikbaarheid van die term en om hierdie redes sal die term in hierdie studie vermy word en sal leksiko-grammatiese keuses vanuit die funksionele taalmodel bespreek word.

1.5.2 Alle definisies van styl, hoe eng of hoe breed ook al gedefinieer, en van register, het in gemeen prominensie of opvallendhede. Die woord opvallendhede is natuurlik die teorie van vervreemding in sy baie gestaltes, wat nie hier bespreek gaan word nie.

Hoe 'n opvallendheid gedefinieer word, hang af van die perspektief van die waarnemer: As die teks globaal beskou word, kan die promente vorms as 'n afwyking beskou word, binne die betrokke register of literêre genre mag dit egter die bevestiging van 'n norm wees.

1.5.3 Linguistiese prominensie, d.w.s. daardie linguistiese opsigte waarin teks en die norm beduidend verskil, het 'n waarskynlikheidsverdeling. Ek haal Halliday (1977:343) aan: "In the context of stylistic investigations, the term "statistical" may refer to anything from a highly detailed measurement of the reactions of subjects to sets of linguistic variables, to the parenthetical insertion of figures of occurrences designed to explain why a particular feature is being singled out for discussion. What is common to all of these is the assumption that numerical data on language may be stylistically significant; whatever subsequent operations are performed, there has nearly always been some counting of grammatical patterns, and the figures obtained are potentially an indication of prominence."

1.5.4 Alle registerstudies, d.w.s. alle studies wat die verband tussen die seleksie en kombinasie van taalitems en hulle sosiale funksie ondersoek en wat meer as net impressionisties wil wees, is gevolglik op die een of ander manier kontrastief. Die model self mag redelik selfgenoegsaam lyk, bv. Halliday se funksionele model (1977), maar die toepassing is kontrastief. Enkvist (1977:174, 175) stel dit so: "(...)that which is customarily called 'style' is fundamentally an impression arrived at through comparison. This is no less true of styles in language. A text is compared with a network of other texts or text types which are regarded as significantly related to the original text, and therefore

worth the comparison. Out of this process, the impression of 'style' arises as a result of the sum total of those features that make a text similar to, as well as different from, the features in the network used for comparison. Style is thus a relation, a differential. Which particular texts or text types should furnish the background and yardstick for the comparison is determined by what we are after. To pin down characteristics of an individual style we must obviously compare a text produced by the relevant individual with a network of comparable texts - a 'norm' for short, if the term can be shorn of its evaluative connotations - produced by others. To arrive at genre styles texts from one genre must be compared with texts from other genres. To decribe period styles texts from one period will be related to texts from another period. And to describe styles used in a particular speech situation it must be seen how texts emanating from this situation differ from texts emanating from other situations. The total impression of the style of a text may often arise from a complex network of such comparisons, which are performed by matching a text against a whole set of experiences of other texts, similar and different, that emanate from a spectrum of contexts, situations and backgrounds."

Omdat die kommunikasiesituasie so kompleks is, moet 'n mens aflei dat hoe meer konstantes daar in vergelykbare kommunikasieopsette is, hoe akkurater kan die funksie van veranderlikes wat wel beduidend verskillende frekwensiepatrone vertoon, bepaal word. Dit is in hierdie opsig dat historiese snitte uit die Afrikaanse vrouetydskrif waardevolle vergelykbare materiaal oplewer.

## 1.6 DIE FOKUS VAN HIERDIE STUDIE

Vrouetydskriftaal word hanteer as 'n register, d.w.s. as 'n semantiese konfigurasie wat geassosieer word met 'n bepaalde sosiale konteks. Hierdie sosiale konteks kan beskryf word in terme van "field", "tenor" en "mode".

"Field" word nie herlei tot leksikogrammatiese kenmerke nie, maar word in hoofstuk 4 in breë, algemene trekke bespreek in terme van algemene doelstellings van die tydskrif, redakteursbeleid en inhoudskategorieë. Daar word geredeneer dat die "field" oor die verloop van tyd sodanig konstant gebly het dat die verskuiwings wat wel voorgekom het, direk verklarend is ten opsigte van verskuiwings in "tenor".

Die sentrale fokus van hierdie studie is dié leksikogrammatiese kenmerke wat die samespel van "tenor" en "mode" reflekteer in drie uiteenlopende submodusse van die vrouetydskrif: artikels, verhale en advertensies. Die fokus is op die status en kommunikatiewe rol van die onderskeie deelnemers aan die spreker-hoorderrelasie van

a) tydskrifstem en leser,
b) advertensiestem en leser, en
c) vroulike en manlike hoofkarakters in die tydskrifverhaal.

Die hipoteses word geformuleer rondom drie groepe leksikogrammatiese kenmerke:

- kenmerke wat die vroulike ideolek sou merk;

- kenmerke wat in die literatuur aangedui is as funksioneel vir 'n ongelyke magsrelasie tussen spreker en hoorder;

- kenmerke wat spesifieke taalhandelinge of die "rhetorical mode" (Halliday en Hasan 1989:12) reflekteer, wat op hulle beurt ook weer 'n vergestalting van die relasie tussen spreker en hoorder is.

Tyd is vir a) en b) die kontrastiewe faktor, terwyl sowel tyd as geslag vir c) kontrastiewe faktore is.

Die besonderhede van die metode wat gevolg gaan word, asook die algemene en spesifieke hipoteses vir die artikels, verhale en advertensies word in hoofstuk 3 uiteengesit.

Aangesien die vrouetydskrif ook binne 'n breër kontekstuele verband as 'n voorbeeld van geskrewe Afrikaans beskou kan word, word die gedrag van 'n aantal leksikogrammatiese kenmerke wat al in die literatuur aangedui is as relevant vir die geskiedenis van geskrewe Afrikaans ook ondersoek.

## HOOFSTUK 2: 'N KRITIESE OORSIG VAN DIE STUDIES OOR VROUETAAL


**2.1 INLEIDING . . . . . p. 30**

**2.2 CHRONOLOGIESE OORSIG . . . . . p. 30**

2.2.1 Studies van voor die negentiende eeu . . . . . p. 30

2.2.2 Die negentiende eeu . . . . . p. 31

2.2.3 Twintigste-eeuse studies oor absolute verskille . . . . . p. 31

2.2.4 Die eerste emansipasiegolf . . . . . p. 32

a) Otto Jespersen
b) Jacques van Ginneken

2.2.5 Die tweede emansipasiegolf . . . . . p. 36

a) Robin Lakoff
b) Mary Ritchie Key
c) Kritiek

2.2.6 Die sosiolinguiste . . . . . p. 40

2.2.7 Nuwe belangstellings . . . . . p. 41

2.2.8 Suid-Afrika . . . . . p. 41

**2.3 SISTEMATIESE OORSIG . . . . . p. 41**

2.3.1 Kategorisering . . . . . p. 41

2.3.2 Vrouetaal as 'n kollektiewe idiolek . . . . . p. 45

a) Kognitief gedefinieer

b) Sosiaal gedefinieer

i. Absolute of kategoriese verskille: Nie-Westerse tale

ii. Kategoriese verskille met 'n waarskynlikheidsverdeling: Die sosiolinguistiese studies

iii. Verskille met 'n waarskynlikheidsverdeling verspreiding: Lakoff, en ander se intuïtiewe aansprake word getoets.

iv. Algemene gevolgtrekkkings

v. 'n Verdere verklaring vir die onbevredigende resultate van mikrostudies

vi. Verklarings vir geslagsdifferensiasie in taalgebruik vanuit hierdie perspektief

2.3.4 Vrouetaal as 'n interaksionele rol . . . . . p. 59

i. Oorsig

ii. Die navorsing van Preisler (1986)

2.4 MERKERS VERSUS STEREOTIPES . . . . . p. 62

2.5 DIE ROL VAN DIE VROU IN TAALVERANDERING . . . . . p. 63

2.6 TOT WATTER MATE KAN VROUETYDSKRIFTAAL AS VROUETAAL BESKOU WORD?

. . . . . p. 65

## 2.1. INLEIDING

'n Redelike volledige oorsig word gegee van die belangrikste studies van voor 1985 wat op een of ander manier van die veronderstelling uitgaan dat vroue 'n spraakgemeenskap vorm, aangesien hulle die baanbrekerswerk wat op hierdie terrein gedoen is, verteenwoordig. Na 1985 word slegs verwys na werklike nuwe insigte en rigtings, omdat in dié tyd letterlik honderde studies gevolg het wat min nuuts tot die terrein bygedra het. Die oorsig is in hoofsaak beperk tot die Engelse en Nederlandse taalgebiede, maar vir die afdeling oor kategoriese verskille tussen die geslagte word ook kortliks verwys na nie-Westerse tale.

Die studies word eerstens chronologies bespreek. Vervolgens word die resultate van empiriese navorsing sistematies beskryf en dit word ook binne die raamwerk van die funksionele taalmodel geplaas. Taalseksisme word nie hier bespreek nie omdat dit nie vir hierdie studie relevant is nie. Spesiale onderafdelings word aan die verhouding merker en stereotipe en die rol van die vrou in taalverandering gewy.

Nie alle aspekte van die onderwerp word ewe volledig bespreek nie. Die fokus is op segmentele verskille in die taalgebruik van mans en vroue in Westerse tale.

## 2.2 CHRONOLOGIESE OORSIG

### 2.2.1 Studies van voor die negentiende eeu

Ann Bodine (1975a) wys in haar belangrike artikel "Sex differentiation in language" daarop dat die vroegste antropologiese en linguistiese literatuur meestal na geslagsverskille in taalgebruik onder die onderwerpe geslag ("gender") of vrouetaal verwys het.

Die benaming manstaal was ongebruiklik. Met die uitsondering van Haas (1964), Sapir (1929) en Flannery (1946) word die taalgebruik van mans sonder enige begronding as die standaard beskou en vrouetaal as 'n afwyking of 'n vervorming daarvan.

Geleerdes, reisigers en sendelinge het in die sewentiende en agtiende eeu gesorg vir 'n aantal beskrywings van tale in Afrika, Asië, Noord- en Suid-Amerika, Australië en die Stille Oseaan-eilande waar mans en vroue verskillend praat. (Bodine 1975a, Fraser 1900, Jespersen 1922, Haas 1964, Van der Post 1978) In al hierdie gevalle het dit gegaan oor absolute of kategoriese verskille. Daar is selfs verwys na twee verskillende tale vir die geslagte, alhoewel die verskille volgens Jespersen (1922) altyd net op 'n relatief klein deelversameling van die taalsisteem van toepassing was. Selfs die voorbeeld wat hy gee van die Oud-Indiese dramas waar die vroue Prakrit, die taal van die lae stand, en mans Sanskrit die taal van die godsdiens en die adellikes praat, is ook net 'n graduele verskil, "two strata of the same language". Hierdie disjunkte taalgebruik van die geslagte is beskou as 'n merkwaardige verskynsel en iets heeltemal anders as die genusverskynsel wat in die Indo-Europese tale voorkom. Frazer (1900) verwys bv. na die studies van Egede (1818) oor Groenlandse Eskimo, Du Tertre (17e eeu) en Labot (17e en 18e eeu) oor Karibbies. Jespersen (1922) haal die verklarings vir die verskynsel van Breton (1664) en Rochefort (1665) aan.

Van der Post (1978) wys op die tekortkomings van hierdie studies. Taalnavorsing was nooit die primêre doelstelling nie, en op enkele uitsonderings na, bv. by Krause (vermeld in Van der Post 1978), word niks oor die werksmetode vermeld nie. Hoe het die taalbeskrywers aan hulle inligting gekom? Volgens Van der Post is die kans goed dat hulle alles wat hulle oor vrouetaal geskryf het van die mans gehoor het, veral in gemeenskappe waar die twee geslagte redelik geïsoleerd geleef het. Die aantal informante was waarskynlik baie min en ander sosiale veranderlikes soos leeftyd, sosiale posisie en situasie is nie in ag geneem nie. Die verskille word as absoluut hanteer, maar daar is geen bewys dat hulle nie dalk gradueel kon gewees het nie of dat daar nie ook graduele verskille bestaan het nie. Die betroubaarheid van hierdie studies moet dus ernstig bevraagteken word. Van der Post verwys na die artikel van Taylor en Hoff wat deur Jespersen (1922) aangehaal is. Volgens hulle is wat Breton vrouetaal genoem het, eintlik die gemeenskaplike taal van albei geslagte. Die mans het daarnaas oor 'n eie taal beskik, 'n Pidgin bestaande uit Karibbiese en Arawakse elemente, wat ontstaan het as gevolg van handelskontak met die Karibbiese vastelanders.

In al die oorsigte oor taalsistematiese verskille word absolute taalverskille sonder kritiek aangebied en op dieselfde vlak hanteer as wetenskaplike sosiolinguistiese navorsing oor geslaggefundeerde verskille in die gesproke taal van Westerse mans en vroue. (Van der Post 1978) Dat dit allermins die geval is en dat die meeste van hierdie navorsing wat wetenskaplikheid aanbetref, eerder hoort by die intuïtiewe uitsprake van Jespersen (1922), Van Ginneken (1913), Lakoff (1973, 1975) en Key (1975) wat in 2.2.4 en 2.2.5 bespreek word, is uit die kontensieuse kwessies in die bostaande paragraaf duidelik.

### 2.2.2 Die negentiende eeu

Die navorsing wat in die negentiende eeu oor vrouetaal verskyn het, was volgens Bodine (1975a:130) opvolg-ondersoeke deur etnograwe wat wou vasstel wat van die vroeër vermelde taalverskille onder Westerse koloniale invloed geword het, óf kommentare op vroëre eerstehandse studies, óf beskrywings van tale wat nog nie vantevore ondersoek is nie. Bodine verwys wel na die werk van Adam en Henry (1880) oor Chiquita.

Frazer (1900) was die eerste navorser wat stelsels wat op biologiese geslag berus, probeer verklaar en die verband met grammatiese geslag probeer aandui het. Volgens hom is historiese ontwikkeling die verband. Bodine (1975a:130) verskil egter hiervan. Volgens haar is "different manifestations of similar social, psychologioal, of cognitive tendencies ... more plausible".

### 2.2.3 Twintigste-eeuse studies oor absolute verskille

Die besonderhede van twintigste-eeuse studies oor absolute geslagsverskille in taalgebruik word in tabelvorm in Bodine (1975a) gegee en sal nie hier herhaal word nie. Die werk van Chatterji (1921) en Das (1968) oor Bengaals is is die enigste binne hierdie tabel wat die navorsers se moedertaal beskryf. In die volgende afdeling word weer verwys na die taalverskille wat vasgestel is.

Bodine beskou die artikels van Haas (1964) en Furfey (1944) as die laaste oorsigtelike artikels oor absolute geslagsverskille in taalgebruik. Furley se werk is die enigste artikel van hierdie soort wat 'n verband probeer lê tussen linguistiese geslagsonderskeidings en sosiale strukture. Hy het mans- en vrouetaalverskille vergelyk met taalverskille wat op sosiale standsverskille gefundeer is. Daar is dus 'n bewuswording van die implikasies van sosiale faktore vir taalgebruik.

Haas (1964) se artikel is uniek in dié opsig dat sy nie sonder meer aanvaar dat die manstaal die norm is nie, en dus 'n gevoeligheid toon vir die posisie van die vrou. Bodine se eie oorsig en dié van Van der Post (1978) is produkte van die sosiolinguistiek en die nuwe belangstelling in geslaggefundeerde taalverskille wat saamgeval het met die Vrouebevrydingsbeweging van die laat sestigerjare en sewentigerjare.

Bodine stel die vraag waarom die ryk verskeidenheid van navorsing oor geslaggefundeerde taalverskille in tale wat vir die Westerlinge eksotiese is, nie ook as stimulus gedien het vir navorsing oor geslaggefundeerde taalverskille in die navorsers se eie Europese tale nie. Volgens haar is die rede die verskil tussen wat sy noem "sex-exclusive differentiation" en "sex-preferential differentiation". Die eksotiese tale wat beskryf is, het almal taaleienskappe wat eksklusief deur die een of die ander geslag gebruik word en wat dus onmiddellik opgemerk kan word. Hierdie soort taalverskille is ongewoon in die Europese tale. Verskille in die hoeveelheid kere wat 'n bepaalde vorm voorkom en wat 'n geslag se voorkeur vir die spesifieke vorm uitdruk, is daarenteen nie so voor die hand liggend nie, en ook moeiliker om akkuraat te beskryf. "Some of those peoples undoubtedly saw no connection with anything occurring in their own society". (Bodine 1975a:130)

Die heel vroegste uitsprake oor vrouetaal in Europese tale is die selfversekerde intuïtiewe uitsprake van groot taalkundiges soos die Nederlander Van Ginneken (1913) en die Deen Jespersen (1922).

### 2.2.4 Die eerste emansipasiegolf

a) OTTO JESPERSEN

Jespersen wy in sy boek, Language: Its nature, development and origin 'n hele hoofstuk aan "The woman". Sy uitsprake kan as volg opgesom word:

i. Fonetiese en fonologiese verskille:

Oor die algemeen praat die twee geslagte foneties dieselfde taal. Die enkele verskille wat wel bestaan, is geïsoleer en van minder belang. Byvoorbeeld:

- volgens uitsprake van "old grammarians" het vroue 'n meer "advanced" uitspraak as mans, met ander woorde, hulle verhoog hulle vokale in die rigting van /i/. Dit sou ook vir Frans in die sewentiende eeu geld, toe vroue geneig was om /a/ uit te spreek as

/e/.

- vroue het 'n belangrike rol gespeel in die verswakking van die getrilde tongpunt /r/ in Engels. Jespersen verklaar die verswakking as die resultaat van 'n verskuiwing van buitelewe na meer binnenshuise lewe en 'n gevolglike afname in die luidheid van spraakgewoontes. In Frankryk het vroue in die sestiende eeu die /r/ vervang met /z/ - volgens Erasmus, Sylvius en Pillot soos aangehaal in Jespersen 1922:244. Jespersen (1922:244) gee ook vergelykende voorbeelde uit die Skandinawiese tale.

- vroue gebruik 'n langer vokaal in soft as mans; vroue gebruik lang vokale in albei die lettergrepe van waistcoat, mans is geneig om die historiese vorm met 'n kort tweede vokaal te gebruik.

ii. leksikale verskille:

- Volgens Greenough en Kittredge (Jespersen 1922:245) is die gebruik van common vir gewoon tipies vroulik.

- Mans sê: Its's very good of you, vroue It's very kind of you.

- Vroue ontwikkel uit skaamte onskuldige en eufemistiese woorde en frases vir sekere natuurlike funksies, bv. in their innocence and nothing else vir naaktheid; mans daarenteen noem hierdie dinge by die naam. Jespersen verwys hier na dié, volgens hom, lagwekkende werk van die groep Franse dames, die Precieuses, wat allerlei elegante frases uitgedink het waarmee growwe en vulgêre terme vermy kon word. 'n Mens moet toegee: die getroue metgesel van die lewende en die dooie vir 'n onskuldigde kledingstuk soos 'n hemp vra vir 'n glimlag. Ander voorbeelde van vroulike eufemismes is dreadful fib in plaas van die manlike infernal lie en gracious in interjeksies soos Good gracious!

- Vroue is geneig tot hiperbool en intensiewe vorme soos hulle meer frekwente gebruik van ever in vraagwoorde soos whatever en van so en such getuig. Dit is ook die geval in Duits, Frans en Deens.

- pretty, nice en just sweet word meer frekwent deur vroue as mans gebruik.

- Vroue het in die algemeen 'n kleiner woordeskat as mans. Die empiriese studie van Jastrow (Jespersen 1922:248) word hier as stawing gebruik.

- Volgens Jastrow kies mans meer dikwels rym en alliterererende woorde as vroue omdat vroue minder aandag aan daardie aspek van taal sou gee.

iii. grammatiese verskille:

- Mans verkies hipotaksis, vroue parataksis omdat hulle nie tot sulke ingewikkelde sinstrukture in staat sou wees nie.

iv. bowe-segmentele verskille:

Vroue beklemtoon oordrewe en gebruik toon-aksent om klem aan te dui.

v. verskille in die gespreksituasie:

- Vroue is meer geneig om in onvoltooide sinne te praat as mans, want "they start talking without having thought out what they are going to say" (1922:250).

- Vroue praat meer as mans.

- Vroue is linguisties vinniger as mans: hulle lees vinniger en kan meer akkuraat 'n gelese paragraaf weergee, maar "this rapidity (is) no proof of intellectual power, and some of the slowest readers were highly distinguished men" (1922:252). Mans dink, daarom kan hulle nie so vinnig verbaliseer nie; vroue praat sonder om te dink, of hulle kan nie dink sonder om te praat nie.

vi. taalverandering:

Vrouetaal word "languid and insipid" genoem, manstaal het "vigour en vividness", daarom is mans die "chief renovators of language and to them are due those changes by which we sometimes see one term replace an older one". Hierbo is egter 'n hele aantal voorbeelde gegee waar die vrou innoverend opgetree het bv. die skepping van eufemismes, maar kennelik word dit nie deur Jespersen as innoverend beskou nie.

Jespersen beklemtoon wel dat nie een van hierdie verskille absoluut is nie. Hulle het slegs betrekking op groter en kleiner frekwensies.

Belangrik vir latere studies is sy opmerking dat "with the rise of the feminist movement, many young ladies have begun to imitate their brothers in that as well as in other respects", asook die slotsin van die hoofstuk: "... great social changes are going on in our times which may eventually modify even the linguistic relations of the two sexes" (Jespersen 1922:254).

b) JACQUES VAN GINNEKEN

Soortgelyk aan Jespersen se uitsprake is die hoofstuk oor vrouetaal deur die Nederlandse taalkundige Van Ginneken in sy Handboek der Nederlandsche Taal van 1913 waarin hy 'n aantal kenmerke van vrouetaal aantoon deur gebruik te maak van sy intuïtiewe oordele. Volgens hom word die Nederlandse vrou in die

eerste plek deur haar gevoeligheid gekenmerk met die gevolg dat sy hewiglik ontstel word deur "onbelangrike" feite wat die man as gevolg van sy werkdrukte nie eens opmerk nie. Die taalkundige gevolg is dat sy "te" gevoelig is vir growwe, vulgêre taal wat mans gemaklik gebruik. Daarom verkies sy die woord "transpireren" vir "zweten", ens. Tweedens is die vrou volgens Van Ginneken, omdat sy haar altyd besig hou met konkrete sake, minder in staat tot abstrakte denke. As bewys ontleed Van Ginneken werke van vroulike en manlike outeurs. Hy wys op die kleiner aantal abstrakte woorde by die vroulike outeurs. Die vrou verdiep haar in besonderhede, sy is wel soms skerpsinnig, maar nooit so wys soos die man nie. Die vrou is geskik vir die praktiese sake in die lewe, die man daarenteen is geskik vir sake wat verband hou met "karakter en verstand".

Van Ginneken maak m.i. die fout om verskille in woordeskatfrekwensies, iets wat die resultaat is van eenvoudige taakverdelingskwessies gelyk te stel aan geslaggefundeerde verskille. Hy bestee tien bladsye aan voorbeelde van vrouejargon wat op die kombuis en naaldwerk betrekking het. Jargon sny egter oor veel meer grense as net dié van geslag. Elke beroep het bv. sy eie jargon wat gekenmerk word deur 'n hoër frekwensie by beoefenaars as by nie-beoefenaars.

Die vrou is nie net gevoelig nie, maar volgens Van Ginneken is sy ook beperk van gees: "Met haar eng bewustzijn hangt het samen, dat de vrouw niet houdt van ingewikkelde syntactische constructies. Zelfs de relatiefzin is haar soms al te veel." (1913:521) As voorbeeld van 'n konstruksie wat volgens hom dikwels deur vroue in briewe geskryf word, gee Van Ginneken die sin: "Het borduurwerkje, ik je gisteren heb laten zien, zal mij nog heel wat moeite kosten." Die betreklike voornaamwoord word sommer weggelaat en die relatiewe bysin funksioneer as 'n soort bystelling.

Sowel die uitsprake van Jespersen as Van Ginneken gaan uit van 'n bepaalde houding oor die aard van die vrou: dat sy in verskeie opsigte minderwaardig teenoor die man sou wees - 'n houding wat waarskynlik tipies was van mans in hulle tyd. Tog val hulle werk saam met die eerste emansipasiegolf aan die begin van die twintigste eeu en is as sodanig uitdrukkings van 'n nuwe belangstelling in die vrou (Raidt 1985:259).

Hulle uitsprake is tereg sterk gekritiseer as sonder enige empiriese bewys deur sosiolinguiste en feministe, bv. deur Brouwer (Brouwer et al. 1978. Daar is egter geen empiriese bewyse dat hulle verkeerd was nie, en die kritici is geneig om hulle uitsprake vanuit 'n sosiale perspektief van ongeveer vyftig jaar later te beoordeel, terwyl Jespersen self op die ingrypende veranderende sosiale rol van die Westerse vrou gewys het.

Hierdie eerste uitsprake oor geslaggefundeerde verskille in die Europese tale was nie almal gegrond op intuïsie nie. Raidt (1985) verwys byvoorbeeld na die empiriese studie van die Fransman Gauchat wat in 'n dialekondersoek van die Switserse dorpie Charmey vasgestel het dat vroue taalverandering inisieer en dat hulle nuwe taalvorme

meer frekwent gebruik as mans.

## .2.5 Die tweede emansipasiegolf

Die opkoms van die Vrouebevrydingsbeweging in die laat-sestigerjare en die sewentigerjare, ook genoem die tweede emansipasiegolf van hierdie eeu (Raidt 1985:260), het opnuut belangstelling in geslaggefundeerde taalgebruiksverskille in die Europese tale wakker gemaak. Die uitgangspunt was egter anders. Terwyl Van Ginneken en Jespersen se studies gegrond was op 'n paternalistiese, manlik-chauvinistiese houding oor die vrou en haar sosiale rol, is hierdie studies gegrond op 'n feministiese standpunt ten opsigte van die sosiale rol van die vrou. Taalverskille was vir Van Ginneken en Jespersen nog 'n weerspieëling van die minderwaardigheid van die vrou teenoor die man, maar vir hierdie geslag navorsers is dit 'n bevestiging van die ondergeskikte sosiale rol van die vrou in die Westerse maatskappy en van diskriminering teen haar deur die man. Hierdie navorsing het ook 'n heel spesifieke sosiale funksie, naamlik om die vrou bewus te maak van haar ondergeskiktheid sodat sy haar doelbewus vir verandering kan beywer.

### a) ROBIN LAKOFF

Die aanvanklike prikkel vir hierdie navorsing was die intussen beroemd geworde artikel (1973) en latere boek (1975) van Robin Lakoff: Language and woman's place. Lakoff gebruik dieselfde metode as Jespersen en Van Ginneken. Sy maak naamlik 'n aantal intuïtiewe uitsprake oor verskynsels in Engels wat die taal van die vroulike geslag sou kenmerk. Sy gee ook 'n beskrywing en voorbeelde van seksistiese taalgebruik. Alle kenmerke word binne 'n raamwerk van die sosiale posisie van die vrou en veral haar posisie in vergelyking met die man verklaar: "It will be found that the overall effect of women's language - meaning both language restricted in use to women and language descriptive of women alone - is this: it submerges woman's personal identity, by denying her the means of expressing herself strongly, on the one hand, and encouraging expressions that suggest triviality in subject matter and uncertainty about it; and, when a woman is being discussed, by treating her as an object - sexual or otherwise - but never a serious person with individual views" (1975:7).

Opgesom, is Lakoff se waarnemings as volg:

i. foneties/fonologiese verskille:

Vroue hou hulle wat uitspraak betref meer by die standaardnorme. Hulle streef presiese artikulasie en korrektheid na. As voorbeeld noem sy die [ing]/[in]-variant vir teenwoordige deelwoorduitgange.

ii. leksikale verskille:

- Vroue onderskei meer kleure as mans. Kleurwoorde wat volgens haar vreemd is aan die manlike repertorium is beige, ecru, aquamarine, lavender. Dit

lyk na 'n logiese parallel met die Eskimo's se uitgebreide woordeskat vir sneeu, maar Lakoff bevind dat "men find such discussion amusing because they consider such a question trivial, irrelevant to the real world". In 'n latere artikel (1977: 80) erken Lakoff dat haar bevinding misleidend is.

- Sekere adjektiewe wat die spreker se gevoelens teenoor die onderwerp uitdruk, kom meer algemeen by vroue voor, bv. adorable, sweet, lovely, divine.

- Die gebruik van "leë" intensiveerders, so and such, is tipies vroulik.

- Vroue vermy sleurtaalvorme soos ain't en snuck, en neologismes.

- Vroue gebruik swakker kragterme as mans. Waar 'n man sal sê: "Oh shit"! sê die vrou: "Oh dear!" - Vroue is meer geneig om eufemismes te gebruik vir onderwerpe wat as taboe of onvroulik beskou word.

iii.grammatiese verskille:

- Vroue vermy slang of substandaardvorme soos die dubbele ontkenning in Engels: I didn't do nothin'.

- 'n Tipiese vroulike konstruksie is die "tag-question" of slotvragie, bv. Sure is hot here, isn't it? waardeur 'n spreker "can avoid committing himself, and thereby avoid coming into conflict with the addressee".

- Vroue verkies sintaktiese vorme wat as meer beleefd beskou word, bv. die bevel in vraagvorm, dikwels verder versag deur 'n modale hulpwerkwoord, bv. Won't you close the door in plaas van die direkte bevel: Close the door.

iv. bowe-segmentele kenmerke:

- Vroue praat sagter as mans en het 'n groter variasie in toonhoogte en intonasie. Lakoff noem een intonasiepatroon wat volgens haar besonder tipies vroulik is, naamlik die stelsin wat as antwoord op 'n vraag gegee word, maar wat die intonasie van 'n ja-nee-vraag het, asof die spreker bevestiging van die vraagsteller verlang.

v. optrede in die gespreksituasie:

- Die vrou se optrede word deur onsekerheid gekenmerk wat linguisties gemerk word deur die gebruik van tussenwerpsels soos sort of, kinda, y'know, aanvangsfrases soos I guess, I wonder,

stiltes en stamelgeluide soos ah, um. (Die tussenwerpsels en aanvangsfrases is natuurlik ook sintaktiese kenmerke.)

vi. taalverandering:

Lakoff stem saam met Jespersen dat vroue linguisties meer konserwatief as mans is: "As women are seen as the arbiters of respectability, it is to be expected that they will resist any change that can be viewed as a lowering of standards, linguistic or moral" (1977:79).

Sosiolinguistiese studies van onder andere Labov (1972b) en Nichols (1978) het egter bevind dat vroue linguisties meer innoverend as mans is. Lakoff (1977:78,79) redeneer dat daar 'n verband is tussen linguistiese konserwatisme en innovasie, en die groepsbelange waarbinne die individu beweeg. Sy verwys na Newman (1974) wat bv. gevind het dat die gebruik van tussenwerpsels soos dié waarna in v) verwys is, aan die toeneem is in Amerikaanse Engels. Vroue gebruik hierdie vorme meer as mans om bogenoemde redes; daarom sal hulle uit die aard van die saak in hierdie opsig innoverend optree. Lakoff beweer verder dat substandaard-uitspraak dikwels as oulik en amusant beskou word, en dat vroue dit sal gebruik om as sodanig beoordeel te word.

Naas die bespreking van werklike geslaggefundeerde verskille in taalgebruik, bestee Lakoff 'n hele afdeling aan "Talking about Women", of seksisme in taalgebruik. Hierop word egter nie verder ingegaan nie.

b) MARY RITCHIE KEY

'n Studie soortgelyk aan dié van Lakoff, maar wat nie soveel aandag getrek het en nie so wyd in die literatuur vermeld word nie, is dié van Key (1975). Naas talle voorbeelde van seksisme in die taalsisteem, gee sy ook 'n aantal voorbeelde van wat volgens haar geslaggefundeerde verskille in taalgebruik is. Haar waarnemings stem basies ooreen met dié van Lakoff, maar Key se benadering is meer funksioneel:

Sy beweer dat vroue woorde soos cute en teeny meer frekwent as mans gebruik, so ook die genoemde intensiveerders so en such asook emfatiese vorms soos fantastic en horrifying en preduplikatiewe adjektiewe soos itsy-bitsy. Sintaktiese kenmerke van 'n taal is die meer frekwente gebruik van modale konstruksies wat as onsekerheidsvorme funksioneer, asook "tag-questions" wat die "feminine image of dependency reinforce" (1975:76) en versagtende vorms van imperatiewe. Die vrou se intonasie vertoon onsekerheidspatrone. Sy gebruik meer frekwent as mans 'n emosionele of ekspressiewe toon. Ook die hoogste toon, wat sy noem die "excited pitch", is 'n kenmerk van die vrou se taalgebruik. Key postuleer ook verskille in algemene taalgedrag: Mans hou daarvan om te verduidelik, vroue is meesters van die apologie en die hiperbool.

c) KRITIEK

Lakoff se bewerings (bevindings kan 'n mens dit skaars noem), is baie sterk gekritiseer deur veral sosiolinguiste. Jespersen en Van Ginneken kon weens die tyd waarin hulle gepubliseer het nog vergewe word, maar die feit dat Lakoff die bestaan van die sosiolinguistiek en sy werkswyses heeltemal geïgnoreer het, is as onvergeeflik beskou.

Die tekortkomings van Language and woman's place word sistematies bespreek in Timm (1976) se resensie in die tydskrif Lingua. Sy noem die werk 'n "slim, weakly-organized monograph" en die linguistiese taalkenmerke wat geïdentifiseer word 'n "mixed bag of features".

Sy lewer vervolgens kritiek op die introspeksiemetode. Haar eie introspeksie in verband met Lakoff se bewering dat "... 'mistress' requires a masculine noun in the possessive to precede it...One must be *someone's* mistress" lewer 'n hele reeks teenvoorbeelde op. Sy kritiseer ook die totale gebrek aan empiriese gegewens en die vermetelheid om van die leser te verwag om haar persoonlike interpretasies as waarhede te aanvaar. Vir Timm, byvoorbeeld, is die intensiveerders really, very, quite nie meer emfaties as so, die intensiveerder wat as tipies vroulik geïdentifiseer is, nie. Timm het ook ernstige bedenkinge oor Lakoff se verklarings vir geslaggefundeerde verskille en sy vind dit onvoorstelbaar dat Lakoff kan maak asof sy nog nooit van sosiolinguistiek gehoor het nie.

Dubois en Crouch (1975) was van die eerste navorsers wat een van Lakoff se bewerings in 'n hipotese omskryf en getoets het aan empiriese gegewens. Net soos Timm gee hulle teenvoorbeelde vir die mistress-geval. Ook in twee ander gevalle van beweerde seksisme wys hulle op redeneerfoute. She in She is a professional kan bv. onmoontlik sonder meer na 'n prostituut verwys, omdat she anafories is en dus altyd 'n vroulike referent moet hê, na wie vroeër, hetsy linguisties of nie-linguisties, verwys is. Die groter frekwensie van weduwee is gewoon omdat daar meer weduwees is as wewenaars, net soos daar meer motors as helikopters is en motor dus meer gewoon as helikopter is. Hulle bevind in 'n klein empriese ondersoek dat 22 van 'n klas van 56 studente Lakoff se voorbeeldsinne What a divine steel mill en What a groovy steel mill as onwaarskynlik beoordeel.

Dubois en Crouch is verder van mening dat die intonasieverskynsel wat aan vrouetaal toegedig word, nie tipies is nie. Hulle meen naamlik dat die stelling met bevestigende vraagintonasie in 'n ander situasie waar die waarskynlikheid dat enige van die twee geslagte dit kan uiter, ewe groot is, nie vir geslag gemerk is nie. Uit die reeds genoemde klas van 56 het 42 die uiting in 'n ander situasie aan enige van die twee geslagte toegeskryf.

Hulle belangrikste beswaar is Lakoff se ignorering van ander beskrywende, eksperimentele en teoretiese studies oor die onderwerp: "She gives the impression that she is turning virgin land, that nothing has been done before her" (1975: 291).

Tog was Lakoff se uitsprake baanbrekerswerk. Timm sê in haar slotparagraaf: "She has done pioneering work in an area which hitherto had been fairly well neglected by linguists, and even by sociolinguists; her study should help 'raise the consciousness' of those who read it" (1976:252). Dit het gedien as die impuls vir 'n hele vloedgolf navorsing - ook in verwante dissiplines soos sielkunde, sosiologie en antropologie - oor geslaggefundeerde verskille op alle vlakke van taalgebruik en kommunikasie met inagneming van 'n verskeidenheid sosiale veranderlikes.

Die hoofbelangstelling van feministiesgesinde linguiste in die sewentigerjare was egter seksisme in die taalsisteem. Hulle beskou dit as hulle taak om hierdie soort diskriminasie teen die vrou uit te wys en voorstelle te doen oor hoe dit uitgeskakel of verminder kan word. Dit het ook saamgeval met 'n nuwe belangstelling in sosiale en sielkundige verskille tussen die geslagte en die verband met hulle tradisionele rolle.

Die belangrikste linguistiese studies en hulle bevindings word onder 2.3 bespreek.

### 2.2.6 Die sosiolinguiste

Die sosiolinguistiese studies oor Amerikaanse en Britse spraakgemeenskappe wat onder andere ook geslag as veranderlike opneem en so op 'n aantal geslaggefundeerde verskille afkom, verskil van die Lakoff- en Vrouebevrydingsgeïnspireerde studies wat betref aannames en metodologie. Trudgill (1983:164) omskryf die verskil as studies in "dialect and accent" teenoor studies in "language use". Daar sal in 2.3.1 weer na hierdie onderskeid teruggekom word.

Belangrike vroeë Amerikaanse studies is onder andere dié van Labov (1966, 1972a, 1972b) oor die Inner City van New York en die eiland aan die kus van New England, Martha's Vineyard, dié van Shuy, Wolfram en Riley (1967) en Wolfram (1969) oor Detroitse Neger-Engels, Levine en Crockett (1966) oor Hillsboro, Noord-Carolina, Feagin (1979) oor Alabama, en Nichols (1978) oor die Swart kusgemeenskap van Suid-Carolina.

Vir Britse Engels is daar die studies van Trudgill (1974b) oor Norwich, Milroy en Milroy (1978) oor Belfast, Macaulay (1978) oor Glasgow en Cheshire (1982) oor Reading.

Vir Montreal-Frans is daar die studie van Cedergren en Sankoff (1971).

Die belangrikste sosiolinguistiese ondersoeke in Nederland waar geslag as veranderlike opgeneem is, is dié van Gerritsen (1980) en Brouwer (1989) oor Amsterdams, en Van der Post (1978).

Die linguistiese veranderlikes van al hierdie studies, fonologies, leksikaal sowel as sintakties, word hanteer as sou hulle 'n kategoriese realisasie hê: standaard- versus nie-standaardvariante. Grade van standaard en nie-standaard kry tog erkenning. Die resultate in al die gevalle gee dus uitspraak oor die geslagte se gebruik van standaard- en substandaardvariante. Labov en Trudgill maak ook gevolgtrekkings oor die geslagte se rol in taalverandering in terme van nader of verder van die standaard.

Wat opval, is hierdie navorsers se afwysende houding teenoor die empiriese navorsing wat op die bewerings van Jespersen et al. gebaseer is. Cheshire (1982:45) maak al hierdie navorsing in 'n enkele sin af: "It has been suggested that women's speech is characterized by a number of linguistic features, such as ...., but this has not been confirmed by empirical studies."

### 2.2.7 Nuwe belangstellings

Onlangse ontwikkelinge op die vakgebied sluit in:

a) studies wat die basiese aannames van vroeëre sosiolinguistiese studies bevraagteken, bv. die werk van Horvath (1985), Cowhig (1986) en Rigg (1987), wat in Milroy (1992) vermeld word;

b) studies wat geslaggefundeerde taalgebruik terugvoer na die biologiese en kognitiewe eienskappe van die twee geslagte en wat put uit nuwe navorsing in hierdie veld ('n hele afdeling in Philips, Steele en Tanz [1987] word hieraan gewy);

c) studies vanuit die feminisme, bv. Bate en Taylor (1988) en Coates en Cameron (1989) oor die manier waarop vroue onderling kommunikeer. Omdat hierdie studies meestal nie vergelykend is nie, is hulle weer eens baie impressionisties en metodologies onbevredigend.

d) studies wat die rol van ander kontekstuele veranderlikes in die taalgebruik van vroue ondersoek, bv. die werk van Snow (1986) oor die verskil tussen die taal wat kinderoppassers teenoor kinders gebruik in vergelyking met die taal van vroue in die algemeen.

### 2.2.8 Suid-Afrika

In Suid-Afrika is nog bitter min navorsing oor geslaggefundeerde taalverskille gedoen. Trudgill (1974a) verwys na verskille in Suid-Afrikaanse Engels wat geblyk het uit 'n studie oor Transvaalse hoërskoolleerlinge. Aan die Universiteit van Rhodes is twee navorsingsprojekte oor Suid-Afrikaanse Engels lopend (Barkhuizen en Grobler). Grobler (1983) het 'n artikel oor seksisme in Suid-Afrikaanse Engels geskryf en in 1985 lewer Raidt van die Universiteit van die Witwatersrand haar intreerede oor die rol van die vrou in die ontstaan van Afrikaans. Onder invloed van die studies van veral Labov verskyn 'n sosiolinguistiese dissertasie oor Maleierafrikaans deur Kotzé (1983) met geslag as een van die sosiale veranderlikes. Die resultate stem ooreen met dié van byvoorbeeld Labov (1966, 1972a, 1972b), Trudgill (1974b) en Milroy (1980).

## 2.3 SISTEMATIESE OORSIG

### 2.3.1 Kategorisering

Die studies wat op een of ander manier geslag by die definisie van 'n spraakgemeenskap betrek, sit self in 'n ideologiese en metodologiese kraaines verknoop wat nie eenvoudig is om te ontrafel nie.

Daar was al verskeie pogings tot kategorisering. Preisler (1986:3) neem bv. die terminologie van Bell(1976) oor om 'n metodologiese onderskeid te tref tussen wat hy noem "macro-linguistics" en "micro-linguistics":

> "Macro-linguistics (...) seeks to account for linguistic variation throughout a speech community in terms of the demographic variables. By using methods adopted from sociology, this line of sociolinguistics tries to discover to what extent and in what way the apparently arbitrary and random usages of individual speakers reflect their group affiliations and attitudes.
>
> Micro-linguistics is primarily concerned with speech interaction in small groups. It studies how social realities in terms of variables defining the speech event are constructed and conveyed through communicative behavior."

Preisler plaas sy eie studie binne die raamwerk van mikro-linguistiek.

Trudgill (1983:161-168) kategoriseer op grond van die soort veranderlike wat ondersoek word en sy distribusiepatroon. "The sociolinguistic surveys found evidence of sex differentiation in phonetics, phonology and morphology. The evidence (...) is very clear, but it concerns no more than the fact that, on average, women say (...) the less prestigious form rather than the more prestigious form less often than men, and that they also say the less 'correct' form rather than the more 'correct' more often than men. These features, we can say, are matters of dialect and accent" (my onderstreping).

"Other types of work have found linguistic sex differences of other - and, I would suggest, not necessarily comparable - kinds, including linguistic phenomena such as the use of particular hesitation phenomena, particular syntactic devices (such as ellipsis and tag-questions), and particular communicative and conversational strategies. These we can perhaps label collectively as language use differences (my onderstreping)".

Volgens Trudgill spruit "language use"-verskille uit die feit dat vroue en mans verskillende doelstellings deur taalgebruik nastreef: "dialect and accent variants must be held to be socially different (but linguistically equivalent) ways of doing the same thing". Die motivering agter die tweedeling is duidelik: hy wil nie graag sy studie met die "language use"-studies geassosieer hê nie. Sy onderskeid is minder duidelik. Maak die deur toe en Wil/jy nie asseblief die deur toemaak nie is ook maar twee variante wat sosiaal verskil - die vraag met die modale vorm word as meer tentatief en onseker beskou -, maar hulle doen tog dieselfde ding, naamlik om 'n versoek te rig. Die enigste verskil, waarna Trudgill self (1983:166) verwys, is die feit dat fonologiese en morfofonologiese verskille dadelik opgemerk word en as standaard of substandaard gemerk word, terwyl leksikale en sintaktiese verskille nie voor die hand liggend is nie en dus ook nie as korrek of minder korrek gemerk word nie. Die onderskeid lê volgens my eerder in die aard van die linguistiese veranderlikes self as in die aard van die geslaggefundeerde verskille.

Ander tipologiese onderskeidings vir die beskrywings van geslaggefundeerde taalverskille is dié van Brouwer, Gerritsen en De

Haan (1979:34) en Bodine (1975a:131).

i. absolute of geslag-eksklusiewe verskille.

Hierdie geïdentifiseerde kenmerke opereer disjunk vir die twee geslagte. Hulle is dus absolute verskille en word eksklusief deur die geslagte gebruik.

Haas (1964) het egter aangetoon dat mans en vroue dikwels kennis dra van mekaar se eksklusiewe kenmerke - dit is trouens hoe reisigers daarvan te hore gekom het.

Daar is bv. getuienis dat 'n moeder altwee die versamelings kenmerke gebruik wanneer sy die kinders van beide geslagte korrigeer (Haas 1964). 'n Uitsondering is die geheimtale, bv. Bahasa Balik van Borneo waarna Van der Post (1978) verwys.

Brouwer, Gerritsen en De Haan (1979) noem hierdie soort geslaggefundeerde verskille inherent aan die taalsisteem. Dit impliseer óf dat variasiereëls deel is van die taalsisteem óf dat van twee verskillende tale gepraat moet word. Alhoewel daar in die vroegste berigte oor absolute verskille van verskillende tale gepraat is, is dit later gekorrigeer deur te wys op die groter gemeenskaplikheid (Haas 1964, Van der Post 1978). As variasiereëls deel is van die taalsisteem, maak dit geen verskil of 'n spreker dit konsekwent toepas of nie, dit bly 'n taalsistematiese kwessie.

ii. Graduele verskille of voorkeurverskille.

Brouwer, Gerritsen en De Haan (1979) gebruik hiervoor die benaming geslaggefundeerde verskille in taalgebruik (my onderstreping).

Hierdie soort verskille sluit sowel Trudgill se "dialect and accent" in as dit wat hy verskille in "language use" noem. Linguistiese variasies het dieselfde linguistiese funksie, bv. of jy runnin' of running sê. In die geval van fonetiese, fonologiese en morfofonologiese variante is dit redelik eenvoudig, maar het 'n standaard-grammatikale vorm ook dieselfde linguistiese funksie as sy nie-standaard ekwivalent? Neem bv. twee voorbeelde uit Cheshire (1982:40): I knows how to stick in the boot vir in plaas van know en She hit her round the face twice in plaas van in. In die eerste geval kan 'n mens nog met redelike sekerheid sê dat knows dieselfde linguistiese funksie as know het, maar wanneer dit by leksikale variasies kom, kom semantiese ekwivalensie ter sprake en dan is dit weer problematies. Ook sintaktiese variasies met semantiese implikasies laat groot twyfel oor linguistiese ekwivalensie, bv. die bevel in stellingvorm, in positiewe modale vraagvorm en in negatiewe modale vraagvorm:

Maak toe die deur.
Sal jy die deur toemaak?
Wil jy nie die deur toemaak nie?

Wat Trudgill geslagsverskille in "language use" noem, is egter nie variasies in bogenoemde betekenis nie. Maar dan moet bygesê word

dat hy spesifiek verwys na die ellips en die slotvragie, onsekerheidaanduiders en kommunikasiestrategieë. Daar is 'n aantal van die graduele verskille tussen mans en vroue, bv. It was SO kind of you teenoor die meer manlik gebruikte It was VERY kind of you wat moeilik by enige van die katagorieë inval.

'n Laaste kategorisering wat hier genoem word, sluit hierby aan. Trudgill (1983) maak 'n indeling op grond van die aard van tekenveranderlikes wat ondersoek word. Hy groepeer fonetiese, fonologiese en morfofonologiese veranderlikes, waarvoor geslag 'n beduidende veranderlike is, saam as verskille in "dialect and accent".

Hierdie interpretasie van Trudgill slaan 'n brug tussen die verskillende kategoriserings. Sekere linguistiese veranderlikes, d.i. fonetiese, fonologiese en morfofonologiese veranderlikes kan **nie** enkoderings van ideële betekenis wees nie. (In die geval van morfofonologiese veranderlikes moet 'n mens waarskynlik die "nie" kwalifiseer na "slegs tot 'n baie beperkte mate"). Dit beteken hulle kan nie die "social event" wat ter sprake is, sinjaleer nie, en is dus nie gevoelig vir verandering op die as van "field" nie. Dieselfde geld vir die veranderlikes wat betrokke is by absolute geslaggefundeerde verskille - die geslagdialekte.

Alle makrostudies werk met sulke veranderlikes. Alle mikrostudies, dus studies wat 'n groter konteks as dié van spreker in ag neem, werk met veranderlikes wat wel gevoelig is vir veranderings op die ander asse van die konteks van situasie.

Watter indeling 'n mens ook al verkies, die grense bly vaag. In aansluiting by die vorige hoofstuk, word die terme dialek en register by hierdie indeling gebruik. Of vrouetaal as 'n kognitiewe of sosiale dialek beskou word, hang af van die verklaring wat vir geslaggefundeerde verskille gegee word.

Hoëfrekwensie-kenmerke met 'n kategoriese verspreiding is uiteraard die opvallendste. Kenmerke met 'n waarskynlikheidsverdeling word ondersoek:

- omdat hulle vanuit die funksionele taalmodel as relevant vir 'n bepaalde semantiese funksie voorspel word;

- omdat hulle vanuit 'n omsetting van sosiologiese, filosofiese of psigologiese beginsels voorspel word; of

- omdat die waarnemer se impressie is dat hulle relevant vir 'n bepaalde semantiese funksie is. 'n Mens hoef net 'n paar voorbeelde uit die studies oor die taalgebruik van individuele skrywers te neem om te besef hoe lukraak en onsistematies hierdie verband in die verlede al gelê is (Ohmann 1964, Milic 1967).

Die terme absolute en graduele verskille word gebruik om na verskillende soorte sosiale dialekte te verwys.

Leksikogrammatiese en fonologiese kenmerke vertoon drie basiese verspreidingspatrone in parallelle tekste (hierby is vergelyking van die taalgebruik van individue of groepe ingesluit):

- 'n kategoriese teenwoordigheid, dit wil sê 'n aanwesigheid teenoor 'n afwesigheid, of verskillende realisasies van dieselfde veranderlike;

- 'n waarskynlikheidsverdeling, dit wil sê 'n relatief groter of kleiner teenwoordigheid;

- 'n kategoriese teenwoordigheid met 'n waarskynlikheidsverdeling, dit wil sê 'n relatief groter of kleiner teenwoordigheid van verskillende realisasies van dieselfde veranderlike.

Die studies oor vrouetaal wat bespreek gaan word, ondersoek kenmerke met al drie verspreidingspatrone. Die studies oor absolute verskille tussen mans- en vrouetaal, d.w.s. vroue gebruik X, mans Y, is toegespits op kenmerke met 'n kategoriese verspreiding. Die sosiolinguistiese studies met geslag as veranderlike werk net met kenmerke met 'n kategoriese waarskynlikheidsverdeling, bv. vroue gebruik meer prestigevorme as mans. Kenmerke met 'n waarskynlikheidsverdeling vind 'n mens in die studies wat op stereotipes van vrouetaal gebaseer is, met ander woorde wat vrouetaal as 'n kollektiewe idiolek hanteer, asook in studies wat vrouetaal as 'n register hanteer.

Daar moet egter steeds in gedagte gehou word dat, wat ook al die indelingsbeginsel, die grense vaag bly.

### 2.3.2 Vrouetaal as kollektiewe idiolek

a) Kognitief gedefinieer

Barron het in 1971 'n artikel gepubliseer waarin sy Charles Fillmore se "A case for case" (1971) asook die studies in Sielkunde oor die verskille in kognitiewe en interaksiestyle by mans en vroue as basis gebruik vir 'n studie oor geslagsverskille in taalgebruik. Sy vat die navorsing oor geslagsverskille in nie-linguistiese gedrag as volg saam: "Men are more often analytic, manipulative, assertive, interested in things, aggressive, independent, exploitative, and achieving. Women are more often contextual, affiliative, and functional in their groupings of objects." (Barron 1971:26) Haar studie is op die veronderstelling gebaseer dat: "the deep structure elements of a language correspond to significant contrasts in the cognitive structure of language users. Further, if the cognitive structures of two classes of language users differ, as they are proposed to do for men en women on the basis of differential experience, so will the (grammatical) cases within their utterances differ."

"Case" verwys na die rol van die naamwoordstuk in die sin. Sy gebruik dieselfde onderskeidings as Fillmore en identifiseer sewe kasusrolle. Die onderskeidings is semanties en dit is 'n vraag of die sewe onderskeidings alle funksies van die naamwoordstuk in die sin dek. 'n Mens kry die indruk dat die "objective case" wat verwys na 'n naamwoordstuk "whose role in the action of the verb is identified in the semantic interpretation of the verb" geskep is om alle funksies wat nie as een van die voorafgaande ses gekatagoriseer kan word nie, op te vang.

Die toetsgroep is 8 onderwysers in interaksie met hulle leerlinge. Voorstedelike en ghettoskole was die twee sosiale groeperings, maar dit is nie as veranderlikes hanteer nie. Die sosiale agtergrond van die informant self word glad nie genoem nie. Die taaluitings is gerekonstrueer om implisiet gerealiseerde naamwoordstukke in te sluit. Die veranderlikes is geslag van die spreker, manier van realisasie en kasusrol.

Die aanname word gemaak dat mans meer agens-realisasies as vroue produseer en dat hulle ook meer gevalle van die instrumentele, die objektiewe en die lokatiewe kasusrolle gebruik as vroue. Vroue, daarenteen, so word gestel, produseer meer gevalle van die wyse- en doel-kasusrolle. Die hipoteses het nie in een van die sewe gevalle beduidende resultate vir altwee die realisasiewyses opgelewer nie. In twee gevalle was die resultate teenstrydig met die hipotese en vir die res was hulle slegs vir een van die realisasiewyses beduidend of het hulle wel die verwagte verskille getoon, maar sonder beduidende resultate.

In die gevalle waar die resultate die hipotese bevestig, is die beduidendheidsfaktor baie klein.

So 'n resultaat kan twee implikasies hê: Dit kan wees dat die metode nie betroubare resultate kan oplewer nie - daar is reeds op enkele tekortkominge gewys - of dat bevindings in verband met geslagsverskille in kognitiewe en interaksiestyle nie linguisties vertaalbaar is nie. Meer navorsing is egter nodig voordat hieroor 'n uitspraak gegee kan word.

In 'n latere ondersoek het Cashell (1978), aangehaal in Staley (1981:31), ook 'n aantal hipoteses in verband met die geslagsverskille in die gebruik van grammatikale kasus getoets en beduidende verskille by voorgraadse studente gevind. Geen verskille is egter op nagraadse vlak gevind nie.

'n Studie wat eintlik meer betrekking het op die navorsing oor die kommunikasiestyle van die twee geslagte, maar wat tog ook hier relevant is, is dié van Wood (1966). 36 proefpersone is gevra om 'n aantal foto's te beskryf. Drie interaksiestyle word op grond van die data gedefinieer: empiries, skeppend-interpretatief en 'n kombinasie van beide. Ek het egter my bedenkinge oor die akkuraatheid van so 'n klassifikasie: sowel it looks as if he's staring into space as he could be looking at something that's above him beskryf volgens my eienskappe van die betrokke foto.

Die feit dat die ondersoek hierdie veranderlikes eers vasgestel het ná ondersoek van die datamateriaal plaas ook 'n vraagteken oor die objektiwiteit van die ondersoek. Wood bevind in ieder geval dat mans meer geneig is om die empiriese styl te gebruik en vroue die skeppend-interpretatiewe styl.

In 1969 verskyn 'n dissertasie van Warshay met as onderwerp geslagsverskille in geskrewe taal. Dit is, sover vasgestel kon word, die enigste studie tot op datum wat met geskrewe datamateriaal werk. Warshay se uitgangspunt is bestaande studies oor

persoonlikheidsverskille by die geslagte. Haar hipotese is dat die geskrewe taal van mans 'n "active and instrumental attitude related to a world view that stressed conquest through competitive skill" (Warshay 1972: 3-4) sal toon, terwyl vroue geneig sou wees tot "a passive attitude which valued accommodation and the importance of nurturance and cooperation". Sy bevind dat mans oor die algemeen minder vlot is as vroue, meer geneig om in werkwoordfrases na gebeure te verwys, terwyl vroue dit eerder met naamwoordfrases doen, meer tyd georiënteer, meer persoonlik betrokke in hulle verwysings na gebeure as vroue en minder geneig om na ander mense te verwys as vroue.

Staley (1981) ondersoek geslagsverskille in die taalgebruik van kinders op dieselfde basis. Kinders in die ouderdomsgroepe vier, agt, twaalf en sestien jaar word 'n aantal stimulusprente getoon wat hulle gevra word om te beskryf. Beskrywings wat verwys na waarneembare aspekte van die prente, word gekategoriseer as beskrywende taalgebruik, terwyl 'n "personal account of what occurrences by the speaker" (Staley 1981:74) interpretatief-emotiewe taalgebruik genoem word. Sy stel die hipotese dat interpretatief-emotiewe taalgebruik meer deur dogters as deur seuns gebruik word. Verdere hipoteses is dat seuns meer refleksiewe taal gebruik as meisies, en dat meisies weer meer tussenwerpsels gebruik as die seuns. My beswaar teen die eerste hipotese is dieselfde as teen dié van Wood. Dit is te vaag vir werklik akkurate waarnemings en subjektiewe oordele is moontlik. Geen beduidende resultate word vir enige van die ouderdomsgroepe gevind nie.

b) Sosiaal gedefinieer

i Absolute of kategoriese verskille

Nie-Westerse tale

Bodine (1975a) onderskei by die nie-Westerse taalgroep tussen differensiasie gegrond op geslag van die spreker, die aangesprokene en die besprokene.

Differensiasie op grond van die geslag van die besprokene is, soos Bodine (1975a:114) opmerk, waarskynlik 'n universele verskynsel. Vergelyk, byvoorbeeld seun teenoor dogter. Dit hou verband met grammatiese geslag en taalseksisme in dié opsig dat dit 'n taalsistematiese verskynsel is.

Met die uitsondering van geheimtale wat 'n rituele funksie het, is hier nie sprake van verskillende tale vir mans en vroue nie. Die grootste gedeelte van die taal word deur beide geslagte gebruik en die verskille wat bestaan, is gewoonlik oppervlakkig. Geen sintaktiese verskille is byvoorbeeld gevind nie.

Aangesien hierdie soort verskille nie relevant is vir hierdie studie nie sal hulle nie verder in besonderhede bespreek word nie.

ii Kategoriese verskille met 'n waarskynlikheidsverdeling

Die sosiolinguistiese studies

**Oorsigtelik**

Binne die sosiolinguistiek word die vroulike spraakgemeenskap binne die parameters van geografiese ruimte, status en ouderdom gedefinieer. Die belangrikste studies is gefokus op stedelike dialekte. In al die gevalle is standaard/nie-standaard-variante getoets. Net soos in die geval van die absolute verskille is die besonderhede van die studies nie hier relevant nie. Hier word net kortliks verwys na twee Suid-Afrikaanse studies. Daar sal wel in meer besonderhede stilgestaan word by gemeenskaplike bevindings.

Trudgill (1974a:92) verwys na 'n studie oor Suid-Afrikaanse Engels waarin die taalgebruik van hoërskoolleerlinge van dieselfde ouderdom van 'n dorp in die Transvaal ondersoek word. Die uitspraak van 4 vokale is bestudeer. Vir al vier variante het die resultate getoon dat die seuns meer geneig is om die plaaslike substandaardvorme te gebruik as die meisies.

Vir Afrikaans het Kotzé (1983) in 'n sosiolinguistiese studie oor Kaapse Maleiers wat op die metode van Labov geskoei is, bevind dat geslagsdifferensiasies nie oor ouderdomgrense sny nie. Jonger vroue doen mee aan die algemene neiging wat hierbo beskryf is, maar ouer vroue wat min kontak met die standaard het, gebruik die substandaardvorme (bv. ontronding van geronde vokale en vokaalverhoging), meer frekwent as mans van hulle ouderdom.

**Gemeenskaplike resultaat**

Die resultate van die genoemde studies vertoon 'n opvallende ooreenkoms, naamlik dat vroulike informante groter frekwensies by die standaardvorme gee terwyl manlike informante dit weer met die nie-standaardvorme gee. Vroue is dus relatief meer standaardsprekers as mans.

'n Belangrike ander waarneming uit die studies is dat geslag nie onafhanklik van die ander sosiale veranderlikes soos: sosiale stand, ouderdom en situasie/styl funksioneer nie. Hoër sosiale stande gebruik meer standaardvorme as laer sosiale stande; substandaard word dikwels beskou as een van die merkers van lae sosiale stand. Vroue van die hoër ouderdomsgroepe en van die laer sosiale stande gebruik soms minder standaardvorme as gevolg van hulle geïsoleerde leefwyse (Kotzé 1983). Daarenteen gebruik vroue van die jongste ouderdomsgroepe vir volwassenes ook soms minder standaardvorme, maar in dié geval omdat die substandaardvorme vir hulle 'n sekere prestigewaarde het (Trudgill 1974b). Studies wat nie of nie al die genoemde veranderlikes insluit nie of wat hulle steekproef so saamstel dat al die veranderlikes gelyk verteenwoordig is, kan

gevolglik teenstrydige resultate verwag.

Brouwer en Gerritsen (1980:59) wys daarop dat "vanwege het sekseverschil in spraakorgaan is de grondtoon bij vokalen bij mannen gemiddeld 20% lager dan bij vrouwen. Bij vergelijking van het spektrogram van een vokaal uit de mond van een man met dat van dezelfde vokaal uit de mond van een vrouw, is het daarom soms moeilijk uit te maken in hoeverre het aangegeven verschil een gevolg is van het anatomische sekseverschil en in hoeverre het bepaald is door andere faktoren".

Waarnemings oor die vokale van die geslagte wat met die blote oor waargeneem is, bv. dié van Labov (1966) en Fasold (1969), kon dus teoreties foutief gewees het. Brouwer en Gerritsen verwys egter na die werk van Nordstrom en Lindblom (1975) vir 'n metode om anatomiese verskille uit te skakel.

## Standaard en prestige

Giles en Powesland (1975:15) onderskei tussen twee tipes standaarde: 'n konteks-standaard en 'n status-standaard. Konteks-standaard funksioneer volgens aanvaarbaarheid binne 'n bepaalde sosiaal-gedefinieerde situasie. Status-standaard is die vorm met die hoogste prestige, ongeag die situasie, en kenmerk ook die taalgebruik van die hoogste sosiale klas. Hulle val egter 'n bietjie vas in hulle eie definisies en erken dat "context-related standards can also be status-related sometimes. Now it is important to stress that the prestige of a status-related standard cannot be entirely free of context", (1975:23).

In al die tale waarin studies oor fonologiese geslaggefundeerde verskille gedoen is, is daar 'n status-standaard, bv. RP vir Britse Engels, ABN vir Nederlands. Hierdie standaard het 'n sekere prestigewaarde omdat dit ook kenmerkend is van die sosiale groepe met die hoogste sosio-ekonomiese status. Hierdie prestigewaarde is egter nie in alle sosiale netwerke dieselfde nie (Milroy 1980). Aan die ander kant is status-standaard nie die enigste variant met prestigewaarde nie: binne bepaalde kontekste kan 'n substandaardvariant of dialek se prestige dié van die standaard tersyde stel.

Die ondersoeke wat hierbo bespreek is, bewys dat vroue oor die algemeen die prestige van die standaard in hulle taalgebruik nastreef. Trudgill (1974b) se studie toon egter ook aan dat die gebruik van die standaard konteksgevoelig is. Hoe formeler die konteks, hoe groter die voorkoms van die standaard. Dit beteken dat die standaard nie in alle kontekste dieselfde prestigewaarde het nie en/of dat ook ander prestigenorme op die spel kom in meer informele situasies.

Trudgill haal Labov (1966:108) hieroor aan:

> "In New York the socio-economic structure confers prestige on the middle-class pattern associated with

> the more formal styles.
>
> (But) one can't avoid the implication that in New York City we must have an equal and opposing prestige for informal, working-class speech - a covert prestige enforcing this speech pattern. We must assume that people in New York City want to talk as they do. Yet this fact is not at all obvious in any overt response that you can draw from interview subjects."

Labov laat sy informante 'n selfevaluasietoets doen om hierdie bedekte prestige aan die lig te bring. Variante word aan informante voorgelees en hulle moet dan die vorm kies wat hulleself na hulle mening gebruik. Trudgill gebruik 'n soortgelyke maar strenger toets in Norwich. Hy bevind dat die manlike informante meer geneig is om te onderrapporteer, met ander woorde, hulle beweer dat hulle minder standaardvorme gebruik as wat hulle in werklikheid doen, terwyl vroulike informante meer geneig is om te oorrapporteer. Dit impliseer dat die substandaard of die taalgebruik van die werkersklas vir die mans 'n sekere prestigewaarde het wat dit nie vir vrouens het nie. Dit is egter nie waar van alle linguistiese gemeenskappe nie. Labov, byvoorbeeld, het nie hierdie resultate gekry nie.

Dit is nie net vir manlike werkersklas-informante in Norwich wat die substandaardvariant bedekte prestigewaarde het nie. Die ouderdomsgroep 10-29 van sowel manlike as vroulike informante onderrapporteer beduidend. Jong vroue heg dus ook prestigewaarde aan die substandaard-variante. "Whether this is a feature which is repeated in every generation of female speakers, or whether it reflects a genuine and recent change in ideology it is not possible at this stage to say" (Trudgill 1974b:192).

Prestige is egter nie die enigste bepalende faktor by die keuse van 'n standaard- of substandaardvariant nie. In die geval van Martha's Vineyard (Labov 1972b) is die substandaardvariante merkers van groepsolidariteit en persoonlike identiteit. Daar is groter druk op mans as op vroue om groepsolidariteit te toon as gevolg van die geslagstereotipes wat op daardie oomblik in die samelewing geldig is (Trudgill 1974b:94). In Martha's Vineyard is dit die jong mans wat verantwoordelik is vir 'n beweging weg van die standaard.

Ook Cheshire (1982:111) wys daarop dat nie-standaardvorme verskillende sosiale funksies kan vervul. "Some features of nonstandard Reading English function as markers of vernacular loyalty for girls, for boys, or for both boys and girls. Others function as sex markers, and some function as both." "Vernacular loyalty" sou 'n mens ook met prestige kon vertaal, maar dan word bedoel die prestigenorme wat binne 'n klein sosiale netwerk funksioneer.

Milroy (1992:171) verwys in hierdie verband na 'n onlangse studie van Jabeur (1987) wat die wisseling tussen die realisasie van 'n veranderlike as 'n monoftong en 'n diftong in die Arabies van Rades, Tunisië ondersoek. Die diftongrealisasie word geassosieer met die taalgebruik van ouer stedelike vroue, en vanuit hierdie raamwerk het dit vir sommige sprekers prestigewaarde en vir ander nie. Dit gebeur onafhanklik van die voorkoms van variante in moderne standaard-Arabies.

**Geslagdifferensiasie en stand**

In aansluiting by bogenoemde volg Milroy (1992) se kritiek op die aanname van die klassieke sosiolinguistiese studies dat geslagdifferensiasie 'n funksie is van standverskille. Die omgekeerde is ook moontlik. Die studies van Horvath (1985), Rigg (1987) en Cowhig (1986) het volgens Milroy aangetoon dat geslagdifferensiasie veel sterker kan wees as standverskille en dus nie noodwendig in terme van standverskille beskryf kan word nie.

Brouwer (1989:9) wys ook in hierdie verband op die probleme om vroue volgens stand te klassifiseer: "If women in the United States marry beneath their social position, their more frequent use of standard variants is less significant; if English women, like Dutch women, marry above their social position, then the sex differentiation in speech would be greater than supposed."

iii Verskille met 'n waarskynlikheidsverdeling

<u>Lakoff en ander se intuïtiewe aansprake word getoets.</u>

Alhoewel die intuïtiewe aansprake vrouetaal as 'n sosiale dialek hanteer, word nogtans daarna verwys as die "female register" (Crosby en Nyquist 1977).

**Slotvragies**

Die eerste navorsing om Lakoff se uitsprake te toets, het gekom van Dubois en Crouch oor die slotvragie. Lakoff het oor hierdie konstruksie as volg uitgewei: "A tag, in its usage as well as its syntactic shape (in English), is midway between an outright statement and a yes-no question; it is less assertative than the former, but more confident than the latter ... A tag question, being intermediate between these, is used when the speaker is stating a claim, but lacks full confidence in the truth of that claim" (1975:215).

Volgens Dubouis en Crouch kan die slotvragie ook wel as 'n gewone versoek funksioneer: <u>You couldn't change half-a crown for me, could you?</u> Hulle het ernstige bedenkinge oor die onsekerheidsfunksie van die slotvragie en haal Hymes en McCormick aan wat beweer dat die Britse gebruik van die agternavraag "overbearing, intended to forestall opposition" is. En, gaan hulle voort, indien die vorm wel onsekerheid

aandui, "we could still make no statements without examining many specific situations" (1975:292).

Brouwer et al. (1978:123) verwys na 'n studie van Bauman (1978) waarin drie universitêre byeenkomste van ongeveer drie uur elk bestudeer is. Twee was gemeng en aan een het net vroue deelgeneem. In die twee gemengde byeenkomste was die voorkoms van slotvragies gelyk verdeel, terwyl hulle glad nie in die vroue-groep voorgekom het nie. "Baumans resultaten wijzen ons nogmaals op die dubieuze status van intuitieve uitspraken."

Cheshire (1982) bevind dat "tag-questions occur frequently in the peer group recordings, particularly in the boys' speech". Hulle mees algemene funksies is om bevestiging te vra en hiervoor word of die standaard- of die substandaardvorm gebruik. Daar is egter ook 'n kleiner groep wat aggressie uitdruk, bv. You're a fucking hard nut, ain't you? Hiervoor word net die substandaardvorme gebruik en daar is 'n direkte verband tussen die semantiese funksie van die slotvraag en die aard van die groepskultuur waaraan die groepe behoort.

In haar artikel "Conversational insecurity" bevind Fishman (1980:129) dat vroue wel meer vrae teenoor mans gebruik as andersom, maar dit word anders verklaar: "Women ask questions so often because of the conversational power of questions, not because of personality weakness. Women have more trouble starting conversation and keeping it going when they are talking with men. Their greater use of questions is an attempt to solve the conversational problem of gaining a response to their utterances".

**Eenvoudige teenoor ingewikkelde sintaksis**

Wat betref die aansprake dat vroue parataksis verkies omdat hulle nie tot sulke ingewikkelde sinstrukture in staat is nie, bevind Gerritsen (1980:165) in die Amsterdamse studie: "(...) tegen de verwachting in, gebruikten vrouwen uit de hogere klasse signifikant meer onderschikkende voegwoorden dan mannen uit die klasse: (...) ze spreken in kompleksere zinnen dan de mannen uit hun klasse."

Nog 'n bevinding oor sintaktiese verskille is die een deur Kriedberg wat deur Crosby en Nyquist (1977:314) vermeld word. Kriedberg het gevind dat vaders en manlike onderwysers in 'n versorgingsoord vir klein kindertjies meer imperatiewe teenoor die kinders gebruik as die moeders of die onderwyseresse. Crosby en Nyquist erken dat Kriedberg se proefversameling baie klein was, maar hulle maak nogtans die afleiding dat "Kriedberg's study clearly supports the hypothesis that female speech is less forceful or dominant than male speech".

**Leksikale vorme**

Brouwer, Gerritsen en De Haan (1979) bevind by die

bestudering van 'n korpus van 587 taaluitinge wat om 'n treinkaartjie vra dat daar geen beduidende verskille in die gebruik van verkleinwoorde en beleefdheidsvorme is nie.

Hulle gee egter die beperkte situasie as 'n moontlike rede vir die resultaat. Geslag, leeftyd, geslag van die aangesprokene en tyd is die sosiale veranderlikes.

In 'n kwantitatiewe ondersoek na geslaggefundeerde verskille in Amsterdams waartydens 109 informele gesprekke op band ontleed is, bevind Gerritsen (1980) dat slegs moeilike en formele woorde, bv. konversatie, excellent en getimed beduidend verskillend deur die twee geslagte gebruik word in alle ouderdomsgroepe en sosiale klasse. Wat betref substandaardvorme, vloeke en plat uitdrukkings en intensiveerders soos erg, word die hipoteses net gedeeltelik, met ander woorde vir 'n bepaalde subgroep, bevestig. So byvoorbeeld is geslagsverskille in die gebruik van intensiveerders net by jonger informante en die hoër klas beduidend.

Ruke-Dravina (1952) het bevind dat vroue in Lets meer verkleinwoorde gebruik as mans. Volgens haar gebeur dit omdat vroue meer as mans met kinders te make het. Gerritsen (1980) vind egter dat geslagsverskille wat verkleinwoorde aan betref slegs beduidend is vir die ouer generasie. Sy gee geen verklaring vir enige van die subgroepbevindings nie.

Olivier en Rubin (1975) het die gebruik van vloekwoorde by 'n aantal Amerikaanse vroue ondersoek. Hulle stel die hipotese dat jonger vroue meer sterk kragwoorde gebruik - waarskynlik onder invloed van die Vrouebevrydingsbeweging - as die leeftydsgroep van 55 plus. Die 40-55 groep sou na beide kante uiteen val.

Die hipotese word egter nie getoets nie, dit word slegs aangeneem en dan word twee verdere veranderlikes ingevoer, naamlik of informante getroud is of nie, en of hulle hulleself as "bevry" beskou. Al die informante behoort tot dieselfde ras, sosiale stand en vlak van opleiding. Aan hulle is 'n aantal kragwoorde genoem en hulle is gevra of en hoe frekwent en in watter omstandighede hulle die woorde gebruik. Agt moontlike situasies is gegee op 'n glyskaal van formeel tot informeel. Soos verwag, gebruik vroue die meeste kragwoorde teenoor hulleself wanneer identiteit glad nie op die spel is nie, en die minste in die formele onderhoud. Die sterker kragwoorde word minder frekwent gebruik as die mildes. Die getroude en ougetroude informante se resultate stem ooreen vir die twee uiterste situasies, die formele onderhoud en die alleengesprek. Vir die res gebruik ongetroudes meer kragwoorde as getroudes, behalwe in 'n situasie saam met kinders. Min vroue het 'n definitiewe opinie oor of hulle "bevry" is of nie. Vroue wat sê hulle streef na "bevryding" gebruik kragwoorde meer frekwent as die ander.

Bailey en Timm (1976) het getoets of die gebruik van sterk

kragwoorde deur die veranderlikes geslag en ouderdom beïnvloed word. 20 situasies word geskets en 'n vraelys na aanleiding daarvan opgestel. Ras, sosiale stand en in 'n mindere mate godsdienstige agtergrond is konstant gehou. Vir beide geslagte is drie ouderdomskategorieë vasgestel. Die bevinding was dat mans oor die algemeen meer sterk kragwoorde as vroue gebruik, maar vroue van die ouderdomsgroep 31-35 gebruik na verhouding geweldig baie sterk kragwoorde, waarskynlik as gevolg van die invloed van die vrouebevrydingsbeweging, sê die navorsers.

Mans gebruik 'n groter variasie van sterk kragwoorde as vroue. Gemengde geselskap inhibeer die gebruik van kragwoorde, asook die teenwoordigheid van ouer, en godsdienstige persone.

Altwee bogenoemde studies is op die informante se selfevaluasie gegrond en nie op versamelde materiaal nie. In die lig van die teenstrydige resultate van Trudgill en Labov tussen werklike gebruik en selfgerapporteerde gebruik, moet 'n mens ernstige vraagtekens agter hierdie metode en sy resultate plaas.

**Die sogenaamde vroulike register**

Crosby en Nyquist (1977) toets in drie empiriese studies Lakoff se hipoteses oor die sogenaamde vroulike register. Vir die eerste studie is 32 voorgraadse studente aan die Boston-universiteit gebruik, die helfte mans en die ander helfte vroue. Ouderdom was waarskynlik konstant en sosiale stand is nie in ag geneem nie. Leë adjektiewe, slotvragies, tussenwerpsels en die intensiveerder so word as verteenwoordigend van die vroulike register getoets. Die linguistiese kenmerke word egter nie afsonderlik getoets nie, slegs 'n enkele gesamentlike gemiddelde word gegee. Die resultate bevestig volgens hulle Lakoff se hipoteses, maar daar is so min gegewens oor die omvang van die materiaal en die verspreiding van die veranderlikes dat dit moeilik is om 'n kritiese evaluering te gee.

Die gesamentlike hantering van die linguistiese veranderlikes is myns insiens 'n probleem, want teoreties sou dit moontlik wees vir een of meer van die veranderlikes om glad nie eers in die korpus voor te kom nie. Dit is na my mening ook een van die grootste tekortkominge van hierdie klein empiriese studies.

Omdat die sogenaamde vrouetaalkenmerke nie baie frekwent voorkom nie, beteken dit dat die korpus groot moet wees om gebruiksverskille op te vang. As baie min voorbeelde van 'n bepaalde variant voorkom, kan 'n enkele voorbeeld die resultate ingrypend beïnvloed.

Die tweede studie met as korpus 200 navrae by 'n inligtingstoonbank lewer geen beduidende resultate op nie. Crosby en Nyquist verklaar dit as volg: Of die gesprekke was

te kort om variasie toe te laat, of beleefdheid, waarop hierdie studie gekonsentreer het, verskil minder by die geslagte as die taalverskille waarop die ander twee studies konsentreer, of die betrokke situasie is 'n goedgevestigde ritueel in ons kultuur en volgens Lakoff verminder rituele geslagsverwante verskille.

Die derde studie bevind dat rol, dit wil sê of die spreker 'n lid van die polisiepersoneel of 'n kliënt is, beduidend is vir gebruik van die vroulike register. Dit impliseer dat geslaggefundeerde verskille gevoelig is vir situasie.

Swacker (1975) het onderhoude gevoer met 34 studente van soortgelyke sosiale agtergrond aan die California State University. Hulle is gevra om grafiese werke van Dürer te beskryf. Swacker bevind dat mans aansienlik meer bepaalde telwoorde in hulle beskrywings gebruik as vroue. Waar vroue wel bepaalde telwoorde gebruik, word dit in 50% van die gevalle deur 'n approksimeerder voorafgegaan, bv. about seven books. Net in een geval het 'n man dit gedoen. Sy bevind verder dat vroue voegwoorde gebruik wanneer hulle van onderwerp verander; mans egter gebruik tussenwerpsels soos OK of Oh, well. Geen kwantitatiewe resultate word egter gegee nie.

iv. Algemene gevolgtrekkings

Die resultate van bogenoemde studies bevestig die uitsprake van Trudgill (1983) en Cheshire (1982): sosiolinguistiese studie bevind konsekwent dat vroue oor die algemeen geneig is om minder nie-standaardvorme te gebruik as mans.

Dit is ook die mees konsekwente bevinding van die sosiolinguistiek oor die afgelope twee dekades (Trudgill 1983). Tog is daar 'n paar voorbehoude: Geslagsverskille sny oor die grense van die veranderlikes van sosiale stand en styl, maar word tog daardeur beïnvloed. Nie-standaardvorme kom byvoorbeeld minder frekwent in formele style voor as in informele en meer by die laer sosiale klasse as die hoëres. Vroue van die lae sosiale stand gebruik slegs minder nie-standaardvorme as mans in hulle klas as hulle nie so geïsoleerd leef dat hulle nie kontak met die standaard het nie. Verder is daar ook bevind dat jonger vroue van alle stande meer geneig is om nie-standaardvorme te gebruik, waarskynlik as gevolg van die "manlike" prestigewaarde daarvan. Daar moet ook bygevoeg word dat nie alle substandaardvorme merkers van geslag is nie (Cheshire 1982, Feagin 1979) en waar hulle wel merkers is, hulle ook nie noodwendig dieselfde funksie vir die geslagte vervul nie.

Daar is reeds verwys na moontlike probleme met die aannames waarop hierdie studies gebaseer is.

Nog 'n algemene bevinding is 'n diskrepansie tussen werklike gebruik en gerapporteerde gebruik vir bepaalde groepe.

Die resultate in die ondersoeke wat op die genoemde intuïtiewe uitsprake gegrond is, is wisselend en daar is nie 'n enkele, algemene gevolgtrekking daaruit te make nie. Wat wel duidelik blyk, is dat hierdie soort geslagsverskille, indien hulle voorkom, nie oor die grense van ouderdoms- en sosiale standkategorieë sny nie. In 'n bevestiging van die resultate van die nie-standaard/standaard-ondersoek tree jonger vroue dikwels op soos wat van mans verwag word. Dit is ook die geval van vroue in die hoër sosiale klasse.

Baie van hierdie studies gaan ongelukkig mank aan metodologiese gebreke. Preisler (1986:8) gaan selfs sover om hulle "linguisties primitief" te noem. Die proefpersone is dikwels min, die hipoteses vaag en nie vry van moontlike subjektiwiteit nie, en in baie van die studies word ouderdom en sosiale stand glad nie eers as veranderlikes ingevoer nie. Die data word in die meeste gevalle deur middel van metodes wat deur die Sielkunde gebruik is soos fotobeskrywings, of in uiters beperkte situasies, soos navrae aan een of ander toonbank of onderwyser-leerlinggesprekke; of met behulp van selfrapportering ingesamel. In nie een van die genoemde studies is styl of situasie 'n veranderlike nie terwyl heelwat teenstrydige resulte aan die deur van situasieverskynsels gelê word. 'n Mens kry ook die indruk dat die navorsers sterk betrokke is by hulle navorsing: hulle wil iets bewys, buig of bars. Van onbeduidende resultate "in die regte rigting" word algemene gevolgtrekkings gemaak (Barron 1971) terwyl teenstrydige resultate verklaar word om steeds by die hipoteses in te pas. Omvattender en wetenskapliker navorsing is nog nodig om werklik geldige uitsprake oor die intuïtiewe hipoteses te kan maak.

v. 'n Verdere verklaring vir die onbevredigende resultate van die mikrostudies.

Die verklaring vir die groot verskil in die resultate van die makro- en mikrostudies lê waarskynlik opgesluit in die aard van die veranderlikes wat getoets is. Al die genoemde navorsing hanteer tekenveranderlikes - sowel taalveranderlikes (leksikogrammaties, fonologies, bowe-segmenteel) as veranderlikes uit ander tekensisteme, bv. lyftaal - as enkoderings van interpersoonlike betekenis. Die doel van elke afsonderlike studie is om 'n afbeelding van een of meer van hierdie soort veranderlikes op een of meerdere aspekte van die "tenor" van die diskoers, te verifieer.

So 'n doelstelling is geldig wanneer die veranderlikes nie ook enkoderings van ideële betekenis is nie, soos wat die geval is met die fonetiese, fonologiese en morfofonologiese veranderlikes wat in die makrostudies gebruik is. Die veranderlikes wat in die mikrostudies gebruik is, is egter ook enkoderings van ideële en tekstuele betekenis. Om hulle dus slegs te gaan beskou as enkoderings van interpersoonlike betekenis is 'n mistasting. Boonop is interpersoonlike betekenis kompleks, die geslag van die spreker is maar één aspek. Wat van bv. die geslag van die hoorder, persoonlikheidsfaktore, algemene en

spesifieke sosiale rolle, relatiewe status, om net 'n paar te noem? Dit verklaar myns insiens hoekom die hipoteses van makrostudies suksesvol getoets het, en die hipoteses van mikrostudies so onbevredigend getoets het. Ek volstaan met twee voorbeelde.
Die gebruik van verkleinwoorde is ten nouste afhanklik van die gespreksonderwerp: babas of hemelliggame; die aard van die kommunikasie: 'n informele gesprek of 'n formele lesing; die verhouding tussen spreker en hoorder: werknemer teenoor werkgewer of moeder teenoor kind; en die spesifieke taalhandeling: inlig of terg. Dit is eers as hierdie aspekte konstant gehou word dat 'n mens die gebruik van verkleinwoorde by die twee geslagte kan begin vergelyk.

Die tweede voorbeeld kom uit Preisler (1986:24): Hy verwys na die studie van Dubois and Crouch (1975) waar bevind is dat al die slotvrae van die mans in hulle groepe afkomstig was. Hulle het egter nie in ag geneem dat die vroue hoofsaaklik vrae gevra het en dat slotvragies slegs na 'n stelsin gebruik kan word nie. Hierin is myns insiens ook die antwoord op Preisler (1986:8) se stelling geleë: "If social and psychological relationships such as those conceptualized by these models are not somehow reflected as measurable and predictable variations in the interpersonal element of concrete interactive language, this would seem to seriously question the validity of either sociolinguistic theory, social theory, or both". 'n Mens moet egter byvoeg dat latere studies soos dié van Preisler (1986) self, wat op p.61 in besonderhede bespreek sal word, sensitief is vir die funksionele kompleksiteit van veranderlikes.

vi. Verklarings vir geslagsdifferensiasie in taalgebruik vanuit hierdie perspektief

Navorsing wat vrouetaal as 'n geïnstitusionaliseerde sosiale rol beskou, vind 'n verklaring vir die verskynsel in bestaande sosiale verhoudings en mags-, en statusrelasies, en die verklaring is altyd vanuit een of ander sosiale teorie, alhoewel dit nie altyd so eksplisiet gedoen word soos bv. Fishman (1983) se Marxistiese interpretasie van die interaksie tussen eggenote nie.

Hier word net enkele verklarings gegee.

<u>Hoekom gebruik vroue linguistiese vorms wat geassosieer word met die prestige-standaard meer frekwent as mans?</u>

Trudgill (1983:167) haal Martin (1954) aan wat gesê het dat vroue meer statusbewus is as mans en gevolglik meer bewus van die sosiale belangrikheid van linguistiese veranderlikes. Hiervoor gee hy drie moontlike verklarings: a) Vroue se sosiale posisie in die Westerse samelewing is minder beskermd as dié van die man en ook meesal ondergeskik. Dit is dus belangriker vir vroue as vir mans om taalgebruik as 'n statusmerker te gebruik. b) Mans word in ons samelewing aan wat hulle <u>doen</u> beoordeel, vroue egter word aan hulle <u>voorkoms</u> beoordeel.

Taalgebruik is ook 'n voorkomsverskynsel. c) Vroue is meer betrokke by die opvoeding van kinders as mans, en gevolglik meer bewus van die noodsaaklikheid dat hulle kinders die standaardnorme verwerf.

Ook volgens Trudgill (1983:172) het die taalgebruik en -kultuur van die werkersklas konnotasies van ruheid en taaiheid, tipies manlike eienskappe, wat verklaar hoekom vroue minder geneig hiertoe is.

Nog 'n moontlike verklaring van Trudgill (1983) is dat sekere taalvorme meer gepas is vir vroue om te gebruik. "Different social attributes, and different behaviour, is expected from men and women, and sex varieties are a symbol of this fact." (1983:163) Ook Lakoff (1977:80) gee aanvaarbaarheidsnorme as rede vir geslagsdifferensiasie: verskille "appear to stem from differences in what is socially and psychologically expected of women in terms of explicit behavior, both linguistic and nonlinguistic".

Die meer frekwente gebruik van die standaard deur vroue word soms gelyk gestel aan beleefdheid en genoem as 'n bewys van onder andere Lakoff se stellings dat vroue meer beleefd in hulle taalgebruik is as mans (Brown 1980). Trudgill (1983:165) wys egter heeltemaal tereg daarop dat 'n mens net so onbeleefd in die standaard as in enige substandaardvorm kan wees.

'n Verklaring uit 'n effense onverwagse oord kom van Lakoff (1975:79): "Women's language avoids the markers of cameraderie: backslapping, joke telling, nicknaming, slang, and so forth".

Shuy (1969) suggereer dat die verskynsel die resultaat is van die feit dat die onderwys deur vroue gedomineer word. Dit is moontlik dat dit seuns se reaksie hierop is om die standaard saam met ander tradisionele skoolwaardes sterker te verwerp as die meisies.

Conklin (1974) soos aangehaal deur Cheshire in Trudgill (1984:43) beweer dat vroue eenvoudig meer gevoelig is vir die beperkings van verskillende sosiale kontekste, sodat hulle minder geneig is as mans om hulle mees informele praatstyl te gebruik in 'n gesprek met 'n onderhoudvoerder, veral as die onderhoudvoerder manlik is. Tog het Cheshire in haar studie waar sy self waarnemer by die gesprekke was en waar daar oor 'n tydperk van nege maande 'n besonder goeie en vertroulike verhouding tussen haar en die informante ontwikkel het, dieselfde resultaat as Trudgill en ander gekry.

Vir die feministiese navorsing oor geslagsdifferensiasie is die taalgebruik van die twee geslagte 'n bevestiging of 'n weerspieëling van die sosiale posisie van die vrou.

Lakoff (1975:7), byvoorbeeld, beskryf vrouetaal as volg: "it submerges a woman's personal identity, by denying her the

means of expressing herself strongly, on the one hand, and encouraging expressions that suggest triviality in subject matter and uncertainty about it". Brouwer et al. (1978:107-119) deel die intuïtiewe bevindings oor vrouetaal as volg in: die beperkte vrou (kleiner woordeskat), die gevoelige vrou (eufemismes, kragwoorde, tipies vroulike woorde, intensiewe vorme), die magtelose vrou (so, vloekwoorde), die eenvoudige vrou (sinstruktuur) en die onsekere vrou (die agternavraag, die modale vraagbevel, verkleinwoorde). Sy onderskei ook tussen intuïtiewe uitsprake wat uitgaan van die aard van die vrou, soos dié van Lakoff en Key. Heelwat navorsing, soos aangetoon, probeer om bevindings van die Sosiale Sielkunde in verband met die persoonlikhede en algemene gedrag van die geslagte in taaldifferensiasie te omskryf. Die feministiese navorsing gee dus eers die verklaring en soek dan na taalgegewens om dit empiries te bevestig terwyl dit in die geval van die sosiolinguiste andersom plaasvind.

'n Interessante, maar ekstreme standpunt, is dié van Spender (1980). Volgens haar is geslagsdifferensiasie die resultaat van seksisme. "With the acceptance of the term 'muted' to label the existence of women, the research distinctions between sexism in language and sex differences in language become increasingly meaningless." (1980:77) Sy gaan verder: "But if these difficulties (bv. vroue se probleme met die taal van die openbare platform omdat dit taalgebruik is wat spesifiek deur die man vir homself ontwerp is - SS) are peculiar to women, then this could have manifestations in their language use. If there are more blocks to female expression, as Shirley Ardener suggests, then the possibility of sex differences in language arises - not because of the women but because of the restrictions imposed by the language ... the concept of hesitancy takes on new dimensions in this context for when individuals are required to transform or monitor their language they are sometimes hesitant" (Spender 1980:83-84).

### 2.3.4 Vrouetaal as interaksionele rol

i Oorsig

Studies wat die Lakoff-hipoteses met inagneming van die meerfunksionaliteit van veranderlikes getoets het, het bevind dat die "female register" inderdaad kontekstueel gedefinieer is. Hier word net na twee hipoteses verwys.

**Die praatsieke vrou**

Preisler (1986) wys tereg daarop dat die stereotipe van die praatsieke vrou betrekking het op informele kuierkontekste. Dit is dus nie vreemd dat navorsers die teendeel in taakgerigte situasies bevind het nie. Hy verwys ook na die studie van Edelsky (1981) wat bevind het dat die bydrae van die onderskeie geslagte tot 'n gesprek saamval met die aard van die interaksie. Vroue praat meer in "free-for-all interaction" (Edelsky 1981).

Markel et al. (1976), wat ook in Preisler (1986) aangehaal word, het

bevind dat beide geslagte meer praat wanneer die vrou die hoorder is.

**Wie val wie in die rede?**

Die mees aangehaalde studie oor hierdie onderwerp is dié van West en Zimmerman (1977) wat bevind het dat mans meer geredelik in die rede val as vroue en dat mans vir hulle op hierdie manier die reg toeëien om die gesprek te oorheers. Die navorsing van onder andere Leet-Pellegrini (1980) en Beattie (1981) het egter aangetoon dat onderbrekings meerfunksioneel is en dat nie almal 'n poging om die gesprek te domineer sinjaleer nie.

Lind en O'Barr publiseer in 1979 'n baie belangrike artikel oor navorsing oor die hofsituasie: "The social significance of speech in the courtroom". Hulle neem die linguistiese kenmerke wat deur Lakoff as tipies vroulik gemerk is, as taalveranderlikes en bevind dat hulle wel frekwent by vroue voorkom, maar nie by alle vroue nie en soms ook by mans. Mense wat tuis is in die hofsituasie en professionele mense gebruik hulle minder, terwyl werkloses en mense van lae sosiale status hulle weer meer frekwent gebruik. Op grond van hierdie resultaat identifiseer hulle 'n "powerless" (ook genoem "tentative") en 'n "powerful mode" (ook genoem "assertive mode").

Hulle doen vervolgens 'n eksperiment om die effek van "powerful" en "powerless" getuienis deur 'n jurie te laat evalueer. Mans en vroue wat die "power mode" gebruik, word beduidend meer kompetent, sosiaal aantreklik, betroubaar en oortuigend deur die jurie as hulle "powerless counterparts" beoordeel. In teenstelling met Lakoff se hipotese word vroue wat die "power mode" gebruik nie as minder vroulik beoordeel nie.

Lavandera (1982) waarna Milroy (1992) verwys, koppel die graad van "assertiveness" of stelligheid aan die graad waartoe die spreker die feitelikheid van sy proposisie onderskryf. Epistemies-gebruikte modale hulpwerkwoorde en modale adjunkte maak dus taalgebruik meer tentatief of versigtig. Lavandera bevind vir Spaans in Buenos Aires dat alhoewel mans 'n duidelike voorkeur vertoon vir die assertiewe vorme, die verskil tussen die geslagte afneem soos wat die opvoedingspeil van die respondente toeneem.

'n Heeltemal ander interpretasie van "tentativeness/powerless language" versus "assertiveness/powerful language" kom vanuit die feminisme waar die opposisie vertaal word na "ondersteunend" teenoor "kompeterend". "This same cluster of linguistic features is shown in a more positive light when examined in the context of women talking to other women. In women-to-women interaction, these 'powerless' forms can be used as a powerful sign of mutual support and solidarity." (Cameron in Coates en Cameron 1989:112) Die werk van Kalcik, Aries, Goodwin en Maltz en Borker wat almal in Coates en Cameron (1989) opgeneem is, ondersoek hierdie interpretasie verder.

Hierdie resultate impliseer dat die "female register" nie 'n aanduider van geïnstitusionaliseerde geslagsrolle as sodanig is nie,

maar dat hulle interpreteerbaar is vanuit interaksionele sosiale status-/rolonderskeidings. Dit is ironies dat Lakoff self hierdie moontlikheid nie uitgesluit het nie (1975:57). Die vraag is dan verder tot hoe 'n mate interaksionele rol en geslag saamval.

Die meeste navorsing oor interaksionele gespreksrolle gebruik Bales (1970) se Interactional Process Analysis as basis. Die mees konsekwente bevinding is dat mans in interaksie meer taakgerig is terwyl vroue meer sosio-emosioneel is.

ii) Die navorsing van Preisler

Preisler (1986) probeer die vraag beantwoord of merkers van tentatiwiteit in die gesprek 'n funksie van geslag of van interaksionele rol is. Die steekproef van sy ambisieuse projek bestaan uit 48 proefpersone wat hy volgens sosio-ekonomiese status, ouderdom en geslag in 24 groepe van telkens 4 van die 48 persone elk indeel. 12 van die groepe is saamgestel uit beide geslagte en 12 uit net een geslag. Vir elke groep definieer hy twee relatiewe T-persone (taakgerig) en twee relatiewe S-persone (sosio-emosioneel). Vir elke groep is 'n gesprek van 43 minute opgeneem waarvan al om die ander drie minute gekodeer is vir kommunikatiewe handeling (Daar sal later teruggekom word na hierdie eenheid wat deur Bales [1970] gedefinieer is.) Die materiaal word vir altesaam 114 spesifieke hipoteses getoets as 'n mens in ag neem dat dit elke keer vir sowel geslag as interaksionele rol gedoen word.

Preisler se resultate demonstreer onomwonde dat die linguistiese merkers van tentatiwiteit inderdaad korreleer met geslag en/of interaksionele rol. Met ander woorde: vroue en/of S-persone is linguisties meer tentatief as mans en/of T-persone, en in gemengde groepe neig vroue na S-rolle. Hy maak hieruit die verdere afleiding: "The finding that usage differences between all-male and all-female groups tend to be no less pronounced than sex-specific usage within sexually mixed groups is an indication that sex as institutionalized role behavior is a more general determinant of speech than situational S-/T-roles. In other words, when women speak more tentatively than men, it is not generally because they are cowed by male chauvinists who force them into a defensive position. It is rather that men and women have developed sex-specific speech patterns." (1986:288)

Een van die interessante verdere resultate van Preisler se navorsing is dat tentatiewe merkers in die bestuurdergroepe geneig was om korrelate van 'n T-rol te wees, "indicating, we suggest, a managerial T-role style of careful deliberation and reflective weighing. However, they also seem to be particularly frequent in the speech of those T-persons who are females." (1986:290)

Op grond van hierdie resultate gee hy 'n pragmatiese interpretasie van tentatiwiteitmerkers. Hulle merk 'n S-rol, maar aangesien vroue meer frekwent S-rolle vertolk, gebruik hulle meer frekwent tentatiwiteitsmerkers. Tentatiwiteitsmerkers kan egter ook deur T-persone gebruik word om taakgerigte gedrag in 'n bepaalde vorm

aan te bied. Volgens Milroy (1992:175) is die "assertiveness/"tentativeness"-as 'n belangrike lokus van, wat sy noem, "purely symbolic sex role differentiation in society".

Preisler se verklaring is ook verhelderend ten opsigte van die relasie tussen merkers en stereotipes met betrekking tot geslagsdifferensiasie.

## 2.4 MERKERS VERSUS STEREOTIPES

Studies (Broverman et al. 1972, Hilpert et al. 1975, Maccoby en Jacklin 1974, Ehrlich 1973 en Block 1973) het aangetoon dat daar 'n verband is tussen persepsies van manlike en vroulike stereotipes en die gedrag van die geslagte teenoor mekaar in veral interaksie tussen vreemdelinge. Kramer (1977) het vasgestel wat die persepsies van geslagsdifferensiasie in taalgebruik is. Sy bevind dat, vir 'n groep van 466 hoërskool- en universiteitstudente, 31 van 'n gegewe 51 kenmerke deur sowel die manlike as die vroulike proefpersone aangedui is as stereotipes van die taalgedrag van die twee geslagte. Die proefpersone is nie gevra om tussen ouderdom en sosiale stand te onderskei nie. In dertien gevalle egter verskil die mans en vroue in hulle toekenning van stereotipes aan die geslagte. Vroue dink ook dat daar groter taalverskille tussen die geslagte is as wat mans dit doen.

In 'n studie met 'n teenoorgestelde benadering (Kramer 1974) word proefpersone gevra om onderskrifte van spotprente wat hulle nie self kan sien nie aan 'n vroulike of manlike spreker toe te ken. In meer as 75% van die gevalle was die toekenning volgens die tekening. Toe hulle oor hulle toekenning uitgevra is, was hulle reaksie as volg: "The students mentioned the logical, concise, business-like and controlling nature of the male captions, and the stupidity, vagueness, emotional, confused and wordy feature of the female" (Kramer 1974). In beide gevalle stem die stereotipes in taalgebruik ooreen met die resultate van studies oor verskille in die manlike en vroulike persoonlikhede soos dié van Broverman et al. (1972).

In die lig van die diskrepansie tussen stereotipes en werklike taalverskille is bogenoemde resultaat besonder belangrik. Dit beteken dat die spotprente opgestel is met die stereotipes en nie werklike taalgedrag nie, in gedagte.

Dit het belangrike implikasies vir hierdie studie: weerspieël bepaalde soorte geskrewe taal dalk in 'n groter mate die stereotipes oor geslagsdifferensiasie in taalgebruik as die werklike verskille?

Ander vrae wat ook in hierdie verband beantwoord moet word, is die volgende:

a) Wat is die verband tussen geperseptueerde verskille en werklike verskille?

b) Hoe verskil die geperseptueerde verskille van kultuur tot kultuur? Block (1973) het byvoorbeeld in so 'n vergelyking tussen Amerikaanse en Skandinawiese mans bevind dat die Amerikaners beduidend groter waarde heg aan die eienskappe avontuurlustigheid, selfvertroue, stelligheid, rusteloosheid, ambisie,

self-gesentreerdheid, wedywering en skerpsinnigheid.

c) Is stereotipes dalk 'n sleutel tot die rede vir werklike verskille?

d) Funksioneer stereotipes onafhanklik van ouderdom en sosiale stand?

e) Wat beïnvloed die verandering van stereotipes en hoe het hulle oor byvoorbeeld die afgelope sestig jaar verander?

## 2.5 DIE ROL VAN DIE VROU IN TAALVERANDERING

In die verloop van die sosiolinguistiese studies met standaard/substandaard-variante het taalkundiges ontdek dat mans en vroue ook differensieer wat betref hulle rol in taalverandering.

Die twee faktore op die spel is of die verandering in die rigting van die standaard of weg daarvan is en die aard van die sosiale netwerke van die betrokkenes.

Labov (1972b:302) kom op grond van sy eie navorsing tot die gevolgtrekking dat vroue dikwels innoverend in taalverandering optree: "In case after case we find that women use the most advanced forms in their own casual speech, and correct more sharply to the other extreme in their formal speech". Hy verwys hier egter net na taalverandering in die rigting van die standaard.

In sy eie navorsing oor die taalgebruik in Martha's Vineyard wys die resultate op 'n taalverandering weg van die standaard wat deur die jong mans gelei word. Labov verklaar (Milroy en Milroy 1978:112) hulle motivering as 'n begeerte om hulleself as deel van die gemeenskap te identifiseer.

Nichols (1978) kry 'n soortgelyke resultaat vir die swart bevolking van die Suid-Carolina-kusgebied. Die gebruik van bepaalde standaard-prestige vorme is vir hierdie mense innoverende taalgedrag wat dui op 'n taalverandering. Die innoverende gedrag is egter gekoppel aan sosiale faktore. Die vroue van die vastelandgemeenskap tree minder innoverend op as die mans, om die eenvoudige rede dat hulle meer gïsoleerd as die eilandvroue leef en min kontak met die standaard het.

Die resultate van die Britse studies is as volg: Milroy (1980:14) bevind dat, vir die Belfast-gemeenskappe wat ondersoek is, die mans oor die algemeen meer konserwatief is as die vroue. Verskeie argaïese groepkenmerke wat gewoonlik na 'n spesifieke "rural hinterland" teruggevoer kan word, kom net by die mans voor.

> "Thus, in this instance, women do seem to lead change in the sense that they abandon conservative linguistic features more readily than men. However, a generalization based on the sex of the speaker rather than, for example, his social values, or the structure of his social network, is unwise. For as we shall see, the Clonard data also provide evidence that women are capable of introducing to their own small communities a linguistic feature associated with men in Ballymacarrett which is, moreover, not particularly close to any publicly recognized prestige norm."

Trudgill (1974a) bevind in sy Norwich-studie ook dat vroue innoverend optree in die geval van verandering in die rigting van die standaard, terwyl mans die innoveerders is wanneer die verandering in die teenoorgestelde rigting is. Hy ontdek egter 'n ongewone geval van taalverandering. Die vokaal van top, hot, dog is besig om in die rigting van die standaard te verander. Hierdie verandering word gelei deur middelklasvroue en deur werkersklasmans, wat die taal van werkers uit 'n naburige graafskap napraat. Dit het tot gevolg dat vroue uit die werkersklas slegs met betrekking tot hierdie veranderlike meer substandaardvorme gebruik as die mans.

Die vervanging van /t/ met 'n stembandklapper is volgens Trudgill (1974a:99) nog 'n geval waar mans innoverend in taalverandering optree.

Hy noem ook twee gevalle waar die bestaande standaard-prestige vervang word met 'n nuwe standaard-prestige van 'n ander omgewing: in Hillsboro, Carolina en in die Larvikstreek, Norweë. In beide gevalle staan die vroue op die voorpunt van die verandering.

In gevalle waar die substandaard 'n dialek of 'n ander taal in 'n twee- of meertalige situasie is, en waar beweging in die rigting van die standaard (die taal met groter prestigewaarde in twee- of meertalige situasies) as innoverend beskou word, hang die vroue se gedrag af van hulle sosiale omstandighede. In meer konserwatiewe gemeenskappe waar die vrou hoofsaaklik beperk is tot die huis, is sy meer konserwatief in haar taalgebruik as die man. Sy sal dus meer geneig wees om die lae-prestigetaal en dialekvorme te behou en minder vaardig wees in die standaardtaal as die man.

Jespersen (1922:241) beskou vroue as meer konserwatief as mans in dialekhandhawing en hy noem as voorbeelde Baskies en Albanees.

Smith (1979:119-121) verwys na twee studies oor tweetalige gemeenskappe - dié van Diebold (1961) vir Spaans en Huawies en Lieberson (1965) vir Frans en Engels in Montreal - waarin bewys word dat waar die vroue wel bedrewe is in die prestige-standaard, sy die voortou in taalverandering in die rigting van die prestige-standaard neem. Dialekstudies met hierdie resultaat is dié van Oftedal (1973) vir Noorse dialekte, Gal (1978) vir 'n Hongaarse dialek, Trudgill en Tzavaras (1977) vir Arvanitika, 'n Albanese dialek, en Solé (1976) en Hartford (1976) vir Engels en Meksikaans. (Smith 1979:120-121).

Interessant genoeg is daar ook op hierdie terrein 'n diskrepansie tussen werklike gebruik en gerapporteerde gebruik (Politzer en Ramirez, aangehaal deur Smith 1979).

Smith verwys in dié verband na die interessante bevinding van Hill (1975) oor tweetaligheid by studente in Niger. Sy het 346 tweetalige studente gevra om die voor- en agterkant van 'n bal ten opsigte van 'n figuur aan te dui. In die inheemse taal is die voorkant van die bal, die kant wat weg van die figuur wys, terwyl dit vir Frans, die uitheemse taal, die kant is wat na die figuur wys. Vroulike studente het konsekwent meer Franse semantiese aanduidings vir voor en agter as die manlike studente gemaak, alhoewel daar oor die algemeen meer inheemse resultate was.

Nie alle innovasies het egter met 'n beweging nader of verder van die standaard te doen nie. Jespersen (1922:242, 243) noem mans die innoveerders: hy haal Edwards (1903:79) aan vir sy bewering dat vroue geneig is om neologismes te vermy. Hy wys egter ook daarop dat Japanese vroue minder konserwatief is as hulle mans, waarskynlik omdat die geskrewe taal nie so 'n groot invloed op hulle uitoefen nie. Smith (1979:122) verwys weer na 'n studie van Feinberg (1977) waarin sy oor 'n aantal Hebreeuse neologismes bevind het dat meer Israeli-vroue as mans daarop aanspraak maak dat hulle die woorde ken en gebruik, en dat hulle ook positiewer staan teenoor die invoer van neologismes.

Die enigste studie in Afrikaans oor die rol van die vrou in taalverandering is dié van Raidt (1985). Sy bevind dat vroue in die 18e eeu aan die Kaap sowel 'n behoudende as 'n vernuwende rol gespeel het. Hulle was aan die een kant grootliks daarvoor verantwoordelik dat Nederlandse volkstaalvorme behoue gebly het, terwyl hulle aan die ander kant 'n sleutelrol gespeel het in die morfologiese veranderings wat Nederlands ondergaan het.

## 2.6 TOT WATTER MATE KAN VROUETYDSKRIFTAAL AS VROUETAAL BESKOU WORD?

Aan die einde van die eerste hoofstuk is 'n interpretasie gegee van die gespreksituasie waarbinne kommunikasie tussen vrouetydskrif en leser plaasvind. Daar is ook betoog dat vrouetydskriftaal 'n soort geïnstitusionaliseerde vrou-tot-vrou-kommunikasie is. Hierdie "vroulike" aard van die tydskrifstem kry op verskeie maniere neerslag in die teks. Die redaksie van Die Boerevrou het byvoorbeeld dikwels na die tydskrif verwys as "die Vroutjie". Die leuse van Sarie is in die tagtigerjare eers "die hart van vrouwees" en later "'n vriendin vir elke vrou". Daar sal ook in hoofstukke 6 en 7 verwys word na die gebruik van die inklusiewe ons waarby die tydskrifstem "haarself" en die leser insluit. Die algemene bevindings oor vrouetaal wat in hierdie hoofstuk bespreek is, kan dus ook op vrouetydskriftaal betrekking hê.

Daar sou beswaar kon wees teen die feit dat tydskriftaal nie gesproke kommunikasie nie, maar geskrewe kommunikasie met 'n beperkte hoorderreaksie is. Ek gee toe dat die gespreksituasie in gesproke vrou-tot-vrou-kommunikasie anders is as die geskrewe vrou-tot-vrou-kommunikasie van die tydskrif en dat simplistiese vergelykings nie moontlik is nie. Aan die ander kant: as 'n sosiale konfigurasie noodwendig moet neerslag vind in taal, soos wat in die eerste hoofstuk geredeneer is, en soos wat die navorsers oor vrouetaal betoog, dan sal dit ook in geskrewe taal gebeur en dan sal dit uit die resultate moet blyk.

'n Historiese snit uit hierdie soort vrouetaal lewer terselfdertyd opwindende vergelykingsmateriaal wat moeilik is om in gesproke taal te vind. Sosiale konfigurasies word normaalweg in vrouetaalstudies vir 'n bepaalde historiese tydstip omskryf. Volgens dieselfde argument as hierbo kan geredeneer word dat veranderings in sosiale konfigurasies oor 'n periode neerslag moet vind in taalgebruik waarvan die kontekstuele faktore in ander opsigte relatief konstant gebly het. Die oorsig wat in hoofstuk 4 gegee word, probeer juis hierdie veranderlike konstantes peil.

Vrouetydskriftaal is terselfdertyd 'n konglomeraat van diverse geïnstitusionaliseerde interaksionele rolle. Byvoorbeeld: tydskrifstem teenoor leser in 'n omvattende informerende en later ook vermaaklike rol in die artikels; advertensiestem/tydskrifstem teenoor die leser/verbruiker in 'n omvattende gedragsuggererende rol in die advertensies, en man teenoor vrou in die omvattende rol van minnaars en/of eggenote in die kortverhale.

As 'n mens die artikels met die advertensies vergelyk, kan vasgestel word of bv. 'n S-rol en tentatiwiteitmerkers 'n funksie is van die taalgebruik van die vrouetydskriftaal van die betrokke tydperk en of dit 'n funksie is van bv. artikels of advertensies. Anders gestel: 'n mens kan vasstel tot watter mate interaksionele rolle 'n funksie van vrouetydskriftaal as vrouetaal op 'n bepaalde oomblik in die tyd is, en in watter opsig dit 'n funksie van 'n spesifieke groter geïnstitusionaliseerde kommunikasietipe is. 'n Mens kan dus 'n aanduiding kry van die mate waartoe die vrouetaalstereotipes en die tentatiwiteit-merkers in geskrewe Afrikaans pragmatiese veranderlikes is.

Die algemene en spesifieke hipoteses, asook die metodologiese besonderhede, word volledig in die volgende hoofstuk bespreek.

# HOOFSTUK 3: VROUETYDSKRIFTAAL: HIPOTESES EN METODIEK


3.1 ALGEMENE HIPOTESES . . . . . p. 68

3.2 DIE "INTERACTIONAL PROCESS ANALYSIS" VAN BALES EN DIE TOEPASSING DAARVAN OP HIERDIE STUDIE . . . . . p. 71

3.3 DIE LINGUISTIESE MERKERS VAN TENTATIWITEIT EN STELLIGHEID p. 75

3.4 SPESIFIEKE HIPOTESES . . . . . p. 82

3.5 SPESIFIEKE METODES . . . . . p. 86

3.5.1 Materiaalversameling . . . . . p. 86

3.5.2 Kodering . . . . . p. 87

3.5.3 Verwerking . . . . . p. 87

## 3.1 ALGEMENE HIPOTESES

Die Afrikaanse vrouetydskrif het oor die afgelope sewentig jaar dramaties verander wat betref voorkoms en taalgebruik. In ander opsigte, ook wat betref voorkoms en taalgebruik, het dit egter merkwaardig dieselfde gebly. (Die besonderhede van hierdie, wat genoem sal word "die veranderlike konstantes", word in hoofstuk 4 bespreek.)

Voorkoms behels die visuele uiterlike van die tydskrif. "Taalgebruik" is egter onbehoorlik omvattend. Dit sluit onder meer die volgende in:

Enkoderings van ideële betekenis:

i) Rubriek- en inhoudkeuses, asook benaderings tot inhoud.

ii) Terminologie. Daar het uiteraard nuwe modes en nuwe produkte hulle verskyning gemaak.

Enkoderings van interpersoonlike betekenis:

i) Dit omvat die status en rol van die tydskrifstem en haar leser en hulle interpersoonlike verhouding. Vir die verhale geld dieselfde ook vir die karakters. 'n Mens moet hierby in gedagte hou dat hierdie relasie terselfdertyd 'n funksie is van die tipe kommunikasie. Die verhouding tussen tydskrifstem en leser is nie dieselfde vir 'n resep as vir 'n artikel nie, of vir 'n advieskolom as vir 'n advertensie nie.

Enkoderings van tekstuele betekenis:

i) Elke rubrieksoort het sy eie tekstuele konvensies, sy eie modus dus, wat weer ten nouste saamhang met die interpersoonlike funksie van die kommunikasie.

ii) Die medium is geskrewe Afrikaans, wat oor hierdie tydperk beslag gekry het, soos wat Stoops (1972) met haar studie van Die Huisgenoot aangetoon het.

Die sentrale hipotese van hierdie studie is die volgende:

**Die interpersoonlike betekeniskomponent van die Afrikaanse vrouetydskrif het met die verloop van tyd verander.**

(Die sentrale hipotese word doelbewus hier baie algemeen en inklusief gestel. Die spesifieke gestalte daarvan vir elkeen van die kommunikasietipes waarna hier onder verwys word, word in die betrokke hoofstukke uiteengesit.)

Daar moet onmiddellik met so 'n hipotese rekening gehou word met die feit dat die vrouetydskrif gestratifieer is in bv. advertensies, verskillende soorte artikels, verhale, rubrieke. Die hipotese soos wat dit gestel is, geld nie in dieselfde mate vir alle strata nie. Kommunikasie met 'n baie streng afgebakende interpersoonlike betekenis, bv. instruksie-artikels soos resepte en breipatrone het min verander met die

verloop van tyd en hulle is dus nie in hierdie ondersoek ingesluit nie.

Aangesien die interpersoonlike betekeniskomponent nie, soos reeds genoem is, presies identies lyk in die verskillende strata nie, is kommunikasietipe, bv. advertensie of algemene artikel 'n verdere veranderlike. Om hierdie rede is dit sinvol om modus konstant te hou, d.w.s. om die hipotese binne stratumverband te toets. Dit is ook noodsaaklik dat die tipe kommunikasie wat ondersoek word, deurlopend in die materiaal teenwoordig moet wees. Die rubrieke is die meeste tydgebonde, sommige jaargange het bv. 'n boekerubriek en ander nie, Die Boerevrou het rubrieke gehad wat nooit weer in enige van die ander tydskrifte herhaal is nie. Dit was dus nie moontlik om rubrieke oor die bestudeerde tydperk te vergelyk nie. Daar is gevolglik besluit om die studie te beperk tot verhale, algemene artikels en advertensies.

Die verhale, wat so 'n belangrike komponent van die vrouetydskrif uitmaak, bied interessante vergelykingsmateriaal vanuit 'n ander hoek. Dit bied antwoorde op die vrae: Hoe het die Afrikaanse vrouetydskrif oor die jare die kommunikasiesituasie tussen man en vrou in 'n liefdesverhouding uitgebeeld? Wat is die rolle wat aan man en vrou toegeken is, en hoe word dit vergestalt in die taalgebruik?

Alhoewel hierdie studie fokus op die interpersoonlike betekeniskomponent, speel die ideële betekeniskomponent natuurlik die hele tyd saam, en dit kan nooit heeltemal losgemaak word van die interpersoonlike betekeniskomponent nie. Om 'n mens in staat te stel om daardie betekenisaspek altyd langs jou oopgeslaan te hou, word die veranderlike konstantes van inhoud en voorkoms in hoofstuk 4 bespreek. Die materiaal word verder op so 'n manier gekies en gekategoriseer dat die basiese inhoud 'n konstante is. Vir die advertensies, byvoorbeeld, word die seleksie uit voorafgedefinieerde kategorieë soos klere, onderklere, grimering, intieme produkte, verslankingsmiddels, en babaprodukte gemaak.

Die interpersoonlike betekeniskomponent omvat die volgende:

spreker en hoorder as individue;
spreker en hoorder sosiaal gedefinieer in terme van rol en status;
die interaksionele rol waarin hulle optree.

In die geval van die artikels en die advertensies het 'n mens te make met 'n kollektiewe spreker en hoorder. Die rol en status van die spreker, d.w.s. tydskrifstem en advertensiestem is baie sterk geïnstitusionaliseerde rolle sodat die volgende hipotese gestel kan word:

**Verskuiwings oor die verloop van tyd in interpersoonlike betekenis kan aan die deur van die rol en status van die hoorder/leser gelê word.**

As die tydskrif- en advertensiestemme dus toenemend vrou en vriendin word, gebeur dit as 'n aanpassing by leserpersoonlikheid en -behoeftes. 'n Mens moet hier egter byvoeg dat die sosiale definisie van die hoorder/leser nie net op marknavorsing berus nie, maar dat dit ook gedeeltelik gedefinieer word deur die persepsie van die redakteur en die uitgewer. Die manier waarop die tydskrif dus met sy leser kommunikeer, is dus 'n refleksie van sowel die sosiale status en rol van die Afrikaanse (helaas slegs) blanke vrou as van die tydskrif se persepsie daarvan.

As bogenoemde hipotese geldig is, beteken dit dat verskuiwings in die gedrag van veranderlikes met die verloop van tyd ongeveer parallel moet loop vir die artikels en die advertensies. Die invloed van ontwikkelings op die gebied van massakommunikasie moet egter in hierdie verband in die oog gehou word. Daar sal in hoofstuk 4 aangetoon word dat die vrouetydskrif toenemend 'n produk word sodat die groter interaksionele rol van advertensiestem en tydskrifstem nader aan mekaar groei. Hierdie feit sal by die interpretasie van resultate in ag geneem moet word.

Wat betref die afbeelding van interpersoonlike betekenis op leksikogrammatiese en rolveranderlikes, word die volgende aanname gemaak:

**As die vrouetydskrif oor die jare uitgesproke meer "vrou" geword het, beteken dit dat die kommunikasie tussen tydskrif en leser toenemend vrou-tot-vrou geword het. Dit impliseer dat leksikogrammatiese en rolkenmerke wat as tipies van die vrou en van hierdie soort interaksie beskou word, moet toeneem.**

Vir die verhale word die volgende algemene hipotese gestel:

**Daar is 'n verskil in die taalgedrag van manlike en vroulike hoofkarakters in die tydskrifverhaal. Hierdie verskil is in ooreenstemming met wat as tipies van hierdie soort interaksie beskou word. Aangesien die rol en status van die vroulike hoofkarakter binne die perseptuele raamwerk van die tydskrif val, verwag 'n mens dat daar met die verloop van tyd 'n verskuiwing in die verskil sal kom.**

In aansluiting by bostaande is die interpersoonlike betekeniskomponent vir hierdie studie in terme van die gedrag van drie stelle veranderlikes uitgedruk:

die sogenaamde vroulike register, wat die vrouetaalstereotipes is soos deur Lakoff geformuleer, en wat in hoofstuk 2 bespreek is;

interaksionele rol;

linguistiese merkers van tentatiwiteit en stelligheid, of die "powerless" versus "powerful mode".

Dit word gedoen op grond van die aanname dat vrouetaalstereotipes, interaksionele rol en die merkers van pragmatiese tentatiwiteit en stelligheid enkoderings is van interpersoonlike betekenis.

Uiteraard kon slegs vrouetaalstereotipes wat in hierdie soort geskrewe tekste voorkom, gekies word. Dit is byvoorbeeld nie sinvol om in hierdie konteks na kragwoorde of nie-standaardvorme te gaan kyk nie. Teoreties is dit aanvegbaar om stereotipes in Engels net so te vertaal in Afrikaans. Dit gaan egter oor die vertaling van 'n sintaktiese struktuur en sy waarde, bv. die slotvragie en "leë" intensiewe, en nie oor die vertaling van individuele woorde, bv. "so" nie. Die feit dat hierdie leksikogrammatiese kenmerke al in die Afrikaanse media as tipies van vrouetaal voorgehou is (die Vroueblad van Beeld 12/4/1991:6), is 'n aanduiding dat hulle ook in Afrikaans as stereotipes gemerk word. Dit is op hierdie grondslag dat slotvragies, "leë" intensiewe,

intensiveerders, retoriese vrae en verskonende stellings as veranderlikes by hierdie studie ingesluit is. Daar is nog nie in Afrikaans 'n studie gedoen om te bepaal of daar vir Afrikaans naas hierdie ook ander geslagsstereotipes is nie, en dit was nie die doel van hierdie studie nie.

Die instrument om interaksionele rol te meet en te kwantifiseer, word hierna bespreek, en in 3.3. volg 'n uiteensetting van die linguistiese merkers van die pole tentatiwiteit teenoor stelligheid.

## 3.2 DIE "INTERACTIONAL PROCESS ANALYSIS" VAN BALES EN DIE TOEPASSING DAARVAN OP HIERDIE STUDIE

Bales se IPA-model is in 1950 ontwikkel om groepsinteraksie te beskryf. In 1970 verskyn 'n grondige hersiening met die titel Personality and interpersonal behavior. Die IPA-model word sedert die vyftigerjare algemeen en met sukses in die Sosiale Sielkunde gebruik om groepsinteraksie te beskryf.

Bales se model, alhoewel dit nie linguisties gedefinieer is nie, en ook nie-verbale kommunikasie insluit, is in wese 'n instrument vir die praktiese toepassing van die taalhandelingsmodelle van Austin (1960) en Searle (1975) en die taalfunksiemodel van Jakobson (1960). Daar is op hierdie model besluit omdat dit 'n werkbare tegniek is om interaksionele rol in groot hoeveelhede materiaal te kodeer en omdat dit met groot sukses deur Preisler (1986) gebruik is om die gespreksrolle van mans en vroue te bestudeer. Die groter tydskrifkommunikasie tussen tydskrifstem (spreker) en leser (hoorder) is uiteraard nie groepsinteraksie in die gewone sin van die woord nie en Bales se IPA-model het dus 'n beperkte toepassingswaarde op tydskriftaal. Die kommunikasie in advertensies en artikels is eensydig in dié sin dat daar geen taalgedrag van die hoorder/leser/verbruiker waargeneem kan word nie, alhoewel sekere advertensies wel aan die leser/verbruiker 'n stem gee. Maar aan die ander kant val hierdie soort kommunikasie - die kommunikasiesituasie wat hier ter sake is, is reeds in besonderhede bespreek - ook nie buite die toepassingsveld van "interactional process analysis", wat Bales (1970:3) omskryf as "to observe and understand more effectively in natural interpersonal situations" nie. Daar is egter 'n verdere belangrike andersoortigheid in hierdie kommunikasie wat in berekening gebring moet word.

In al drie die gekose kommunikasietipes funksioneer 'n dubbele interaksionele rol: die groter geïnstitusionaliseerde rolle van tydskrifstem teenoor leser en advertensiestem teenoor leser, en die spesifieke rol op 'n bepaalde tydstip, wat 'n interpretasie is van, en 'n aanpassing is by, die leser se status, rol en behoeftes. Advertensietaal is byvoorbeeld uit die aard van die funksie daarvan taakgerig (in Bales se terme: die spreker in advertensies is 'n T-persoon of word gekenmerk deur T-gedrag [T=taakgerig]): dit verskaf informasie, en opinie, in verband met 'n produk, of 'n mededingende produk, en suggereer dat die leser die produk moet gebruik/koop. Hierdie oorkoepelende taakgerigte rol kan egter op 'n bepaalde tydstip in verskillende interaksionele rolle ingeklee word om effektiewe kommunikasie tussen adverteerder en verbruiker te bewerkstelling.
Die tydskrifverhaal opereer soortgelyk: Hier het 'n mens die konvensionele rol van outeur teenoor leser, wat terselfdertyd in die

geval van die tydskrifverhaal parallel loop met die interpersoonlike relasie tussen tydskrifstem en leser, met daarbinne die spesifieke interaksionele rolle waarby die hoofkarakters betrokke is, wat op hulle beurt 'n interpretasie van 'n bepaalde tydstip is van die status en rol wat aan mans en vroue in die liefdesverhouding toegeken word.

Bales (1970:58) se eenheid van analise is die minimale boodskap of die "communicative act". Hy definieer dit as volg: "An 'act' is a communication or an indication, either verbal or nonverbal, which in its context may be understood by another member as equivalant to a single simple sentence" (1970:68). Die eenheid kom eers met kennis van die 12 handelingsfunksies tot stand, en is 'n geëinterpreteerde eenheid. Die basiese eenheid is die simplekse sin, alhoewel dit in 'n aantal omskrewe gevalle ook 'n hoofsin met 'n bepaalde tipe bysin kan omvat.

Vir die tydskrifte sluit dit alle taaluitings waar die weggelate werkwoord uit die konteks agterhaalbaar is, in, bv. *The Great Mail Order House 'n spesiale aanbod van deftige dames kostuum rok* (Die Boerevrou, Maart 1919:4). Bales is in die geval van saamgestelde sinne nie heeltemal duidelik nie: "Complex sentences always involve more than one score. Each dependent clause may receive a separate score if it expresses an additional complete thought." (Bales 1970:68) Hiervoor is die meer uitgebreide toepassingsriglyne van Preisler (1986) gevolg:

a) Neweskikkende konstruksies met 'n gemeenskaplike werkwoord is as aparte eenhede aangeteken, behalwe as hulle binne dieselfde paradigma bly, bv.

> *Zwart en wit en blauw ruite*
> (Die Boerevrou: Maart 1919:15)
>
> *netjies en gemaklik*
> (Die Boerevrou: September 1926)

b) Beperkende betreklike bysinne word nie as aparte kommunikasie-eenhede aangeteken nie, bv.

> *Tobralco die katoenstof wat maklik gewas word*
> (Die Boerevrou: September 1926)

c) Voorwerpsinne en graadbysinne, bv.

> *Dit dra so goed dat dit betaal om dit te koop*
> (Die Boerevrou: April 1919:4),

voorwaardesinne van die tipe:

> *As u dit 'n bietjie wil ophelder, kan u altyd 'n gekleurde band om die hoed dra a la Suzanne* (Die Boerevrou: September 1926), asook

infinitiefsinne van die tipe:

> *Hierdie korset besit die eienskap om die volle figuur goed te kontrolleer*
> (Die Boerevrou: Maart 1919:3),

is ook nie as aparte kommunikatiewe handelinge aangeteken nie.

d) Setselgroepe van die tipe:

*in rooskleur*

*met 11 duims rekker ingelaat onder arms*

en nominalisasies bv. *'n vermaeringsmodel* (Die Boerevrou, Feb. 1930) in werkwoordlose uitings is slegs in die advertensies as aparte kommunikasie-eenhede aangeteken en dan slegs as hulle sonder twyfel saamgetrokke informasie is.

e) In enige gevalle van onsekerheid, geld die norm van eerder te veel kommunikasie-eenhede as te min.

Volgens Bales se model (1970: 99-135) kan aan elke kommunikasie-eenheid een van twaalf handelingsfunksies toegeskryf word. Hulle is die volgende:

Positiewe reaksies
1. Vriendelik wees
2. Dramatiseer
3. Instem

Taakgerigte kommunikasie ("Attempted answers")
4. Gedrag suggereer/'n Voorstel maak
5. Mening gee
6. Inligting verskaf

Vrae
7. Inligting vra
8. Mening vra
9. 'n Voorstel vra

Negatiewe reaksies
10. Verskil
11. Spanning te kenne gee
12. Onvriendelik wees

Bales (1970:99-135) gee 'n volledige uiteensetting van elke kategorie. Die onderstaande is slegs 'n opsomming van daardie aspekte wat op die materiaal van hierdie studie betrekking het:

1.Vriendelik wees : Aanduidings van kameraderie, simpatie, meelewing; aanbiedings van hulp, ondersteuning; prys, aanmoedig, beloon, ego streel; aanduiders van "ons is op dieselfde vlak".

2.Dramatiseer : Grappe, vertellings, anekdotes, poëtiese middele, litotes, humor.

3.Instem : Ontvanklikheid vir die spreker bv. belangstelling; kommunikasiefasiliteerders, bv. *Mmm*, *Ja*; blyke van begrip, bv. *Ek sien.*; en

verbale instemming.

4.Suggereer : Enige direkte poging om te lei, te oortuig, te inspireer, deur op gesag eerder as logika staat te maak. *Jy weet, Reg?, Sien?* is volgens Bales (1970:121) sterk oorredend.

5.Mening gee : Stellings van morele besware, waardes, oortuiging, beleid, intensie, beginsels. Alle positiewe of negatiewe menings t.o.v. die aangesprokene word egter uitgesluit.

6.Inlig : Neutrale, feitelike inligting, verifieerbaar aan ondervinding en/of waarneming.

7.Inligting vra : Daardie vrae wat 'n eenvoudige feitelike antwoord wil hê.

8. Mening vra : Enige vraag om die mening van die aangesprokene uit te lok, sonder om dit in 'n bepaalde rigting te probeer dwing. Dus enige vrae in die vorm van "hoe voel jy hieroor?"

9.Voorstel vra : Neutrale, taak-georiënteerde handelinge, wat terselfdertyd onderdanig is en die inisiatief aan iemand anders oorgee.

10.Verskil : "Verskil" is altyd 'n reaksie op gedrag. Die negatiewe inhoud het betrekking op dit wat die persoon gesê of gedoen het, en is nie op die persoon self gerig nie. Dit sluit verbasing, ongeloof, skeptisisme en kritiek in.

11.Spanning : Enige teken van emosionele angstigheid, bv. huiwering, sprakeloosheid, bewerigheid, bloos, stameling, verleentheid, beangstheid, vrees, bekommernis, ens.

12.Onvriendelik : Alle handelings wat negatiewe gevoelens teenoor die aangesprokene te kenne gee, bv. handelinge wat aan die ander persoon geen inspraak toeken nie; alle vorms van kritiek, alle pogings om die ander persoon se statuur aan te tas; alle vorms van aggressie, alle pogings om die ander persoon op een of ander manier te domineer of te intimideer; alle pogings om aanvaarbare gesag te ondermyn; alle soorte emosionele onttrekking wat een of ander vorm van verwerping aandui; en alle vorms van a-sosiale gedrag.

Daar is verwag dat nie al die handelingsfunksies vir al drie tipes kommunikasie wat hier ondersoek word, relevant sou wees nie, maar soms is 'n mens verras. Daar is byvoorbeeld gedink dat negatiewe

reaksies glad nie relevant vir die kommunikasie tussen adverteerder en leser/verbruiker sal wees nie, maar daar is tog 'n paar aangeteken, bv.

> *Dis blote nalatigheid om nie Mum te gebruik nie.*
> (intiem: 13/12/1940:7)

Vir die tydskrifartikels was die kategorie "Dramatisering" te omvattend gedefinieer en moes 'n aantal subtipes gedefinieer word. Hulle word volledig gemotiveer en bespreek in hoofstuk 6.

Omdat kommunikatiewe handelinge meerfunksioneel kan wees, word hier ook Bales se prioriteitsreëls (1970:134,135) gevolg, maar met aanpassings waarna later verwys sal word.

'n Deelnemer aan 'n kleingroepsituasie kan op 'n glyskaal in drie dimensies geposisioneer word: opwaarts-afwaarts, t.o.v. 'n dominant/onderdanig-skaal; voorwaarts-terugwaarts, t.o.v. graad van taakoriëntasie, en positief-negatief, t.o.v. samewerking en vriendelikheid. Die subtipes van positiewe en negatiewe reaksies word in terme van hierdie dimensies omskryf. Preisler (1986) het nie hierdie fyner onderskeidings gekodeer nie, omdat positiewe en negatiewe reaksies baie min in sy materiaal voorgekom het. Positiewe en negatiewe reaksies kom egter baie frekwent in die verhaaldialoog voor en daarom is die fyner onderskeidings wel relevant vir die verhale. Daar sal later weer in besonderhede daarna verwys word.

Die voorkoms van die twaalf handelingsfunksies in 'n persoon se kommunikasiegedrag kenmerk hom/haar as 'n T- of 'n S-persoon. 'n T-persoon (T=taakgerig), of taakgerigte gedrag, word gekenmerk deur 'n relatief hoë frekwensie taakgerigte kommunikatiewe handelinge, terwyl 'n S-persoon, of S-gedrag (S=sosio-emosioneel), gekenmerk word deur 'n relatief lae telling in taakgerigte kommunikatiewe handelings, en relatief hoë tellings in die ander tipes, veral in positiewe reaksies.

'n Algemene resultaat van groepsinteraksie-analises wat die metode van Bales gevolg het en wat geslag as veranderlike het, is dat mans meer geneig is om kommunikatiewe handelinge te inisieer as vroue, en dat mans relatief hoër tellings in die taakgerigte kategorieë kry as vroue; terwyl vroue op hulle beurt weer relatief hoër tellings kry in al die oorblywende kategorieë, veral in "Positiewe Reaksies" (Lockheed 1976, soos aangehaal in Preisler 1986:56). Vroue is dus meer dikwels S-persone en mans meer dikwels T-persone.

Die spesifieke hipoteses rondom interaksionele rol wat in 3.4 geformuleer word, is in ooreenstemming met hierdie resultaat.

## 3.3 DIE LINGUISTIESE MERKERS VAN TENTATIWITEIT EN STELLIGHEID

Die linguistiese merkers wat algemeen aanvaar word as betrokke by die ekspressie van tentatiwiteit kom uit 'n verskeidenheid bronne. Die meeste is linguistiese vertalings van 'n semantiese kategorie, byvoorbeeld dié wat Lakoff vermeld, asook die studies oor beleefdheid (bv. Brown en Levinson 1978) en ongelyke magsrelasies (Fowler et al. 1979). Nog ander kom uit funksionele sintaktiese beskrywings - vergelyk bv. Ponelis (1979) se beskrywing van sinsvorm, versagters en epistemiese modaliteit.

Preisler (1986:75 e.v.) omskryf hierdie kenmerke in vyf kategorieë: klousstruktuur, modale hulpwerkwoorde, slotvragies, "hedges", wat hy noem leksikale modale vorme, en onvoltooide strukture. Slotvragies word ingesluit onder die vrouetaalstereotipes en sal dus nie weer hier bespreek word nie.

Ponelis (1979) vat al hierdie kenmerke saam onder, wat hy noem, "sinskleur". Volgens hom is sinskleuroperateurs daardie leksiko-sintaktiese middele waarmee die spreker sy/haar houding ten opsigte van die proposisie of ten opsigte van die aangesprokene te kenne gee. Hy verdeel die houdingskaal in "neutraal", "versigtig" (versagtend) en "stellig" (versterkend). Die indeling van sinskleuroperateurs hieronder is 'n samestelling van Ponelis en Preisler s'n.

a) Klousstruktuur:

Sinsvorm

Die ongemerkte sinsvorm vir die handelingsfunksies "Verskaf inligting" en "Gee mening" is die stelsin. In hierdie vorm, soos in (1) en (2) kom alle inisiatief vir die handeling van die spreker. Wanneer die proposisie egter in vraagvorm gestel word, soos in (3) en (4), laat dit ruimte vir 'n inset van die hoorder, en daarom is dit versigtiger.

(1) Jy het jou skoene vergeet.
(2) Dit gaan nie help as jy huil nie.

(3) Is jy nie besig om jou skoene te vergeet nie?
(4) Gaan dit help as jy huil?

Egte retoriese vrae is egter volgens Ponelis (1979:399) versterkend omdat hulle parafraseerbaar is met 'n versterker.

(5) Dit is definitief nie hoe 'n mens dankie sê nie.
(6) Is dit hoe 'n mens dankie sê?

Dit is so dat retoriese vrae 'n sterk mening of standpunt kan uitdruk, maar dit impliseer steeds dat die spreker nie bereid is om die standpunt volledig op hom-/haarself te neem nie. Dit is natuurlik ook moontlik dat addisionele tone van ironie of sarkasme teenwoordig kan wees.

Dieselfde redes vir versigtigheid of versagting geld vir voorstelle en versoeke, d.w.s. "'n Voorstel maak", wat in vraagvorm gedoen word. (8) is dus meer versigtig as (7).

(7) Gee asseblief vir hom nog koffie.
(8) Is daar nog koffie vir hom?

Stelsinne wat 'n voorstel maak, uitgesluit dié met 'n deontiesgebruikte modale hulpwerkwoord, is egter versterkend. Enige kommunikatiewe handeling wat die funksie het om gedrag te suggereer, is gerig daarop om een of ander reaksie by die hoorder te ontlok. Stelsinne soos (9) stel hierdie verwagte reaksie as 'n feitelikheid en sluit daarmee enige moontlike

teëspraak uit. Dit is gevolglik meer stellig as die ongemerkte vorm (10).

(9) Jy bly net hier by die huis!
(10) Bly net hier by die huis!

Enige vorm van versagting, bv. hoër sinne (Ponelis 1979:394), modale hulpwerkwoorde en modale adjunkte, kan egter die versterking ophef.

(11) Jy behoort net hier by die huis te bly.
(12) Dis dalk beter om by die huis te bly.

Bevele wat met 'n stelsinvorm versterk is, is egter skaars en dit het glad nie in die materiaal voorgekom nie. Alle kommunikatiewe handelinge wat as +S gekodeer is, en wat in stelsinvorm of vraagvorm was, was meer tentatief as hulle ongemerkte ekwivalente.

Volgens Preisler (1986:79) onthef stelsinne in die vraagkategorieë die hoorder van 'n reaksie en daarom is hulle meer versigtig as die ongemerkte vorm. Vergelyk in hierdie verband (13) en (14).

(13) Is hy alweer siek? ("Vra inligting")
(14) Hy is alweer siek?

Daar het nie voorbeelde hiervan in die materiaal voorgekom nie.

Bysinne:

Bysinne is volgens Preisler (1986:84) "in virtue of their structural subordination, potential indications that the speaker/s turn consists of more than one ComAct. If therefore a relatively large percentage of a person's T-acts are realized by subclauses and/or other clause elements, this is an indication of pro-active behaviour ... Consequently, a large frequency of subclause/clause-element exponents of T-acts must be regarded also as a linguistic manifestation or a potential effort to control the interaction".

Voorwaarde-, toegewing- en vraagbysinnebysinne merk, volgens Preisler, dikwels tentatiwiteit: "... conditional, concessive and interrogative subclauses, ...frequently enter into constructions chosen for reasons of mitigating or compromise, i.e. as instrument of structural tentativeness."..."Concessive and conditional clauses, furthermore, can be used to soften opinions and facilitate compromise" (1986:86). Die voorbeelde wat hy gee, val saam met die soort verskonende bysinne wat onder die vrouetaalstereotipes gegee is. Hulle word dus nie verder hier bespreek nie.

b) Modaliteit en modale konstruksies

Ponelis (1979:248) onderskei tussen die epistemiese en die deontiese gebruik van modale hulpwerkwoorde as volg: "Die epistemiese modale hulpwerkwoorde het te doen veral met die spreker se onderneming ten opsigte van die stelligheid van 'n proposie is, terwyl die deontiese modale hulpwerkwoorde nie

betrekking het op die proposisie wat deur 'n sin vergestalt word nie, maar op die gebeure, handeling of toestand wat daardeur uitgebeeld word."

Alhoewel dit nie eksplisiet so vermeld word nie, moet 'n mens uit die voorbeelde aflei dat durf en wil nie epistemies gebruik kan word nie.

Ponelis se definisies is nie sonder probleme nie. Hy noem epistemiese modaliteit "spreker- en proposisiebetrokke" (1979:250), maar in dieselfde paragraaf sê hy dat die deontiese sal in Ons sal dit nie langer sluk nie. onderwerpvoorneme (in hierdie geval dieselfde as sprekervoorneme) uitdruk. Na my mening druk die modale hulpwerkwoord in (15) en (16) net soveel sprekerhouding ten opsigte van die proposisie uit as sy voorbeelde van epistemies-gebruikte modale hulpwerkwoorde.

(15) Jy behoort meer geld vir die kerk te gee.
(16) Julle moet nou gaan bad.

Wat Ponelis ook nie duidelik stel nie, maar wat duidelik uit die materiaal geblyk het, is dat die epistemiese en deontiese gebruike eindpunte op 'n skaal verteenwoordig. Sekere gebruike is sonder twyfel epistemies of deonties, maar daartussen is 'n grys gebied waar dit baie moeilik is om uitsluitsel te gee.

Preisler (1986:92) definieer deontiese modaliteit as daardie sintakties-semantiese kategorie wat die spreker se houding ten opsigte van die verkieslikheid van die proposisie oordra, terwyl die spreker deur middel van epistemiese modaliteit die waarskynlikheidswaarde van die proposisie beoordeel. Preisler maak wel deeglik voorsiening vir 'n kontinuum van epistemiese en deontiese waardes. Alle spreker-eksterne modaliteite (Vergelyk in hierdie verband die terme "Ability" en "Root possibility" van Coates[1983]) stem ooreen met wat hy die nie-modale gebruik van modale hulpwerkwoorde noem, bv.

(17) Sy kan vyftig lengtes swem.

Dit sal die "suiwer toekomsverwysende" gebruik van sal en wil waarna Ponelis (1979:252) verwys en waarvan (15) 'n voorbeeld is, insluit.

(18) Die vertoning sal om agtuur begin.

Preisler plaas vervolgens epistemiese en deontiese modaliteit op 'n skaal met tentatief en stellig as die pole.

Skaal van epistemiese modaliteit

| | | |
|---|---|---|
| Stellig | Dit is sy kantoor | Feit |
| | Dit sal sy kantoor wees. | Noodsaaklikheid |
| | Dit moet sy kantoor wees. | |
| | Dit behoort sy kantoor te wees. | |
| | Dit kan sy kantoor wees. | Waarskynlikheid |

| | | |
|---|---|---|
| | Dit mag sy kantoor wees. | Moontlikheid |
| Tentatief | Dit kon sy kantoor gewees het. | Hipoteties |

Skaal van deontiese modaliteit

| | | |
|---|---|---|
| Stellig | Gaan bad onmiddellik! | Bevel |
| | Julle moet onmiddellik gaan bad. | Sterk voorkeur |
| | Julle mag gaan bad. | Matige voorkeur |
| Tentatief | Julle kan gaan bad. | Geen voorkeur |

Epistemiese modaliteit word gebruik om die spreker se onsekerheid ten opsigte van die feitelikheid van die proposisie uit te druk en daarom word dit, veral in die taakgerigte handelingsfunksies "Verskaf inligting", "Suggereer gedrag" en "Gee 'n mening" as linguistiese merkers van tentatiwiteit beskou. Sowel Preisler as Ponelis beskou die preteritumvorme as meer tentatief/versigtiger as die presensvorme. Deontiese modaliteit aan die ander kant druk relatiewe stelligheid uit: die spreker is bereid om sy/haar voorkeur te kenne te gee.

c) Hoër sinne

Bevele/versoeke, stellings en vrae kan meer tentatief of meer stellig gemaak word deur hulle in 'n hoër sin in te lyf (Ponelis 1979:394). Preisler noem hierdie soort strukture "clause-external lexical modality" (1986:109 e.v.) en hy onderskei tussen epistemiese en deontiese gebruike.

Versagting (meer tentatief/versigtig)

(19) Sal jy so gaaf wees om vir my hierdie brief te pos?
(20) Ek is bevrees ek kan jou nie help nie.
(21) Kan jy dalk vir my sê waar die poskantoor is?

Versterking (stelliger)

(22) Ek verseker jou ek kan jou nie help nie.

d) Kleuradjunkte

Kleuradjunkte is 'n verdere middel om versigtigheid of stelligheid ten opsigte van proposisionele inhoud te merk. Preisler gebruik hiervoor die term "clause-internal lexical modality" (1986:113 e.v.)

Ponelis (1979:294-307) onderskei verskillende tipes wat hy breedvoerig bespreek. Hulle word hier net kortliks opgesom.

Versterkers: bv. bepaald, beslis, definitief, eerlik, gewis, ongetwyfeld, onteenseglik, regtig, sekerlik, waarlik, voorwaar, werklik.

Versagters:

Moontlikheidsversagters:
bv. altemit, blykbaar, miskien, moontlik, seker, skynbaar, vermoedelik, waarskynlik.

Versagters sonder-meer:
bv. darem, sommer, maar, net.

Kwalifiseerders:

Beperkingskwalifiseerders:
bv. by benadering, hoofsaaklik, in 'n mate, soort van.

Kontraskwalifiseerders:
bv. basies, eintlik, inderwaarheid, primêr, prakties, streng gesproke, op die oog af, oppervlakkig, in feite.

"Ou nuus"-kwalifiseerders:
bv. immers, mos, natuurlik, tog, dan, duidelik, klaarblyklik, onmiskenbaar, opmerklik.

Die voorbehoudsgroep:
voorsetselgroepe met afgesien van, behalwe en voorwaardebysinne.

Die "ander bron"-groep:
bv. dan, glo, kastig, na berig word, na bewering, volgens, luidens.

Wat Preisler "hedges" noem (1986:105), vorm vir Afrikaans deel van hierdie versagtersisteem.

Alle kleuroperateurs met 'n versagtende funksie kan beskou word as merkers van linguistiese tentatiwiteit, terwyl alle kleuroperateurs met 'n versterkende funksie beskou kan word as merkers van linguistiese stelligheid.

Onder onvoltooide strukture sluit Preisler (1986:114 e.v.) ellips, self-onderbrekings, onderbrekings, foute by die wegspring ("false starts") en versandings ("tailing off") in. Hierdie soort strukture is in die tydskrifmateriaal hoofsaaklik beperk tot die verhaaldialoog, alhoewel elliptiese strukture ook in die advertensies voorkom. (Voorbeelde word in die betrokke hoofstukke gegee.) Elliptiese stukture is volgens Preisler tentatiwiteitmerkers wanneer hulle frekwent in taakgerigte handelingsfunksies voorkom, omdat hulle beperkte bydraes tot 'n onderwerp wat alreeds geïnisieer is, kan aandui. Die tentatiwiteitswaarde van die ander onvoltooide strukture spreek vanself. Selfonderbrekings, foute by die wegspring en versandings is vir die verhaaldialoog saamgevat as gevalle van "aarsel". Onderbrekings is apart beskou.

Die studies met vrouetaal as uitgangspunt, soos dié van Preisler, fokus normaalweg op die merkers van tentatiwiteit. Studies wat taal as 'n

magsinstrument beskou, fokus op hulle beurt weer op die merkers van beheer en stelligheid. Fowler et al. (1979) bespreek in hierdie verband 'n aantal potensiële merkers van beheer en/of stelligheid wat aansluit by Halliday se gespreksfunksies asook by die taalhandelingsteorie.

a) Die grammatika van oorganklikheid: Dit behels die antwoorde op vrae soos

> Affekteer die handeling meer as een entititeit?
> Word 'n nuwe entiteit geproduseer?
> Is die handeling refleksief of nie?
> Wie inisieer die handeling?
> Watter tipe handeling is ter sprake? (1979:198 e.v.)

b) Die grammatika van modaliteit:

> Word daar binne benoemingskonvensies gebly of word daarvan afgewyk? Word die hoorder bv. op haar voornaam of as "mevrou" aangespreek?
>
> Volgens hulle het die weglating van ek 'n onpersoonlike veralgemenende toon tot gevolg. Ek dui selfgesentreerdheid aan.
>
> Met die gebruik van die inklusiewe ons "the source claims to speak of and for himself and on behalf of someone other than himself" (Fowler et al. 1979:203).
>
> Oor die gebruik van jy sê hulle die volgende: "it's occurrence, and its frequency of occurrence, are measures of the speaker's consciousness of, care for, or, most often, desire to manipulate, the addressee" (Fowler et. al. 1979:203).

c) Tyd as distansiërende operateur.

Volgens Fowler et al. is die teenwoordige tyd nie neutraal ten opsigte van modaliteit nie: "it is one term among others in this system, if anything a particularly powerful term which signals certainty, unquestionableness, continuity, universality. Temporal distance nearly always conveys modal distance" (1979:204).

d) Nominalisasie en die passief.

Nominalisasies en die passiewe konstruksie merk volgens Fowler et al. onpersoonlikheid. Dit is tegnieke waarmee deelnemers aan 'n handeling, modaliteit en tyd op die agtergrond geskuif kan word.

Sowel Preisler (1986) as Fowler et al. (1979) stel dit baie pertinent dat die linguistiese merkers van tentatiwiteit en stelligheid nie noodwendig hierdie funksies het nie. "Although the use of such linguistic forms is the typical way of indicating, e.g. politeness, they do not invariably indicate any particular frame of mind of attitude such as politeness". (Preisler 1986:76) Om hierdie linguistiese merkers dus as tekens van onsekerheid of stelligheid te interpreteer, moet hulle gekoppel word aan patrone van

interaksionele gedrag, wat onafhanklik is van linguistiese kriteria. Die aanname is dat hierdie linguistiese merkers van onsekerheid moet saamval met 'n S-rol om onsekerheid te sinjaleer.

"Conversely, if particular linguistic tentativeness signals are characteristic of T-persons as opposed to S-persons, it does not make sense to interpret them as indications of pragmatic tentativeness. It is logical instead to regard them as expressive of a deliberative style which - far from contradicting the assertive profile of such interactants - is one aspect of its linguistic manifestation." (Preisler 1986:76)

Preisler (1986:76) maak in hierdie verband die aanname dat leksikale onsekerheidseine d.w.s. kleuradjunkte en hoërsinversagters makliker vir T-gedrag gebruik word as strukturele onsekerheidseine, d.w.s. gemerkte klousstrukture en die epistemies-gebruikte modale hulpwerkwoorde.

Die spesifieke hipoteses wat hierna in 3.4 vir die linguistiese merkers van tentatiwiteit geformuleer word, is saamgestel uit die hipoteses wat die beste resultate in Preisler se studie gegee het en wat vir geskrewe materiaal ter sake sou wees. Leksikale modaliteit is egter hanteer op die manier waarop Ponelis dit doen. Preisler maak byvoorbeeld nie in sy hipoteseformulering 'n onderskeid tussen versagters en versterkers nie; gevolglik sien hy 'n belangrike verskil oor die hoof. Die linguistiese merkers van beheer wat deur Fowler et. al bespreek word, word as 'n tweede groep kontrole-hipoteses geformuleer.

## 3.4 SPESIFIEKE HIPOTESES

Dit is uiters belangrik om hier in gedagte te hou dat nie al die hipoteses wat gegee word, op al drie tipes kommunikasie wat ondersoek gaan word van toepassing is nie, en hulle sal ook nie in al drie kommunikasietipes in hierdie vorm van toepassing wees nie. In sowel die geval van artikels as advertensies is daar byvoorbeeld nie sprake van "vrouetaal" wat met "manstaal" vergelyk word nie, soos wat die geformuleerde hipoteses stel nie. Spesifieke hipoteses vir hierdie kommunikasietipes word in terme van groter of kleiner wordende "vroulikheid" en/of tentatiwiteit geformuleer. In elke verdere hoofstuk is daar 'n gedetailleerde uiteensetting van die spesifieke hipoteses vir daardie besondere kommunikasietipe en hulle aansluiting by die betrokke algemene hipoteses.

Spesifieke hipoteses:

a) Vrouetaalstereotipes

Hierdie hipoteses het betrekking op die veranderlikes wat tiperend is van die vroulike register. Die hipotese as stereotipe word in hakies gegee:

* Die gemiddelde aantal woorde by vroue is meer as by mans. (Vroue praat meer as mans.)

* Die gemiddelde aantal werkwoorde per sin, die gemiddelde aantal woorde per sin, en die verhouding unieke woorde: woordtotaal is groter by mans as by vroue. ( Vroue praat

in korter, eenvoudiger sinne en hulle gebruik 'n kleiner variasie van woorde as mans.)

* Gaaf/lieflik/fantasties/oulik/dierbaar/wonderlik en so/vreeslik kom meer frekwent by vroue voor as by mans. (Sekere tipiese adjektiewe en "semanties leë" intensiveerders word meer frekwent gebruik deur vroue as deur mans.)

* Slotvragies kom meer frekwent by vroue voor as by mans. (Vroue gebruik meer slotvragies as mans.)

* Vroue gebruik meer verkleinwoorde as mans. In hierdie geval is slegs verkleinwoorde in ag geneem wat in die konteks ook onverklein kon voorkom.

* Retoriese vrae kom meer frekwent by vroue voor as by mans. (Vroue stel meer stellings in die vorm van vrae as mans.)

* Gekwalifiseerde stellings kom meer frekwent by vroue voor as by mans. (Vroue is meer geneig om stellings te kwalifiseer as mans.)

b) Tentatiwiteit versus beheer of stelligheid

Hierdie spesifieke hipoteses bestaan uit twee groepe. Die eerste groep sluit baie nou aan by daardie hipoteses wat Preisler (1986) vir groepinteraksie geformuleer het. Omdat die kodering in handelingsfunksies egter dikwels problematies was, is besluit om die eerste stel hipoteses te kontroleer met 'n aantal hipoteses wat, wanneer hulle positief toets, 'n aanduiding is van beheer of mag in die kommunikasiesituasie, of die gebrek daaraan. (Sien die bespreking van Fowler et al. [1979] hierbo.) In die geval van ooreenstemmende hipoteses, het groep 1 voorkeur gekry.

Indien die linguistiese kenmerke wat in die hipoteses opgeneem is inderdaad merkers van tentatiwiteit of stelligheid is, en die kodering akkuraat is, moet die resultate van die twee stelle hipoteses mekaar ondersteun.

*Die kodes vir die IPA-kategorieë is as volg:*

*+D = dramatiseer, +V = vriendelik (+VO = onderdanig vriendelik, +VB = kontrolerend vriendelik), +J = instem, +S = suggereer gedrag, +I = lig in, +M = spreek 'n mening uit, +VS = vra vir 'n voorstel, +VI = vra inligting, +VM = vra mening, +SP = gee spanning te kenne, +OV = onvriendelik (+OVO = onderdanig onvriendelik, +OVB = kontrolerend onvriendelik), +N = verskil.*

GROEP 1

| Kommunikatiewe handelinge en IPA-kategorieë |
|---|

* Positiewe reaksies, dit is +D,+V en +J (ook genoem S-

gedrag) kom meer frekwent voor by vroue as by mans.

* **Die sterk taakgerigte handelingsfunksies: +M ("Gee mening", +I ("Verskaf inligting") en +S ("Suggereer gedrag") kom meer frekwent voor by mans as by vroue.**

Vroue is dus meer frekwent in 'n S-rol, terwyl mans meer frekwent in 'n T-rol is.

* **+VS, +VI en +VM kom meer frekwent by vroue voor as by mans.**
  S-rol word deur alle navorsers met relatief hoë tellings vir "Positiewe" en "Negatiewe Reaksies" geassosieer. Preisler wys egter daarop dat daar nie eenstemmigheid is oor die relasie tussen "Vrae" en rol nie (Preisler 1986:74, voetnoot 20). Daar wil met hierdie hipotese nagegaan word wat die relasie tussen "Vrae" en rol in die vrouetydskrifte is.

| Realisasie van kommunikatiewe handelinge |
|---|

* **Werkwoordlose uitings kom meer frekwent by vroue voor as by mans.**

* **In positiewe en negatiewe reaksies is mans meer kontrolerend as vroue; vroue is meer onderdanig as mans.**

* **Naamwoordsinne en beperkende relatiewe bysinne in +S, +I en +M kom meer frekwent voor by mans as by vroue.**

* **Vraagsinne in +I en +M kom meer frekwent by vroue voor as by mans.**

* **Stel- en vraagsinne in +S kom meer frekwent by vroue voor as by mans.**

  Dit was in hierdie verband ook interessant om te kyk hoe frekwent gebruik die geslagte <u>weet</u> en <u>onthou</u> in +S.

* **Voorwaarde-bysinne en voorbehoudadjunkte kom meer frekwent by vroue voor as by mans.**
  Hierdie hipotese het betrekking op versagters in die "voorbehoudgroep"(Ponelis 1979:305).

| Modaliteit in die werkwoord |
|---|

* **Die gebruik van modale hulpwerkwoorde kom meer frekwent voor by vroue as by mans.**
  Hierdie hipotese vorm dikwels deel van die vrouetaalstereotipes, maar dit is nog nooit behoorlik gesubstansieer met empiriese gegewens nie. Preisler (1986) het dit gedoen en het 'n beduidende resultaat gekry vir klerke en hande-arbeiders.

* **Deonties-gebruikte modale hulpwerkwoorde kom meer**

frekwent by mans voor as by vroue.

* Epistemies-gebruikte modale hulpwerkwoorde kom meer frekwent voor by vroue as by mans.

* Modale hulpwerkwoorde in +I, +M en +S, d.i. die taakgerigte handelinge, kom meer frekwent by vroue voor as by mans.

Dié hipotese is 'n natuurlike uitvloeisel van die voorafgaandes. Daar word aangeneem dat vroue se gebruik van modale hulpwerkwoorde veral pertinent sal wees in die taakgerigte handelinge as "potential instruments of dominance and control, by way of mitigation" (Preisler 1986:161).

Modaliteit in die adjunk

* Vroue gebruik meer versagters as mans.

* Mans gebruik meer versterkers as vroue.

* Vroue gebruik meer frekwent kleuradjunkte saam met 'n modale hulpwerkwoord as mans. (Saamgestelde modaliteit is meer tentatief as enkelvoudige modaliteit.)

GROEP 2:

* Vroue gee minder direkte bevele as mans. (Hoe direkter die bevel, hoe ongelyker die magsverhouding. 'n Bevel is 'n manipulasie van 'n hoorder.)

* Vroue gebruik minder frekwent deontiese modale hulpwerkwoorde saam met ek as onderwerp: ek kan/wil/sal. (Hierdie onderwerp-modale verbinding dui sterk sprekervoorneme aan en merk selfversekerdheid.)

* Vroue gebruik moet/moenie/moes minder frekwent as mans. (Sowel die deontiese as die epistemiese gebruik van hierdie modale hulpwerkwoord het 'n sterk noodsaaklikheidswaarde waaraan slegs 'n selfversekerde spreker hom of haar kan verbind.)

* Gaan as medewerkwoord in stellings en nie gekwalifiseer deur 'n ander modale werkwoord nie word minder frekwent deur vroue gebruik as mans. (Gaan word in hierdie funksie gebruik om sterk voorspellings oor 'n toekomstige toestand of handeling te maak).

Daar het so min voorbeelde van hierdie veranderlike voorgekom dat dit laat vaar moes word.

* Ek en ons/'n mens as onderwerp word minder frekwent deur vroue gebruik as mans. (Ek as onderwerp dui op 'n selfgesentreerdheid, terwyl die spreker deur die gebruik van die inklusiewe ons en 'n mens daarop aanspraak maak

dat hy of sy namens die hoorder kan praat.)

* Is en het as hoofwerkwoorde word minder frekwent deur vroue gebruik as mans. (Beide hierdie werkwoorde druk die spreker se selfversekerde verbintenis aan sy of haar evaluasie uit: "dit is hoe ek dit sien".)

* Temporele afstand soos aangedui deur die hulpwerkwoord het, was, en die verledetydsvorme van die modale, kom meer frekwent voor by vroue as by mans.(Teenwoordige tyd is 'n kragtige sinjaal van selfversekerdheid, universaliteit, en algemene sekerheid. Temporele afstand merk feitlik altyd modale afstand.[Fowler et al. 1979:201])

Dit is ook die geval met die volgende veranderlike. Hoe groter die magsverskil tussen deelnemers, hoe groter die afstand wat geskep word deur die persoon in die mindere magsposisie en hoe groter ook die indirektheid van taalhandelinge.

* Werkwoorde wat afstand skep, bv. dink, voel, wens, probeer, verstaan, meen, verwag, vermoed in hoër sinne word meer frekwent deur vroue gebruik as deur mans.

  In die geval van die vertellerteks dui die werkwoorde met een van die hoofkarakters as onderwerp, asook die attribute wat aan die hoofkarakters toegeskryf word, in baie gevalle aan wie in beheer van die gesprek of situasie is.

* Die meerderheid werkwoorde met spreker of hoorder as onderwerp is in die geval van vroue [-beheer]. Die teenoorgestelde geld vir mans.

  Hierdie hipotese is slegs vir die verhale getoets. Om dit te kon toets, moes 'n spesiale verdere kodering ingevoer word. Dit word in hoofstuk 5 uiteengesit.

* Vroue aarsel meer as mans.

* Vroue word meer dikwels in die rede geval as mans.

## 3.5 SPESIFIEKE METODES

Aangesien die spesifieke metodes met betrekking tot materiaalversameling, kodering en die verwerking van resultate nie vir al drie die kommunikasietipes presies dieselfde is nie, word die besonderhede in die betrokke hoofstukke bespreek. Hier word net kortliks na metodologiese aspekte verwys wat die drie tipes in gemeen het.

### 3.5.1 Materiaalversameling

Daar is reeds gesê dat die besonderhede van die materiaalversameling vir elke kommunikasietipe in die betrokke hoofstukke bespreek sal word. Vir die artikels en die verhale het die materiaalversameling 'n

ewekansige steekproef behels, en vir die advertensies 'n gestratifiseerde steekproef. Die steekproef vir die artikels is uit tienjaartydperke geneem, terwyl die steekproewe vir die ander twee kommunikasietipes uit twintigjaartydperke geneem is. Vir sowel die advertensies as die verhale is daar besluit dat twintigjaartydperke voldoende is om 'n beduidende resultaat te kry. Die resultate het dit oor die algemeen bevestig.

Omdat dit uit die werk wat vir hoofstuk 4 gedoen is, geblyk het dat Die Boerevrou min verander het oor die 12 jaar van sy bestaan, in elk geval in dié opsigte wat vir hierdie studie relevant is, is daar besluit om 1919-1931 as 'n enkele tydperk te beskou.

Die materiaal is op rekenaar ingetik en daarna per kommunikasie-eenheid gekodeer vir Bales se IPA-kategorieë, asook vir 'n aantal sintaktiese funksies.

### 3.5.2 Kodering

Een van die kernprobleme in verband met die kodering vir kommunikatiewe handelingsfunksies is die feit dat dit soveel staatmaak op die navorser se subjektiewe oordeel. Dit is ook hiervoor gekritiseer deur Labov en Fanshel (1977). Preisler (1986:62-65) het dit oorkom deur uitgebreide definisies en, wat genoem word, "interscorer agreement tests". Die navorsers se analises was verstommend eenders. In hierdie geval is daar net een navorser. Daar is egter voortdurend boek gehou van problematiese gevalle. Na afloop van kodering is gelekteerde seksies gekontroleer vir konsekwente kodering. Kodering is ook doelbewus nie chronologies gedoen nie. Die eensydige aard van die kommunikasie en die feit dat binne tipe gebly is, het ook kodering vergemaklik. Advertensietaal het byvoorbeeld 'n veel kleiner repertoire van uitingstrukture as die informele groepsgesprek, wat die variansie in oordeel verder verminder.

Aan die ander kant is die interaksie in die verhale in vergelyking met gestruktureerde groepsinteraksie van die tipe wat Bales (1970) en Preisler (1986) beskryf, en in vergelyking met die advertensies en die artikels, geweldig gevarieerd. Dit bevat groot hoeveelhede tipiese spreektaaluitings, waarvan die semantiese inhoud en gevolglik ook die handelingsfunksie soms baie moeilik is om vas te pen.

Die spesifieke probleme wat vir elke kommunikasietipe ondervind is, en die aanpassings wat gemaak moes word, word in besonderhede in die betrokke hoofstukke bespreek.

Naas die kodering volgens die IPA-sisteem, is 'n aantal addisionele kodes ook in die tekste aangebring om analise te vergemaklik. Die kodes is weer eens vir 'n bepaalde kommunikasietipe uitgewerk en daarom word hulle nie hier bespreek nie.

### 3.5.3 Verwerking

Die gekodeerde materiaal is hierna in die teksverwerkingsprogram Wordcruncher gevoer. Die onderskeie lêers is gekoppel met 'n "Link file" om vergelyking te fasiliteer. Soektogte is na aanleiding van die geformuleerde hipoteses uitgevoer en gekwantifiseer. (Die Wordcruncher-

program hanteer alle morfologies-verwante woorde as nuwe woorde. Aangesien dit egter in al die lêers gebeur, is daar besluit dat dit nie die algemene resultaat sal beïnvloed nie.)

Die program ken aan alle voorbeelde uit die materiaal 'n voorafgespesifiseerde verwysingskode toe. Vir elke kommunikasietipe lyk hulle as volg:

Die verhale: Voorbeeld: *verhm5/26/p55:3*

> *Verhm/verhv/verhn* staan onderskeidelik vir "verhale - manlike karakter", "verhale - vroulike karakter" en "verhale - verteller". Die eerste twee groepe syfers verwys na die verskyningsdatum van die betrokke tydskrif. Die Boerevrou was 'n maandblad; daarom is daar net twee syfers; vir die ander tydskrifte is daar drie. *P55* verwys na die bladsynommer en *:3* verwys na die sinsnommer binne die betrokke paragraaf.

Die artikels: Voorbeeld: *h/s/l/5/4/81/p24:2*

> *H/s/l* verwys na die artikeltipe. Vyf tipes is onderskei: huwelik/seks/liefde (h/s/l), mense/plekke/dinge (m/p/d), vroue (vroue), vrou en haar wêreld (vrwrld) en kinders (kinders). In die volgende hoofstuk word beskryf wat elkeen behels. Die res van die verwysing is dieselfde as vir die verhale.

Die advertensies: Voorbeeld: *skoonheid 4/3/81:23*

> *Skoonheid* verwys na advertensietipe. Sewe tipes is onderskei: klere, onderklere, skoonheid, intiem, tande, verslank en baba. Die bladsynommer word nie in alle gevalle gegee nie, omdat sommiges met fotostatering verlore geraak het. *:23* verwys in hierdie geval nie na sinsnommer nie, maar na kommunikatiewe handeling, d.w.s. die drie en twintigste kommunikatiewe handeling van hierdie advertensie.

Wanneer daar onderstreping in die voorbeelde voorkom, is dit myne.

Die resultate wat deur die woordverwerkingsprogram verskaf word, lyk so:

| **Verslag vir:** | (Hier word die besonderhede van die veranderlike gegee.) | | | |
|---|---|---|---|---|
| Totale aantal woorde in soektog: | | | | bv. 2 |
| Totale aantal verwysings: | | | | bv. 44 |
| | Frekwensie | | Persentasies | |
| Jaargang en/of tipe | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| Boerevrou | 4 | 9% | 22% | -13% |
| Die Huisgenoot 1940 | 8 | 18% | 27% | -9% |
| Sarie 1960/61 | 11 | 25% | 29% | -4% |
| Sarie 1980/81 | 21 | 48% | 22% | 26% |

Die tabelle moet as volg geïnterpreteer word: Die "totale aantal woorde" verwys na die woorde wat betrokke was in die soektog, bv. so en vreeslik vir die "leë" intensiewe. Slegs die woorde wat wel in die materiaal voorgekom het, word hier gegee. Alle versagters word bv. in die materiaal gesoek, maar net dié wat in die materiaal gevind is, kom in die verslag. "Totale aantal verwysings" gee die aantal kere wat die veranderlikes in die materiaal voorgekom het. Hierna volg 'n uiteensetting van die verspreiding van die veranderlikes. Die eerste kolom gee die aantal kere wat die veranderlikes in elke tydperk voorgekom het. Die tweede kolom druk hierdie aantal as 'n persentasie van die totale aantal verwysings uit. Die derde kolom druk die relatiewe grootte van die verskillende jaargange of tipes as 'n persentasie van die grootte van die totale lêer uit. As die veranderlike dus ewekansig versprei was in die lêer, is dit die persentasie verwysings wat 'n mens sou verwag. Die laaste kolom is die verskil tussen die werklike persentasie van die aantal verwysings en die persentasie wat verwag kon word as die verspreiding ewekansig sou wees. Dus, as die getal 0% is, beteken dit dat presies soveel verwysings gevind is as in die geval van 'n ewekansige verspreiding. As die syfer positief is, beteken dit dat meer verwysings gevind is as wat verwag sou kon word in die geval van 'n ewekansige verspreiding; as die syfer negatief is, is minder verwysings gevind as wat verwag sou kon word. As tyd dus nie 'n faktor in die gedrag van 'n veranderlike was nie, behoort die syfers in die laaste kolom almal 0 of relatief na aan 0 te wees. Met "na aan 0" word bedoel ongeveer tussen -4% en +4%.

Wordcruncher verskaf ook vir elke woord wat in die lêer voorkom sy gestandaardiseerde telling, of sy Z-telling. Dit word as volg bereken: Z-telling = (aantal kere voorgekom) - (gemiddelde woordfrekwensie) / (standaardafwyking van frekwensies). As 'n woord bv. 'n Z-telling van 0.5 het, beteken dit dat 69% van alle woorde in die lêer net so veel of minder kere voorkom. Z-tellings sal gegee en bespreek word wanneer hulle relevant is.

Die chi-kwadraattoets is gebruik om vir elke resultaat vas te stel of die verloop van tyd wel 'n beduidende faktor vir die gedrag van die betrokke veranderlike(s) is. Tendense word egter uit die syfers in die laaste kolom afgelei. Die syfers in die voorbeeld dui byvoorbeeld op 'n toename in die veranderlikes met die verloop van tyd.

In sommige gevalle sal daar ook na variansie verwys word. Daarmee word die verspreiding van die veranderlike binne die betrokke jaargang of tipe bedoel. Wanneer die afwyking van die verwagte persentasie groter as 10 is, word die variansie "groot" genoem. Subtipes, bv. spesifieke of artikels binne 'n jaargang wat groot variansie vertoon, word uitskieters genoem.

## HOOFSTUK 4: DIE VERANDERLIKE KONSTANTES VAN DIE AFRIKAANSE VROUETYDSKRIF


4.1 INLEIDING . . . . . p. 92

4.2 DIE S.A. VROUETYDSKRIFPROFIEL EN LESERSPATRONE . . . . p. 94

4.3 DOELSTELLINGS EN REDAKTEURSBELEID: IDEALISME VS. MATERIALISME . . . . . p. 97

4.4 DIE VERANDERLIKE KONSTANTES . . . . . p. 102

4.4.1 Die voorblaaie . . . . . p. 102

4.4.2 Die teks . . . . . p. 102

4.4.2.1 Verhale p. 102

4.4.2.2 Huis, handwerk, kos, skoonheid en modes p. 103

4.4.2.3 Kinderopvoeding p. 104

4.4.2.4 Rubrieke p. 104

4.4.2.5 Artikels ("features") p. 105

4.5 SLOT . . . . . p. 110

*"Giving the public what it wants, has come to mean providing fiction that requires the least effort to read and will set the reader up with a comfortable state of mind."*

(Leavis, 1979:27)

## 4.1 INLEIDING

'n Vroulike leserspubliek met belangstellings en behoeftes wat eie aan die vrou is, maar wat terselfdertyd breedweg as "die vrou" beskryf kan word, is so oud soos die verbruikerstydskrif self. Die eerste Afrikaanse vrouetydskrif, Die Boerevrou, verskyn in dieselfde dekade as die eerste Afrikaanse verbruikerstydskrifte, Die Brandwag (1910) en Die Huisgenoot (1916). Daar is geen ekwivalent vir mans nie; tydskrifte vir mans is gerig op spesifieke belangstellings of stokperdjies, bv. hengel (Hengel/Angling) of kaal meisies (Stag).

Vrouetydskrifte fokus nie net op die belangstellings wat vroue in gemeen het, bv. kosmaak, handwerk, kinderopvoeding, modes en skoonheid, nie, maar staan groot ruimte aan die kuns van vrouwees af. Hoekom? Hoekom wil vroue lees oor "25 maniere om 'n man gelukkig te maak" (Sarie, jg. 32, nr. 4)?

Een siening is dié van Ferguson (1983:2): "This difference in audience approaches seems to rest on an implicit assumption shared between editors and publishers that a female sex which is at best unconfident, and at worst incompetent, 'needs' or 'wants' to be instructed, rehearsed or brought up to date on the arts and skills of femininity, while a more powerful and confident male sex already 'knows' everything there is to know about the business of being masculine".

Haar siening word ondersteun deur die ander onderskeidende kenmerk van vrouetydskrifte, naamlik hulle normatiwiteit, wat nie net beperk is tot kook- en naaldwerk en voorbehoeding-instruksies nie, maar elke aspek van vrouwees raak: hoe moet 'n vrou dink en doen met betrekking tot haarself, haar man, haar kinders, haar minnaar, haar werkgewer, haar vriende, haar werknemers? Marjorie Ferguson noem dit "the cult of femininity", waarvan die vrouetydskrifte die bybels is. "Women is the totem, Man is the goal" (Ferguson 1983:5).

Natuurlik figureer die verskillende aspekte van vroulikheid nie in alle tye ewe sterk nie, bv. die vrou as minnares en werkgewer is vir die Afrikaanse vrouetydskrif onlangse rolle, en die man as einddoel verskyn nie deurgaans in dieselfde vorm nie. Vandag word die imperatief verdoesel deur 'n losse styl en die intieme toon van die vriendin.

Omdat vrouetydskrifte probeer om "die totale vrou" te omvat, projekteer die tydskrif self 'n vrouepersoonlikheid, wat die refleksie is van 'n kompleks van faktore:

i) Die redaksionele inhoud van 'n tydskrif is volgens alle getuienis en soos aangetoon sal word, grootliks 'n weerspieëling van die redakteur se persoonlikheid en beskouing van leserbehoeftes. Ferguson (1983:159) vertel hoe 'n redaktrise haar eenkeer aangesê het: "Get that fat actor, what's his name, for that fashion feature - fat men turn me on". 'n Redakteur

wat sy/haar sout werd is, keur elke sinnetjie wat in 'n uitgawe gaan persoonlik goed, is 'n uitspraak wat algemeen teëgekom word.

ii) Die tydskrifpersoonlikheid is op een of ander wyse 'n spieëlbeeld van haar tyd en haar lesersprofiel, sodat die veranderde gesig van die Afrikaanse vrouetydskif dus 'n weergawe is van die veranderde voorkoms, lewenstyl en lewensuitkyk van die Afrikaanse vrou in die twintigste eeu.

iii) Die Suid-Afrikaanse vrouetydskrifpersoonlikheid is sedert die veertigerjare net nog 'n produk, soos 'n mikrogolfoond, wat inspeel op die aanvraag soos deur Ferguson aangedui. Die stelling word dikwels deur feministe gemaak dat die vrouetydskrif die "ideale vrou" verkoop en dat sy geen ekwivalent in vlees en bloed het nie. Hoe mooier, interessanter, suksesvoller en verleideliker die produk voorgestel word, hoe beter uiteraard verkoop dit. Die vrouetydskrif is ook al dikwels in feministiese lektuur die skuld gegee vir die sogenaamde "superwoman"-sindroom.

Hierdie hoofstuk wil eerstens die Afrikaanse vrouetydskrif binne die Suid-Afrikaanse tydskrifwese plaas en dan aan die hand van twee Afrikaanse vrouetydskrifte, Die Boerevrou en Sarie (Marais), die doelstellings en redakteursbeleid oor die jare volg, dit vergelyk met Sarie se Engelse eweknie, Fair Lady, en die samehang met die veranderende gesig van die vrouepersoonlikheid oor die jare aandui.

Die Boerevrou is gekies omdat dit die eerste Afrikaanse vrouetydskrif is en Sarie (Marais) (voortaan slegs Sarie) omdat dit volgens my oor die jare die belangrikste Afrikaanse vrouetydskrif was, en steeds is, en omdat dit aanvanklik sterk met Die Boerevrou geïdentifiseer het. In die heel eerste uitgawe van Sarie van 6 Julie 1949 (p. 30) lees die inleiding tot 'n artikel oor Mabel Malherbe, die eienares en redaktrise van Die Boerevrou as volg: " Waar Die Boerevrou in die verlede 'n groot en edel doel nagestreef het en ongelukkig moes ophou om te verskyn, wil Sarie Marais sy voorganger se oogmerk sy eie maak en opnuut probeer voorsien in die behoeftes van die vrou van Suid-Afrika."

Fair Lady is Nasionale Tydskrifte se Engelse ekwivalent van Sarie en verskyn vir die eerste keer in 1965.

Die Boerevrou het nie so 'n vaste inhoudresep gehad soos die latere vrouetydskrifte nie. Om hierdie rede is drie volledige jaargange bestudeer: 1919/1920, 1925/1926 en 1931, die laaste jaar waarin Die Boerevrou verskyn het. Sarie was aanvanklik 'n weekblad, en in die eerste jaargang was die inhoud ook minder gestandaardiseer as in latere jaargange. Uit die eerste jaargang is 10 uitgawes ewekansig gekies. Uit die jaargange van 1960/61, 1970/71, 1980/81 en 1988/89 is vyf uitgawes ewekansig gekies. Vir die analise van artikelinhoud is al die uitgawes van die betrokke jaargange bestudeer. Dieselfde is gedoen met Fair Lady van 1970/71, 1980/81 en 1988/89.

## 4.2 DIE SA VROUETYDSKRIFPROFIEL EN LESERSPATRONE

4.2.1 Hieronder volg 'n tabel van die Suid-Afrikaanse vrouetydskrifte vir elke dekade van hierdie eeu met die eerste en laaste verskyningsdatums tussen hakies. Die term "verbruikertydskrifte" word vandag algemeen gebruik vir vrouetydskrifte en populêre tydskrifte soos Femina of Huisgenoot. Huisgenoot word ingesluit omdat sy resep so sterk nagevolg word deur die Sarie van die laaste dekade.

TABEL

| | | |
|---|---|---|
| WOMAN'S LIFE | (1897 - 1954) | |
| DIE HUISGENOOT | (1916 - ) | |
| DIE BOEREVROU | (1919 - 1931) | |
| DIE HUISVROU | (1922 - 1976) | |
| HOME TALK | (1934 - 1953) | |
| DIE MODERNE VROU | (1936 - 1937) | Geïnkorporeer by Die Brandwag. |
| WOMAN'S DOMAIN | (1941 - 1944) | Word Femina in 1944. |
| FEMINA | (1944 - 1970) | Smelt saam met Woman's Life in 1954. |
| ROOI ROSE | (1944 - ) | Inkorporeer Ster, wat 'n samesmelting van Fyn Goud en die ou Keur was, in 1975. |
| MILADY | (1946 - 1958) | |
| HUISHOUDING | (1946 - 1947) | |
| SARIE (MARAIS) | (1949 - ) | |
| WOMAN AND HER HOME | (1949 - 1956) | |
| SA HOME GARDENER AND POULTRY KEEPER | (1946 - ) | Die naam verander in 1950 na SA Garden & Home. |
| KEUR | (1968 - ) | |
| FAIR LADY | (1965 - ) | |
| DARLING | (1970 - ) | |
| LIVING & LOVING | (1971 - ) | Geïnkorporeer by die nuwe Femina in 1984. |
| YOUR FAMILY | (1973 - ) | |
| WOMAN'S VALUE | (1978 - ) | |
| FEMINA | (1982 - ) | |
| COSMOPOLITAN | (1984 - ) | |
| THANDI | (1985 - ) | |
| TALK | (1988 - ) | |

4.2.2 Lesersnavorsing (Alle media en -produktestudie (AMPS)) het aangetoon dat Afrikaanssprekende blanke vroue meer tydskrifte koop as Engelssprekende vroue en die Engelse tydskrifte word gedra deur groot persentasies Afrikaanssprekende lesers. Fair Lady het byvoorbeeld 28,5% Afrikaanse lesers volgens die AMPS-syfers van 1989/90. Women's Value het 39,2% Afrikaanssprekende lesers volgens die 1989/90-syfers. Die omgekeerde geld egter nie: Sarie se lesers is 93,4% Afrikaanssprekend. Die gespesialiseerde vrouetydskrifte het byna 50% Afrikaanssprekende lesers. 'n Mens kan dus die afleiding maak dat blanke Afrikaanse vroue sterk

identifiseer met die inhoud van die vrouetydskrifte wat hulle lees.

Die Suid-Afrikaanse Ouditburo vir Sirkulasie se syfers dateer van 1947 af. Figuur 1A en 1B stel onderskeidelik die grootste Afrikaanse verbruikerstydskrifte en ses Engelse vrouetydskrifte se sirkulasie vergelykend voor. Figuur 2 vergelyk die sirkulasiesyfers van Sarie en Fair Lady. Sarie is op die oomblik die vrouetydskrif met die hoogste sirkulasiesyfer.

FIG.1A: SIRKULASIETENDENSE VAN VIER AFRIKAANSE TYDSKRIFTE.




FIG. 1B: SIRKULASIETENDENSE VAN SES ENGELSE TYDSKRIFTE.






FIG.2: SIRKULASIESYFERS VAN SARIE EN FAIR LADY.



## 4.3 DOELSTELLINGS EN REDAKTEURSBELEID: IDEALISME VS. MATERIALISME

Die Boerevrou verskil van al die latere vrouetydskrifte in dié opsig dat dit volledig 'n idealistiese onderneming was, heeltemal vervreemd van die "consumerism" van die moderne tydskrif. In die eerste redaksionele rubriek beskryf die redaksie die tydskrif as 'n "Maandblad vir die Afrikaanse vrouw". "Ons is nou moeg daarvan om altijd in 'n uithoekje van tijdskrifte (bij die kinder-afdeling!) een, of misskien twee bladsije te krij wat aan ons belange gewij is!... nou kom die tijd van die vrouw aan." Die vrou, "die met liefde gekroonde koningin van ieder gelukkige huisgesin" vorm die siel van die "Volk". Maar, word daar dan verder betoog, tye is besig om te verander, die vrou kan nie langer die grote wêreld daar buite uitsluit nie. Haar roeping as vrou en moeder vereis ook dat "sij dink en leer".

Die blad se leuse is geneem uit Jan F.E. Cilliers se gedig "By die Vrouebetoging":

> "Ik sien haar wag, geduldig, sonder woord,
> soos sij al honderd jaar gewag het en gelij.
> Ik sien haar win,
> want haar naam
> is ------- Vrouw en Moeder!"

Mabel Malherbe, o.a. ook die tweede vrou wat tot die Parlement verkies is, was die eienares en redaktrise van Die Boerevrou. In 'n artikel in die eerste uitgawe van Sarie in 1949 skryf sy dat sy tydens haar reise as sekretaresse van die Hoofbestuur van die Nasionale Vroueparty en lid van die Hoofbestuur van die Federasie "sterk onder die indruk gekom het van die skreiende behoefte aan hulp: leesstof, wenke oor huishouding, oor siektes, ens., ens., kortom, oor die lewe - eenvoudig en aantreklik opgestel en in *ons eie taal*, sodat die eenvoudigste ou vroutjie daar op die platteland *nut en plesier* daaruit kon kry". (kursief SS)

Vrouwees het vir haar die rol van volksmoeder ingesluit: "Terwyl ons besig was om op alle gebiede van die lewe vir die vrou hulp en raad te gee, wou ons aldeur help om 'n nasionale gees, 'n nasionale trots by hulle aan te kweek" (Sarie jg. 1, vol. 1:47). In die latere vrouetydskrifte sou dit uit die vroulike repertoire verdwyn.

Sy het dus met haar tydskrif 'n diens gelewer. Die winsmotief was sekondêr, vandaar waarskynlik die latere finansiële probleme.

Hierdie doelstelling is in die dertigerjare voortgesit deur Die moderne vrou, 'n tydskrif wat slegs vir een jaar (1936 - 1937) onder redaksie van "mev. C.M. van den Heever" uitgegee is. Die tydskrif omskryf homself in die eerste uitgawe as "van Christelike en nie-politieke aard". "Ons wy ons aan die diens van die Afrikanervrou, en deur haar aan die diens van die Afrikanervolk."

Sarie het in 1949 tot stand gekom uit suiwer sake-oorwegings. Lizette Rabe (1986:82) haal dr. Chris Albertyn, destydse

hoofbestuurder van Nasionale Pers in hierdie verband aan. Gehalte was egter ingebou hierby: Nasionale Pers se redaksionele beleid vir Sarie was volgens dr. Albertyn: "'n blad vir die ontwikkelde Afrikaanse vrou en dogter."

Volgens I.L. de Villiers (in 'n onderhoud) het "Sarie 'n sekere standaard wat gehandhaaf word, 'n standaard wat deels inval by die tradisie van Sarie - Sarie was nooit ingestel op die algemene smaak soos Huisgenoot vandag nie - en wat deels inval by die beeld van Nasionale Pers. Sarie sal bv. nie 'n artikel hê oor Diana se boepmagie nie" (n.a.v. so 'n artikel in Huisgenoot), "dis is vir ons lelik".

Tog was en is sirkulasie en by implikasie 'n breë teikenmark volgens alle getuienis van redaksielede, soos opgeneem in Rabe, en self in gesprekke vasgetel, oor al die jare die uiteindelike mikpunt. Sarie se sirkulasiesyfers moes altyd kompeteer met dié van Rooi Rose, 'n vrouetydskrif wat van die begin af meer sensasioneel en op die breër teikenmark gerig was. Tans lyk dit uit die navolging van Huisgenoot se suksesresep van kort sensasionele artikels en bekende gesigte of hierdie tydskrif se sirkulasiesyfers die mikpunt geword het. Sarie begin inderdaad om al hoe meer soos 'n "vroulike" variant van Huisgenoot te lyk.

Ten spyte van 'n gemeenskaplike teikenmark en doelstellings het die vier manlike redakteurs radikaal verskil oor die wyse waarop hulle hoë sirkulasiesyfers wou bereik. Die feit dat daar vir die belangrikste Afikaanse vrouetydskrif nog altyd voorkeur aan 'n man as redakteur gegee is, terwyl die Engelse vrouetydskrifte van Nasionale Tydskrifte vroue as redakteurs gekry het, is op sigself 'n stelling in verband met die Afrikaanse vrou.

Die vier redakteurs was:

Fred le Roux (oorl. 1984) : Julie 1949 tot September 1968
Hennie Cronjé (oorl. 1982) : Oktober 1968 tot Junie 1976
Fritz Joubert : Junie 1976 tot September 1983
Izak de Villiers : September 1983 tot nou toe
(Sedert die voltooing van die hoofstuk is Izak de Villiers as redakteur van Rapport aangestel en het Sarie sy vyfde manlike redakteur gekry.) Ek gaan hier net die standpunte van Fred le Roux en Izak de Villiers vergelyk.

Die heel eerste uitgawe van Sarie stel sy doel as: "Dit is in die eerste plaas om ons leseresse van diens te wees, en in die tweede plaas om hulle van goeie, boeiende ontspanningsleesstof te voorsien."

Fred le Roux is van Die Huisgenoot na Sarie. Die tradisie van die "ou" Huisgenoot het sy redakteursbeleid sterk beïnvloed, soos hy self erken het in 'n onderhoud met Lizette Rabe (1986:168-170):

"Ons het nooit probeer om prikkelende leesstof te gee nie. Ons het nie smaak gehad aan die Britse koningshuis of sterretjies of die private lewe van mense wat opgedis word (met die implikasie mense slaap by mekaar) nie.

"Ons het oor vroue en mense geskryf, maar dit was mense wat iets bereik het, eenvoudig soms, maar wat iets bereik het....Dit het nie geblyk dat dit die sirkulasie verander nie. Dit is een van die teleurstellings - dat werklik uitstekende leesstof nie mense gelok het om te koop nie.

"Een van die griewendste dinge is dat die werk wat gedoen is, nie deur ons Afrikaners verdien is nie. Hulle verdien vrot werk omdat hulle vrot werk ondersteun. Ons is min. Die basis van die piramide is te groot. Jy moenie spits toe gaan nie, maar eerder onder probeer kom."

As 'n mens Fred le Roux se doelstellings vergelyk met dié van die huidige redakteur, Izak de Villiers, is dit duidelik dat daar 'n verskuiwing gekom het van "ons bied aan wat in ons oë goeie ontspanningslektuur is" na "wat wil julle hê moet ons aanbied?": "Die inhoud van Sarie is op die leser se nuuskierigheid ingestel. Ander tydskrifte en vaktydskrifte word ook geraadpleeg om onderwerpe te vind wat nou aktueel is. Die redaksie word ook sterk gelei deur wat die lesers skryf." (in 'n onderhoud) Hulle het bv. 'n brief oor 'n lesbiese vrou wat wil skei, ontvang. 'n Sielkundige, predikant, en huweliksraadgewer word geraadpleeg en so word dit 'n artikel.

Allerlei maniere word aangewend om in voeling met die lesers te kom. Marknavorsingstudies soos die "magazine tracking study" (hoekom het jy die tydskrif gekoop?, hoekom het jy opgehou om dit te koop?, ens.), die sosio-monitor en AMPS word geraadpleeg en deur die redaksie opgevolg. Die redakteur spreek gereeld vrouegehore toe en op hierdie funksies kry hy heelwat terugvoering oor redaksionele inhoud en subtiele veranderings kan aangebring word. Daar is byvoorbeeld vasgestel dat fiksie nie hoog aangeskryf word nie. Die beleid was iets tussen die vrystorie en die kunsverhaal, wat klaarblyklik nie byval gevind het nie. Afrikaanse vroue soek egte vrystories en dit is wat hulle nou kry.

Volgens Izak de Villiers is die Sarie van vandag "a good read". Hy het persoonlik vir 'n losser geselsstyl gesorg. Die leser is 'n vriendin en die styl is dié van 'n groep vriendinne wat gesels terwyl hulle teedrink. Aan die begin van sy termyn was die leuse van Sarie "die hart van vrouwees; in aansluiting by bostaande het dit later "'n vriendin vir elke vrou" geword.

Die verandering in redakteursbeleid by Sarie hou waarskynlik ook verband met die resultaat van 'n ander wêreldwye tendens, naamlik die sentralisering van uitgewers. Teenoor talle onafhanklike uitgewers in die verlede word die verbruikerstydskrifte vandag byna almal deur Nasionale Tydskrifte en Republican Press uitgegee. Dit het die klem op die sake-aspek van die tydskrifwese nog sterker gemaak. Die tydskrif het toenemend 'n kommoditeit geword, wat onmiddellik die aandag moet trek, wat geadverteer word, wat ten alle koste moet verkoop, anders verloor dit sy bestaansreg, en die redakteur sy werk.

Daar is reeds gewys op die rol van volksmoeder wat in Die Boerevrou beklemtoon is: sy was 'n vrou betrokke by haar

gemeenskap. In die redaksionele artikel van Februarie 1920 word die "Stem van Suid-Afrika" gepubliseer en toonsettings gevra; April 1925 vertel van die groot Krugerfees van Oktober 1925 en spoor lesers aan tot deelname; Julie 1925 herhaal die oproep en haal Van Wouw se brief oor die Krugerpanele aan.

Die redaksionele artikels van Sarie is onbetrokke by die Suid-Afrikaanse sosio-politieke lewe en geen standpunt in hierdie verband word gestel nie. Izak de Villiers neem sterk standpunt in téén artikels met 'n sosio-politieke strekking. Volgens hom hoort dit nie in 'n vrouetydskrif nie. "Vroue wil ontspan met hulle tydskrif. Ons kry reeds 'n oordosis van politiek. Verder is dit ook slegte besigheid om 'n politieke standpunt in te neem".

Joan Kruger, spesiale medewerker en gereelde skryfster van Agterblad sê dat die Sarie-leser vertel wil word dat die lewe goed en mooi en veilig is. Sy wil nie geskok, skrikgemaak of beledig word nie.

Volgens die sosiomonitor, 'n klusteranalise van leserspersoonlikheid, is die tipiese Sarie-leser verantwoordelik, familiebewus, iemand wat beskermend binne haar klein lewenskring beweeg en wil beweeg, polities behoudend. (Daar moet egter bygevoeg word dat daar groot skeptisisme teëgekom is by marknavorsers oor die betroubaarheid van hierdie tegniek.)

Die Engelse ekwivalent van Sarie in die Nasionale Pers-stal, Fair Lady, het daarenteen oor die jare gereeld standpunt ingeneem oor sosiopolitieke kwessies. Jane Raphaely het in 1970, bv. geskryf oor die "Domestic worker's Union" se werksaamhede, gekla oor swak, duur hotelle op die platteland en die nadele van vasgelegde pryse aangetoon. In 1980 skryf sy onder andere oor die groot getalle kindersterftes onder swart kinders op die platteland en sensuur en mediabeperkings. Dene Smuts, die volgende redaktrise, lewer in ongeveer die helfte van die redaksionele artikels, naas 'n oorsig van die inhoud van die betrokke uitgawe, skerp kritiek op die huidige politieke bestel, bv. die noodmaatreëls, of sy skryf oor kritici, bv. mev. Winnie Mandela, of sy haal kritiek aan. Die volgende redaktrise gee in 1988/89 in haar redaksionele artikel slegs 'n oorsig van die betrokke uitgawe se inhoud, maar hierdie nuwe houding moet miskien in die lig van Dene Smuts se bedanking in 1987 beskou word. Daar verskyn egter steeds artikels met 'n sosiopolitieke strekking soos later aangetoon sal word.


In die lig van wat hierbo gesê is oor ontwikkelings in die uitgewersbedryf, kom die eerste twee redaktrises van Fair Lady se sosiale verantwoordelikheidsin byna net so idealisties voor soos Mabel Malherbe en mev. C.M. van den Heever s'n.

## 4.4 DIE VERANDERLIKE KONSTANTES

Dit is merkwaardig, as 'n mens net die inhoudsopgawes van die verskillende jaargange en tydskrifte vergelyk, hoe resepmatig die vrouetydskrif saamgestel is. Die opsomming wat in die eerste Sarie van 1949 gegee is, geld deurgaans: "'n aantal boeiende kortverhale; 'n mooi vervolgverhaal; lewendige artikels oor sake en mense wat hulle sal interesseer; betroubare bydraes oor alle vertakkinge van die huishouding, gesinsversorging, handwerk, modes, skoonheid, e.d.m." (Jg. 1, vol. 1:1)

Die persentasies artikels, verhale, modes, skoonheid, huis, kos en handwerk en rubrieke varieer so veel in Die Boerevrou dat gemiddeldes misleidend is. Die kategoriepersentasies van Sarie in die verskillende tydperke word in figuur 3 aangegee. Persentasies verwys na die persentasie ruimte van die teks, advertensies dus uitgesluit. Van 8 Februarie 1956 tot 14 Augustus 1963 (no.1 - 195) verskyn daar met elke uitgawe 'n "Bêreboekie", 'n kos- en handwerkbylae. Dit verklaar die afwesigheid van hierdie kategorie in die 1960/61-jaargang.

FIG.3: SARIE: PERSENTASIES IN 'n AANTAL TEKSKATEGORIEë.



## 4.4.1 DIE VOORBLAAIE

Die voorblad van Die Boerevrou was deurgaans dieselfde en ook die kenteken van die tydskrif: Anton van Wouw se beeldjie "Nooientjie van die Onderveld". In Mei 1919 skryf Redaksie dat 'n leseres gekla het die "nooientjie lijk glad nie Afrikaans nie en is veel te slank en te jong"!

In die 10 aangetekende uitgawes van Jaargang 1 van Sarie is daar drie voorblaaie met kinders op, een met 'n goudtrompet vol doudruppels en een met 'n hond met omdop-oë en hangore. Die ander vyf het vroue op. Twaalf van die vyftien aangetekende uitgawes uit onderskeidelik jaargange 12, 22 en 32 het jong vroue op die voorblad. Dit sluit vir jaargang 32 twee voorblaaie met bekende skoonhede, nl. Barbara Barnard en Margaret Gardiner, in. Die uitsonderings is twee moeder-en-baba-voorblaaie en 'n collage van groen uitrustingbykomstighede. 'n Jong, pragtige en perfek gegrimeerde vrou - die toonbeeld van die vroulike ideaal - is dus die beeld wat toenemend geprojekteer is. Dit is in ooreenstemming met oorsese vroueglanstydskrifte.'n Sproetgesigseuntjie of 'n hond met omdop-oë is ondenkbaar op vandag se Sarie.

Al vyf die voorblaaie van die aangetekende uitgawes van 1988/89 is soortgelyk aan dié van Huisgenoot in dié opsig dat hulle blote nuuskierigheidsprikkels is. Barbara Barnard en Margaret Gardiner word op die voorblaaie geplaas omdat hulle bekende projeksies van die "ideale vrou" is, maar TV-sterre, bv. Arnold Vosloo en sy bruid of Ian Roberts en sy Michelle is op die voorblad omdat hulle op dié stadium nuus is. Dit is 'n nuwe tendens eie aan Sarie wat nie deur ander vrouetydskrifte nagevolg word nie.

## 4.4.2 DIE TEKS

Die Boerevrou het nie verdere onderafdelings gehad nie. Artikels, verhale en rubrieke het mekaar op die inhoudsblad in die orde waarin hulle verskyn het, opgevolg.

### 4.4.2.1 Verhale

Verhale word toenemend minder en hulle verloor ook hulle prominensie in die inhoudsopgawe waar hulle tot vroeg in die tagtigerjare eerste genoem is. Die min verhale in die beginjare van Die Boerevrou is waarskynlik te wyte aan 'n gebrek aan materiaal.

Daar verskyn ook geleidelik meer "kuns"-verhale en minder suiwer liefdesverhale. Dat dit nie aan die lesersvraag beantwoord het nie, is reeds aangedui. Seks word geleidelik in groter besonderhede beskryf en kontroversiële onderwerpe soos egskeiding ("Maand van dertig jare" deur Elsabe Steenberg, jg. 22), homoseksualiteit ("Bertholdt keer terug", jg. 32) en saambly ("Ewige geliefde" deur Frances Fichardt, jg. 39) is onlangse onderwerpe. Die heldinbeeld is tot 'n groot mate in ooreenstemming met die vrou wat die tydskrif projekteer.

4.4.2.2 Huis, handwerk, kos, skoonheid en modes

Naas "artikels"/"features" is die hoofbestanddele van die vrouetydskrif soos wat bostaande opskrif aandui.

Huis, handwerk en kos was in die meeste aangetekende uitgawes van Die Boerevrou die hoogste persentasie van die teksinhoud.

Sarie het altyd baie ruimte aan hierdie tradisionele vroulike aktiwiteite gegee, al sou 'n mens nooit weer die titel "Vir bybie" raakloop nie. (Sien fig. 3) Dit was ook die geval met Fair Lady, al was daar in 1980/81 en 1986 nie gereelde handwerkartikels nie, wat waarskynlik verband hou met die groter klem wat hierdie tydskrif in die genoemde tydperke op die vrou en haar werksituasie geplaas het.

Ook die Suid-Afrikaanse vrou wil dus steeds inligting en advies hê oor die tradisionele vroulike aktiwiteite, ten spyte van haar toetrede tot die arbeidsmark. Die hoë sirkulasiesyfer van Your Family bevestig hierdie tendens. "Wenresepte" is ook een van Huisgenoot se groot aantrekkingskragte en baie mense koop die tydskrif net daarvoor.

Spesiale kosbylaes en spesiale handwerkuitgawes was gereelde ekstras. 'n Kenmerk van die laaste twee dekades is die groter inset van vervaardigers in die inhoud van sulke bylaes. Dit word gerugsteun deur talle kos- en handwerkdemonstrasies wat landswyd deur die tydskrif in samewerking met vervaardigers aangebied word, asook wedstryde soos die wolborduurwedstryd of Gasvrou van die Jaar, wat deur groot maatskappye geborg word met uitsoekpryse, en wat uitgebreide mediadekking ontvang.

Mode was ook nog altyd sinoniem met die vrouetydskrif en die persentasies het baie konstant gebly, soos fig. 3 aantoon, al is artikels soos "Vir gesette dames" (Die Boerevrou, Januarie 1920) ondenkbaar in die moderne vrouetydskrif met sy perfekte vrou-beeld.

Net soos in die geval van van kos- en handwerkbylaes is die mode- en skoonheidsbylaes wat 'n kenmerk geword het van die tagtigerjare promosiebylaes waar adverteerders hulle produkte in artikelvorm adverteer.

Ook die mode- en skoonheidartikels wat binne die tydskrifteks verskyn is, is toenemend promosieartikels. Vervaardigers en pryse word aangegee en die adverteerders het 'n groot sê in die voorkoms van hierdie artikels.

Skoonheidartikels soos wat tipies geword het van die vrouetydskrif en waar die klem val op "mooi maak", het glad nie in Die Boerevrou bestaan nie. Die klem was op gesondheid en Mabel Malherbe het hoë waarde aan hierdie aspek van haar werk geheg. Die naaste wat Die Boerevrou aan egte skoonheidartikels gekom het, was artikels soos "Hoe om jonk te lyk en te voel" en "Hardwerkend en tog mooi". In 'n artikel oor haarversorging en haarmodes (Julie 1919:19) lees 'n

mens: "In ons stowwerige land is dit nodig om die hare dikwels te was - omtrent twee keer per maand, maar die degelijke uitborseling moet twee keer daags geskied."

Die moderne vrou van die dertigerjare maak plek vir 'n "Skoonheidkursus vir die vrou", maar swangerskap word steeds bespreek onder 'n gewigtige opskrif: "Moederkunde en Volksgesondheid". (Maart 1937)

Die vroeë Saries het aangesluit by die idealisme van Die Boerevrou, maar die klem verskuif spesifiek na vrouesake. Reekse oor die werking van die vroulike liggaam en geslagsvoorligting wat as rewolusionêr vir hulle tyd beskou is, is geplaas. Net soos Mabel Malherbe het die eerste redakteur van Sarie, Fred le Roux, baie sterk hieroor gevoel: "Dit was een van die dinge wat ek my voorgeneem het om te doen, veral die mediese artikels, omdat ek reeds as kind opgemerk het hoe baie vroue ongeneeslik siek raak of doodgaan omdat hulle uit 'n valse gevoel van skaamte nie 'n dokter raadpleeg nie. En toe ek die kans gehad het om daaraan iets te probeer doen, het ek - natuurlik vir sover 'n mens destyds pront mediese en pront seksuele artikels kon doen" (Rabe 1986:127).

Sarie het voortgegaan om sulke artikels te plaas met steeds groter openhartigheid oor die seksuele soos wat die seksrewolusie hier wortel geskiet het. Die opspraakwekkendste artikel was waarskynlik die een oor die G-kol wat verskyn het toe Fritz Joubert redakteur was. Ook in die jaargang 1980/81 vind 'n mens 'n gereelde gesondheidsrubriek: "Sarie-kliniek". In 1988/89 heet dit "Gesondheidsnuus". Die toon is dikwels lig en feite word meesal gegee sonder om die bron presies te vermeld: " 'n Amerikaanse oogarts werk aan 'n idee wat dalk jou sonbrilprobleme vorentoe gaan oplos" (26 Julie 1989). Dieselfde aanslag vind 'n mens op die oomblik in die artikels oor seks. 'n Populêre vraag of probleem, bv. Wat maak 'n vrou goed in die bed?, word gestel, A, B, C, en D gee hulle menings, en siedaar, die Afrikaanse vrou het die antwoord.

Fair Lady se artikels oor seks het meer dikwels uitgebreid gebly en behoorlike navorsing ingesluit, bv. die opname oor tieners en seks in 1984. Die tydskrif het ook verskeie kere toekennings van die Mediese Vereniging ontvang vir sy mediese artikels.

4.4.2.3 Kinderopvoeding

Kinderopvoeding was nog altyd deel van vrouwees en hierdie onderwerp is 'n konstante van die vrouetydskrif. Dit word of aangebied by die algemene artikels of 'n aparte onderafdeling van die inhoud word hiervoor gereserveer.

4.4.2.4 Rubrieke

Rubrieke is ook so oud soos die vrouetydskrif self, maar elke tydskrif en tydperk het sy uniekes gehad. Ek noem hier net enkeles.

Die Boerevrou-bond kom net in Die Boerevrou voor. Mabel Malherbe skryf as volg in die eerste uitgawe van Sarie: " Heel in die begin

het ons baie gearbei aan wat ons genoem het die Boerevrou-bond. Die gedagte was om die vroue van die platteland saam te snoer en hulle te help om hulself te help op ekonomiese gebied... Ons het gou oor die honderd takke gehad. Toe het die Landbou-unie 'n aparte vroue-afdeling geskep - die strekking en doel waarvan presies was wat ons in die Boerevrou-bond beoog het. Toe het ons maar ons takke aan hulle oorgemaak en hulle het met daardie hulp vinnig gegroei en doen tot vandag toe kostelike werk vir die vrou op die plaas." (Sarie 1949:47) Die Boerevrou-bond het net tot Junie 1919 as rubriek bestaan. In Oktober 1925 verskyn 'n uitgebreide bylaag van 5,5 bladsye oor die werking van die Boerevrou-bond en voorstelle oor hoe dit georganiseer kan word. Die oorname deur die V.L.U. het egter net die volgende maand plaasgevind.

"Stille Sondagure" was 'n geestelike rubriek deur ds. R Theron op die prominente posisie direk na die redaksionele artikel. Die enigste geestelike rubriek in die geskiedenis van Sarie was "Die gebed van 'n Vrou", tydens die redaksietydperk van Hennie Cronjé.

Die ruimte wat Die Boerevrou aan poësie afgestaan het, is uniek in die geskiedenis van die Afrikaanse vrouetydskrif en is nooit weer herhaal nie. Van die bekendste Afrikaanse digters se werke het vir die eerste keer in Die Boerevrou die lig gesien, bv. Eugène Marais se "Mabalel", "Lalasini" en "Dwaalstories". "Waar Tebes in die Stil woestyn" is spesiaal vir die eerste uitgawe van die blad geskryf. Leipoldt het sy manuskrip van Dingaansdaggedigte vir Mabel Malherbe gegee en sy het daaruit gekies vir die Desembernommer van 1919 (1949:48).

Die rubrieke van Sarie volg die tendense van die artikels na. In 1970/71 is daar twee rubrieke oor vroue se selfbelewing, teenoor die een in die ander Saries. Hierdie soort artikel word reeds in 1980/81 en vandag nog gereeld deur Izak de Villiers behartig. Sy sketse is dikwels filosofies en geestelik.

In vermaaklikheidsrubrieke val die klem toenemend meer op skindernuus oor vermaaklikheidsterre en minder op die verskaffing van inligting oor rolprente en televisieprente, verhoogstukke en musiek. Die "ek" en die "my" van "Ek en my troeteldier" wat afgewissel is deur "Dis my hoekie die" in die 1988/89-jaargang is ook mediapersoonlikhede. Ook "ek sê" sluit feitlik altyd mediapersoonlikhede in.

Sarie het in 1989 glad nie meer 'n boekerubriek nie.

Fair Lady se rubrieke is basies dieselfde as dié van Sarie. Onder Dene Smuts is die adviesrubriek weggelaat. In 1989 gee die tydskrif egter weer onbeskaamd "advice" en ook die boekerubriek het verander van 'n sobere "booknews" na "guide to good reading".

4.4.2.5 Artikels ("features")


Meer algemene artikels of artikels wat nie onder een van die ander onderafdelings ressorteer nie, word, met die uitsondering van Die Boerevrou onder hierdie opskrif geplaas. In die sewentigerjare

vervang hulle verhale as die belangrikste onderafdeling van Sarie se tydskrifteks.


Die ruimte wat artikels in Die Boerevrou in beslag neem, is baie wisselvallig en wissel bv. van 0% in Maart 1925 tot 42,2% in Oktober 1925 se Krugeruitgawe. Die onderwerpe was baie algemeen, bv. vroulike regeerders (Junie en Julie 1919), voëls of plante (April en Mei 1919), geskiedkundige gebeure, bv. die stigting van die Voortrekkerbeweging (September en Oktober 1931), hoenderboerdery, byeboerdery, die drukkuns, die sywurmbedryf, spaarsaamheid en blindesorg.

Van die soort "vrouwees"-artikels wat volop in die vrouetydskrifte van die laaste drie dekades was, is daar net enkele voorbeelde aangeteken, bv. "'n Gesprek met Afrikanerdogters" (oor sedeloosheid [Mei 1919], of "Die posisie van die Vrouw in die Siviele Wet" [Januarie 1920]). Die vrou van die twintigerjare het veel minder van 'n identiteitskrisis beleef as haar eweknie sedert die sestigerjare. Die Boerevrou het met 'n besliste "Onthou altijd" in 'n redaksionele artikel (April 1919) die vrou se roeping uit 'n Amerikaanse tydskrif aangehaal: "Onthou altijd dat die hoogste roeping van 'n vrouw, die grootste en ook seker die gelukkigste voorreg is: Om 'n goeie man gelukkig te maak; om die middelpunt te wees van 'n gesonde, eensgesinde huisgesin".

Figuur 4 dui die persentasies in artikelkategorieë vir Sarie en Fair Lady aan. (Persentasies het hier betrekking op die aantal artikels in 'n kategorie as 'n persentasie van die totale aantal artikels). Die katagorieë is Huwelik, Seks en Liefde, Vrou en haar liggaam (bv. verslankingsdiëte of kosmetiese operasies), Vroue (interessante vroue en hulle beroepe en/of stokperdjies), Mans (interessante mans en mans se siening oor vroue, Mense (groepe,ook gesinne)/Plekke/Dinge, Vrou en haar wêreld (bv. haar belewenis van gestremdheid, of inkopies doen, of spanning in die werksituasie), Samelewing (een of ander aspek, bv. aftree-oorde), Só is jy (alle selftoetse is hieronder geplaas), en Mediapersoonlikhede (TV- en filmsterre, modelle, sangers, koninklikes en sporthelde). Interessante vroue en mans en mediapersoonlikhede was slegs vir hierdie studie disjunk omdat 'n tendens daarmee aangedui wou word.




Figuur 4A: Persentasies in artikelkategorieë vir Sarie




**Figuur 4B: Persentasies in artikelkategorieë vir Fair Lady**

In sy eerste jaargang is Sarie se artikels, in ooreenstemming met Die Boerevrou, nog baie algemeen, met die klem op mense, plekke en dinge en nie so spesifiek op die vrou nie. Dit word baie duidelik aangedui deur die persentasies in die kategorieë Mense/Plekke/Dinge ( 32,2%), Mans (8,7%) en Vroue en haar wêreld (1,9%).

In die 1960/61-jaargang is die verskuiwing reeds daar. Vrou en haar wêreld beklee nou die derde plek met 14,9% terwyl Huwelik, Seks en Liefde 14,3% beslaan. Mans het teruggesak tot 4,8%.

Die artikels oor mans word progressief minder, maar in die 1988/89-jaargang met sy meer algemene, Huisgenootagtige aanslag is die persentasie weer hoog, naamlik 5.6%.

Die 1970/71-jaargang van Sarie word gekenmerk deur selfbewustheid. Die grootste persentasie persoonlike belewenisse van vrouwees word hier aangetref (20,3% Ek-artikels). In hierdie jaargang was daar in elke uitgawe ten minste twee gereelde sodanige artikels, afwisselend geskryf deur Audrey Blignaut, Marié Heese en Marietjie van Rooyen. Daar verskyn ook 'n reeks artikels oor 'n vrou se ervaring van swangerskap en geboorte.

Die 1980/81-jaargang van Sarie word gekenmerk deur 'n nuwe tendens wat 'n ingrypende invloed op die inhoud van die vrouetydskrif het en wat ek die BB-sindroom wil noem (Beroemdes-en-bekendes-sindroom). Hierdie sindroom, wat waarskynlik o.a. die gevolg van die invloed van televisie is, se impak is dramaties. In al die voorafgaande jaargange is daar geen of feitlik geen artikels oor filmsterre en prinsesse nie. In jaargang 32, egter, maak sulke artikels byna 30% van die aktuele artikelinhoud van Sarie uit. Dit wemel meteens van artikels oor die vorstehuise, rolprentsterre en televisiepersoonlikhede. Ons lees oor hulle liefdeslewes, hulle diëte, hulle oefeninge, hulle kleredrag, wat hulle oor verskeie onderwerpe dink, waar hulle begrawe wil word, ens.

In die 1988/89-jaargang maak sulke artikels selfs nog 'n groter deel van die inhoud uit. Byna alle ander soorte aktuele artikels word progressief minder. Die resepmatige verdeling van die artikelinhoud in hierdie jaargang blyk ook uit die grafiek. Die persentasie artikels in die kategorie Huwelik, Seks en Liefde is die hoogste in die bestudeerde jare. Daar is reeds verwys na die tipiese formaat van hierdie artikels.

As 'n mens die grafiek van die artikelkategorieë van Fair Lady met dié van Sarie vergelyk, val die afwesigheid van 'n deurlopende patroon by Sarie jou eerstens op. Breedweg stem die patrone egter ongeveer ooreen.

Opvallende verskille is die volgende:

a) Die persentasie artikels in Sarie oor vroue en hulle beroepe neem teen die verwagting in, af. 'n Mens sou verwag dat daar met die groeiende toetrede van die vrou tot die arbeidsmark meer sulke artikels in die vrouetydskrif sou verskyn.

   Fair Lady daarenteen het eers in "visitor's book' en later in "women at work" spesiaal voorsiening gemaak vir artikels oor interessante vroue en hulle beroepe, asook oor die vrou in haar werksituasie.

b) Die Vrouebeweging het Sarie nie verbygegaan nie, maar ook nie laat regop sit nie. Artikels soos: "Daar broei 'n seksoorlog" (jg. 22, no. 3) en "Diskriminasie teen vroue" (jg. 22, no. 11) verskyn in hierdie jaargang - die toon is neutraal, onbetrokke, sonder geesdrif. In no. 22 van dieselfde jaargang,

p. 63,64, verskyn 'n artikel oor mev. Bertha Johannes, 'n "militante feminis". Daar word beslis nie voorgestaan dat sy ernstig opgeneem word nie: "die seunsagtige boskaas word ongeërg met die vingers agteroor gevee. Haar oë vlam, mondhoeke verstyf, die kin punt uitdagend".

Fair Lady het wel regop gesit. Oor die jare is uittreksels geplaas uit die werk van die belangrikste figure van die Vrouebeweging, bv. Shirley Conran, Erica Jong en Betty Friedan, en groot prominensie is verleen aan vroue wat baanbrekerswerk op mansterreine gedoen het, o.a. met die "Who's Who"-supplement.

c) Anders as by Sarie kry 'n mense reeds in 1970/71 in Fair Lady 'n hoë persentasie artikels oor mediapersoonlikhede. Hierdie verskil is waarskynlik 'n aanduiding van 'n groter gevoeligheid vir oorsese tendense en/of 'n andersoortige interpretasie van leserbehoeftes. Dit val ook op dat Fair Lady minder prominensie gegee het aan plaaslike TV-persoonlikhede as Sarie. Dat Sarie in hierdie opsig lesersaanvraag gestimuleer het, blyk uit die sirkulasiesyfers, ook dié van Huisgenoot.

d) Sarie het altyd artikels gehad oor sosiale problematiek, maar die probleme het uiteraard saam met die tyd verander. In die 1949/50-jaargang word die loodsware probleem gestel: "Sy moeder werk" (no. 4). In die sewentigerjare is drank, dwelms en permissiwiteit die sosiale modewoorde. Permissiwiteit verdwyn in die tagtigerjare uit die woordeskat, maar dwelmmisbruik en alkoholisme bly. Ook in die tagtigerjare is die nuwe fokus op sosiale probleme wat met seksuele praktyke saamhang, bv. kindermishandeling, verkragting, bloedskande, vrouemishandeling, en VIGS. Artikels rondom die politieke toestand in ons land en sosiale problematiek wat daarmee verband hou, is opvallend afwesig. Plakkers, die onluste, die aanhouding van kinders, ens. is nie deel van Sarie se artikelwoordeskat nie.

Hulle is wel deel van Fair Lady s'n. In die mondigwordingsuitgawe van Fair Lady van Maart 1986 skryf Erica Platter: "...early analysis of our 1985 Identikit survey shows social issues to be your favourite topic" en "Politics, part of every thinking woman's diet in South Africa, has been adding fibre to the Fair Lady menu for years" (p.68).

Die sirkulasiesyfers het egter min verander na 1987, toe die tydskrif baie minder uitgesproke oor politieke kwessies geword het. 'n Mens kan dus geensins die afleiding maak dat Engelssprekende lesers politiek in hulle vrouetydskrifte wil hê, of nie wil hê nie. Maar dit plaas tog 'n vraagteken agter die stelling: gee vir die leser wat sy wil hê. Weet sy wat sy wil h hê?

Onder Dene Smuts, d.w.s. tussen 1980/81 en 1988/89, het die tydskrif ook 'n veel groter persentasie artikels wat een of ander sosiale problematiek aanspreek, gehad (gemiddeld 10,82% in 9 geraadpleegde uitgawes van 1987) as wat die grafiek

aandui.

e) Swart en bruin vroue en mans figureer gereeld in Fair Lady, maar normaalweg nie meer as in een artikel per uitgawe nie.

Sarie is spierwit. In die 1988/89-jaargang van Sarie is slegs 'n onderhoud met Shaleen Surtie-Richards en Errol en Gloria Arendz aangeteken, en beide onderhoude het nuusmakers as invalshoek gehad. Daar is geen artikels oor bv. interessante bruin vroue en hulle beroepe of stokperdjies nie. Dit moet impliseer dat Sarie glad nie gerig is op die Afrikaanssprekende anderskleurige vrou nie. Dit word bevestig deur navorsing. Sarie het 84,6% blanke lesers, volgens die AMPS-syfers van 1988/89, teenoor Fair Lady met 56,2% blanke lesers.

## 4.5 SLOT

Uit die samestelling van die resultate kan die vroue wat elk van hierdie tydskrifte in die verskillende tydperke projekteer, geïdentifiseer word. Die Boerevrou se vrou is die volksmoeder, bereid om meer te leer, om opgevoed te word, sy wil die beste van haar voorkoms maak, maar sy is realisties daaroor. Hoenderboerdery is 'n vername belangstelling, arbeid adel, ontspanning is sekondêr.

Die vrou van die vroeë Saries is gesofistikeerd, belese, meer ydel as haar voorganger. Volksmoeder en hoenderboerdery behoort tot die verlede. Die Sarie van die sewentigerjare is intens bewus van haar eie belewenis van vrouwees in al sy verskillende aspekte, maar sy is koud gelaat deur 'n beweging wat vroue oor die hele aarde geraak het.

In die tagtigerjare ontspan Sarie se lelieblanke vriendin kommervry en onbetrokke, sy is tevrede met oppervlakkige joernalistiek, sy is weinig geïnteresseerd in interessante werkende vroue, maar sy is gefassineer deur die gesigte van "Arende", "Somer", "Agter elke man", "Uit en tuis", "Netwerk", "Ontbyt-TV", noem maar op, én hulle troeteldiere, én hulle huise, én hulle kinders, én hulle hoekies, én hulle menings.

Dit is die persoonlikheid wat die blanke Afrikaanse vrou koop en lees, in steeds groeiende getalle. Is dit hoe 'n profiel van die blanke Afrikaanse vrou lyk?

## HOOFSTUK 5: VROUETAAL IN DIE KORTVERHALE VAN DIE VROUETYDSKRIF


5.1 INLEIDING . . . . . p. 113

5.2 MATERIAAL . . . . . p. 113

5.3 METODE VAN ANALISE . . . . . p. 114

5.4 HIPOTESES . . . . . p. 116

5.5 DIE RESULTATE . . . . . p. 120

5.5.1 Die Boerevrou . . . . . p. 120

5.5.2 Sarie 1949/50 . . . . . p. 151

5.5.3 Sarie 1970/71 . . . . . p. 181

5.5.4 Sarie 1988/89 . . . . . p. 217

5.6 ALGEMENE GEVOLGTREKKINGS . . . . . p. 242

5.7 HIPOTESE: DIE TAALGEBRUIK VAN DIE VERHAALDIALOOG IS NIE GEVOELIG VIR DIE VERLOOP VAN TYD NIE. . . . . p. 247

## 5.1 INLEIDING

Die interaksie tussen manlike en vroulike hoofkarakters in die vrouetydskrifverhaal is die mees direkte aanduiding van die sosiale rol wat die tydskrif aan die onderskeie geslagte oor tyd toegeken het.

Hierdie afleiding berus op 'n aantal feite wat in die vorige hoofstuk oor die geskiedenis en redakteursbeleid van die onderskeie tydskrifte ter sprake gekom het, naamlik:

Die taalgebruik van die vrouetydskrif is taalgebruik gerig op 'n vroulike leser en taalgebruik wat gefilter is deur hierdie feit asook deur redakteursbeleid. Dit het die volgende implikasies:

a) Dit bring 'n eenvormigheid mee wat bv. verhale van verskillende outeurs, sowel vroulik as manlik, vergelykbaar maak.

b) Omdat die persoonlikheid en ideologiese voorkeure van die vroulike leser van 'n tydskrif, asook die betrokke redakteursbeleid, saamhang met 'n stel historiese en sosiale faktore, is die taalgebruik van die tydskrif 'n refleksie hiervan.

In die tweede plek is die interaksie tussen manlike en vroulike hoofkarakters ideale materiaal om die spesifieke hipoteses aan te toets. 'n Mens is terdeë bewus dat hierdie interaksie denkbeeldig is en dat geen afleidings oor werklike interaksie gemaak kan word nie. Aan die ander kant is dit 'n interpretasie van werklike interaksie binne 'n stel sosiale norme wat in 'n bepaalde tyd geld en verder is die tydskrif se sukses onder andere 'n funksie van die geloofwaardigheid van sy verhale.

## 5.2 MATERIAAL

Daar is besluit op twintigjaartydperke omdat daar vir 1940 nie verhale gekies kon word nie, asook omdat daar gemeen is dat dit voldoende is om die hipoteses te kan toets. Vir elke twintigjaartydperk is 'n aantal verhaalbladsye ewekansig gekies. 10% van die totale aantal verhale wat in die betrokke jaargang verskyn het, is gekies, en daarna is dié bladsye uitgesoek waarop die verlangde interaksie plaasvind. Vir verskeie jaargange verteenwoordig die materiaal egter 'n groter persentasie as 10% van hierdie soort interaksie omdat baie van die verhale glad nie liefdesverhale is nie. Dit was veral die geval vir Die Boerevrou en Sarie 1970/71. Dit was nie altyd maklik om in die geval van Die Boerevrou vas te stel of 'n verhaal vertaal is of nie. As dit egter wel so aangedui is, is hierdie verhale nie geneem nie. Vir Die Boerevrou en Sarie 1970/71 moes daar dus bykomende verhale ewekansig gekies word om die 10% vol te kry.

Alle materiaal is met behulp van die rekenaarprogram Wordperfect 5.1 op rekenaarskyf geplaas. Afsonderlike lêers is geskep vir die taalgebruik van manlike hoofkarakter, vroulike hoofkarakter en die verteller. Die volledige vertellerteks is nie by die ondersoek ingesluit nie, maar slegs daardie gedeeltes wat direk betrekking het op die spreekbeurte van die hoofkarakters en dus verduidelikend ten opsigte van taalhandelinge en gedrag is.

## 5.3 METODE VAN ANALISE

Preisler (1986) het met groot sukses Bales se model vir "Interactional Process Analysis" van 1970 gebruik om groepsinteraksie tussen die geslagte te ondersoek. Die handigheid van hierdie model om die kommunikasiesituasie te beskryf,is reeds uiteengesit. Dit was dus voor die hand liggend dat dit die aangewese model sal wees om hierdie soort groepsinteraksie tussen man en vrou te beskryf.

Omdat die sin in die dialoog in die groot meerderheid van gevalle saamval met 'n enkele kommunikatiewe handeling is dit as eenheid behou. Kommunikatiewe handelinge is egter wel in ag geneem met die kodering in IPA-kategorieë. Preisler se riglyne is gevolg. Oor die algemeen was hier min problematiese gevalle, veral omdat sinstruktuur so sterk saamval met kommunikatiewe handeling. Hierdie soort kommunikasie het glad nie die saamgedronge aard van advertensietaal nie.

Die toekenning van IPA-kategorieë, d.w.s. Bales se 12 handelingsfunksies aan kommunikatiewe handelinge was egter wel in verskillende opsigte problematies.

Die interaksie is in vergelyking met gestruktureerde groepsinteraksie van die tipe wat Bales (1970) en Preisler (1986) beskryf, en in vergelyking met ander soorte kommunikasie in die vrouetydskrif, bv. advertensies of artikels, geweldig gevarieerd. Dit bevat groot hoeveelhede tipiese spreektaaluitings, waarvan die semantiese inhoud en gevolglik ook die handelingsfunksie baie moeilik is om vas te pen.

Verder is positiewe en negatiewe reaksies in die soort groepsinteraksie waarop Bales sy model toegepas het (Bales 1970) en waarop Preisler (1986) se navorsing gedoen is, randfunksies en word hulle by kodering prioriteit gegee bo alle ander handelingsfunksies. In die groepsinteraksie tussen man en vrou in liefdesverhale domineer hulle egter, en as 'n mens sou bly by Bales se prioriteitsreëls sou hulle alle interaksie kon dek. Slegs sterk positiewe en negatiewe reaksies is dus as sodanig gekodeer. In gevalle van onsekerheid is prioriteit aan taakgerigte kommunikasie en vrae gegee.

Dit was vir hierdie navorsing belangrik of die persoon wat hierdie positiewe of negatiewe reaksies uitvoer, in 'n kontrolerende of 'n onderdanige verhouding tot die ander persoon staan omdat 'n T-rol in hierdie soort kommunikasie op die emosionele vlak is en afleibaar is van die soort positiewe en negatiewe reaksies wat 'n persoon toon. Dit is dus addisioneel gekodeer.

Een van die interessante waarnemings van hierdie soort kommunikasie, en dit klop met Preisler (1986) se bevindings, is dat 'n karakter in die loop van 'n gesprek wissel tussen kontrolerende en onderdanige handelingsfunksies, bv. die volgende woorde is in die loop van 'n verhaal deur dieselfde karakter gesê:

*+VO Jammer ek het jou ontstel, Katie.*

*+VS Wil jy nie êrens heen gaan nie? VS Enigiets wat jy wil doen?*

*+VO Goed.*

*+VB Voel jy beter?*

*+OVB Baie edel van jou.*

*+OVB Klim in die motor, Katie.*

*+D Ek wil jou red van 'n lot erger as die dood.*

Sarie 8/2/89:99

(Die leser word na p. 84 verwys vir die kodes vir die IPA-kategorieë.)

Die vertellerteks is as eerste riglyn gebruik. As dit duidelik is uit die vertellerteks dat 'n persoon sarkasties is, is die kommunikatiewe handeling as +OVB gekodeer, al is dit nie uit die woorde as sodanig afleibaar nie.

Volgens dieselfde beginsel is handeling wat deur die vertellerteks gekorrigeer word, bv. doelbewuste oneerlikheid of speelse dreigemente as +D gekodeer. Alle gerapporteerde handelinge van 'n derde persoon of persone is volgens die voorskrif van Bales as +D gekodeer.

Vir die gerapporteerde handelinge van 'n spreker self, veral handelinge wat in die verlede plaasgevind het, is die riglyn van Bales gebruik: "information about one's present or past emotional life, which is dramatic and possibly revealing as symbolic material is preferably classed in category 2, Dramatizes" (Bales 1970:118).

Twee koderingsriglyne van Bales wat wel hier gevolg is, maar waarvan die aantal gevalle in hierdie soort kommunikasie so groot is dat dit resultate kan beïnvloed, is die volgende:

> "There are certain minor forms of giving information (my onderstreping) which consist of immediate and current efforts to prevent or repair breaks in the flow of communication, such as repeating when somebody says 'What?', clarifying confusion about something said, explaining, enlarging summarizing, restating, not with the purpose of convincing or carrying the argument further, but simply with the purpose of making the communication more adequate."
> (Bales 1970:119)

> "To give suggestion (my onderstreping) is to take the lead in the task direction...Signals that are meant to control attention...Speaking the other's name is a common example."
> (Bales 1970:110)

Sowel Bales (1970) as Preisler (1986) kodeer sprekerintensie as +M. In hierdie soort kommunikasie is sprekerintensie egter in die meeste gevalle gerig op die verhouding tussen die karakters, d.w.s. taakgerig en daarom word dit hier as +S gekodeer.

Naas die kodering volgens die IPA-sisteem, is 'n aantal addisionele kodes ook in die tekste aangebring om analise te vergemaklik.

? en ! is as woorde geïndekseer om vraagsinne en uitroepe te kan

kwantifiseer. Bevelsinne is as b1 gemerk, indirekte bevele, d.w.s. bevele met modale hulpwerkwoorde, as b2 en versoeke as b3. Hoofwerkwoordlose uitings, bv. So ja is as x gemerk. Verder is alle hoofwerkwoorde in die mans- en vroue-lêers ook met 'n x vooraan gemerk. Hierdie spesiale karakters en "woorde" is in ag geneem in berekenings. Stamel of aarsel is as @@ aangedui, en die kode @ is gebruik om te toon dat 'n karakter in die rede geval is.

Die reeds vermelde lêers is hierna in die rekenaarprogram Wordcruncher gevoer. Die onderskeie lêers is gekoppel met 'n "Link file" om vergelyking te fasiliteer. 'n Aantal soektogte na aanleiding van die geformuleerde hipoteses is uitgevoer en gekwantifiseer.

## 5.4 HIPOTESES

Algemene hipoteses:

Die algemene hipoteses wat in hierdie hoofstuk getoets gaan word, is die volgende:

* Die taalgebruik van die hoofkarakters in die tydskrifverhale in die verskillende tydperke is in ooreenstemming met die stereotipes vir die geslagte.

* Die vroulike hoofkarakter in tydskrifverhale is meer tentatief en minder in beheer as die manlike hoofkarakter.

* 'n Aantal spesiale veranderlikes wat opgeval het in vooronderskoeke is ook gevoelig vir geslag. Die besonderhede word by die spesifieke hipoteses gegee.

* Omdat verhaaldialoog op 'n heel indirekte manier deel vorm van die kommunikasie tussen tydskrifstem en leser, word die volgende nulhipotese gestel: Met betrekking tot die vrouetaalstereotipes, en die merkers van tentatiwiteit en beheer is daar geen verband tussen die gedrag van veranderlikes in verhaaldialoog in die algemeen en die verloop van tyd nie.

Spesifieke hipoteses:

Die spesifieke hipoteses wat in hoofstuk 3 gegee is, is grootliks van toepassing op die verhale. Ter wille van duidelikheid word hulle egter hier herhaal.

a) Vrouetaalstereotipes

* Die gemiddelde aantal woorde by vroue is meer as by mans. (Vroue praat meer as mans.)

* Die gemiddelde aantal werkwoorde per sin, die gemiddelde aantal woorde per sin, en die verhouding unieke woorde: woordtotaal is groter by mans as by vroue ( Vroue praat in korter, eenvoudiger sinne en hulle gebruik 'n kleiner variasie van woorde as mans.)

* Gaaf/lieflik/fantasties/oulik/wonderlik en so/vreeslik kom meer

frekwent by vroue voor as by mans. (Sekere adjektiewe en sogenaamde "semanties leë" intensiveerders word meer frekwent gebruik deur vroue as deur mans.)

* Slotvragies kom meer frekwent by vroue voor as by mans. (Vroue gebruik meer slotvragies as mans.)

* Vroue gebruik meer verkleinwoorde as mans.

* Retoriese vrae kom meer frekwent by vroue voor as by mans. (Vroue stel meer stellings in die vorm van vrae as mans.)

* Gekwalifiseerde stellings kom meer frekwent by vroue voor as by mans. (Vroue is meer geneig om stellings te kwalifiseer as mans.)

b) Beheer en tentatiwiteit

GROEP 1

| Kommunikatiewe handelinge en IPA-kategorieë |
|---|

* Positiewe reaksies, dit is +D,+V en +J kom meer voor by vroue as by mans.

* Die sterk taakgerigte handelinge: +M ("Gee mening", +I ("Verskaf inligting") en +S ("Suggereer gedrag") kom meer frekwent voor by mans as by vroue.

* +VS, +VI en +VM kom meer frekwent by vroue voor as by mans.

| Realisasie van kommunikatiewe handelinge |
|---|

* Werkwoordlose uitings kom meer frekwent by vroue voor as by mans, onder andere omdat vroue meer aarselend is en makliker onderbreek word.

* Mans is meer kontrolerend as vroue; vroue is meer onderdanig as mans.

* Naamwoordsinne en beperkende relatiewe bysinne in +S, +I en +M kom meer frekwent voor by mans as by vroue.

* Vraagsinne in +I en +M kom meer frekwent by vroue voor as by mans.

* Stel- en vraagsinne in +S kom meer frekwent by vroue voor as by mans.

Dit was in hierdie verband ook interessant om te kyk hoe frekwent gebruik die geslagte weet en onthou in +S.

* Voorwaarde-bysinne en voorbehoud-adjunkte kom meer frekwent by vroue voor as by mans.

| Modaliteit in die werkwoord |
|---|

* Die gebruik van modale hulpwerkwoorde kom meer frekwent voor by vroue as by mans.

* Deonties-gebruikte modale hulpwerkwoorde kom meer frekwent by mans voor as by vroue.

* Epistemies-gebruikte modale hulpwerkwoorde kom meer frekwent voor by vroue as by mans.

* Modale hulpwerkwoorde in +I, +M en +S, d.i. die taakgerigte handelinge kom meer frekwent by vroue voor as by mans.

| Modaliteit in die adjunk |
|---|

* Vroue gebruik meer versagters as mans.

* Mans gebruik meer versterkers as vroue.

* Vroue gebruik meer frekwent kleuradjunkte saam met 'n modale hulpwerkwoord as mans.

GROEP 2:

* Vroue gee minder direkte bevele as mans.

* Vroue gebruik minder frekwent deontiese modale hulpwerkwoorde saam met ek as onderwerp: ek kan/wil/sal.

* Vroue gebruik moet/moenie/moes minder frekwent as mans. (Sowel die deontiese as die epistemiese gebruik van hierdie modale hulpwerkwoord het 'n sterk noodsaaklikheidswaarde waaraan slegs 'n selfversekerde spreker hom of haar kan verbind.)

* Ek en ons/'n mens as onderwerp word minder frekwent deur vroue gebruik as mans.

* Is en het as hoofwerkwoorde word minder frekwent deur vroue gebruik as mans.

* Temporele afstand soos aangedui deur die hulpwerkwoord het , was, en die verledetydsvorme van die modale, kom meer frekwent voor by vroue as by mans. (Die rasionaal agter hierdie hipotese is reeds in hoofstuk 3 bespreek.)

* Werkwoorde wat afstand skep, bv. dink, voel, wens, probeer, verstaan, meen, verwag, vermoed word meer frekwent deur vroue gebruik as deur mans.

In die geval van die vertellerteks dui die werkwoorde met een van die hoofkarakters as onderwerp, asook die attribute wat aan die hoofkarakters toegeskryf word, in baie gevalle aan wie in beheer van die gesprek of situasie is.

* **Die meerderheid werkwoorde met spreker of hoorder as onderwerp is in die geval van vroue [-beheer]. Die teenoorgestelde geld vir mans.**

Om hierdie hipotese te kan bewys, is 'n verdere kodering ingevoer. Slegs hoofwerkwoorde wat die hoofkarakters as onderwerp het, is gekodeer: x1 vir die manskarakters en x2 vir die vrouekarakters. Slegs werkwoorde wat baie duidelik aandui dat die karakter nie in beheer van die situasie is nie, bv. stotter, smeek is in ag geneem, en ook slegs na raadpleging van die konteks. Slegs werkwoorde wat opsigself 'n gebrek aan beheer aandui, is in ag geneem. Staan nader in "*staan huiwerig nader*" is bv. nie hier in ag geneem nie omdat huiwerig by die attribute opgeneem is.

Die mees frekwente werkwoorde vir die verskillende geslagte word ook ondersoek.

* **Vroue aarsel meer as mans.**

* **Vroue word meer dikwels in die rede geval as mans.**

c) Spesiale veranderlikes:

* **die beroepe van die hoofkarakters**

* **die gespreksonderwerp**

* **aanspreekvorme**

* **frekwensiepatrone by attribute in die vertellerteks.**

Die attribute van die hoofkarakters wat in die narratiefteks beskryf word, het betrekking op sowel adjektiewe as adjunkte van wyse. Slegs die vertellerteks rondom dialoog is in ag geneem, sodat die attribute hoofsaaklik betrekking het op die onmiddellike kommunikasiesituasie wat beskryf word. Hierdie woorde is gekodeer as z1 vir die manskarakters en z2 vir die vrouekarakters.

Eienskappe het betrekking op die karakters se gedrag in die situasie, asook op karaktereienskappe. Vervolgens is die eienskappe as volg gekategoriseer.

i) positiewe[+] eienskappe, bv. *imposant, dierbaar.*

ii) negatiewe [-] eienskappe, bv. *meerderwaardig, lamsakkig, ongebalanseerd.*

iii) Aanduiders dat die persoon in beheer van die situasie is [+], bv. *ernstig, paaiend, kalm.*

iv) Aanduiders dat die persoon nie in beheer van die situasie is nie [-], bv. *verskrik, geskokte, inskiklike.*

v) Negatiewe gedrag, bv. *ergerlik, streng, kwaai.*

Positiewe gedrag en positiewe karaktereienskappe is sodanig ineengestrengel dat beide as positiewe eienskappe beskou is. In alle gevalle is die gekodeerde woorde in konteks beoordeel.

Lag, blydskap en opgewondenheid is as "buite beheer" aangeteken. Dit is in aansluiting by Bales (1970:125). Gevalle waaroor moeilik uitsluitsel gegee kon word, is uitgelaat; dus tel die persentasies nie op na 100% nie.

## 5.5 RESULTATE

### 5.5.1 Die Boerevrou

1) Vrouetaalstereotipes:

* *Hipotese:* **Die gemiddelde aantal woorde by vroue is meer as by mans.**

Die verhouding in die grootte van die lêers vir manskarakters tot vrouekarakters is 55%:44%.

Die manskarakters is dus meer spraaksaam as die vroue in Die Boerevrou-verhale.

* *Hipotese:* **Die gemiddelde aantal hoofwerkwoorde per sin, die gemiddelde aantal woorde per uiting, en die verhouding unieke woorde: woordtotaal is groter by mans as by vroue.**

Gemiddelde aantal hoofwerkwoorde per sin:
Mans: 1,852
Vroue: 1,945

Gemiddelde aantal woorde per uiting:
Mans: 11,094
Vroue: 11,378

Gemiddelde woordlengte:
Mans: 3,896
Vroue: 3,905

Unieke woorde: woordtotaal
Mans: 0,27
Vroue: 0,31

Vir al hierdie veranderlikes is die tellings van die vrouekarakters effens hoër as dié van die mans, met ander woorde, in teenstelling met die gestelde hipoteses, maar die

verskille is te klein vir 'n beduidende resultaat.

* *Hipotese:* Gaaf/lieflik/fantasties/oulik/wonderlik en so/vreeslik **kom meer frekwent by vroue voor as by mans.**

Voorbeelde:

Net een voorbeeld van 'n tipiese adjektief is gevind:

*¦s2 +M Hoe wonderlik het dit alles xgebeur +D en dan xsê pappie nog altyd daar xgebeur nooit iets in 'n mens se lewe wat interessant xis nie!*
*(BOEverhv4/24:39 7:2)*

'n Voorbeeld van 'n "leë" intensiveerder word ook gegee:

*¦s6 +VO Jij xis self so opreg en +VO jij xskat die dinge so hoog.*
*(BOEverhm3/22:15 2:6)*

Resultate:

**Verslag vir:** so

Totale aantal woorde in soektog: 1
Totale aantal verwysings: 18

| | | -- Frekwensie -- | | -- Persentasies -- | |
|---|---|---|---|---|---|
| Jaargang | en/of tipe | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| mans | Boerevrou | 9 | 50% | 55% | -5% |
| vroue | Boerevrou | 9 | 50% | 44% | 6% |

Gevolgtrekking:

Die resultaat is nie beduidend nie (chi-kwadraat is 0,228).

Die variansie is hier nie so groot as in die ander jaargange nie. Daar is slegs twee uitskieters:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| BOEverhm2/26:11 | 3 | 17% | 7% | 10% |
| BOEverhv10/22:10 | 3 | 17% | 3% | 14% |

* *Hipotese:* **Slotvragies kom meer frekwent by vroue voor as by mans.**

Voorbeelde:

*¦s2 b1 +S xKyk hier, +VI jy het xverloor, nie waar nie?*
*(BOEverhm2/23:23 1:2)*

*¦s3 +VM Jy wil dit hoofsaaklik tog leer xverstaan, nie waar nie?*
*(BOEverhm12/25:41 13:3)*

*¦s2 +M maar ou vriende xsê nie meneer en mejuffrou vir mekaar nie, +S b3 xsê asseblief Theo vir my, sal jy Lois?*
*(BOEverhm2/26:11 2:2)*

*¦s1 +S b1 xSê nou, +VB Lois liefie, +S b1 xsê nou dat ek dit xhoor - +N nee +S b1 xhou jou koppie hier, +VM dit xlê mos lekker, nie waar nie - +S b1 xsê jy xhet< my lief.*
*(BOEverhm2/26:11 7:1)*

*¦s1 +OVO Ek xbejammer jou as jy jou lewe, nes Ouma, so alleen wil gaan xsluit, +S xverstaan jy my?*
*(BOEverhm6/27:49 5:1)*

*¦s1 +M xDis nog vroeg, +S b3 kom ons gaan 'n entjie xry, +S en dan xlaai ek jou weer hier af, +S en jy kan van hier xterug=stap, +VB dan het jy mos die gewenste oefening, nie waar nie?*
*(BOEverhm12/28:37 3:1)*

*¦s3 +M Jy kan tog hier ook net sulke goeie werk xverrig, sonder om so ver van hulle af te gaan, nie waar nie?*
*(BOEverhm12/30:13 6:3)*

*¦s3 +M Hy xis regtig lief, né?*
*(BOEverhv1/26:37 1:3)*

*¦s1 +VB Ja, ek xken u dogter en het u seun xontmoet - +VI gister glo, nie waar nie?*
*(BOEverhv1/26:37 2:1)*

*¦s4 +S Jy xkom seker een van die dae 'n bietjie oor né?*
*(BOEverhv12/30:13 8:4)*

Resultate:

**Verslag vir:** nie/waar/xverstaan/jy/?

Totale aantal woorde in soektog: 5
Totale aantal verwysings: 10

| | | -- Frekwensie -- | | -- Persentasies -- | |
|---|---|---|---|---|---|
| Jaargang | en/of tipe | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| mans | Boerevrou | 7 | 70% | 55% | 15% |
| vroue | Boerevrou | 3 | 30% | 44% | -14% |

Gevolgtrekking:

Die hipotese word verwerp, maar die voorbeelde is te min vir 'n beduidende resultaat (chi-kwadraat is 0,8544).

* *Hipotese:* **Vroue gebruik meer verkleinwoorde as mans.**

**Voorbeelde:**

Die voorbeelde is: *orreltjie, juffertjie, droomnooientjie (2), nooientjies (3), liefie, entjie (2), eentjie alleentjie, halfuurtjie (2), rosies, hekkie (2), pappie (5), stroompie, mammie (2)*

**Resultate:**

**Verslag vir:** *ie/*ies

Totale aantal woorde in soektog: 2
Totale aantal verwysings: 24

| | | -- Frekwensie -- | | -- Persentasies -- | |
|---|---|---|---|---|---|
| Jaargang | en/of tipe | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| mans | Boerevrou | 12 | 50% | 55% | -5% |
| vroue | Boerevrou | 12 | 50% | 44% | 6% |

**Gevolgtrekking:**

Daar is geen beduidende verskil tussen die geslagte nie (chi-kwadraat is 0,305).

* *Hipotese:* **Retoriese vrae kom meer frekwent by vroue voor as by mans.**

**Resultate:**

**Verslag vir:** ?

Totale aantal woorde in soektog: 1
Totale aantal verwysings: 12

| | | -- Frekwensie -- | | -- Persentasies -- | |
|---|---|---|---|---|---|
| Jaargang | en/of tipe | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| mans | Boerevrou | 5 | 42% | 55% | -13% |
| vroue | Boerevrou | 7 | 58% | 44% | 14% |

**Gevolgtrekking:**

Die hipotese word bevestig, maar die aantal voorbeelde is te min vir 'n beduidende resultaat (chi-kwadraat is 0,948).

* *Hipotese:* **Gekwalifiseerde stellings kom meer frekwent by vroue voor as by mans.**

**Voorbeelde:**

Die voorbeelde is as volg:

*¦s1 +VB x Baie dankie, maar ek moet weer op pad.*
*(BOEverhm7/20:7 5:1)*

*¦s1 +N Nee, +N dit kan ek nie xbeloof nie, +VO ek sal jou nou xverlaat om dit jou innige wens xis, +M en dit xskyn of ek jou net xpynig in plaas van jou te troos, +SP maar ek xsmeek jou om jou te bedink +SP en te onthou hoe lief ek jou xhet<, +S en ek sal nie hoop xopgee dat jy jou besluit sal xverander nie.*
*(BOEverhm7/25:23 5:1)*

*¦s1 +J Ja, +I maar ek het met die sneltrein xgekom.*
*(BOEverhm12/28:37 8:1)*

*¦s4 +VO Marietjie, ek kon al eerder hier xgewees het .... twee jaar gelede, +VO maar ek wou jou die verdriet xspaar .... +VO ek kon nie my verminkte liggaam vir jou xaanbied nie, +VO en ek het xweggebly, twee jare lank.*
*(BOEverhm6/29:21 4:4)*

*¦s5 +VO Maar ek kon dit nie xstaan nie .... +VO xvergeef my .... +VO ek kon dit nie xstaan nie.*
*(BOEverhm6/29:21 4:5)*

*¦s2 +M ek xhet< pappie baie lief, +M maar ek xwens hy wil nie altyd xspot met alles wat romanties xis nie.*
*(BOEverhv4/24:39 8:2)*

*¦s2 +OVN maar ek kan jou nie die rede xgee waarom ek jou hulp nie kan xaanneem nie, +SP en daarom xsmeek ek jou, +OVB b3 xverlaat my, +OVB xlaat my alleen, +M ek xly bitter!*
*(BOEverhv7/25:93 3:2)*

*¦s1 +I O ja, maar ek het nooit die Taal leer xpraat nie .... +M nooit xgedink dit sal nodig xwees nie.*
*(BOEverhv12/25:41 6:1)*

*¦s1 +M 'n Ford sal ek darem altyd xuitken, al xis hy ook enige kleur geskilder, +M maar verder xwaag ek dit nie.*
*(BOEverhv12/28:37 2:1)*

*¦s1 +VO Dit sal bepaald lekker xwees, +N maar ek xvoel werklik dat ek die oefening nodig xhet, +M daarvandaan die wandeling vanmiddag.*
*(BOEverhv12/28:37 3:1)*

Resultate:

**Verslag vir:** ek/maar

Totale aantal woorde in soektog: 2
Totale aantal verwysings: 10

| | | -- Frekwensie -- | | -- Persentasies -- | |
|---|---|---|---|---|---|
| Jaargang | en/of tipe | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| mans | Boerevrou | 5 | 50% | 55% | -5% |
| vroue | Boerevrou | 5 | 50% | 44% | 6% |

Gevolgtrekking:

Ook hier is die aantal voorbeelde te min vir 'n beduidende resultaat.

2) Beheer en tentatiwiteit:

GROEP 1

Kommunikatiewe handelinge en IPA-kategorieë

* *Hipotese:* Positiewe reaksies, dit is +D, +V en +J kom meer voor by vroue as by mans, terwyl die sterk taakgerigte handelinge: +M ("Gee mening"), +I ("verskaf inligting") en +S ("Suggereer gedrag") meer voorkom by mans as by vroue.

Voorbeelde:

*¦s5 +D Om haar te plesier het ek allerhande dinge xonderneem waar ek nie voor xdeug nie, +D plaas mij bij die boerderij te bepaal, +D waar ek lus voor xhad. (BOEverhm3/22:15 5:5)*

*¦s7 +VO Wil jij mij nie xvergewe voor ek xweggaan nie? (BOEverhm3/22:15 5:7)*

*¦s1 +VB Ag wat, jy moes maar in die bed xgebly het. (BOEverhm8/22:10 3:1)*

Resultate:

**Verslag vir:** +d/+j/+vb/+vo

Totale aantal woorde in soektog: 4
Totale aantal verwysings: 209

| Jaargang | en/of tipe | -- Frekwensie -- Aantal | Werklik | -- Persentasies -- Verwag | Verskil |
|---|---|---|---|---|---|
| mans | Boerevrou | 125 | 60% | 55% | 5% |
| vroue | Boerevrou | 84 | 40% | 44% | -4% |

**Verslag vir:** +i/+m/+s

Totale aantal woorde in soektog: 3
Totale aantal verwysings: 283

| Jaargang | en/of tipe | -- Frekwensie -- Aantal | Werklik | -- Persentasies -- Verwag | Verskil |
|---|---|---|---|---|---|
| mans | Boerevrou | 157 | 55% | 55% | 0% |
| vroue | Boerevrou | 126 | 45% | 44% | 1% |

Gevolgtrekking:

Vir "Positiewe reaksies" word die hipotese verwerp, maar die verskil is te min vir 'n beduidende resultaat (chi-kwadraat is 1,56).

Vir die taakgerigte handelingsfunksies is daar geen verskil tussen die geslagte waargeneem nie (chi-kwadraat is 0,02).

* *Hipotese:* **+VS,+VI en +VM kom meer frekwent by vroue voor as by mans.**

Voorbeelde:

*¦s1 +M Ek sou xdink, Theo, +VI sonder om jou te vlei dat daar seker al baie noointjies moes xgewees't wat verlief op jou xwas.*
*(BOEverhv9/26:11 6:1)*

*¦s1 +VB Maar my liewe, xis dit jy, Adriaan - +VI en waar xis Rosie?*
*(BOEverhv6/27:49 1:1)*

*¦s1 +VO Ag nou ja, ek xis te vaak om te argumenteer .... +VI hoe xgaan dit tuis?*
*(BOEverhv6/27:49 2:1)*

Resultate:

Verslag vir: +vs/+vm/+vi

Totale aantal woorde in soektog: 3
Totale aantal verwysings: 39

| Jaargang | en/of tipe | -- Frekwensie -- Aantal | Werklik | -- Persentasies -- Verwag | Verskil |
|---|---|---|---|---|---|
| mans | Boerevrou | 22 | 56% | 55% | 1% |
| vroue | Boerevrou | 27 | 44% | 44% | 0% |

Gevolgtrekking:

Daar is geen verskil tussen die geslagte nie (chi-kwadraat is 0,015).

## Realisasie van kommunikatiewe handelinge

* *Hipotese:* **Werkwoordlose uitings kom meer frekwent by vroue voor as by mans.**

Voorbeelde:

*¦p1¦s1 +I x Een-en-twintig? ¦s2 +I Ek xis drie-en-twintig.*
*(BOEverhm10/20:6 1:1)*

*¦p3¦s1 x Wel. ¦s2 +I ek xgaan vanaand weg. ¦s3 +VO Ek xis dankbaar dat ek jou nog weer kon xsien.... ¦s4 +VB x Dag, mej. Verster.*
*(BOEverhm3/22:15 3:1)*

Resultate:

Verslag vir: x (werkwoordlose uitings)

Totale aantal woorde in soektog: 1
Totale aantal verwysings: 73

| Jaargang | en/of tipe | -- Frekwensie -- Aantal | Werklik | -- Persentasies -- Verwag | Verskil |
|---|---|---|---|---|---|
| mans | Boerevrou | 37 | 51% | 55% | -4% |
| vroue | Boerevrou | 36 | 49% | 44% | 5% |

Gevolgtrekking:

Geen beduidende verskil is vir die geslagte waargeneem nie (chi-kwadraat is 0,70).

* *Hipotese:* Mans is meer kontrolerend as vroue; vroue is meer onderdanig as mans.

Voorbeelde:

*¦s1 +OVB x Net een voorwaarde.*
*(BOEverhm2/23:23 3:1)*

*¦s5 +VB x Goei nag, +D klein towerheks.*
*(BOEverhm2/23:23 3:5)*

*¦s6 b1 +VB xSlaap gerus, en +S xdroom waar die testament is, hoor!*
*(BOEverhm2/23:23 3:6)*

*¦s2 +VB Ek xhet jou so lief, +VB ek xhet jou lief van die eerste wat ek jou ooit xgesien het, +D jy xis my droom-noointjie - my ideale vrou - my pragtige meisie wat ek dag vir dag xbewonder het.*
*(BOEverhm4/24:39 2:2)*

*¦s7 +OVO Ek, @@ ek xwas 'n lafaard, +OVO en xhad nie moed of verstand om jou die waarheid te vertel nie.*
*(BOEverhm3/22:15 2:7)*

*¦s3 +VO Ek xis dankbaar dat ek jou nog weer kon xsien....*
*(BOEverhm3/22:15 3:3)*

*¦s2 +VO Ek het die hele ding xopgegee.*
*(BOEverhm3/22:15 4:2)*

Resultate:

**Verslag vir:** +ovb/+vb **(kontrolerend)**

Totale aantal woorde in soektog: 2
Totale aantal verwysings: 73

| | | -- Frekwensie -- | | -- Persentasies -- | |
|---|---|---|---|---|---|
| Jaargang | en/of tipe | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| mans | Boerevrou | 47 | 64% | 55% | 9% |
| vroue | Boerevrou | 26 | 36% | 44% | -8% |

**Verslag vir:** +ovo/+vo **(onderdanig)**

Totale aantal woorde in soektog: 2
Totale aantal verwysings: 76

| Jaargang | en/of tipe | -- Frekwensie -- Aantal | Werklik | -- Persentasies -- Verwag | Verskil |
|---|---|---|---|---|---|
| mans | Boerevrou | 45 | 59% | 55% | 4% |
| vroue | Boerevrou | 31 | 41% | 44% | -3% |

**Gevolgtrekking:**

Manskarakters is inderdaad meer kontrolerend as die vroue en die resultaat is beduidend op 'n peil van 5% (chi-kwadraat is 5,144).

Wat onderdanigheid betref, is daar egter geen verskil tussen die geslagte nie (chi-kwadraat is 0,423).

* *Hipotese:* **Naamwoordsinne en beperkende relatiewe bysinne in +S, +I en +M kom meer frekwent voor by mans as by vroue.**

**Resultate:**

**Verslag vir:** +i/+s/dat/wat

Totale aantal woorde in soektog: 4
Totale aantal verwysings: 19

| Jaargang | en/of tipe | -- Frekwensie -- Aantal | Werklik | -- Persentasies -- Verwag | Verskil |
|---|---|---|---|---|---|
| mans | Boerevrou | 12 | 63% | 55% | 8% |
| vroue | Boerevrou | 7 | 37% | 44% | -7% |

**Gevolgtrekking:**

Die resultaat stem ooreen met die hipotese, maar dit is nie beduidend nie (chi-kwadraat is 0,451).

* *Hipotese:* **Vraagsinne in +I en +M kom meer frekwent by vroue voor as by mans.**

**Voorbeelde:**

Voorbeelde is as volg:

Daar is geen beduidende verskil tussen die geslagte in die gebruik van ek as onderwerp nie (chi-kwadraat is 0,27). Die variansie is baie klein.

In die geval van die inklusiewe ons en 'n mens as onderwerp, is daar ook geen beduidende verskil tussen die geslagte nie (chi-kwadraat is 0,234).

* *Hipotese:* Is en het as hoofwerkwoorde word minder frekwent deur vroue gebruik as mans.

Bespreking en voorbeelde:

Voorbeelde is die volgende:

*¦s1 +N Maar ek xis nie, hoor.*
*(S70verhv18/5/71:49 1:1)*

*¦s2 +I Natuurlik xis daar ander.*
*(S70verhv18/5/71:49 5:2)*

*¦s2 +M Ek xhet baie vriende op die dorp +OVB en ek kan nie om een se onthalwe die res links laat xlê nie.*
*(S70verhv18/5/71:49 8:2)*

Resultate:

**Verslag vir:** xis/xhet

Totale aantal woorde in soektog: 2
Totale aantal verwysings: 134

| Jaargang | en/of tipe | -- Frekwensie -- Aantal | Werklik | -- Persentasies -- Verwag | Verskil |
|---|---|---|---|---|---|
| mans | 70/71 | 68 | 51% | 49% | 2% |
| vroue | 70/71 | 66 | 49% | 50% | -1% |

Gevolgtrekking:

Daar is geen beduidende verskil tussen die geslagte nie (chi-kwadraat is 0,0982).

Opmerkings:

Dit was ook interessant om te kyk of voorkoms van xis/xhet saam met ek/jy/hy/sy/ons as onderwerpe met die bostaande resultaat sou korreleer.

Voorbeelde:

*¦s1 +N hy xis 'n knewel vir sy ouderdom.*
*(S70verhm12/8/70:106 2:1)*

*¦s2 +I ek xhet 'n wolfhond, +VO eintlik baie lief vir die dier @@.*
*(S70verhm26/8/70:57 2:2)*

*¦s1 +I ek xis Piet du Plessis.*
*(S70verhm26/8/70:57 4:1)*

Resultate:

**Verslag vir:** ek/jy/ons/hy/sy/xis/xhet

Totale aantal woorde in soektog: 7
Totale aantal verwysings: 66

| Jaargang | en/of tipe | -- Frekwensie -- Aantal | Werklik | -- Persentasies -- Verwag | Verskil |
|---|---|---|---|---|---|
| mans | 70/71 | 32 | 48% | 49% | -1% |
| vroue | 70/71 | 34 | 52% | 50% | 2% |

Gevolgtrekking:

Ook in hierdie geval is daar geen beduidende verskil tussen die

geslagte nie.

* *Hipotese:* Temporele afstand soos aangedui deur die hulpwerkwoord het, was, en die verledetydsvorme van die modale, kom meer frekwent voor by vroue as by mans.

Resultate:

**Verslag vir:** het/xwas/wou/kon/moes/sou

Totale aantal woorde in soektog: 6
Totale aantal verwysings: 123

| | | -- Frekwensie -- | | -- Persentasies -- | |
|---|---|---|---|---|---|
| Jaargang | en/of tipe | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| mans | 70/71 | 50 | 41% | 49% | -8% |
| vroue | 70/71 | 73 | 59% | 50% | 9% |

Gevolgtrekking:

Hierdie resultaat het wel die hipotese bevestig. Chi-kwadraat is 3,9 wat beduidend is op 'n peil van 5%. Variansie is klein.

* *Hipotese:* Werkwoorde wat afstand skep: ek dink/voel/wens/verstaan/meen/verwag/vermoed/hoop/wonder/glo/twyfel en hulle verledetydsvorme word meer frekwent deur vroue gebruik as deur mans.

Bespreking en voorbeelde:

*¦s3 +VM Ek xwonder hoe ver hulle agter die soetgoed xaanvlieg.*
*(S70verhm26/9/70:107 5:3)*

*¦s1 +J Ek xbesef dit, +M maar ek xverstaan nie hoekom nie.*
*(S70verhm27/1/71:141 5:1)*

*¦s1 +M ek xdink dit xis 'n heerlike plekkie.*
*(S70verhv26/8/70:57 3:1)*

*¦s1 +VB ek xhoop u xgeniet die verblyf.*
*(S70verhv26/8/70:57 5:1)*

Resultate:

**Verslag vir:**
xdink/xgedink/xvoel/xprobeer/xverstaan/xmeen/xverwag/xhoop/xwonder/xgewonder

Totale aantal woorde in soektog: 10
Totale aantal verwysings: 15

| | | -- Frekwensie -- | | -- Persentasies -- | |
|---|---|---|---|---|---|
| Jaargang | en/of tipe | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| mans | 70/71 | 7 | 47% | 49% | -2% |
| vroue | 70/71 | 8 | 53% | 50% | 3% |

Gevolgtrekking:

Daar is nie 'n beduidende verskil tussen die geslagte nie (chi-kwadraat is 0,0497).

Opmerkings:

Die kombinasie van weet, en ek teenoor jy as onderwerp gee egter wel interessante resultate.

Die volledige voorbeelde vir ek weet is as volg:

*¦s1 +I jy xhet geen pligte nie, sover ek xweet.*
*(S70verhm27/1/71:56 4:1)*

*¦s1 +SP ek xweet werklik nie.*
*(S70verhm27/1/71:56 5:1)*

*¦s1 +J ek xweet ja, +M maar ek xhet tog lus en xbly oor.*
*(S70verhm24/2/71:94 5:1)*

*¦s3 +VO Ek x is jammer, +VO ek xweet nie hoe om dit te sê nie.*
*(S70verhm30/12/70:14 6:3)*

*¦s4 +VO Ek xweet nie waar om te begin nie.*
*(S70verhm30/12/70:14 6:4)*

*¦s1 +S Lida, +VS ek xweet nie juis waarheen nie.*
*(S70verhm5/5/71:61 18:1)*

*¦s2 +OVB Ek xweet dit xis onbelangrik vir jou @.*
*(S70verhm10/3/71:181 2:2)*

*¦s1 +VB Ek xweet, ek xweet.*
*(S70verhm9/9/70:36 7:1)*

*¦s4 +SP Ja, ek xweet.*
*(S70verhm27/1/71:141 2:4)*

*¦s1 +N Ek dit xgeweet!*
*(S70verhm27/1/71:141 11:1)*

*¦s2 +N Hoe kon ek dit xgeweet het?*
*(S70verhm27/1/71:141 11:2)*

*¦s1 +VB My liewe vrou, +M ek xweet sommer net.*
*(S70verhm10/2/71:147 4:1)*

*¦s2 +OVN hoe moet ek nou xweet om daar te xkyk?*
*(S70verhv24/2/71:94 2:2)*

*¦s1 +M Ek xweet nie.*
*(S70verhv24/2/71:57 5:1)*

*¦s2 +VO Ek xweet dit.*
*(S70verhv27/1/71:141 7:2)*

*¦s1 +D As ek xgeweet het, Herman Beyers, dat jy nie xgeweet het nie, dan sou ek nooit so simpel xgewees het om dit vir jou te sê nie.*
*(S70verhv27/1/71:141 12:1)*

*¦s3 +M Jy xweet nou wat ek xgeweet het van die eerste dag af toe jy by Breytenburgs xaangekom het.*
*(S70verhv27/1/71:141 12:3)*

Resultate:

**Verslag vir:** ek/xweet/xgeweet

Totale aantal woorde in soektog: 3
Totale aantal verwysings: 19

| | | -- Frekwensie -- | | -- Persentasies -- | |
|---|---|---|---|---|---|
| Jaargang en/of tipe | | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| mans | 70/71 | 14 | 74% | 49% | 25% |
| vroue | 70/71 | 5 | 26% | 50% | -24% |

Gevolgtrekking:

Manskarakters gebruik beduidend meer ek weet as die vroue.

Vir jy xweet/xgeweet is die resultaat presies die omgekeerde. Daar is nie in een van die twee gevalle 'n vaste patroon in die soort handelingsfunksie nie - 'n verskeidenheid kom voor, maar dit val tog op dat die vrouekarakters hierdie werkwoord hoofsaaklik aan die ander karakter as onderwerp toeken, terwyl die manskarakters die teenoorgestelde doen.

Voorbeelde is as volg:

*¦s1 +VO Maar jy xweet ek kan nie anders as om heel openlik met jou te wees nie.*
*(S70verhm30/12/70:14 7:1)*

*¦s3 +VB maar jy xweet hoe dit xwas: +D Pa oorlede, +D geen maklike beurse te verkry vir 'n diploma nie, +D en toe die aanbod van die drukkery om teen 'n goeie salaris te begin.*
*(S70verhm9/9/70:36 4:3)*

*¦s2 +D xDis ek wat haar xafgesê het, tot almal se groot verbasing, +D en xweet jy waarom?*
*(S70verhm9/9/70:36 8:2)*

*¦s1 +VO jy xweet nie hoeveel langer dit xhou as jy seep nie so in die nattigheid van die bakkie laat xlê nie.*
*(S70verhv2/12/70:92 3:1)*

*¦s2 +D Jy xweet wat dan xgebeur: +D jy sal xskree, +D en mense sal aangehardloop xkom.*
*(S70verhv9/9/70:36 2:2)*

*¦s2 +M xDis 'n soort swakheid: +S jy xweet, om van onverwagte dinge te hou.*
*(S70verhv9/9/70:36 6:2)*

*¦s5 +VB Leon, jy xis my man en my minnaar, +OVO maar jy xweet nie hoe beskerm ek in my pa se arms xvoel nie.*
*(S70verhv9/9/70:53 2:5)*

*¦s2 +S Jy xweet, +I die ou oor wie die meisies mal xraak.*
*(S70verhv27/1/71:141 9:2)*

*¦s2 +OVB Jy het dit tog xgeweet!*
*(S70verhv27/1/71:141 10:2)*

*¦s3 +M Jy xweet nou wat ek xgeweet het van die eerste dag af toe jy by Breytenburgs xaangekom het.*
*(S70verhv27/1/71:141 12:3)*

*¦s1 +VM Hoe xweet jy dit?*
*(S70verhv10/2/71:147 3:1)*

Resultate:

**Verslag vir:** jy/xweet/xgeweet

Totale aantal woorde in soektog: 3
Totale aantal verwysings: 11

| | | -- Frekwensie -- | | -- Persentasies -- | |
|---|---|---|---|---|---|
| Jaargang | en/of tipe | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| mans | 70/71 | 3 | 27% | 49% | -22% |
| vroue | 70/71 | 8 | 73% | 50% | 23% |

* *Hipotese:* **Die meerderheid werkwoorde met spreker of hoorder as onderwerpe is in die geval van vroue [-beheer]. Die teenoorgestelde geld vir mans.**

16,13% van alle x2-werkwoorde dui op 'n gebrek aan beheer in die kommunikasiesituasie, terwyl die syfer vir die manskarakters 8,45% is. Voorbeelde is *bontstaan, het hy geskerm, bely, sug, mompel, kry sy uit, los 'n gilletjie, skreeu moord.*

Die mees frekwente werkwoorde wat in die narratiefteks aan die manskarakter toegeskryf word, is die volgende (die syfer is die Z-telling):

| | |
|---|---|
| sê | 1.90 |
| vra | 0.65 |
| sien | 0.24 |
| kyk | 0.24 |
| staan | 0.10 |
| kom | 0.03 |

Vir die vrouekarakter lyk die syfers as volg:

| | |
|---|---|
| sê | 1.07 |
| kyk | 0.38 |
| weet | 0.24 |
| antwoord | 0.17 |
| vra | 0.10 |
| dink | 0.03 |
| hoor | 0.03 |
| knik | 0.03 |
| lag | 0.03 |
| stap | 0.03 |
| verduidelik | 0.03 |
| voel | 0.03 |
| wonder | 0.03 |

Dit is dus baie duidelik die man wat vra en die vrou wat antwoord en verduidelik.

* *Hipotese:* Vroue aarsel meer as mans.

Bespreking:

Aarseling word in die teks aangedui deur ... alhoewel nie alle sodanige leestekens as aarseling geïnterpreteer kon word nie. Onderbreking word normaalweg op dieselfde manier aangedui.

Resultate:

**Verslag vir:** @@

Totale aantal woorde in soektog: 1
Totale aantal verwysings: 19

| | | -- Frekwensie -- | | -- Persentasies -- | |
|---|---|---|---|---|---|
| Jaargang | en/of tipe | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| mans | 70/71 | 12 | 63% | 49% | 14% |
| vroue | 70/71 | 7 | 37% | 50% | -13% |

**Verslag vir:** +sp

Totale aantal woorde in soektog: 1
Totale aantal verwysings: 15

| | | -- Frekwensie -- | | -- Persentasies -- | |
|---|---|---|---|---|---|
| Jaargang | en/of tipe | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| mans | 70/71 | 10 | 67% | 49% | 18% |
| vroue | 70/71 | 5 | 33% | 50% | -17% |

Gevolgtrekking:

Die resultaat bevestig nie die hipotese nie, maar daar is te min gevalle aangeteken vir 'n beduidende resultaat (chi-kwadraat is 1,434).

Dieselfde soort resultaat word gekry vir "uiterlike spanning".

Aarseling en uiterlike spanning by die manskarakters gaan in twee gevalle saam met 'n afwysende houding. Dit verklaar hoekom hierdie resultaat nie korreleer met die resultaat vir [-beheer] waarna hierbo verwys is nie.

* *Hipotese:* Vroue word meer dikwels in die rede geval as mans.

Resultate:

**Verslag vir:** @

Totale aantal woorde in soektog: 1
Totale aantal verwysings: 10

| | | -- Frekwensie -- | | -- Persentasies -- | |
|---|---|---|---|---|---|
| Jaargang en/of tipe | | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| mans | 70/71 | 4 | 40% | 49% | -9% |
| vroue | 70/71 | 6 | 60% | 50% | 10% |

Gevolgtrekking:

Die hipotese word bevestig, maar daar is te min voorbeelde vir 'n beduidende resultaat (chi-kwadraat is 0,365).

3) Spesiale veranderlikes:

* Beroepe van held en heldin

Dit is ook hier opvallend hoe tradisioneel en ongelyk die beroepverdeling is.

Die beroepe van die mans is die volgende: boer(3), doktor, argitek(2), dokter(2), onbekende maar ryk, broodwinner, eie onderneming, lid van duidbootbemanning, besit 'n klein drukkerytjie, kunstenaar, onbekend met 'n lang, silwer motor, onbekend(4).

Die beroepe van die vroue is die volgende: huisvrou(8), weduwee "verdiep in huis en tuin", vroeër werkend maar nou getroud, sekretaresse (2), onderwyseres, onbekend(4).

* Die gespreksonderwerp

In nege van die verhale is die hoofkarakters getroud en die gesprek handel oor aspekte van die huweliksverhouding, bv. kinders, die gespreksgenote se wedersydse jaloesie en die vrou se swangerskap en die implikasies wat dit vir hulle het, die vrou se verlange na haar pa en die speelding wat sy vir haar gekoop het, ou konflikte, die man se werksambisie, en 'n ou liefde van die man. In die verhale waarin die hoofkarakters ongetroud is, draai die gesprek hoofsaaklik rondom die verhouding self. In een van die verhale is daar konflik omdat die vrouekarakter die man se seksuele toenadering afwys. Daar verskyn dan uiteindelik 'n nuwe "held" op die toneel wat die tradisionele waardesisteem verteenwoordig.

* Vriendelik vs. onvriendelik

Soos in die geval van 1949/50 is die manskarakters vriendeliker as die vroue, en die vroue onvriendeliker as die mans. Die verskille is egter klein en nie beduidend nie.

Voorbeelde is as volg:

*¦p3¦s1 +I O, ek xwerk Wessel, +OVO die liewe Here xweet, ek xwerk verskriklik hard, +OVO maar b1 xkyk net hoe xlyk ek nou.*
*(S70verhv5/5/71:91 3:1)*

*¦p7¦s1 +OVB x Goed! ¦s2 +OVB x Goed! ¦s3 +OVB x Jy kan as jy wil!*
*(S70verhv5/5/71:91 7:1)*

Voorbeelde in die tweede geval is die volgende:

*¦s2 +VB Dus my enigste dierbaarste vroutjie, +VB xweet ons nou albei.*
*(S70verhm2/12/70:92 1:2)*

*¦s4 +S b2 xkom ons gaan xslaap, +VB want jou ogies xlyk maar verlep, +D en ek xneem aan dat dit oor my xis dat jy nie kon xslaap nie.*
*(S70verhm2/12/70:92 1:4)*

*¦s1 +VB ek xis bevrees my engel, +VB ons xwas 'n bietjie onverantwoordelik.*
*(S70verhm2/12/70:92 2:1)*

Resultate:

**Verslag vir:** +vb/+vo (vriendelik)

Totale aantal woorde in soektog: 2
Totale aantal verwysings: 86

| | | -- Frekwensie -- | | -- Persentasies -- | |
|---|---|---|---|---|---|
| Jaargang en/of tipe | | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| mans | 70/71 | 49 | 57% | 49% | 8% |
| vroue | 70/71 | 37 | 43% | 50% | -7% |

Verslag vir: +ovb/+ovn/+ovo (onvriendelik)

Totale aantal woorde in soektog: 3
Totale aantal verwysings: 102

| Jaargang en/of tipe | | -- Frekwensie -- Aantal | Werklik | -- Persentasies -- Verwag | Verskil |
|---|---|---|---|---|---|
| mans | 70/71 | 46 | 45% | 49% | -4% |
| vroue | 70/71 | 56 | 55% | 50% | 5% |

* Aanspreekvorme vir mans

Uit 'n totaal van 92:

jy = 53
eiename = 15
troetelname = 13
(*my liefste dierbaarste ou vroutjie, my engel, mamma, my Eskimo-meisie, meisie, ou Alida man, Lida, uilskuiken, my dierbaarste ou vroutjie*)
ongeduldige name = 5
(*vrou, man, my liewe vrou, my liewe mens)*
formele name: mev/u = 6

* Aanspreekvorme vir vroue

Uit 'n totaal van 96:

jy = 72
eiename = 13
troetelname = 3
(*Gerrie, Leontjie*)
ongeduldige name = 5
(*Wessel man, Herman Beyers*)
formele name: u = 3

Troetelname word dus vyf keer meer deur die manskarakters gebruik as deur die vroue. Dit stem ooreen met die vorige jaargang.

* Attribute van mans en vroue soos aangegee deur adjektiewe en adjunkte

Mans:
eienskappe [+] : 29% van alle zl-woorde (bv. *besorg, blinklagliggies, eerlik, mooi*)

eienskappe [-] : 13.97% van alle zl-woorde (bv. *dun hare, militêr, styfheid*)

spot/terg : slegs een voorbeeld

in beheer : 11,82% van alle z1-woorde (*rats, vasbeslotenheid, vraende*)

buite beheer : 37,63% van alle z1-woorde (bv. *selfbewus, vrees, wanhopig*)

onvriendelik : 7.52% (bv. *verwyt, kwaai*)

**Vroue:**
eienskappe [+]: 32,2% van alle z2-woorde (bv. *blinkgladde hare, dogtertjie, fris*)

eienskappe [-]: 11,45% van alle z2-woorde
(bv. *jaloesie, maer, mistroostig*)

spot/terg : 0% van alle z2-woorde

in beheer : 13,54% van alle z2-woorde
(bv. *saaklik, vasberade, versigtig*)

buite beheer : 35,4% van alle z2-woorde
(bv. *skaam, skrik, trane, spontaan*)

onvriendelik : 7,29% (bv. *styf, vies*)

In vergelyking met vorige jaargange is hier baie min verskil tussen vroulike en manlike karakters. Dit is in ooreenstemming met die resultate in die ander afdelings.

Die groot oorwig vir beide geslagte van positiewe eienskappe en handelinge waar die persoon buite beheer is, val ook op.

Mans is "kwaai", maar vroue is "vies".

**Gevolgtrekking vir die vrouetaalstereotipes:**

Die verskil tussen die geslagte is oor die algemeen te klein vir 'n beduidende resultaat.

Die tipiese adjektiewe en die sogenaamde "semanties leë" intensiveerders word weer eens meer frekwent deur die vrouekarakters gebruik.

Slotvragies en gekwalifiseerde stellings kom te min voor vir sinvolle kwantifisering.

Verkleinwoorde word, soos in 1949/50 meer frekwent deur die manskarakters gebruik.

Daar is geen verskil in die gebruik van retoriese vrae nie.

**Algemene gevolgtrekkings vir Groep 1 van tentatiwiteit versus beheer:**

Daar is feitlik geen verskil in die taalgedrag van die twee geslagte soos gemeet aan die vermelde veranderlikes nie.

**Algemene gevolgtrekkings vir Groep 2 van tentatiwiteit versus beheer:**

Net soos in die geval van Groep 1 is daar vir die meeste hipoteses nie 'n beduidende verskil tussen die geslagte nie. Dit is slegs vir temporele afstand wat 'n beduidende resultaat gekry is.

Alhoewel daar te min waarnemings vir 'n beduidende resultaat is, val dit tog op dat die resultaat vir aarseling en "Spanning" nie korreleer met die resultaat vir beheer soos uit werkwoorde met hoofkarakter as onderwerp in die vertellerteks aangedui word nie.

Oor die algemeen is geslag dus in hierdie jaargang onafhanklik van die gedrag van die veranderlikes wat ondersoek is. Van die 38 hipoteses wat sinvol gekwantifiseer kon word, het slegs drie 'n beduidende resultaat opgelewer, twee positief ten opsigte van die gestelde hipotese, en een negatief. Vir 21 hipoteses is die gedrag van die veranderlike onafhanklik van geslag. In 8 gevalle is die resultaat in ooreenstemming met die gestelde hipotese alhoewel dit nie beduidend is nie, en in 6 gevalle is dit nie in ooreenstemming nie.

5.5.4 Sarie 1988/89

1) Vrouetaalstereotipes:

* *Hipotese:* **Die gemiddelde aantal woorde by vroue is meer as by mans.**

Die verhouding in die grootte van die lêers van die manskarakters tot dié van die vrouekarakters is 60%:40% In die verhale wat ondersoek is, het die mans dus meer gepraat as die vroue.

* *Hipotese:* **Die gemiddelde aantal werkwoorde per sin, die gemiddelde aantal woorde per uiting, en die verhouding unieke woorde: woordtotaal is groter by mans as by vroue.**

Gemiddelde aantal hoofwerkwoorde per sin:

Mans: 1,34
Vroue: 1,26

Gemiddelde aantal woorde per uiting:

Mans: 8,27
Vroue: 7,60

Gemiddelde woordlengte:

Mans: 4,09
Vroue: 4,14

Unieke woorde: woordtotaal

Mans: 0,28
Vroue: 0,31

Slegs in die geval aantal woorde per uiting is die resultaat soos die gestelde hipotese. In die ander gevalle is die verskille so klein dat dit negeerbaar is.

* *Hipotese:* **Gaaf/lieflik/fantasties/oulik/wonderlik en so/vreeslik kom meer frekwent by vroue voor as by mans.**

Bespreking:

Slegs vyf voorbeelde van die adjektiewe is aangeteken, twee by manskarakters en twee by vroue.

*¡s1 +D 'n Fantastiese meisie het my probeer xverlei.*
*(S88verhm25/1/89:98 30:1)*

*¡s1 +D x O vreeslik baie , +VB veral as hulle so lieflik xruik soos jy.*
*(S88verhm16/11/88:77 9:1)*

*¡s2 +D X Wat 'n wonderlike verrassing!*
*(S88verhv3/5/89:119 2:2)*

*¡s2 +M Ons xweet dat jy vir 'n paar dae hier xis voordat jy weer xmoet terug Harvard toe +M en toe xdag ons dat dit gaaf sal xwees om vir jou te kom xkuier.*
*(S88verhv7/9/88:130 4:2)*

Die aantal "leë" intensiveerders is ook baie min, maar die resultaat is tog gekwantifiseer. Enkele voorbeelde volg:

*¡s3 +S Katie , +M ons xis so verskillend.*
*(S88verhm25/1/89:98 27:3)*

*¡s2 +M Ek xhet so 'n sielsbehoefte om weer 'n keer my geboortegrond onder my voete te xvoel , +D die soetdorings te xruik , +D die maan agter die berg te sien xuitkom.*
*(S88verhm22/2/89:101 15:2)*

*¡s1 +SP Ek xweet nie wat hier xaangaan nie @@ xdis so donker.*
*(S88verhv10/8/88:96 2:1)*

**Resultate:**

**Verslag vir:** so

Totale aantal woorde in soektog: 1
Totale aantal verwysings: 7

| | | -- Frekwensie -- | | -- Persentasies -- | |
|---|---|---|---|---|---|
| Jaargang | en/of tipe | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| mans | 88/89 | 2 | 29% | 60% | -31% |
| vroue | 88/89 | 5 | 71% | 40% | 31% |

**Gevolgtrekking:**

Chi-kwadraat is 2,88, wat nie 'n beduidende resultaat op die peil van 5% is nie. Dit is egter wel beduidend op 'n peil van 10%. Die variansie is egter groot soos wat die besonderhede van uitskieters aandui:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| S88verhv10/8/88:96 | 1 | 14% | 1% | 13% |
| S88verhv7/9/88:130 | 1 | 14% | 2% | 12% |
| S88verhv30/11/88:128 | 1 | 14% | 2% | 12% |

* *Hipotese:* Slotvragies kom meer frekwent by vroue voor as by mans.

Resultate:

Verslag vir:
nie/waar/verstaan/jy/of/hoe/?/anders/weet/onthou

Totale aantal woorde in soektog: 10
Totale aantal verwysings: 13

| | | -- Frekwensie -- | | -- Persentasies -- | |
|---|---|---|---|---|---|
| Jaargang en/of tipe | | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| mans | 88/89 | 8 | 62% | 60% | 2% |
| vroue | 88/89 | 5 | 38% | 40% | -2% |

Gevolgtrekking:

Daar is geen beduidende verskil in die gebruik van slotvragies by die twee geslagte nie.

* *Hipotese:* Vroue gebruik meer verkleinwoorde as mans.

Bespreking en voorbeelde:

Hierdie veranderlike het geen beduidende resultaat opgelewer nie, veral omdat daar so min verkleinwoorde voorgekom het.

In verhaal 82 het die manlike hoofkarakter ses keer "onnodig" selfstandige naamwoorde verklein, nl. *lyntjie* en *driebeen-dingetjie*. 'n Eienaam is een keer verklein in 'n troetelnaam, nl. *Liddie*. Die ander vyf verkleinwoorde is sodanig funksioneel dat hulle nie gereken kan word nie.

'n Vroulike hoofkarakters het net een keer 'n "onnodige" verkleinwoord gebruik en toe in diens van sarkasme: *kalmeerpilletjie* in verhaal 42 (25/1/89:98). Die ander twee is sodanig funksioneel dat hulle nie gereken kan word nie.

* *Hipotese:* Retoriese vrae kom meer frekwent by vroue voor as by mans.

Bespreking en voorbeelde:

Dit sluit een bevel as vraag in:

*Sal jy omgee om te gaan?*

Resultate:

**Verslag vir:** ? (Retoriese vrae)

Totale aantal woorde in soektog: 1
Totale aantal verwysings: 27

| Jaargang | en/of tipe | -- Frekwensie -- Aantal | Werklik | -- Persentasies -- Verwag | Verskil |
|---|---|---|---|---|---|
| mans | 88/89 | 12 | 44% | 60% | -16% |
| vroue | 88/89 | 15 | 56% | 40% | 16% |

Gevolgtrekking:

Die resultaat is beduidend op 'n peil van 5 % nie, maar wel op 'n peil van 10% (chi-kwadraat is 2,7221). Vrouekarakters gebruik inderdaad meer retoriese vrae as die mans.

* *Hipotese:* **Gekwalifiseerde stellings kom meer frekwent by vroue voor as by mans.**

Bespreking en voorbeelde:

Slegs by die mans is die sogenaamde tipiese "Ek is jammer...maar" gevind (2 voorbeelde).

Resultate:

**Verslag vir:** ek/maar

Totale aantal woorde in soektog: 2
Totale aantal verwysings: 7

| Jaargang | en/of tipe | -- Frekwensie -- Aantal | Werklik | -- Persentasies -- Verwag | Verskil |
|---|---|---|---|---|---|
| mans | 88/89 | 6 | 86% | 60% | 26% |
| vroue | 88/89 | 1 | 14% | 40% | -26% |

Gevolgtrekking:

Die steekproef het te min voorbeelde opgelewer vir 'n beduidende resultaat.

2) Beheer en tentatiwiteit:

GROEP 1

Kommunikatiewe handelinge en IPA-kategorieë

Die steekproef het een briefverhaal ingesluit. Dit is nie gekodeer vir IPA-kategorieë nie, aan die een kant omdat dit 'n heel andersoortige kommunikasie is, en aan die ander kant omdat die briewe in daardie stadium van die verhouding almal uitgesproke onvriendelik en beledigend was en dit die resultate sou skeeftrek. Die hoë aantal adjektiewe en wyse-adjunkte in die vertellerteks wat dui op negatiewe gedrag toon egter dat hierdie verhaal tog inpas by die algemene aard van die kommunikasie in hierdie jaargang.

* ***Hipotese:*** **Positiewe reaksies, dit is +D, +V en +J kom meer voor by vroue as by mans, terwyl die sterk taakgerigte handelinge: +M, +I en +S meer voorkom by mans as by vroue.**

**Resultate:**

**Verslag vir:** +d/+j/+vb/+vo

Totale aantal woorde in soektog: 4
Totale aantal verwysings: 177

| | | -- Frekwensie -- | | -- Persentasies -- | |
|---|---|---|---|---|---|
| Jaargang | en/of tipe | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| mans | 88/89 | 113 | 64% | 60% | 4% |
| vroue | 88/89 | 64 | 36% | 40% | -4% |

**Verslag vir:** +i/+m/+s

Totale aantal woorde in soektog: 3
Totale aantal verwysings: 269

| | | -- Frekwensie -- | | -- Persentasies -- | |
|---|---|---|---|---|---|
| Jaargang | en/of tipe | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| mans | 88/89 | 185 | 69% | 60% | 9% |
| vroue | 88/89 | 84 | 31% | 40% | -9% |

**Gevolgtrekking:**

Daar is geen beduidende resultaat vir positiewe reaksies nie.

Die variansie is egter relatief groot.

Aan die ander kant is die manlike karakters beduidend meer taakgerig as die vroue, soos wat die resultaat aantoon. Chi-kwadraat is 8,626 wat beduidend is op 'n peil van 0,5%.

Ook hier is die variasie groot en hang dit nou saam met die gespreksonderwerp van die verhaal.

* ***Hipotese:*** **+VS, +VI en +VM kom meer frekwent by vroue voor as by mans.**

**Resultate:**

**Verslag vir:** +vi/+vm/+vs

Totale aantal woorde in soektog: 3
Totale aantal verwysings: 60

| | | -- Frekwensie -- | | -- Persentasies -- | |
|---|---|---|---|---|---|
| Jaargang | en/of tipe | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| mans | 88/89 | 34 | 57% | 60% | -3% |
| vroue | 88/89 | 26 | 43% | 40% | 3% |

**Gevolgtrekking:**

Die resultaat is nie beduidend nie.

## Realisasie van kommunikatiewe handelinge

* ***Hipotese:*** **Minimale reaksies, d.w.s. werkwoordlose uitings kom meer frekwent by vroue voor as by mans.**

**Resultate:**

**Verslag vir:** x

Totale aantal woorde in soektog: 1
Totale aantal verwysings: 94

| | | -- Frekwensie -- | | -- Persentasies -- | |
|---|---|---|---|---|---|
| Jaargang | en/of tipe | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| mans | 88/89 | 48 | 51% | 60% | -9% |
| vroue | 88/89 | 46 | 49% | 40% | 9% |

**Gevolgtrekking:**

Chi-kwadraat is 3,126, dus is die resultaat nie beduidend op 'n peil van 5% nie, maar dit is wel beduidend op 'n peil van 10%.

* ***Hipotese:*** **+VB en +OVB kom meer frekwent by mans voor as by vroue; daarenteen kom +VO en +OVO meer frekwent by vroue as mans voor.**

**Resultate:**

**Verslag vir:** +ovb/+vb

Totale aantal woorde in soektog: 2
Totale aantal verwysings: 125

| Jaargang | en/of tipe | -- Frekwensie -- Aantal | Werklik | -- Persentasies -- Verwag | Verskil |
|---|---|---|---|---|---|
| mans | 88/89 | 84 | 67% | 60% | 7% |
| vroue | 88/89 | 41 | 33% | 40% | -7% |

**Verslag vir:** +ovo/+vo

Totale aantal woorde in soektog: 2
Totale aantal verwysings: 61

| Jaargang | en/of tipe | -- Frekwensie -- Aantal | Werklik | -- Persentasies -- Verwag | Verskil |
|---|---|---|---|---|---|
| mans | 88/89 | 28 | 46% | 60% | -14% |
| vroue | 88/89 | 33 | 54% | 40% | 14% |

**Gevolgtrekking:**

In die tweede geval word die hipotese bevestig. Chi-kwadraat is 5,051 wat 'n beduidende resultaat is op die peil van 5%. In die eerste geval is chi-kwadraat 2,7 wat net te min is om 'n beduidende resultaat op 'n peil van 10% te gee. Die manlike karakters is dus inderdaad meer kontrolerend, terwyl die vroue onderdaniger in hulle gedrag. is. In hierdie opsig is die geslagsrolle van die hoofkarakters in 1988/89 baie tradisioneel en waarskynlik in ooreenstemming met wat die redakteur getipeer het as "egte vrystories" (in 'n onderhoud met Izak de Villiers).

* ***Hipotese:*** **Naamwoordsinne en beperkende relatiewe bysinne in +S, +I en +M kom meer frekwent voor by mans as by vroue.**

**Resultate:**

**Verslag vir:** +i/+m/+s/dat/wat

Totale aantal woorde in soektog: 5
Totale aantal verwysings: 24

| Jaargang | en/of tipe | -- Frekwensie -- Aantal | Werklik | -- Persentasies -- Verwag | Verskil |
|---|---|---|---|---|---|
| mans | 88/89 | 17 | 71% | 60% | 11% |
| vroue | 88/89 | 7 | 29% | 40% | -11% |

Gevolgtrekking:

Die resultaat is nie beduidend nie, waarskynlik omdat die waarnemings te min is. (Chi-kwadraat is 1,173)

* *Hipotese:* **Vraagsinne in +I en +M kom meer frekwent by vroue voor as by mans.**

Bespreking en voorbeelde:

Voorbeelde is die volgende:

*¡s4 +M xIs dit nie mooi nie?*
(S88verhm22/2/89:101 1:4)

*¡s3 +M Jy het dit mos xaangesit om my te plesier, of hoe?*
(S88verhm16/11/88:77 6:3)

*¡s1 +M Hoe kan ek xteken as ek nie eers meer xweet hoe om te xlewe nie?*
(S88verhv22/2/89:101 4:1)

*¡s2 +M Hoe xkan ek anders?*
(S88verhv14/12/88125 11:2)

Resultate:

**Verslag vir:** +i/+m/?

Totale aantal woorde in soektog: 3
Totale aantal verwysings: 6

| | | -- Frekwensie -- | | -- Persentasies -- | |
|---|---|---|---|---|---|
| Jaargang en/of tipe | | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| mans | 88/89 | 2 | 33% | 60% | -27% |
| vroue | 88/89 | 4 | 67% | 40% | 27% |

Gevolgtrekking:

Die hipotese word bevestig, maar die voorbeelde is te min vir 'n beduidende resultaat (chi-kwadraat is 1,78).

* *Hipotese:* **Stelsinne in +S kom meer frekwent by vroue voor as by mans.**

Voorbeelde:

*¡s3 +OVB Die intelligente ding vir ons om te xdoen , xis om Tuinsingel nr.7 te xverkoop +S en vir ons 'n nuwe , middelklas-huis te xkoop in 'n area wat ons kan xbekostig.*
*(S88verhm30/11/88128 7:3)*

*¦s2 +S Ons sal weer daaroor xpraat, Liddie.*
*(S88verhm14/12/88125 1:2)*

*¦s1 +S Dries , +S b1 Jy moet baie versigtig xwees voortaan.*
*(S88verhv16/11/88:77 3:1)*

*¦s3 +S Dan xsny ons hom middeldeur +S en deel die room en konfyt.*
*(S88verhv14/12/88125 4:3)*

*¦s1 +S b1 Jy moenie so xpraat nie, Ryno.*
*(S88verhv14/12/88125 10:1)*

Resultate:

**Verslag vir:** +s

Totale aantal woorde in soektog: 1
Totale aantal verwysings: 100

| | | -- Frekwensie -- | | -- Persentasies -- | |
|---|---|---|---|---|---|
| Jaargang en/of tipe | | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| mans | 88/89 | 74 | 74% | 60% | 14% |
| vroue | 88/89 | 26 | 26% | 40% | -14% |

**Verslag vir:** Stelsinne in +s

Totale aantal woorde in soektog: 1
Totale aantal verwysings: 60

| | | -- Frekwensie -- | | -- Persentasies -- | |
|---|---|---|---|---|---|
| Jaargang en/of tipe | | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| mans | 88/89 | 44 | 73% | 60% | 13% |
| vroue | 88/89 | 16 | 27% | 40% | -13% |

Gevolgtrekking:

Soos die resultaat aantoon, suggereer die manskarakters beduidend meer frekwent gedrag as die vroue (chi-kwadraat is 7,815).

Stelsinne in +S het nie net betrekking op die hoorder se gedrag nie, maar ook op sprekergedrag wat 'n invloed het op die karakters se verhouding. Daarom is dit hier ingesluit. Dit is dus alle +S wat nie van die bevelvorm gebruik maak nie. Die resultaat is ook hier beduidend (chi-kwadraat is 4,43), en in ooreenstemming met die resultaat vir +S. Die persentasies is egter meer insiggewend. Mans suggereer in 59% van alle gevalle gedrag deur middel van stelsinne, terwyl vroue dit in 61,5% van gevalle doen. Daar is dus geen beduidende verskil tussen die geslagte nie.

* *Hipotese:* Voorwaarde-bysinne en voorbehoud-adjunkte kom meer frekwent by vroue voor as by mans.

Voorbeelde:

*¦s1 +VB 'n Mens kan seker so ook Xmaak Juffrou , +S maar b1 kom ons Xbind die sinker liewer aan 'n ekstra stukkie lyn wat jy hier aan hierdie drie-been-dingetjie Xvasheg.*
*(S88verhm10/8/88:96 5:1)*

*¦s3 +VO En as ek xskrik , xis ek onmiddellik kwaad.*
*(S88verhm13/7/88:70 4:3)*

*¦s4 +M xDis 'n mal idee , maar dit xwerk.*
*(S88verhm5/4/89:122 4:4)*

*¦s3 +OVB Maar soos gewoonlik laat jy jou emosies die oorhand xkry!*
*(S88verhm7/9/88:130 6:3)*

*¦s2 Die noodlot xtrek 'n mens soms lelike strepe, xdis te xsê as jy die rissiepit xis wat ek vermoed jy xis!*
*(S88verhm25/1/89:95 1:2)*

Resultate:

**Verslag vir:** as/maar/hoewel

Totale aantal woorde in soektog: 3
Totale aantal verwysings: 23

| | | -- Frekwensie -- | | -- Persentasies -- | |
|---|---|---|---|---|---|
| Jaargang | en/of tipe | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| mans | 88/89 | 16 | 70% | 60% | 10% |
| vroue | 88/89 | 7 | 30% | 40% | -10% |

Gevolgtrekking:

Meer voorwaarde-sinne en voorbehoud-adjunkte kom by die manskarakters voor, maar die resultaat is nie beduidend nie (chi-kwadraat is 0,630).

* ***Hipotese:*** **Die gebruik van modale hulpwerkwoorde kom meer frekwent voor by vroue as by mans.**

Resultate:

**Verslag vir:**
behoort/hoef/kan/kon/mag/moenie/moes/moet/sal/sou/wil/wou

Totale aantal woorde in soektog: 12
Totale aantal verwysings: 155

| | | -- Frekwensie -- | | -- Persentasies -- | |
|---|---|---|---|---|---|
| Jaargang | en/of tipe | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| mans | 88/89 | 100 | 65% | 60% | 5% |
| vroue | 88/89 | 55 | 35% | 40% | -5% |

Gevolgtrekking:

Die resultaat is nie beduidend nie (chi-kwadraat is 1,21).

* ***Hipotese:*** **Deonties-gebruikte modale hulpwerkwoorde in die teenwoordige tydsvorm kom meer frekwent by mans voor as by vroue.**

Voorbeelde:

Voorbeelde uit die jaargang volg hieronder:

*¡s1 +S Dries, +S b1 Jy moet baie versigtig xwees voortaan.*
*(S88verhv16/11/88:77 3:1)*

*¡s1 +OVB 'n Mens hoef mos nie 'n sukkelaar te xbly nie, Chris.*
*(S88verhv30/11/88:128 3:1)*

Resultate:

**Verslag vir:**
behoort/hoef/kan/mag/moenie/moet/sal/wil

Totale aantal woorde in soektog: 8
Totale aantal verwysings: 82

| | | -- Frekwensie -- | | -- Persentasies -- | |
|---|---|---|---|---|---|
| Jaargang | en/of tipe | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| mans | 88/89 | 56 | 68% | 60% | 8% |
| vroue | 88/89 | 26 | 32% | 40% | -8% |

**Gevolgtrekking:**

Die resultaat is nie beduidend nie (chi-kwadraat is 2,340).

* ***Hipotese:*** **Epistemies-gebruikte modale hulpwerkwoorde kom meer frekwent voor by vroue as by mans.**

**Bespreking en voorbeelde:**

Modale hulpwerkwoorde wat na ongerealiseerde moontlikhede in die verlede verwys, is hierby ingesluit.

Hieronder volg 'n aantal van die aangetekende voorbeelde:

*¦s1 +VB 'n Mens kan seker so ook Xmaak Juffrou , +S maar b1 kom ons Xbind die sinker liewer aan 'n ekstra stukkie lyn wat jy hier aan hierdie drie-been-dingetjie Xvasheg.*
*(S88verhm10/8/88:96 5:1)*

*¦s1 +M Behoort te xwees, +I maar as dit soos ons s'n xis, xis daar reuse-pilare om die besigheid te steun, +I en die hyserskag in die middel xveroorsaak dat die een kant heeltemal onsigbaar xis van die ander kant af.*
*(S88verhm16/11/88:77 1:1)*

*¦s12 Ek moes hierdie houding van jou seker xverwag het.*
*(S88verhv7/9/88:130 2:12)*

*¦s1 +S Ek kan gaan xskoolhou, Chris.*
*(S88verhv30/11/88128 5:1)*

Die resultaat vir modale hulpwerkwoorde in die verledetydsvorm word ook hier onder gegee.

**Resultate:**

**Verslag vir:** behoort/hoef/kan/kon/mag/moenie/moes/moet/sal/sou/wil/wou

Totale aantal woorde in soektog: 12
Totale aantal verwysings: 32

| | | -- Frekwensie -- | | -- Persentasies -- | |
|---|---|---|---|---|---|
| Jaargang en/of tipe | | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| mans | 88/89 | 17 | 53% | 60% | -7% |
| vroue | 88/89 | 15 | 47% | 40% | 7% |

**Verslag vir:** kon/moes/sou/wou

Totale aantal woorde in soektog: 4
Totale aantal verwysings: 28

| | | -- Frekwensie -- | | -- Persentasies -- | |
|---|---|---|---|---|---|
| Jaargang | en/of tipe | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| mans | 88/89 | 15 | 54% | 60% | -6% |
| vroue | 88/89 | 13 | 46% | 40% | 6% |

Gevolgtrekking:

Vir beide stelle veranderlikes is die resultaat in ooreenstemming met die gestelde hipotese. Daar is egter te min voorbeelde vir 'n beduidende resultaat.

* *Hipotese:* **Modale hulpwerkwoorde in +I, +M en +S, d.i. die taakgerigte handelinge kom meer frekwent by vroue voor as by mans.**

Resultate:

**Verslag vir:** +i/+m/+s/behoort/hoef/kan/kon/mag/moenie/moes/moet/sal/sou/wil/wou

Totale aantal woorde in soektog: 15
Totale aantal verwysings: 68

| | | -- Frekwensie -- | | -- Persentasies -- | |
|---|---|---|---|---|---|
| Jaargang | en/of tipe | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| mans | 88/89 | 44 | 65% | 60% | 5% |
| vroue | 88/89 | 24 | 35% | 40% | -5% |

Gevolgtrekking:

Die resultaat is nie beduidend op 'n peil van 5% nie.

Modaliteit in die adjunk

* *Hipotese:* **Vroue gebruik meer versagters as mans.**

Bespreking en voorbeelde:

Die vroulike karakters gebruik inderdaad meer versagters as die mans. Voorbeelde is die volgende:

*¦s5 +S Nou ja, b1 xsteek dan maar die hoek deur die oë en af na die stert toe.*
*(S88verhm10/8/88:96 10:5)*

*¦s2 +S Jy xsien, +M ek xis eintlik bang sy gaan my xseermaak.*
*(S88verhm25/1/89:98 34:2)*

Resultate:

Verslag vir:
bietjie/dalk/eintlik/maar/miskien/natuurlik/nogal/
ongeveer/seker/sommer/sowat/mos/tog/dan/darem/

Totale aantal woorde in soektog: 16
Totale aantal verwysings: 76

| | | -- Frekwensie -- | | -- Persentasies -- | |
|---|---|---|---|---|---|
| Jaargang | en/of tipe | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| mans | 88/89 | 36 | 47% | 60% | -13% |
| vroue | 88/89 | 40 | 53% | 40% | 13% |

Gevolgtrekking:

Chi-kwadraat is 5,05 en die resultaat is dus beduidend op 'n peil van 5%.

* *Hipotese:* Mans gebruik meer versterkers as vroue.

Voorbeelde:

*¦s5 Jou kat mag baie opreg xwees, maar sy xhet beslis 'n platvloerse streep.*
*(S88verhm25/1/89:95 3:5)*

*¦s1 +M Sy xis heeltemal anders.*
*(S88verhm25/1/89:98 34:1)*

Resultate:

**Verslag vir:**
sekerlik/seer/waar/werklik/nooit/heeltemal/altyd/
beslis

Totale aantal woorde in soektog: 8
Totale aantal verwysings: 11

| | | -- Frekwensie -- | | -- Persentasies -- | |
|---|---|---|---|---|---|
| Jaargang | en/of tipe | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| mans | 88/89 | 7 | 64% | 60% | 4% |
| vroue | 88/89 | 4 | 36% | 40% | -4% |

Gevolgtrekking:

Daar is geen beduidende verskil tussen die geslagte nie (chi-kwadraat is 0,030).

* *Hipotese:* **Vroue gebruik meer frekwent kleuradjunkte saam met 'n modale hulpwerkwoord as mans.**

Bespreking en voorbeelde:

Kleuradjunkte word tipies saam met deonties-gebruikte modale hulpwerkwoorde gebruik om aan hulle 'n meer "epistemiese" kwaliteit te gee.

Voorbeelde is die volgende:

*¦s1 +N 'n Mens kan mos 'n lening xkry op jou eiendom, nie waar nie?*
*(S88verhv30/11/88:128 2:1)*

*¦s1 +OVB 'n Mens hoef mos nie 'n sukkelaar te xbly nie, Chris.*
*(S88verhv30/11/88:128 3:1)*

Resultate:

**Verslag vir:**
behoort/hoef/kan/kon/mag/moenie/moes/moet/sal/sou/
wil/wou/bietjie/dalk/eintlik/maar/miskien/
natuurlik/nogal/ongeveer/seker/sommer/mos/tog/dan/
darem/werklik/nooit/heeltemal/beslis

Totale aantal woorde in soektog: 30
Totale aantal verwysings: 16

| | | -- Frekwensie -- | | -- Persentasies -- | |
|---|---|---|---|---|---|
| Jaargang | en/of tipe | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| mans | 88/89 | 9 | 56% | 60% | -4% |
| vroue | 88/89 | 7 | 44% | 40% | 4% |

Gevolgtrekking:

Chi-kwadraat is 0,094 sodat die resultaat nie beduidend is nie.

GROEP 2

* *Hipotese:* Vroue gee minder direkte bevele as mans.

Bespreking:

Naas die bevelvorm sluit dit een Jy sal, een Jy moet en vier jy moenie/moet nie's in.

Resultate:

**Verslag vir:** b (die bevelvorm en bevele met sal en moet)

Totale aantal woorde in soektog: 1
Totale aantal verwysings: 43

| | | -- Frekwensie -- | | -- Persentasies -- | |
|---|---|---|---|---|---|
| Jaargang | en/of tipe | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| mans | 88/89 | 27 | 63% | 60% | 3% |
| vroue | 88/89 | 16 | 37% | 40% | -3% |

Gevolgtrekking:

Chi-kwadraat is 0,144 en die resultaat is nie beduidend nie.

* *Hipotese:* Vroue gebruik minder frekwent deontiese modale hulpwerkwoorde saam met ek as onderwerp: ek kan/wil/sal.

Resultate:

**Verslag vir:** ek/kan/sal/wil

Totale aantal woorde in soektog: 4
Totale aantal verwysings: 26

| Jaargang en/of tipe | | -- Frekwensie -- Aantal | Werklik | -- Persentasies -- Verwag | Verskil |
|---|---|---|---|---|---|
| mans | 88/89 | 19 | 73% | 60% | 13% |
| vroue | 88/89 | 7 | 27% | 40% | -13% |

Gevolgtrekking:

Chi-kwadraat is 1,851 sodat die resultaat nie beduidend is nie.

Die tendens stem egter, soos verwag kan word, ooreen met dit wat in die vorige groep in verband met die deonties-gebruikte modale hulpwerkwoorde bevind is.

* *Hipotese:* Vroue gebruik moet/moenie/moes minder frekwent as mans.

Resultate:

**Verslag vir:** moet/moenie

Totale aantal woorde in soektog: 2
Totale aantal verwysings: 22

| Jaargang en/of tipe | | -- Frekwensie -- Aantal | Werklik | -- Persentasies -- Verwag | Verskil |
|---|---|---|---|---|---|
| mans | 88/89 | 15 | 68% | 60% | 8% |
| vroue | 88/89 | 7 | 32% | 40% | -8% |

Gevolgtrekking:

Chi-kwadraat is 0,613 sodat die resultaat nie beduidend is nie, waarskynlik omdat die waarnemings so min is.

* *Hipotese:* Gaan as medewerkwoord in stellings en nie gekwalifiseer deur 'n ander modale werkwoord nie, word minder frekwent deur vroue gebruik as mans.

Resultate:

**Verslag vir:** gaan

Totale aantal woorde in soektog: 1
Totale aantal verwysings: 12

| Jaargang | en/of tipe | -- Frekwensie -- Aantal | Werklik | -- Persentasies -- Verwag | Verskil |
|---|---|---|---|---|---|
| mans | 88/89 | 9 | 75% | 60% | 15% |
| vroue | 88/89 | 3 | 25% | 40% | -15% |

Gevolgtrekking:

Ook hier is die waarnemings te min vir 'n beduidende resultaat.

* *Hipotese:* Ek en ons/'n mens as onderwerp word minder frekwent deur vroue gebruik as mans.

Bespreking:

Alle ek'e in die vertellerteks verwys na die vrouekarakters. Ses van die elf verhale het 'n ek-verteller.

Resultate:

**Verslag vir:** ek

Totale aantal woorde in soektog: 1
Totale aantal verwysings: 205

| Jaargang | en/of tipe | -- Frekwensie -- Aantal | Werklik | -- Persentasies -- Verwag | Verskil |
|---|---|---|---|---|---|
| mans | 88/89 | 125 | 61% | 60% | 1% |
| vroue | 88/89 | 80 | 39% | 40% | -1% |

Gevolgtrekking:

Daar is geen verskil tussen die geslagte wat betref hierdie veranderlike nie (chi-kwadraat is 0,08).

Resultate:

**Verslag vir:** ons/mens

Totale aantal woorde in soektog: 2
Totale aantal verwysings: 48

| | | -- Frekwensie -- | | -- Persentasies -- | |
|---|---|---|---|---|---|
| Jaargang | en/of tipe | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| mans | 88/89 | 39 | 81% | 60% | 21% |
| vroue | 88/89 | 9 | 19% | 40% | -21% |

Gevolgtrekking:

Chi-kwadraat is 9,029 sodat die hipotese bevestig word op 'n peil van 0,5%.

* *Hipotese*: Is en het as hoofwerkwoorde word minder frekwent deur vroue gebruik as mans.

Bespreking:

Dit het opgeval dat is en was glad nie in die vertellerteks rondom dialoog met die hoofkarakters as onderwerp voorkom nie, waarskynlik omdat hierdie teksgedeeltes die gesprekshandelinge van die hoofkarakters beskryf nie. Hê en gehad kom onderskeidelik net een keer met 'n vrouekarakter as onderwerp voor.

Resultate:

**Verslag vir:** xis/xhet

Totale aantal woorde in soektog: 2
Totale aantal verwysings: 121

| | | -- Frekwensie -- | | -- Persentasies -- | |
|---|---|---|---|---|---|
| Jaargang | en/of tipe | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| mans | 88/89 | 85 | 70% | 60% | 10% |
| vroue | 88/89 | 36 | 30% | 40% | -10% |

Gevolgtrekking:

Ook in hierdie opsig val die selfversekerdheid van die manlike karakters op. Chi-kwadraat is 5,295, dus is die resultaat beduidend op 'n peil van 5%.

* *Hipotese:* Temporele afstand soos aangedui deur die hulpwerkwoord het, was, en die verledetydsvorme van die modale, kom meer frekwent voor by vroue as by mans.

Bespreking:

In die vertellerteks is net hoofwerkwoorde aangedui. Hier val dit ook op dat daar meer ge-vorme is wat betrekking het op die vrouekarakter se handelinge as by dié van die manskarakters: 8,6% teenoor 4,4% van alle x1- en x2- werkwoorde onderskeidelik.

Resultate:

**Verslag vir:** het/xwas/sou/kon/moes/wou

Totale aantal woorde in soektog: 6
Totale aantal verwysings: 188

| | | -- Frekwensie -- | | -- Persentasies -- | |
|---|---|---|---|---|---|
| Jaargang | en/of tipe | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| mans | 88/89 | 91 | 48% | 60% | -12% |
| vroue | 88/89 | 97 | 52% | 40% | 12% |

Gevolgtrekking:

Ook hier is die resultaat beduidend op 'n peil van 5% (chi-kwadraat is 10,533).

* *Hipotese:* Werkwoorde wat afstand skep: ek dink/voel/wens/probeer/verstaan/meen/verwag/vermoed/hoop/wonder/glo/vra, en hulle verledetydsvorme word meer frekwent deur vroue gebruik as deur mans.

Bespreking:

In die vertellerteks is spesifiek opgemerk dat die werkwoord voel slegs ten opsigte van die vrouekarakters gebruik is: 4 keer teenoor 0 ten opsigte van die mans.

Resultate:

Verslag vir:
ek/xdink/xvoel/xverstaan/xmeen/xverwag/xhoop/
xwonder/xglo/xvra/xgedink/xgehoor/xgevoel/xgevra/
xgewonder

Totale aantal woorde in soektog: 15
Totale aantal verwysings: 15

| | | -- Frekwensie -- | | -- Persentasies -- | |
|---|---|---|---|---|---|
| Jaargang | en/of tipe | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| mans | 88/89 | 8 | 53% | 60% | -7% |
| vroue | 88/89 | 7 | 47% | 40% | 7% |

Gevolgtrekking:

Alhoewel die resultaat nie die hipotese weerspreek nie, is die aantal voorbeelde te min vir 'n beduidende resultaat.

* *Hipotese:* Vertellerteks: hoofwerkwoorde wat met spreker of hoorder as onderwerp gebruik word

Bespreking en voorbeelde:

2,2% van die hoofwerkwoorde dui aan dat die manlike hoofkarakter nie in beheer van die situasie is nie. bv. *mompel, aarsel, gebloos.* Die syfer vir die vrouekarakters is 8,6%. Die vrouekarakters is dus veel minder in beheer van die situasie.

Die mees frekwente hoofwerkwoorde vir die manskarakters is met hulle Z-tellings is:

| | |
|---|---|
| sê | 2.00 |
| kyk | 0,56 |
| vra | 0,34 |
| glimlag/geglimlag | 0,23 |
| kom | 0,12 |
| sien | 0,12 |

Vir die vrouekarakters is dit die volgende:

| | |
|---|---|
| sê | 2,00 |
| kyk | 0,23 |
| maak | 0,12 |
| vra | 0,12 |

Deeltjiewerkwoorde soos opkyk, omkyk, aankyk, terugkom, tuiskom is by kyk en kom ingesluit wanneer hulle dieselfde soort taalhandeling verteenwoordig.

Die werkwoorde is baie soortgelyk. Die enigste wat opval,is dat

glimlag een van die hoëfrekwensiewoorde vir die manskarakters is.

7,3% van die werkwoorde met die manlike hoofkarakter as onderwerp het be- as voorvoegsel en dui die man as "bewerker" aan; 2,5% werkwoorde vir die vrou is hierdie tipe en in hierdie funksie.

* *Hipotese:* **Vroue aarsel meer as mans.**

Bespreking en voorbeelde:

Hier word net enkele voorbeelde gegee:

*¦s1 +SP Aas, vir elf @@ elwe xvang.*
*(S88verhv10/8/88:96 1:1)*

*¦s1 +SP Ek xweet nie wat hier xaangaan nie @@ xdis so donker.*
*(S88verhv10/8/88:96 2:1)*

*¦s1 +SP Jy xmaak 'n grap.*
*(S88verhv7/9/88:130 8:1)*

*¦s3 +SP x Ek @@.*
*(S88verhv8/2/89:99 1:3)*

Resultate:

**Verslag vir: @@**

Totale aantal woorde in soektog: 1
Totale aantal verwysings: 7

| | | -- Frekwensie -- | | -- Persentasies -- | |
|---|---|---|---|---|---|
| Jaargang | en/of tipe | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| mans | 88/89 | 1 | 14% | 60% | -46% |
| vroue | 88/89 | 6 | 86% | 40% | 46% |

Gevolgtrekking:

Die resultaat is positief op 'n peil van 5% met chi-kwadraat gelyk aan 2,438.

Opmerking:

In hierdie verband is die resultate van die IPA-kategorie "Gespanne" ook insiggewend. Die vertellerteks is as die belangrikste riglyn by kodering gebruik. Daar was min voorbeelde, maar hulle kom almal by vroue voor en die resultaat is beduidend op 'n peil van 0,5% met chi-kwadraat gelyk aan 10,5. In 1988/89 was dit dus buitengewoon vir mans om te huil,

te bloos of te stamel.

**Verslag vir:** +sp

Totale aantal woorde in soektog: 1
Totale aantal verwysings: 7

| Jaargang | en/of tipe | -- Frekwensie -- Aantal | Werklik | -- Persentasies -- Verwag | Verskil |
|---|---|---|---|---|---|
| mans | 88/89 | 0 | 0% | 60% | -60% |
| vroue | 88/89 | 7 | 100% | 40% | 60% |

* *Hipotese:* **Vroue word meer dikwels in die rede geval as mans.**

Resultate:

**Verslag vir:** @

Totale aantal woorde in soektog: 1
Totale aantal verwysings: 6

| Jaargang | en/of tipe | -- Frekwensie -- Aantal | Werklik | -- Persentasies -- Verwag | Verskil |
|---|---|---|---|---|---|
| mans | 88/89 | 4 | 67% | 60% | 7% |
| vroue | 88/89 | 2 | 33% | 40% | -7% |

Gevolgtrekking:

Die resultate dui op 'n teenoorgestelde tendens, maar die voorbeelde is te min vir 'n beduidende resultaat.

3) Spesiale veranderlikes:

* Beroepe van manlike en vroulike hoofkarakters

Dit is opvallend hoe tradisioneel en ongelyk die beroepverdeling is:
Mans: kundige hengelaar, wildplaasbestuurder (werkgewer), bekend met omgewing/rykmanseun, maatskappydirekteur, Harvardstudent, veearts, dominee, maatskappybestuurder, MBA-student, dokter

Vroue: onkundige hengelaar, wernemer op wildplaas, onbekend met omgewing/kelnerin, beroep onbekend, feminis, onderwyseres, kunstenares, huisvrou, huisvrou, pas siek broer op.

* Die gespreksonderwerp

Uit die fokus van die dialoog kan 'n mens aflei dat hierdie verhale gerig is op 'n vroulike leserspubliek. In 8 van die 11 verhale sentreer die gesprek rondom die vroulike hoofkarakter: haar handelinge, haar verhoudings, haar emosies.

* Vriendelik vs. onvriendelik

**Verslag vir:** +ovb/+ovn/+ovo

Totale aantal woorde in soektog: 3
Totale aantal verwysings: 111

| | | -- Frekwensie -- | | -- Persentasies -- | |
|---|---|---|---|---|---|
| Jaargang en/of tipe | | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| mans | 88/89 | 50 | 45% | 60% | -15% |
| vroue | 88/89 | 61 | 55% | 40% | 15% |

Chi-kwadraat is gelyk aan 10,34 sodat die resultaat beduidend is op 'n peil van 0,5%. Vroue is baie onvriendeliker as mans. Hulle speel die tipiese rol van "hard to get" wat kenmerkend is van die liefdesverhouding in triviaalliteratuur en wat uiteindelik in die man se arms eindig. Die variansie is egter groot sodat 'n mens nie van 'n deurlopende tendens kan praat nie.

* Aanspreekvorme:

Vir vroue:

uit 'n totaal van 141:
jy = 105 (74%)
eiename: = 25 (17,6%)
(*Lorna, Janie, Susan, Karien, Katie, Marie, Riana, Lidia*)

troetelname: = 4
(*Liddie*)
*lief*: = 1
*juffrou*: = 4
*mevrou*: = 1
*meisiemens*: = 1
*jong*: = 1

Vir mans:

uit 'n totaal van 87:
jy = 66 (75%)
eiename: = 19 (21,8%)
(*Frank, Mike, Philip, James, André,Jan, Dries, Chris, Ryno*)

*dominee*: = 1
*liefling*: = 1

* Attribute van mans en vroue soos aangegee deur adjektiewe en adjunkte:

| | | |
|---|---|---|
| **Mans:** eienskappe[+] | : | 32% van alle z1-woorde |
| eienskappe [-] | : | 3,6% van alle z1-woorde |
| spot/terg | : | 8,9% van alle z1-woorde |
| in beheer | : | 8,9% van alle z1-woorde |
| buite beheer | : | 12,5% van alle z1-woorde |
| onvriendelik | : | 26,7% van alle z1-woorde |

Nie alle woorde is hier beskryf nie; dus tel die persentasies nie op na 100% nie.

| | | |
|---|---|---|
| **Vroue:** eienskappe[+] | : | 11,4% van alle z2-woorde |
| eienskappe [-] | : | 12,9% van alle z2-woorde |
| spot/terg | : | 2,9% van alle z2-woorde |
| in beheer | : | 10% van alle z2-woorde |
| buite beheer | : | 25,7% van alle z2-woorde |
| onvriendelik | : | 22,85% van alle z2-woorde |

Die hoë persentasie negatiewe eienskappe van die vrouekarakters asook die hoë persentasies werkwoorde en attribute wat 'n gebrek aan beheer aandui, moet in verband gebring word met 'n spesifieke vroulike ek-verteller wat hierdie selfbeeld het.

Dit het opgeval hoeveel meer keer die manlike hoofkarakter as glimlaggend beskryf word: 5,8% teenoor 1,3% by die vroue. 6 van die 56 manlike attribute het te doen met sagtheid; by die vroue is dit heeltemaal afwesig. Manlike woede word as kwaai/kwaad beskryf; die vroue egter is woedend/woede. Slegs vroue haat (3 keer).

ALGEMENE GEVOLGTREKKINGS VIR SARIE 1988/89

Gevolgtrekkings vir die vrouetaalstereotipes:

Die algemene gevolgtrekking is dat vrouetaalstereotipes in hierdie jaargang slegs in die geval van retoriese vrae en die "leë" intensiveerders 'n beduidende resultaat ten gunste van die gestelde hipoteses opgelewer het. Die vrouetaaleienskappe het ook in 'n aantal aangeduide gevalle so min voorgekom dat resultate nie beduidend was nie.

Gevolgtrekkings vir Groep 1 van tentatiwiteit versus beheer:

Manskarakters is beduidend meer taakgerig as die vroue, maar hulle het ook meer gekodeerde positiewe reaksies as die vroue, alhoewel die resultaat nie beduidend is nie.

Alhoewel modale hulpwerkwoorde meer frekwent by mans as vroue voorkom, is die gebruik van modale by die vroulike karakter oorwegend epistemies, terwyl dit by die mans oorwegend deonties is. 'n Mens kan dus steeds aflei dat die vrouekarakters in hulle gebruik van modale werkwoorde meer tentatief as die mans is.

Gevolgtrekkings vir Groep 2 van tentatiwiteit versus beheer:

Met die uitsondering van die hipotese oor onderbreking in die gesprek, is die tendens in al die resultate in ooreenstemming met die gestelde hipoteses, al is die resultate nie altyd beduidend nie.

Die groot aantal negatiewe eienskappe wat aan die vrouekarakters toegeskryf word, is een van die kenmerke van hierdie jaargang. Dit moet egter in samehang met die voorkoms van 'n ek-verteller beskou word. Vyf van die verhale het 'n eerstepersoonverteller, en in al vyf is die verteller sterk selfkrities en word selfhandelinge baie sterk as sosio-emosioneel geïnterpreteer.

Die eksplisiete geslagsrolle is in hierdie jaargang verstommend tradisioneel.

Van die 40 hipoteses wat gekwantifiseer is, het 14 beduidend getoets. In net een geval is die gestelde hipotese verwerp. In 9 gevalle was die gedrag van die veranderlike onafhanklik van geslag. In agtien gevalle, 10 positief en 8 negatief, was daar te min waarnemings vir 'n beduidende resultaat.

## 5.6 ALGEMENE GEVOLGTREKKINGS

'n Opsomming van die resultate lyk soos volg:

Die hipoteses is nie in die vorm van 'n nulhipotese gestel nie, maar die nulhipotese is dat vrouetaalstereotipes, sowel as die merkers van tentatiwiteit en beheer in die kommunikasiesituasie in die tydskrifverhale onafhanklik van die geslag van die spreker funksioneer.

Die kodes is as volg:
0 = geen verskil by die geslagte nie (die nulhipotese word dus aanvaar),
[+] = volgens die gestelde hipotese,
[-] = die gestelde hipotese word verwerp,
Kodes wat groot en donker gedruk is, beteken die resultaat is beduidend op ten minste 'n peil van 5%. Byvoorbeeld: **+** beteken dat dit 95% seker is dat daar vir die populasie 'n verskil is tussen die mans- en vrouekarakters m.b.t. die betrokke veranderlike.

| STEREOTIPES | Boerevrou | Sarie 49/50 | Sarie 70/71 | Sarie 88/89 |
|---|---|---|---|---|
| Vroue praat meer as mans. | - | + | 0 | - |
| Vroue gebruik minder komplekse sinne. | 0 | 0 | 0 | 0 |
| Vroue gebruik korter sinne. | 0 | 0 | - | + |
| Vroue gebruik korter woorde. | 0 | 0 | + | 0 |
| Vroue gebruik 'n kleiner verskeidenheid woorde. | 0 | 0 | 0 | 0 |
| Vroue gebruik meer "leë" intensiveerders. | 0 | **+** | **+** | **+** |
| Vroue gebruik meer slotvragies. | - | - | | - |
| Vroue gebruik meer verkleinwoorde. | 0 | - | - | |
| Vroue gebruik meer retoriese vrae. | + | **-** | 0 | **+** |
| Vroue vra meer verskoning (ek/maar). | 0 | + | | - |
| **TENTATIWITEIT EN BEHEER: GROEP 1** | | | | |
| Die frekwensie positiewe reaksies (J/+V/+D) is hoër vir vroue as vir mans. | - | **+** | 0 | - |
| Vroue is minder taakgerig (+I/+S/+M) as mans. | 0 | + | 0 | **+** |
| Vroue vra meer vrae as mans (+VS/+VM/+VI). | 0 | **-** | - | 0 |
| Werkwoordlose uitings (x) kom meer frekwent by vroue voor. | 0 | 0 | 0 | **+** |
| Vroue is minder kontrolerend in positiewe en negatiewe reaksies as mans (+VB/+0VB). | **+** | **+** | 0 | + |
| Vroue is meer onderdanig as mans in positiewe en negatiewe reaksies (+VO/+0VO). | 0 | 0 | 0 | **+** |

| HIPOTESES | Boerevrou | Sarie 49/50 | Sarie 70/71 | Sarie 88/89 |
|---|---|---|---|---|
| **TENTATIWITEIT EN BEHEER: GROEP 1 (vervolg)** | | | | |
| Vroue gebruik minder komplekse strukture in taakgerigte handelinge as mans (+S/+M/+I/dat/wat. | + | - | + | + |
| Vroue gebruik meer frekwent vraagsinne in taakgerigte handelinge (+I/+M). | + | + | | + |
| Vroue suggereer minder frekwent gedrag (+S) as mans | + | + | + | + |
| Vroue gebruik meer frekwent stel- en vraagsinne as hulle gedrag suggereer. | - | - | - | - |
| Vroue gebruik meer frekwent voorwaardebysinne en voorbehoud-adjunkte as mans. | 0 | 0 | + | - |
| Vroue gebruik meer frekwent modale hulpwerkwoorde as mans. | 0 | 0 | 0 | - |
| Deonties-gebruikte modale kom minder frekwent by vroue voor. | + | + | 0 | + |
| Epistemies-gebruikte modale kom meer frekwent by vroue voor. | 0 | 0 | 0 | + |
| Vroue kwalifiseer meer frekwent taakgerigte handelinge(+I/+S/+M) met modale as mans. | - | 0 | 0 | - |
| Vroue gebruik meer versagters as mans. | 0 | 0 | 0 | + |
| Vroue gebruik minder frekwent versterkers as mans. | - | 0 | 0 | 0 |
| Vroue gebruik meer frekwent kleuradjunkte saam met modale. | 0 | 0 | - | 0 |
| **TENTATIWITEIT EN BEHEER: GROEP 2** | | | | |
| Vroue gee minder direkte en indirekte bevele as mans. | 0 | 0 | 0 | 0 |
| Vroue gebruik minder frekwent ek kan/wil/sal as mans. | - | - | 0 | + |
| Vroue gebruik minder frekwent moet/moes/moenie as mans. | - | 0 | - | + |
| Vroue is minder ek-gesentreerd as mans. | 0 | - | 0 | 0 |
| Vroue gebruik minder frekwent die inklusiewe ons en 'n mens as mans. | + | 0 | 0 | + |
| Vroue gebruik minder frekwente is/het as hoofwerkwoorde as mans. | - | 0 | 0 | + |
| Vroue handhaaf meer frekwent temporele afstand (het/was/sou/kon/wou) as mans. | - | + | + | + |
| Vroue kwalifiseer hulleself meer frekwent in hoër sinne (ek dink/voel, ens.) as mans. | + | + | 0 | + |
| Vroue is minder in beheer as mans. | - | + | + | + |

| | Boerevrou | Sarie 49/50 | Sarie 70/71 | Sarie 88/89 |
|---|---|---|---|---|
| Vroue aarsel meer as mans en gee spanning te kenne. | - | + | - | + |
| Vroue word meer frekwent in die rede geval as mans. | | + | + | - |
| **ANDER VERANDERLIKES** | | | | |
| Vroue is minder vriendelik as mans. | + | + | + | + |
| Vroue is meer onvriendelik as mans. | 0 | 0 | 0 | + |

a) DIE STEREOTIPES

Hierdie groep hipoteses het die minste positiewe resultate opgelewer: Die enigste jaargang waar daar 'n groot verskil in aantal woorde is, is in 1988/89. Vir hierdie soort kommunikasie is die aantal woorde wat gepraat word eerder 'n aanduiding van beheer en selfversekerdheid as van praatsiekheid. Alhoewel daar in al die jare weinig verskil tussen die geslagte wat sinslengte, sinskompleksiteit en die persentasie unieke woorde aan betref, val dit op dat die gemiddelde aantal woorde per tekssin en werkwoorde per sin drasties afneem van Die Boerevrou na die latere jaargange. Oor die algemeen het die taalgebruik van karakters dus minder kompleks geword. Daar sal in die volgende hoofstuk oor die taalgebruik in die artikels weer hierna verwys word.

Die "leë" intensiveerders het die sterkste konsekwente beduidende positiewe resultaat gegee. Slotvragies en verkleinwoorde het nie vir een van die ondersoekte tydperke 'n resultaat wat in ooreenstemming met die gestelde hipotese is, gegee nie. Vir die ander veranderlikes dra die klein aantal waarnemings en die groot variansie tussen verhale waarskynlik by tot 'n resultaat waaruit 'n mens min kan aflei.

b) TENTATIWITEIT EN BEHEER

Wat hierdie groep hipoteses betref, is die belangrikste resultaat dat oor al die tydperke die meeste positiewe resultate in die jaargang 1988/89 gevind word. Dit is dus in hierdie jaargang wat die verskil in T-gedrag teenoor S-gedrag, en die merkers van tentatiwiteit en beheer die beste korreleer met geslag volgens die gestelde hipoteses. Dit is verstommend dat die emansipasie van die vrou geen effek skyn te gehad het op hierdie soort kommunikasie nie, maar 'n mens moet dit beskou saam met die gevolgtrekkings van 5.7.

In 1970/70 is daar die minste verskil tussen die geslagte waargeneem.

Die Boerevrou het die meeste negatiewe resultate opgelewer. In die tydskrifverhaal van hierdie tydperk is dit algemeen om die man in 'n ondergeskikte posisie in die liefdesverhouding te vind.

Die resultate vir Groep 1 en Groep 2 stem ooreen, sodat dit klaarblyklik 'n goeie besluit was om hierdie hipoteses as 'n kontrole van mekaar te beskou.

Die hipoteses wat die positiefste getoets het, is dat +S meer frekwent by mans voorkom as by vroue en dat temporele afstand meer frekwent by vroue voorkom as by mans. Ek dink/voel,ens. asook deonties-gebruikte modale hulpwerkwoorde het ook nooit 'n negatiewe resultaat gegee nie.

Stel- en vraagsinne in +S het vir al vier die ondersoekte tydperke beduidend negatief getoets. Alhoewel mans dus meer frekwent gedrag suggereer as vroue, word dit met stel- en vraagsinne "versag". Die gebruik van bevele is egter onafhanklik van geslag.

Daar sal weer gekyk moet word na die funksie van +VI/+VS/+VM binne die kommunikasiesituasie. In hierdie studie is hoë frekwensie eerder 'n aanduider van beheer en taakgerigtheid en nie van onsekerheid of 'n gebrek aan taakgerigtheid nie. Dit het ook opgeval dat vra in die vertellerteks in al die tydperke meer frekwent deur die manskarakters gebruik word as deur die vroue.

Ek kan/wil/sal is 'n funksie van ek. Hoe meer frekwent ek gebruik word, hoe meer frekwent ook ek kan/wil/sal.

Sommige veranderlikes, veral in Groep 2 van Tentatiwiteit en Beheer toets slegs in Die Boerevrou negatief. Sterk emosiosionele gedrag en 'n gebrek aan kontrole in die liefdesverhouding is in hierdie tydperk algemeen by die manskarakters. Die hoogste persentasie werkwoorde wat aandui dat karakters nie in beheer van die kommunikasiesituasie is nie, word in Die Boerevrou gevind. Dit klop met die bevindings van 5.7 hier onder. Gebrek aan beheer neem vir beide geslagte af oor die twee mees resente tydperke, wat ook ooreenstem met die bevindings in 5.7.

Die hoëfrekwensie-werkwoorde stem baie ooreen vir die geslagte. Dit is egter wel interessant dat die manskarakters oor al die jare "glimlag", terwyl die vroue "lag". As 'n mens "glimlag" as 'n teken van vriendelikheid beskou, en lag, soos wat Bales (1970) dit beskou, as 'n vorm van spanning, dan stem dit ooreen met die gestelde hipoteses.

c) SPESIALE VERANDERLIKES

Hierdie veranderlikes het baie interessante resultate opgelewer wat in alle gevalle die res van die resultate aangevul het.

Aanspreekvorme:

Minder vriendelike name, wat +OVB merk, neem oor die jare toe. Dit klop met die resultate van 5.7, asook met die toename in negatiewe attribute in die vertellerteks.

Troetelname word oor al die jare baie meer frekwent deur manskarakters as deur vroue gebruik.

Formele aanspreekvorme neem, soos verwag kon word, af.

Attribute in die vertellerteks:

Die gemiddelde persentasie positiewe eienskappe vir beide geslagte neem oor die jare af. Dit stem ooreen met die afname in romantiese heldeverering. By Die Boerevrou kom baie meer positiewe eienskappe vir vrouekarakters voor as vir mans, terwyl presies die teenoorgestelde vir 1988/89 geld.

Dit loop parallel met die resultate vir negatiewe karaktereienskappe. Hulle kom in Die Boerevrou feitlik glad nie voor nie, vir 1949/50 en 1970/71 is daar min verskil tussen die geslagte, maar in 1988/89 word die vrouekarakters in baie meer negatiewe terme beskryf as die mans. Die vrouekarakters in hierdie jaargang is veral sterk selfkrities.

Dit is waarskynlik kenmerkend van hierdie soort sterk emosionele kommunikasie dat sprekers nie in beheer van hulle emosies is nie. Daarom is die hoë tellings wat aandui dat karakters nie in beheer van hulle emosies is nie, dus te verwagte. In Die Boerevrou en Sarie 1949/50 het mans hoër tellings as vroue, in 1970/71 is dit dieselfde en in 1988/89 het die vrouekarakters 'n hoër telling as die mans. Dit stem ooreen met vorige opmerkings in verband met hierdie tydperke.

Attribute wat dui op onvriendelikheid neem oor die jare toe. Dit is in ooreenstemming met die resultate wat hieronder in 5.7 gegee word.

Vriendelik vs. onvriendelik:

Dit het ook opgeval dat die manskarakters oor al die jare meer behulpsaam en vriendelik in hulle gedrag is, in ooreenstemming met die tradisionele rolverdeling. Onvriendelike gedrag is slegs in die 1988/89-jaargang afhanklik van geslag, wat klop met die gevolgtrekkings in 5.7.

## 5.7 *HIPOTESE:* DIE TAALGEBRUIK VAN DIE VERHAALDIALOOG IS NIE GEVOELIG VIR DIE VERLOOP VAN TYD NIE.

Ten slotte is die dialooglêers van die bestudeerde jaargange bymekaar gevoeg en 'n aantal van die veranderlikes is getoets vir hulle distribusie oor die verloop van tyd.

Die waarde in die selle verwys na werklike minus verwagte persentasie. Die waardes in vetdruk dui 'n beduidende resultaat op 'n peil van ten minste 5% aan.

| STEREOTIPES | Boere-vrou | Sarie 49/50 | Sarie 70/71 | Sarie 88/89 |
|---|---|---|---|---|
| Gaaf, lieflik, oulik, fantasties, wonderlik | -13% | -12% | -10% | 35% |
| "Leë" intensiveerders | 24% | -9% | -9% | -5% |
| Slotvragies | 18% | -16% | -18% | 16% |
| Verkleinwoorde | 14% | -4% | 2% | -12% |
| Retoriese vrae | 22% | -17% | -8% | 3% |
| Ek/maar | 6% | -2% | 4% | -8% |
| **TENTATIWITEIT EN BEHEER: GROEP 1** | | | | |
| Positiewe reaksies (+J/+V/+D) | 3% | 4% | -5% | -2% |
| Taakgerigte handelinge (+I/+S/+M) | 4% | -1% | -5% | 2% |
| +VB/+OVB (in beheer) | -4% | -1% | -2% | 7% |
| +VO/+OVO (onderdanig) | 3% | 7% | -6% | -4% |
| +VS/+VM/+VI (vrae) | -2% | 2% | -6% | 6% |
| Bysinne in taakgerigte handelinge (+S/+M/+I/dat/wat) | 6% | 1% | -7% | 1% |
| Vraagsinne in taakgerigte handelinge | 15% | -7% | -10% | 2% |
| +S (suggereer gedrag) | 8% | -8% | -5% | 4% |
| Vraagsinne in +S | 15% | -6% | -13% | 4% |
| Modale hulpwerkwoorde | 2% | 0% | -1% | -1% |
| Epistemies-gebruikte modale | -3% | 3% | 6% | -5% |
| Modale hulpwerkwoorde in taakgerigte handelinge | 7% | 0% | -5% | -2% |
| Versagters | 1% | -2% | 4% | -2% |
| Versterkers | 10% | -2% | -2% | -6% |
| **GROEP 2** | | | | |
| Bevele | -1% | -5% | -3% | 9% |
| ek kan/wil/sal | 7% | -1% | -6% | 0% |
| moet/moes/moenie | 2% | 7% | -5% | -3% |
| is/het as hoofwerkwoorde | -1% | -3% | -3% | 6% |
| Temporele afstand | -3% | 7% | -3% | 0% |
| ek dink/voel, ens. in hoër sinne | 8% | 8% | -7% | -9% |

Soos die resultate aantoon, moet die gestelde hipotese verwerp word. Daar het inderdaad in verskeie opsigte in die verhaaldialoog verskuiwings met die verloop van tyd plaasgevind.

a) STEREOTIPES

Die jaargang met die duidelikste tipiese vrouetaalprofiel is Die Boerevrou. Maar dan val dit op dat die taalgebruik van die vrouetydskrifverhaal wat die minste "tipies vroulik" is, in die jaargang 1949/50 voorkom sodat 'n mens wonder of vrouetaalstereotipes, in die skryftaal in elk geval, nie eerder 'n funksie van onbeholpenheid as van geslag is nie. Stilisties kom hierdie vroeë kortverhale baie omslagtig en dikwels onbeholpe voor. Dit het ook opgeval hoe dikwels daar in die vroeë jare na vroue in verkleiningsvorm verwys word, bv. lippies,mondjie, armpies. 1988/89 het weer die hoogste tellings vir slotvragies en retoriese vrae, maar hierdie jaargang het die hoogste tellings vir alle soorte vrae, en dit is eerder 'n funksie daarvan.

b) TENTATIWITEIT TEENOOR BEHEER

Wat die veranderlikes in Groep 1 aan betref, val dit op dat die karakters in 1988/89 relatief tot die ander jaargange oor die algemeen meer taakgerig is met minder positiewe reaksies. Hulle is meer in beheer en minder onderdanig, wat van Die Boerevrou af 'n tendens is. Anders egter as wat die hipoteses dit stel, gaan hierdie taakgerigte gedrag saam met hoë tellings in vrae, ook daardie vrae wat tentatiwiteit aandui.

Die karakters in Die Boerevrou en Sarie 49/50 neig, relatief tot die ander jaargange, na S-persone, d.w.s. meer sosio-emosioneel as taakgerig. Die Boerevrou het nou wel die hoogste telling vir taakgerigte gedrag, maar dit het ook die hoogste telling vir positiewe reaksies en die taakgerigte gedrag in hierdie tydperk is verder die tentatiefste van al die tydperke, soos die hoë tellings vir vraagsinne en modale hulpwerkwoorde in +S/+M/+I aandui. Die relatiewe hoë telling van Die Boerevrou vir bysinne in taakgerigte kommunikatiewe handeling is in ooreenstemming met die komplekse sinstrukture wat kenmerkend van hierdie tydperk is.

Die hipoteses wat rondom modaliteit geformuleer is, het die minste beduidende resultate opgelewer, wat 'n aanduiding is daar die verhale in hierdie opsig die minste verander het. Tog is die 1988/89-jaargang in ooreenstemming met bogenoemde waarnemings die minste modaal. Die Boerevrou maak, soos verwag kan word in die lig van bostaande opmerkings, die meeste gebruik van modale hulpwerkwoorde om informasie, menings en suggesties meer versigtig te stel. Hierdie gebruik neem oor tyd af.

Die veranderlikes van Groep 2 het slegs twee beduidende resultate opgelewer. Die sterker taakgerigtheid en beheer van die 1988/89-jaargang word hier bevestig deur die tellings vir direkte bevele asook vir die hoofwerkwoorde is en het. Hoërsinversagters kom, soos verwag word, die meeste in die eerste twee tydperke voor.

Die hoë telling vir 1949/59 vir temporele afstand hang saam met die groot aantal gerapporteerde gedrag (+D) wat in daardie jaargang voorgekom het.

Die taalgebruik van die karakters in die tydskrifverhale het dus inderdaad met die verloop van tyd minder "vroulik" geword, ten spyte van die feit dat die gaping tussen die geslagte in die 1988/89-jaargang die grootste is.

# HOOFSTUK 6: VROUETAAL IN DIE TYDSKRIFARTIKELS


6.1 INLEIDING . . . . . p. 252

6.2 MATERIAAL . . . . . p. 252

6.3 KODERING . . . . . p. 254

6.4 HIPOTESES . . . . . p. 256

6.5 RESULTATE . . . . . p. 259

6.6 AANVULLENDE RESULTATE . . . . . p. 318

6.7 ALGEMENE GEVOLGTREKKINGS MET BETREKKING TOT DIE GESTELDE HIPOTESES . . . . . p. 339

## 6.1 INLEIDING

Vir "artikels" word hier dieselfde definisie as in hoofstuk 4 (4.4.2.5) gebruik. Dit is in hierdie afdeling van die vrouetydskrif wat die tydskrifpersoonlikheid die duidelikste aan die woord is, want dit is dié afdeling waar redakteursbeleid en die tydskrif se beeld van sy leser en haar behoeftes die duidelikste ten uitvoering gebring word.

## 6.2 MATERIAAL

Daar is besluit om die volgende tienjaartydperke te ondersoek:

Die Boerevrou: 1919-1931

Die Huisgenoot se vroueafdeling: 1940

Sarie: 1940/50, 1960/61, 1970/71, 1980/81, 1988/89

Soos in hoofstuk 4 aangedui is, het die hoeveelheid artikels in Die Boerevrou geweldig gevarieer in aantal en tipe. Om hierdie rede is besluit om 'n steekproef oor die hele Boerevrou-tydperk te maak. Vir die ondersoekte tydperke is 10% van die tydskrifte ewekansig gekies, d.w.s. 12 uitgawes van Die Boerevrou, 5 van Die Huisgenoot en 3 van Sarie vir elke ondersoekte jaargang. Vir hierdie hoofstuk is selftoetsartikels nie ingesluit nie omdat daar gemeen is dat hulle so 'n sterk afwyking van die normale artikelpatroon verteenwoordig dat dit bevindings kan skeeftrek.

Omdat daar ook vasgestel wou word of die gedrag van sekere veranderlikes saamhang met die soort artikel, is die artikels in 'n inhoudskategorie ingedeel. Die inhoudskategorieë stem ooreen met die tipes wat in hoofstuk 4 onderskei is, maar omdat dit hier nie oor inhoud gaan nie, kon die aantal tipes vereenvoudig word tot 5: "Mense/plekke/dinge"(m/p/d in die verwysings), "Vroue"(vroue), "Vrou en haar wêreld"(vrwrld), "Huwelik/seks/liefde"(h/s/l) en "Kinders"(kinders).

Wanneer dit moeilik was om 'n artikel tot 'n kategorie toe te ken, is aanslag as deurslaggewend beskou. Byvoorbeeld: word 'n huis in onpersoonlike algemene terme beskryf soos in Moerdijk se artikel in Die Boerevrou, is dit onder "Mense/plekke/dinge" geplaas; word dit egter as deel van die vrou se wêreld beskryf, soos "Hoe om jou huis mooi te maak", is die artikel onder "Vrou en haar wêreld" geplaas.

Die artikels wat vir die verskillende jaargange gebruik is, is as volg: (Vir alle verwysings is die kodevolgorde: artikeltipe/dag/maand/jaar:bladsy. Vir Die Boerevrou word die dag nie gegee nie omdat dit 'n maandblad was.)

Die Boerevrou

| | | |
|---|---|---|
| m/p/d3/23:5 | m/p/d3/23:23 | m/p/d9/24:5 |
| m/p/d6/25:2 | m/p/d11/27:9 | m/p/d11/27:35 |
| m/p/d8/28:33 | m/p/d8/28:51 | m/p/d6/28:5 |
| m/p/d6/28:6 | m/p/d10/30:4 | m/p/d10/30:29 |
| m/p/d10/30:39 | m/p/d5/29:39 | vroue11/27:4 |
| vrwrld3/23:27 | vrwrld3/23:39 | vrwrld9/24:35 |

vrwrld9/24:47 vrwrld6/25:35 vrwrld3/26:33
vrwrld3/26:35 vrwrld3/26:37 vrwrld11/27:52
vrwrld8/28:35 vrwrld5/29:37 vrwrld5/29:35
vrwrld10/30:6 vrwrld7/31:22 vrwrld6/28:39
vrwrld6/28:45 kinders9/24:33 kinders9/24:51
kinders3/26:45 kinders1/27:4 kinders11/27/:53
kinders6/28:10 kinders7/31:4 kinders7/31:13

Huisgenoot 1940

m/p/d23/2/40:51 m/p/d19/7/40:51 m/p/d24/5/40:63
m/p/d24/5/40:61 vroue20/9/40:51 vroue24/5/40:61b
vroue1/11/40:51 vrwrld23/2/40:55 vrwrld23/2/40:57
vrwrld23/2/40:59 vrwrld23/2/40:59b vrwrld1/11/40:53
vrwrld1/11/40:55 vrwrld1/11/40:57 vrwrld1/11/40:59
vrwrld19/7/70:53 vrwrld19/7/40:55 vrwrld19/7/40:57
vrwrld8/7/40:59 vrwrld20/9/40:51 vrwrld20/9/40:53
vrwrld20/9/40:53 vrwrld20/9/40:55 vrwrld20/9/40:57
vrwrld20/9/40:59 kinders8/7/40:59

Sarie 1949/50

m/p/d18/1/50:36 m/p/d10/5/50:53 m/p/d6/7/49:5
vroue20/7/49:19 vroue14/12/49:5 vroue18/1/50:34
vroue10/5/50:2 vroue7/6/50:13 vroue15/3/50:6
vroue15/2/50:46 vroue11/1/50:46 vroue11/1/50:31
vrwrld10/5/50:14 vrwrld18/1/50:3 vrwrld7/9/49:18
vrwrld7/9/49:34 vrwrld7/9/49:36 vrwrld4/1/50:48
vrwrld24/5/50:16 h/s/118/1/50:31 kinders/18/1/50:46
kinders10/5/50:17 kinders7/9/49:2 kinders7/9/49:28

Sarie 1960/61

m/p/d14/9/60:30 m/p/d14/9/60:61 m/p/d15/3/61:26
m/p/d15/3/61:58 vroue26/4/61:56 vroue26/4/61:54
vroue5/7/61:51 vrwrld14/9/60:16 vrwrld13/9/60:59
vrwrld5/7/61:8 vrwrld5/7/61:11 vrwrld15/3/61:15
vrwrld15/3/61:21 h/s/114/9/60:8 h/s/115/7/61:48
h/s/115/3/61:10 h/s/115/3/61:29

Sarie 1970/71

m/p/d14/7/71:132 m/p/d23/9/70:30 m/p/d23/9/70:50
m/p/d23/9/70:57 vroue29/7/70:30 vroue29/7/70:132
vrwrld23/9/70:117 vrwrld14/7/71:155 h/s/123/9/70:41
h/s/129/3/70:38 h/s/129/7/70:81 h/s/114/7/71:65
kinders29/7/70:100

Sarie 1980/81

m/p/d24/6/81:77 m/p/d4/3/81:22 m/p/d19/8/81:18
vroue13/5/81:108 vroue13/5/81:52 vroue24/6/81:20
vroue4/3/81:74 vroue12/8/81:122 vrwrld13/5/81:62
vrwrld13/5/81:81 vrwrld19/8/81:221 h/s/124/6/81:135
h/s/124/6/81:54 h/s/119/8/81:134 kinders13/5/81:153
kinders24/6/81:185

Sarie 1988/89

m/p/d19/10/88:36 m/p/d19/10/88:32 m/p/d19/10/88:22
m/p/d14/12/88:139 m/p/d14/12/88:94 m/p/d14/12/88:56
m/p/d14/12/88:40 m/p/d14/12/88:20 m/p/d14/6/89:18
m/p/d14/6/89:22 m/p/d14/6/89:26 m/p/d14/6/89:106
m/p/d14/6/89:56 vroue19/10/88:16 vroue14/12/88:46
vroue/14/6/89:15 vrwrld14/12/88:70 vrwrld19/10/88:76
vrwrld19/10/88:72 vrwrld19/10/88:42 h/s/119/10/88:65
h/s/119/10/88:145 h/s/119/10/88:136 h/s/119/10/88:25
h/s/114/12/88:108 h/s/114/6/89:38 h/s/114/6/89:100
h/s/114/6/89:108 kinders14/6/89:19 kinders23/8/89:17
kinders23/8/89:19 kinders18/10/89:4 kinders6/4/88:5
kinders14/6/89:30

Alle artikels in die betrokke uitgawes is op rekenaar ingetik, en

gekodeer vir hoofwerkwoorde. Elke kommunikatiewe handeling is ook gekodeer vir IPA-kategorie, maar die sin as eenheid is ook behou. Hierna is die materiaal verwerk deur die program Wordcruncher.

## 6.3 KODERING

Die kodering het opsigself al interessante resultate opgelewer. Daar is verwag dat hierdie soort kommunikasie hoofsaaklik informatief gaan wees, en dat 'n mens waarskynlik verdere indelings in die kategorieë "Verskaf inligting" en "Gee mening" sal moet aanbring. Dit het egter nie die geval geblyk nie. Geweldig baie kommunikatiewe handelinge is dramatiserende taalhandelinge volgens Bales se definisie van hierdie kategorie. Soveel so dat verdere onderskeidings gedefinieer moes word om 'n sinvolle interpretasie moontlik te maak.

Die verdere indelings wat gemaak is, is as volg:

+D = alle gerapporteerde handelinge en menings, ook van die tydskrifstem wanneer dit oor 'n handeling en/of mening gaan in 'n insident uit die tydskrifstem se verlede. Die term "tydskrifstem" word gebruik om te onderskei tussen artikelskrywer wat onder die vaandel van die tydskrif skryf, en 'n leseres wat haar indrukke gee van iets, of wat haar verhaal vertel. Gewoonlik word hierdie onderskeid heel pertinent in die subopskrif aangedui.

+DD= alle direkte aanhalings. Direkte aanhalings van die tydskrifstem in 'n onderhoudsituasie is as +DDD gekodeer. Dit kom net vanaf 1970/71 voor en die frekwensie is laag.

+DA= alle anekdotes, m.a.w. insidente wat in fyn besonderhede beskryf word. Wanneer 'n onderhoudsituasie op dieselfde manier as 'n insident beskryf word, bv. die onderhoud met Odette Scrooby in 1988/89 is die betrokke kommunikatiewe handelings as +DA gekodeer.

+DF= alle egte fantasie-elemente, bv. moontlike situasies wat in besonderhede in die lewe geroep word, woordspelings, poëtiese elemente en grappies.

In 'n aantal gevalle is die reaksie van die leser gesimuleer. Dit het 'n kategorie geskep wat moeilik met Bales se definisies ondervang kon word. Dit is wel "Dramatisering", maar 'n mens wil dit tog onderskei van die woorde en handelinge van derde partye. Om hierdie rede is 'n verdere kategorie +DV geskep. Dit is spesifiek +DV genoem omdat dit terselfdertyd impliseer dat die tydskrifstem in kontak is met die reaksie van die leser, d.w.s. weet hoe die leser dink en voel, wat dit volgens Bales (1970:100) "Vriendelik" maak. Vrae wat die tydskrifstem haarself afvra, maar wat terselfdertyd 'n tipiese vraag van die leser/hoorder sou kon wees, is hierby ingesluit. Dit is 'n tegniek wat ook dikwels in toesprake gebruik word om die hoorder as't ware 'n inspraak te gee.

Voorbeeld:

> *+DV Ons xneem aan die dag van die huweliksbevestiging is bepaal.... ¦s2 +S dis die werk van die bruidspaar, +S in xoorleg met diegene wat hulle voor die preekstoel xbystaan en +S die ouers aan weerskante. ¦p4¦s1 +DV Nou wat nou? ¦p5¦s1 +S Die bruid se ouers, +I wat xoptree as gasheer en gasvrou, laat uitnodigingskaartjies xdruk (+S waarvoor hulle self xbetaal),*
> *(vrwrld23/2/40:55 3:1-5:1)*

+VI, +VS, en +VM is uiteraard in hierdie soort kommunikasie tot 'n mate retories, alhoewel die egte retoriese vrae, soos *¦s2 +M Hoe kan 'n mens gevat xwees en interessant xgesels as jy niks xweet nie? (vrwrld5/7/61:8 23:2)* as +M gekodeer is.

Die kategorieë "Instem", "Spanning" en "Verskil" is nie relevant vir hierdie kommunikasie nie. Daar is 'n paar geïsoleerde gevalle waar die tydskrifstem van die algemene mening verskil. Dit is wel as "Verskil" aangeteken (+N). Sterk kritiek op die leser, of 'n sektor van die lesers, is as "onvriendelik" (+OV) beoordeel.

+B = bevelsinne is as 'n verdere nuwe kode ingevoer om soektogte te vergemaklik.

Slegs wanneer daar sonder twyfel gedrag gesuggereer word, is dit as +S gekodeer. Wanneer daar enigsins gehuiwer is tussen "Mening" en "Suggereer gedrag" is die kommunikatiewe handeling as +M gekodeer. 'n Mens moet egter hierby Bales se opmerking in gedagte hou: "The presenter of a dramatized image may be said to give indirect suggestion, as compared to the action of direct suggestion" (Bales 1970:106). 'n Afname in +S beteken dus nie noodwendig dat die tydskrif minder suggestief ten opsigte van lesersgedrag is nie, slegs dat dit minder direk suggestief is.

Dit was nie altyd maklik om die kategorieë uit mekaar te hou nie. In die talle artikels wat mense en hulle doen en late beskryf, moes onderskei word tussen +I, verifieerbare informasie; +D, besonderhede van hulle handelinge asook indirekte rede; +DA, insidente wat in fyn dramatiese besonderhede beskryf word; en +M, die artikelskrywer se interpretasie. Tydsverloop en die onderwerp van die klous is as die belangrikste riglyne gebruik. As daar enigsins 'n situasie beskryf word wat vir die leser 'n "prentjie" skep, is dit volgens die riglyn van Bales (1970) as een van die dramatiseringskategorieë gekodeer.

Subjektiwiteit is waarskynlik die mees aanvegbare aspek van hierdie tegniek. Om konsekwentheid te verseker, is boek gehou van problematiese gevalle. Die jaargange is ook doelbewus nie in chronologiese volgorde gekodeer nie, en voor die finale invoering in die teksverwerkingsprogram is gedeeltes weer gekontroleer.

Die leser sal ook merk dat die gestelde hipoteses rondom die IPA-kategoriëe in 'n aantal gevalle ondersteun word met resultate vir relevante taalveranderlikes. Wanneer die resultate ooreenstem, is dit 'n bevestiging dat die IPA-kodering akkuraat is.

## 6.4 HIPOTESES

Algemene hipoteses

Die algemene hipoteses is gestel in ooreenstemming met die veranderings wat in hoofstuk 4 bespreek is.

**a) Die vrouetydskrifstem word met die verloop van tyd "vrouliker".**

**b) Die kommunikasie tussen vrouetydskrifstem en leser word met die verloop van tyd minder taakgerig en meer sosio-emosioneel, d.w.s. kenmerkend van vrou-tot-vrou-kommunikasie.**

Die magsverhouding tussen tydskrifstem en leser word terselfdertyd meer gelyk. Die tydskrifstem word dus minder paternalisties en meer "vriendin".

**c) Sekere veranderinge in die taalgebruik van die tydskrifartikel is in ooreenstemming met die ontwikkelings wat geskrewe Afrikaans oor die afgelope 70 jaar ondergaan het.**

a) sal getoets word in terme van die vrouetaalstereotipes; b) in terme van Bales se Interactional Process Analysis en die merkers van tentatiwiteit; asook in terme van die veranderlikes wat as relevante merkers vir magsverhoudings in die kommunikasiesituasie geformuleer is, en c) in terme van 'n aantal taalveranderlikes wat in die literatuur aangedui is as relevant vir die geskiedenis van geskrewe Afrikaans oor die afgelope sewentig jaar.

Die resultate vir a) en b) word in 6.5 gegee en bespreek, en dié vir c) in 6.6.

Spesifieke hipoteses

a) Vrouetaalstereotipes

* **Die aantal woorde per kommunikatiewe handeling en die persentasie unieke woorde neem af.**
* **Die frekwensie van gaaf/lieflik/fantasties/ fraai/oulik/wonderlik en so/vreeslik, die tipiese "vrouewoordjies", neem toe.**
* **Slotvragies neem toe.**
* **Die gebruik van verkleinwoorde neem toe.**
* **Die gebruik van retoriese vrae neem toe.**
* **Gekwalifiseerde stellings neem toe.**

b) Taakgerig teenoor sosio-emosioneel; versigtig teenoor in beheer.

| Kommunikatiewe handelinge en IPA-kategorieë |
|---|

* **Positiewe reaksies, dit is +D en +V neem in frekwensie toe.**

* **Die taakgerigte handelinge "Gee mening", "Verskaf inligting" en "Suggereer gedrag" neem in frekwensie af.**

* **Die gebruik van vrae (+VI, +VS, +VM) neem toe.**

Realisasie van kommunikatiewe handelinge

* **Naamwoordsinne en beperkende relatiewe in +S, +I en +M neem af.**

* **Vraagsinne in +I en +M neem toe.**

* **Stelsinne in +S neem toe.**

* **Bevelsinne in +S neem af.**

* **Bevelsinne in +D neem af.**

Modaliteit in die werkwoord

* **Die gebruik van modale hulpwerkwoorde neem toe.**

* **Modale hulpwerkwoorde in +I, +M en +S, d.i. die taakgerigte handelinge, neem toe.**

Modaliteit in die adjunk

* **Die gebruik van versagters neem toe.**

* **Die gebruik van versterkers neem af.**

Spesiale veranderlikes

Hierdie groep sluit veranderlikes in wat 'n mens sou verwag om gevoelig vir die verloop van tyd te wees. Die eerste twee is voorspelbaar uit hipotese b), naamlik dat die magsverhouding tussen tydskrifstem en leser met die verloop van tyd meer gelyk word en die tydskrifstem dus minder paternalisties en meer "vriendin" word. Die ander veranderlikes het almal betrekking op spesifiek vrouesake en hulle gedrag gee 'n beeld van veranderende persepsies en gebruike.

**Die gebruik van die passief**

**Die formele aanspreekvorm**

**Leksikale paradigmas: Vrou, huisvrou, dame, ma, pa en baba**

**Vroulike suffikse**

Klere-benaminge

Adjektiewe

Beroep en loopbaan

Verwysings na seksualiteit

Die terminologie van verhoudings en die liefdeslewe

c) Skryftaalveranderlikes.

Groep 1

Groep 1 is 'n seleksie uit die veranderlikes wat deur Stoops (1972) in Die Huisgenoot nagevors is.

had/mog/wis/gedaan

Werkwoordvolgorde in passiewe bysinne

Meervoude by afleidings op -ing

Begin en probeer: met en sonder te

Is as hulpwerkwoord van tyd

Het gewees sonder sou

-f/-we as werkwoorduitgang

Groep 2

Groep 2 is veranderlikes wat in die loop van die ondersoek geblyk het gevoelig vir die verloop van tyd te wees.

Die gebruik van die enkele ontkenningsvorm

As en soos in vergelykingkonstruksies saam met so

Genitiefskonstruksies met se teenoor die voorsetselgroep met van

dog en daar as voegwoorde

-baar as agtervoegsel

Belang geskei van stel

Samestellings met aller-, uithaler-, gunsteling-, glans- en droom-

vernaamste/belangrikste

Lekker as adjektief en as bywoord

## 6.5 RESULTATE

Die chi-kwadraattoets is gebruik om vas te stel of tyd inderdaad 'n beduidende invloed op die gedrag van die betrokke veranderlikes gehad het. Slegs in die geval van versterkers en die suffiks -ster het die toets nie 'n beduidende resultaat op die peil van ten minste 5% gegee nie. Die chi-kwadraatsyfers sal gevolglik nie telkens vir elke individuele resultaat gegee word nie en alle resultate moet as beduidend beskou word. "Beduidend" beteken dat die verloop van tyd 'n beduidende invloed op die gedrag van die veranderlike gehad het en dat dit 95% seker is dat die resultaat vir die steekproef 'n refleksie is van die populasie.

a) Vrouetaalstereotipes

* *Hipotese*: Die aantal gemiddelde aantal woorde per sin en die persentasie unieke woorde neem af.

Resultate:

| | Gem. aantal woorde/sin | % unieke woorde |
|---|---|---|
| Boerevrou | 24,4 | 14,38% |
| Huisgenoot 1940 | 24 | 17,95% |
| Sarie 49/50 | 22,05 | 16,71% |
| Sarie 60/61 | 21,59 | 17,35% |
| Sarie 70/71 | 18,38 | 19,47% |
| Sarie 80/81 | 18,52 | 16,15% |
| Sarie 88/89 | 14,33 | 13,25% |

Gevolgtrekking:

Die gemiddelde aantal woorde per sin neem met die verloop van tyd sterk af. Sinne word dus korter en minder kompleks. Dit is in ooreenstemming met 'n algemene tendens in die tydskrifwese sodat 'n mens beswaarlik kan sê dat die tydskrif in hierdie opsig meer "vroulik" word.

Dit val op dat die kleinste persentasies unieke woorde in die eerste en laaste jaargange voorkom. In hierdie opsig is daar dus nie 'n algemene tendens oor die verloop van tyd nie.

* *Hipotese:* Die frekwensie van gaaf/lieflik/fantasties/fraai/oulik/wonderlik en vreeslik/so, die sogenaamde "vrouewoordjies", neem af.

Die adjektiewe:

Bespreking en voorbeelde:

In die verhale het die sogenaamde tipiese adjektiewe van vrouetaal óf glad nie voorgekom nie óf die aantal waarnemings was so klein dat kwantifisering nie sinvol is nie. Relatief tot

die grootte van die dokumente is dieselfde hier gevind.

Voorbeelde is die volgende:

*¦s1 +I Handskrif oor die draad xis een van die wonderlike nuwe uitvindsels.*
*(m/p/d6/25:2 14:1)*

*¦s10 +S Byvoorbeeld, nou xis die tyd om tamaties te xsaai, en +S 'n dosyn goeie stoele sal 'n wonderlike voorraad uitstekende voedsel xlewer, +S en vir slaai in die somermaande xstaan tamaties eerste op die lys.*
*(m/p/d8/28:51 2:10)*

*¦s1 +M Die wonderlike plek xis 'n verassing.*
*(m/p/d10/30:29 5:1)*

*¦s1 +M Poinsettias in blikke xlyk maar 'n bietjie armsalig as hulle alleen xstaan, +M maar tussen varings op 'n ystertafeltjie of 'n klein blomstelletjie xgee hulle 'n fraai tikkie kleur aan 'n vertrek.*
*(m/p/d5/29:39 8:1)*

*¦s2 +S Takke waarvan die blare mooi skoon xgewas is, en +S dan in 'n vaas met 'n nou bek xgesit, sal fraai xlyk as dit teen 'n kaggel xoprank +S of teen 'n liggekleurde muur xopstaan. (m/p/d5/29:39 9:2)*

*¦s1 +S Baie fyn grassate, +I verkrybaar van die bloemis, en +S xgesaai op die kop van daardie klein figuurtjies van 'n kaalkopman in erdewerk, +S of op die rug van 'n vark, xis baie oulik.*
*(m/p/d5/29:39 11:1)*

*¦s3 +DD Hy xkook fantasties, maar +DD xkrap die kombuis so om dat ek liewer xpadgee.*
*(h/s/l14/6/89:108 20:3)*

*¦s1 +DD Toe ek 'n kind xwas, het ek xgedink dis wonderlik om volwasse te xwees.*
*(h/s/l14/6/89:108 40:1)*

*¦s2 +DD xis hy nie fantasties nie!*
*(h/s/l14/6/89:108 55:2)*

*¦s4 +DD Bill xis 'n wonderlike pa, en +DD xbring sy kant.*
*(h/s/l14/6/89:108 62:4)*

*¦s3 +M Haar droomrok xis lieflik in kaasdoek, kant en pêrels.*
*(vrwrld14/12/88:70 25:3)*

Resultate:

**Verslag vir:** lieflik/lieflike/fraai/fraaie/ oulik/oulike/oulikste/fantasties/fantastiese/dierbaar/ dierbare/wonderlik/wonderlike/wonderlikste/gaaf/gawe/ gaafste

Totale aantal woorde in soektog: 16

Totale aantal verwysings: 96

| | Frekwensie | | Persentasies | |
|---|---|---|---|---|
| Jaargang en/of tipe | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| Boerevrou | 21 | 22% | 17% | 5% |
| Huisgenoot 1940 | 21 | 22% | 12% | 10% |
| Sarie 1949/50 | 3 | 3% | 13% | -10% |
| Sarie 1960/61 | 9 | 9% | 10% | -1% |
| Sarie 1970/71 | 6 | 6% | 9% | -3% |
| Sarie 1980/81 | 12 | 13% | 13% | 0% |
| Sarie 1988/89 | 24 | 25% | 27% | -2% |

Gevolgtrekkings:

Die meeste van die adjektiewe kom in die twee vroeë tydperke voor. Dit is teenstrydig met die resultaat vir die verhale, maar 'n mens moet hierby in gedagte hou dat daar in 1988/89 die grootste verskil tussen die geslagte in die verhaaldialoog voorgekom het, en dat hierdie adjektiewe beduidend meer by die vrouekarakters voorgekom het.

Opmerkings:

Soos wat die resultate hieronder aandui, is die vrouetaalwoorde in die twee vroeë tydperke egter veral opgeneem in +I,+S en +M, d.w.s. die taakgerigte handelingsfunksies. In die jaargang 1988/89 kom hulle veral voor in direkte aanhalings. Dit val op dat die vrouetaalwoorde in hierdie jaargang inderdaad hoofsaaklik voorkom by aangehaalde vroue.

Die intensiveerders:

Resultate word gegee vir sowel die intensiverende so en vreeslik as graadwoorde by 'n adjektief as vir so in die predetermineerderposisie in hierdie funksie, bv. Dit is so 'n wonderlike dag.

Voorbeelde:

*¦s1 +DD "Maar Paul xis 'n ster - al xis hy so 'n goeie karaktervertolker.*
*(m/p/d4/3/81:22 9:1)*

*¦s2 +DD Paul xneem homself nie so ernstig op nie, +DD tog xhet hy daardie gehalte.*
*(m/p/d4/3/81:22 9:2)*

*¦s2 +DD Sy xlyk oud ( +I die mense xverouder vreeslik vinnig), maar +DD xis tien teen een slegs veertig jaar oud.*
*(vroue4/3/81:74 13:2)*

*¦s4 +DD Die Engamense kan vreeslik wreedaardig xlyk, maar +DD xdis eintlik meer skyn as enigiets anders.*
*(vroue4/3/81:74 16:4)*

*¦s1 +DD Hy xsnork ook vreeslik: op sy maag, sy rug en albei sy sye.*
*(h/s/l14/6/89:100 37:1)*

*¦s1 +DD Dit xpla my vreeslik as die gras langer en langer xword +DD terwyl die tuinman met vakansie xis.*
*(h/s/l14/6/89:100 41:1)*

*¦s2 +DD Dit xwas vreeslik romanties.*
*(h/s/l14/6/89:108 54:2)*

Resultate:

**Verslag vir:** vreeslik/vreeslike/so/so 'n

Totale aantal woorde in soektog: 4

Totale aantal verwysings: 154

| | Frekwensie | | Persentasies | |
|---|---|---|---|---|
| Jaargang en/of tipe | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| Boerevrou | 30 | 19% | 17% | 2% |
| Huisgenoot 1940 | 41 | 27% | 12% | 15% |
| Sarie 1949/50 | 13 | 8% | 13% | -5% |
| Sarie 1960/61 | 17 | 11% | 10% | 1% |
| Sarie 1970/71 | 9 | 6% | 9% | -3% |
| Sarie 1980/81 | 16 | 10% | 13% | -3% |
| Sarie 1988/89 | 28 | 18% | 27% | -9% |

Gevolgtrekkings:

Net soos in die geval van die adjektiewe kom die sogenaamde

"leë" intensiveerders veral in die twee vroegste tydperke voor. Die gebruik van so was besonder gewild in Die Huisgenoot-artikels. Hierdie resultaat is in ooreenstemming met die resultaat vir die verhale.

Wat betref die "tipiese vrouewoordjies", het die taalgebruik van die artikels dus beslis minder "vroulik" geword.

* *Hipotese*: **Die gebruik van slotvragies neem toe.**

Bespreking en voorbeelde:

Soos in die geval van die verhale is die aantal waarnemings te min vir 'n sinvolle kwantifisering. Al die voorbeelde word hier onder gegee:

*¦s2 +DV In die sterlig xwas dit mooiste nie waar nie?*
*(m/p/d6/25:2 20:2)*

*¦s1 +M Eenvoudig, nie waar nie?*
*(vrwrld3/23:39 9:1)*

*¦s1 +M Dit xklink alles eenvoudig en mooi, nie waar?*
*(kinders6/28:10 18:1)*

*¦s3 +DV As hy my xliefhet, sal hy mos xweet, of hoe?*
*(h/s/124/6/81:54 81:3)*

*¦s4 +D Maar as 'n mens dit nou van alle kante xbekyk het, G-kol inkluis, +D kry jy darem seker daarmee xklaar, of hoe?.*
*(h/s/114/6/89:38 8:4)*

In 'n artikel in 1961 oor "Sjarme" word slotvragies pertinent genoem as taboe vir die sjarmante dame:

*¦s3 +S En sy sal ook nie al haar sinne xafsluit met: "Nie waar nie"? +S of "Jy weet, nè"? of +S so 'n suigie deur die lippe nie.*
*(vrwrld5/7/61:8 19:3)*

Dit is 'n aanduiding dat die persepsie bestaan dat slotvragies wel frekwent deur vroue gebruik word.

* *Hipotese:* **Die gebruik van verkleinwoorde neem toe.**

Bespreking en voorbeelde:

Slegs voorbeelde wat vervang kan word deur 'n nie-verkleinde selfstandige naamwoord, of wat in die konteks so omskryf kon word, is in ag geneem. Verkleinwoorde wat op klein voorwerpe, bv. babas betrekking het, is ook nie in berekening gebring nie.

Die voorbeelde van 1940 kom uit 'n kostelike artikel oor kerkmodes.

*¦s4 +DF kan 'n mens jou xvoorstel dat 'n dame om elfuur die oggend by haar vername nuwe kennis xxgaan xteedrink in 'n aandtabberd wat op die voete xhang en met blomme en juwele xgetooi is; of +DF selfs dat sy met 'n swierige middag-uitrusting op 'n inkooptoggie sal xgaan?*
*(vrwrld20/9/40:57 3:4)*

*¦s1 +D 'n Mens se verbasing neem alhoemeer toe, byvoorbeeld, as 'n fyngeklede vroutjie wat Sondag na Sondag haar plek in die kerk xinneem, met 'n beweging van die hand rooi verlakte naels xvertoon.*
*(vrwrld20/9/40:57 7:1)*

*¦s6 +S Dis tog immers moontlik om die een of twee muntstukkies vir die kollekte in die gesangeboek, in 'n handskoen of 'n sak in die klere te xbewaar, of +S selfs in 'n heel klein beursie wat nie ruimte in beslag xneem of 'n gewerskaf xveroorsaak nie.*
*(vrwrld20/9/40:57 7:6)*

*¦s2 +S Eensame, as jy ooit 'n ideale vroutjie wil xword, moet jy eenvoudig die telefoon xoptel en +S jou droomman xskakel.*
*(h/s/119/10/88:136 7:2)*

*¦s2 +DA My hele wêreldjie het om die donkerkop-Dewald xgedraai.*
*(h/s/119/10/88:136 8:2)*

*¦s1 +DF (Gewoonlik xeet ek 'n halwe pak sjokolade of xdrink 'n blertsie sjerrie voor ek met punt een xbegin, maar +DF dit xis opsioneel).*
*(h/s/119/10/88:136 20:1)*

*¦s5 +M Dit sal die man xlaat xdink dat jy so besig xis dat dit die enigste tydjie xis wat jy kon xafknyp om te xbel.*
*(h/s/119/10/88:136 21:5)*

Resultate:

| Verslag vir: *ie/vroutjie'/*ies | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Totale aantal woorde in soektog: | | | | 3 |
| Totale aantal verwysings: | | | | 789 |
| | Frekwensie | | Persentasies | |
| Jaargang en/of tipe | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| Boerevrou | 158 | 20% | 17% | 3% |
| Huisgenoot 1940 | 128 | 16% | 12% | 4% |
| Sarie 1949/50 | 164 | 21% | 13% | 8% |
| Sarie 1960/61 | 63 | 8% | 10% | -2% |
| Sarie 1970/71 | 52 | 7% | 9% | -2% |
| Sarie 1980/81 | 47 | 6% | 13% | -7% |
| Sarie 1988/89 | 177 | 22% | 27% | -5% |

Gevolgtrekking:

Die oordadige gebruik van verkleinwoorde is beslis 'n verskynsel wat tot die ouer tydskrifte behoort. Die hipotese moet dus verwerp word. Die besondere hoë telling vir 1949/50 val op. Daar sal later weer hierna verwys word.

* *Hipotese*: **Die gebruik van retoriese vrae neem toe.**

Bespreking en voorbeelde:

Slegs retoriese vrae wat deur die tydskrifstem gebruik is, is in ag geneem.

Voorbeelde is die volgende:

*¦s1 +S Buitemuurs - het u al ooit aan daardie oplossing xgedink wanneer u xwonder waar die xgeld vandaan xxgaan xkom om u kinders die opleiding te xgee wat hulle graag wil xhê?*
*(vroue5/7/61:51 3:1)*

*¦s2 +M xis dit dan snaaks dat daardie fyn draadjies xbreek as 'n stukkie vel of ingeskeurde nael daaraan xhaak?*
*(vrwrld13/9/60:59 7:2)*

*¦s2 +M Hoe kan 'n mens gevat xwees en interessant xgesels as jy niks xweet nie?*
*(vrwrld5/7/61:8 23:2)*

*¦s3 +M En hoe kan jy iets xweet as jy nie xlees nie? (vrwrld5/7/61:8 23:3)*

*¦s3 +S Maar xgaan hulle diep genoeg op die saak in om xvas=te=stel dat "'n groot gesin" vir een van hulle drie kinders xbeteken terwyl die ander aan 'n halfdosyn xdink? (h/s/114/9/60:8 36:3)*

Resultate:

**Verslag vir:** +s/+m/+i/?

Totale aantal woorde in soektog: 4

Totale aantal verwysings: 47

| | Frekwensie | | Persentasies | |
|---|---|---|---|---|
| Jaargang en/of tipe | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| Boerevrou | 11 | 23% | 17% | 6% |
| Huisgenoot 1940 | 9 | 19% | 12% | 7% |
| Sarie 1949/50 | 4 | 9% | 13% | -4% |
| Sarie 1960/61 | 10 | 21% | 10% | 11% |
| Sarie 1970/71 | 1 | 2% | 9% | -7% |
| Sarie 1980/81 | 9 | 19% | 13% | 6% |
| Sarie 1988/89 | 3 | 6% | 27% | -21% |

Gevolgtrekkings:

Die groot variansie in 1960/61 en 1980/81 beïnvloed die resultaat. Die voorkoms van hierdie veranderlike is grootliks 'n funksie van spesifieke artikels, kinders24/6/81:85 vir 1980/81 en h/s/113/9/61:81 vir 1960/61. Geen algemene tendens is hieruit afleibaar nie.

* *Hipotese:* **Die gebruik van gekwalifiseerde stellings neem toe.**

Bespreking en voorbeelde:

Die tipiese verskonende aanloop vir 'n standpunt soos in Ek is jammer om te pla, maar ... kom glad nie in hierdie soort kommunikasie voor nie, in elk geval nie by die tydskrifstem nie. Dit was egter wel interessant om te gaan kyk na die voorkoms van die tegniek om die gesag van tydskrifmenings af te wentel na gerapporteerde derdepersoonmenings en/of anekdotes.

Hieronder volg enkele voorbeelde:

*¦p41¦s1 +M Min ouers sal dit pront xerken, maar +M baie*

*xhoop in die stilligheid dat hul kinders ook húl behoeftes in xag=sal=neem as hulle die dag trou. ¦s2 +DF Hulle xis dalk naby aftrede en +D xbesorg oor 'n karige pensioen. ¦s3 +DF Met dié xmaan hulle hul kind: +DD "Geld xis nie alles nie, maar xmaak tog seker dat jou aanstaande genoeg het sodat julle gerieflik kan xlewe". ¦p42¦s1 +DF Of miskien het 'n pa nog altyd xgedroom van 'n invloedryke werk met baie byvoordele. ¦s2 +DF Hy sal subtiel xaandring: +DD "xSoek 'n suksesvolle man by 'n goeie maatskappy. ¦s3 +DD Iemand met geleerdheid. ¦s4 +DD En xsorg dat hy in die regte kringe xbeweeg".*
*(h/s/114/12/88:108)*

*¦s2 +M Dit xis 'n vraag wat al meer Suid-Afrikaanse vroue hul self xafvra in hierdie tyd waarin alle sedelike grense en mure skynbaar xafgetakel word. ¦s3 +D Vir een van ons Pretoriase lesers xis dit al asof ons jeug vandag in 'n botsende see van idees oor wat reg en verkeerd xis, xrondgeslinger word.*
*(h/s/123/9/70:41)*

*¦p13¦s1 +M Die gang wat gewoonlik net xgebruik word as 'n plek om deur te xloop as jy van die voordeur na een van die kamers wil xgaan en +M geen ander doel xdien nie, +I word in hierdie huis as eetvertrek xgebruik. ¦s2 +D Want, het die eienaars xgeredeneer, terwyl ons xeet, xloop daar in elk geval niemand verby nie, +D en ander tye van die dag xis daar oorgenoeg beweegplek langs die tafel en vier stoele. ¦s3 +I Die gangmuur xis boonop nog as ingeboude linnekas ook xingerig.*
*(m/p/d14/9/60:30)*

Resultate:

**Verslag vir:** +m/+d/+da/+dd

Totale aantal woorde in soektog: 4

Totale aantal verwysings: 397

| | Frekwensie | | Persentasies | |
|---|---|---|---|---|
| Jaargang en/of tipe | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| Boerevrou | 59 | 15% | 17% | -2% |
| Huisgenoot 1940 | 27 | 7% | 12% | -5% |
| Sarie 1949/50 | 43 | 11% | 13% | -2% |
| Sarie 1960/61 | 50 | 13% | 10% | 3% |
| Sarie 1970/71 | 43 | 11% | 9% | 2% |
| Sarie 1980/81 | 72 | 18% | 13% | 5% |
| Sarie 1988/89 | 103 | 26% | 27% | -1% |

Gevolgtrekking:

Dit is duidelik, met die uitsondering van 1988/89, dat dit hoofsaaklik 'n meer onlangse verskynsel is. Die telling vir 1988/89 kan moontlik verklaar word uit die algemene lae telling vir "Mening".

ALGEMENE GEVOLGTREKKINGS M.B.T. DIE VROUETAALSTEREOTIPES

Net soos in die geval van die verhale kom die vrouetaalstereotipes inderdaad meer frekwent in die ouer tydskrifte voor.

Die sterkste resultate is dié vir die tipiese adjektiewe en "leë" intensiveerders, asook vir verkleinwoorde. In hierdie opsigte word die artikels sonder twyfel minder "vroulik".

Ook wat betref sinslengte en sinskompleksiteit, word die artikels meer "vroulik", alhoewel daarop gewys is dat dit 'n algemene tendens in tydskrifte is.

Die artikels is ook toenemend meer versigtig in die uitspreek van menings - meer "vroulik" dus. Hierna sal later weer verwys word.

Die tipiese vrouewoorde kom frekwent by sowel die vroeë jaargange as 1988/89 voor, wat klop met hierdie jare se "tweeslagtigheid", waarna later weer verwys sal word.

Vir retoriese vrae en slotvragies is daar weer eens óf te min waarnemings vir 'n beduidende resultaat, óf geen algemene tendens nie.

b) Taakgerig teenoor sosio-emosioneel; versigtig teenoor in beheer.

Kommunikatiewe handelinge en IPA-kategorieë

* *Hipotese:* **Positiewe reaksies, dit is +D en +V, neem toe.**

Omdat daar soveel duisende waarnemings van hierdie veranderlikes voorgekom het, kon +D en +V apart beskou word.

"Dramatisering": Bespreking en voorbeelde (+D,+DD,+DA,+DF):

Die voorbeelde van die verskillende tipes dramatisering is taamlik uitgebreid om vir die leser 'n goeie aanduiding te gee van die manier hoe hulle mekaar dikwels in die teks afwissel.

*¦s2 +D Botha xis toe naar Khama +D om 'n pad te xvra deur sy land naar Meer N'Gami. ¦s3 +D Dit is xtoegestaan. ¦s4 +D Hulle het xgetrek van Krokodilrivier tot aan Klabala +D en het daar tien dae xgerus. ¦s5 +D Intussen*

*¦s1 +M Nog lank voor Paulus van die vrou xgepraat het as die swakker vat, +I d.w.s. die persoon wat nie so sterk xis as 'n man nie, xis die vrou deur die sterk geslag xbehandel as die swak vat, +I d.w.s. die persoon wat glad nie iets kan xdoen wat krag xvereis nie, behalwe as die iets in haar huishouding xval. (vrouel/11/40:51 2:1)*

*¦s6 +S Sy xstaan so laat as moontlik op en +S laat vir haarself ruim tyd toe vir haar mooimakery en aantrekkery. (vrwrld23/2/40:55 6:6)*

*¦s4 +S Maar die hande wat dit xxgaan xhou, moet net so fyn en wit as die blomme xwees. (vrwrld1/11/40:57 18:4)*

Resultate:

| **Verslag vir:** so ... soos | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Totale aantal woorde in soektog: | | | | 2 |
| Totale aantal verwysings: | | | | 59 |
| | Frekwensie | | Persentasies | |
| Jaargang en/of tipe | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| Boerevrou | 6 | 10% | 17% | -7% |
| Huisgenoot 1940 | 0 | 0% | 12% | -12% |
| Sarie 1949/50 | 7 | 12% | 13% | -1% |
| Sarie 1960/61 | 8 | 14% | 10% | 4% |
| Sarie 1970/71 | 4 | 7% | 9% | -2% |
| Sarie 1980/81 | 14 | 24% | 13% | 11% |
| Sarie 1988/89 | 17 | 29% | 25% | 4% |

| **Verslag vir:** so ... as | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Totale aantal woorde in soektog: | | | | 2 |
| Totale aantal verwysings: | | | | 59 |
| | Frekwensie | | Persentasies | |
| Jaargang en/of tipe | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| Boerevrou | 31 | 53% | 17% | 36% |
| Huisgenoot 1940 | 12 | 20% | 12% | 8% |
| Sarie 1949/50 | 7 | 12% | 13% | -1% |
| Sarie 1960/61 | 0 | 0% | 10% | -10% |
| Sarie 1970/71 | 1 | 2% | 9% | -7% |
| Sarie 1980/81 | 7 | 12% | 13% | -1% |
| Sarie 1988/89 | 1 | 2% | 25% | -22% |

Gevolgtrekking:

Dit blyk duidelik dat die vergelykingskonstruksie so ... as met die verloop van tyd deur so ... soos vervang is.

Nederlandse invloed speel waarskynlik by die vroeë tydskrifte 'n rol, maar 'n mens sou verwag dat Engelse invloed ook die gebruik van as bevorder. Dit gebeur egter nie.

* Genitiefskonstruksies met se teenoor die voorsetselgroep met van

Met inagneming van die faktore wat die wisseling tussen hierdie konstruksies beïnvloed (Ponelis 1979:151,152), neem die voorkeur vir die genitiefskonstruksie met se toe, veral in 1980/81 en 1988/89. Twee voorbeelde illustreer die veranderende voorkeur.

*¦s1 +S Die gesig en handjies van die kind moet xgewas word so dikwels as hy xdrink...*
*(kinders9/24:33 20:1)*

*¦s2 +DD Alle ouers speel 'n rol in hul kind se liefdeslewe.*
*(h/s/l/14/12/88:108 19:2)*

* dog en daar as voegwoorde

Bespreking en voorbeelde:

Die verspreiding van hierdie veranderlike lyk baie soos dié van die modale hulpwerkwoord in eerste posisie in passiewe bysinne. Die gebruik van hierdie voegwoorde het in Afrikaans grootliks in onbruik geraak.

Enkele voorbeelde volg:

*¦s2 +DD Julle xneem dit met eie reg, +DD dog as julle xdoen soos in julle brief xstaan en die groot pad by Lettoutsie xneem, sal ek julle nie xmolesteer nie.*
*(m/p/d3/23:23 5:2)*

*¦s5 +I Du Toit het twee seuns met kar en perde vooruit xgestuur naar Inkowaan om water te xhaal, +I maar hulle het geen water xgevind nie, +I vandaar naar Haakdoornvlei, +I dog daar ook geen water, +I en so het hulle eers water xgevind by Klakaan +I waar Jan Greyling reeds van te vore xaangekom het.*
*(m/p/d3/23:23 6:5)*

*¦s1 +I Daar die twee seuns al lang oor die bestemde tyd xweggebly het, +I xgaan Gert du Toit nou ook self vooruit met 'n ketel om water te xsoek.*
*(m/p/d3/23:23 7:1)*

*¦s1 +M Dit xis egter moeilik om die juiste oorsaak van 'n verkoue xaan=te=gee, +I daar party mense baie meer xvatbaar xis as ander, +I maar die mense wat hulself te veel xvertroetel, en in warm, benoude kamers xwoon, xword baie eerder verkoue as ander wat meer in die ope lug xleef.*
*(m/p/d8/28:33 3:1)*

Resultate:

| Verslag vir: dog/daar | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Totale aantal woorde in soektog: | | | | 2 |
| Totale aantal verwysings: | | | | 18 |
| | Frekwensie | | Persentasies | |
| Jaargang en/of tipe | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| Boerevrou | 15 | 83% | 17% | 66% |
| Huisgenoot 1940 | 1 | 6% | 12% | -6% |
| Sarie 1949/50 | 2 | 11% | 13% | -2% |
| Sarie 1960/61 | 0 | 0% | 10% | -10% |
| Sarie 1970/71 | 0 | 0% | 9% | -9% |
| Sarie 1980/81 | 0 | 0% | 13% | -13% |
| Sarie 1988/89 | 0 | 0% | 27% | -27% |

* -baar as agtervoegsel

Bespreking en voorbeelde:

Raidt (in 'n persoonlike gesprek) was van mening dat die gebruik van hierdie agtervoegsel in woorde soos herkenbaar, aanpasbaar moontlik toegeneem het in Afrikaans.

Die materiaal het dit egter nie aangedui nie. Slegs woorde waarvan die stam as 'n selfstandige woord kan optree, is in ag geneem.

Resultate:

| Verslag vir: *baar/*bare | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Totale aantal woorde in soektog: | | | | 2 |
| Totale aantal verwysings: | | | | 164 |
| | Frekwensie | | Persentasies | |
| Jaargang en/of tipe | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| Boerevrou | 43 | 26% | 17% | 9% |
| Huisgenoot 1940 | 17 | 10% | 12% | -2% |
| Sarie 1949/50 | 26 | 16% | 13% | 3% |
| Sarie 1960/61 | 23 | 14% | 10% | 4% |
| Sarie 1970/71 | 9 | 5% | 9% | -4% |
| Sarie 1980/81 | 25 | 15% | 13% | 2% |
| Sarie 1988/89 | 21 | 13% | 27% | -14% |

* **Belang geskei van stel**

Vier voorbeelde is in die vroeë jaargange gevind waar belang geskei van stel voorkom. Dit is egter te min voorbeelde om aan te dui of dit 'n algemene gebruik was, en of dit beperk was tot individue.

*¦s1 +M 'n Moeder kan gou xsien aan die ernstige manier waarop hy haar xaankyk, of die belang wat hy xstel in haar bewegings, of hy 'n skrander bybie xis of nie.*
*(kinders11/27/:53 8:1)*

*¦s2 +S Sy moet self belang in boeke xstel<.*
*(kinders7/9/49:2 9:2)*

*¦s7 +M Waar die vader ook belang in goeie boeke xstel< en ook stories aan die kinders xvertel, xis die moeder se taak natuurlik makliker en meer lonend.*
*(kinders7/9/49:2 9:7)*

* **Samestellings met aller-, uithaler-, gunsteling-, glans-,en droom-.**

Die verspreiding van hierdie, wat Combrink (1990) noem onselfstandige stamme, is ook gekoppel aan tyd.

Aller- soos in allerbelangriks, allerbeste, allergewoonste, allermooiste word baie meer frekwent in die vroeë jaargange gekry. Die ander vier is weer tipies van die resente jaargange.

Glans- en uithaler- is nie gekwantifiseer nie. Die voorbeelde is: glanswêreld, glansvoorblaaie, uithaler-ete, uithaler-blomkweker,

uihaler-kok, uithaler-naelloper.

Resultate:

**Verslag vir:** aller*

Totale aantal woorde in soektog: 1

Totale aantal verwysings: 25

| | Frekwensie | | Persentasies | |
|---|---|---|---|---|
| Jaargang en/of tipe | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| Boerevrou | 12 | 48% | 17% | 31% |
| Huisgenoot 1940 | 6 | 24% | 12% | 12% |
| Sarie 1949/50 | 1 | 4% | 13% | -9% |
| Sarie 1960/61 | 1 | 4% | 10% | -6% |
| Sarie 1970/71 | 2 | 8% | 9% | -1% |
| Sarie 1980/81 | 1 | 4% | 13% | -9% |
| Sarie 1988/89 | 2 | 8% | 27% | -19% |

**Verslag vir:** gunsteling/gunsteling-gereg/gunsteling-geregte/ gunsteling-kleur/gunsteling-musiek/gunsteling-pop/ gunsteling-roetes/gunsteling-rok/ gunsteling-speelding/gunsteling-tyd/gunsteling-vrouekler e

Totale aantal woorde in soektog: 12

Totale aantal verwysings: 19

| | Frekwensie | | Persentasies | |
|---|---|---|---|---|
| Jaargang en/of tipe | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| Boerevrou | 0 | 0% | 17% | -17% |
| Huisgenoot 1940 | 0 | 0% | 12% | -12% |
| Sarie 1949/50 | 0 | 0% | 13% | -13% |
| Sarie 1960/61 | 0 | 0% | 10% | -10% |
| Sarie 1970/71 | 0 | 0% | 9% | -9% |
| Sarie 1980/81 | 1 | 5% | 13% | -8% |
| Sarie 1988/89 | 18 | 95% | 27% | 68% |

Vir droom- gee die resultate in tabelvorm 'n beter beeld.

| Tot | BV | 1940 | 1950 | 1960 | 1970 | 1980 | 1989 | Woord |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | | | | | | | 1 | droom-koningin |
| 1 | | | | | | 1 | | droomgehalte |
| 1 | | | | 1 | | | | droomhuisie |
| 1 | | | | | | | 1 | droomland |
| 2 | | | | | | | 2 | droomman |
| 1 | | | | | | | 1 | droomrok |
| 1 | | | | | | | 1 | droomvrou |

* vernaam/vernaamste/belangrik/-er/-ste

In die tydperk 1919 tot 1950 word vernaam/vernaamste in die betekenis van "belangrik" gebruik. Die gebruik neem egter af in hierdie tydperk, en maak toenemend plek vir belangrik.

Enkele voorbeelde word gegee:

*¦s8 +M Die werk van 'n argitek xis vernaam, +M hoe vernaam word selde xingesien, +M selfs deur diegene wat van sy dienste xgebruik=maak.*
*(m/p/d3/23:5 3:8)*

*¦s1 +M 'n Huis xbou xis een van die vernaamste ondernemings van ons lewe, +M nie alleen omdat dit die middelpunt en simbool van ons famielielewe xvorm nie, +M maar ook vanuit 'n besigheids=oogpunt want dit is 'n gewigtige geldbelegging.*
*(m/p/d6/25:2 43:1)*

Die gebruik van belangrik neem ook relatief toe met die verloop van tyd.

| Verslag vir: | belangrik/belangrike/belangriker/belangrikheid/belangriks /belangrikste | | | |
|---|---|---|---|---|
| Totale aantal woorde in soektog: | | | | 6 |
| Totale aantal verwysings: | | | | 154 |
| | Frekwensie | | Persentasies | |
| Jaargang en/of tipe | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| Boerevrou | 14 | 9% | 17% | -8% |
| Huisgenoot 1940 | 12 | 8% | 12% | -4% |
| Sarie 1949/50 | 19 | 12% | 13% | -1% |
| Sarie 1960/61 | 22 | 14% | 10% | 4% |
| Sarie 1970/71 | 11 | 7% | 9% | -2% |
| Sarie 1980/81 | 26 | 17% | 13% | 4% |
| Sarie 1988/89 | 50 | 32% | 27% | 5% |

* **Lekker as bywoord en as adjektief**

Bespreking en voorbeelde:

Dit het opgeval dat hierdie woord, in beide gebruike na 'n afname tussen 1950 en 1980, vandag weer baie populêr is. Die woord word ook vandag nog net so gebruik soos in Die Boerevrou soos die voorbeelde aantoon.

*¦s1 +M Die plat plooie voor en aan die kante xmaak die romp lekker wyd en maklik om in te xloop en +M tog xis dit 'n model wat selfs 'n besonder gesette figuur baie goed sal xstaan.*
*(vrwrld3/26:35 6:1)*

*¦s2 +M Die snit en ook die manier waarop die oplegsels xgebruik word xgee lengte aan die figuur en +M die hele tabberd is so xgesny dat dit lekker los en gemaklik xsit.*
*(vrwrld3/26:35 6:2)*

*¦s7 +V Ek xglo nie dat dit vir een vrou lekker xis om vir al wat sy nodig het na die man te xgaan nie.*
*(vrwrld6/28:39 8:7)*

*¦s1 +I Dit sal dadelik xopgemerk word dat gestoofde gedroogte vrugte op byna elke dag se spyskaart xvoorkom, veral vir brekfis, +M maar op die Laeveld, waar die dae lekker warm xis in die winter, xmaak pomelo (grape fruit) 'n eksellente substituut uit.*
*(vrwrld6/28:45 7:1)*

Resultate:

| Verslag vir: *lekker* | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Totale aantal woorde in soektog: | | | | 1 |
| Totale aantal verwysings: | | | | 109 |
| | Frekwensie | | Persentasies | |
| Jaargang en/of tipe | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| Boerevrou | 18 | 17% | 17% | 0% |
| Huisgenoot 1940 | 13 | 12% | 12% | 0% |
| Sarie 1949/50 | 9 | 8% | 13% | -5% |
| Sarie 1960/61 | 7 | 6% | 10% | -4% |
| Sarie 1970/71 | 4 | 4% | 9% | -5% |
| Sarie 1980/81 | 6 | 6% | 13% | -7% |
| Sarie 1988/89 | 52 | 48% | 27% | 21% |

## 6.7 ALGEMENE GEVOLGTREKKINGS IN VERBAND MET DIE GESTELDE HIPOTESES

Hieronder word die belangrikste resultate in tabelvorm gegee. Die resultate wat 'n funksie van óf die taakgerigte funksies óf "Dramatisering" is, is met die uitsondering van stelsinne en bevele in "Suggereer gedrag" weggelaat. Soos reeds aangetoon, gee persentasies in hierdie gevalle 'n meer betroubare resultaat.

Die syfers verwys na die verskil tussen die werklike en die verwagte persentasie van veranderlikes. Vir die gedrag van al die veranderlikes waarvan die resultate hier gegee word, is die verloop van tyd 'n beduidende faktor op 'n peil van 5%.

| HIPOTESE | Boere-vrou | Huis-genoot | Sarie 49/50 | Sarie 60/61 | Sarie 70/71 | Sarie 80/81 | Sarie 88/89 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **VROUETAALSTEREOTIPES** | | | | | | | |
| Tipiese adjektiewe neem toe. | 5 | 10 | -10 | - 1 | - 3 | 0 | -2 |
| "Leë" intensiewe neem toe. | 2 | 15 | - 5 | 1 | - 3 | -3 | -9 |
| Verkleinwoorde neem toe. | 3 | 4 | 8 | - 2 | - 2 | -7 | -5 |
| Retoriese vrae neem toe. | 6 | 7 | - 4 | 11 | - 7 | 6 | -21 |
| +M word toenemend versterk met anekdotes. | - 2 | - 5 | - 2 | 3 | 2 | 5 | -1 |
| **HANDELINGSFUNKSIES** | | | | | | | |
| Positiewe reaksies en by name "Dramatisering" neem toe. | -10 | - 6 | - 5 | - 2 | 1 | 2 | 21 |
| Die inklusiewe ons neem af. | 15 | 13 | - 5 | - 4 | - 3 | -5 | -13 |
| 'n mens neem af. | 1 | 7 | - 4 | 5 | - 3 | -3 | -3 |
| Taakgerigte handelingsfunksies (+I/+S/+M) neem af. | 10 | 4 | 2 | 1 | - 2 | -3 | -14 |
| +VI/+VS/+VM neem toe. | 0 | 16 | - 2 | 9 | - 8 | -13 | -3 |
| "Suggereer gedrag" (+S) neem af. | 18 | 6 | 0 | - 2 | - 5 | -2 | -15 |
| **TENTATIWITEIT EN BEHEER** | | | | | | | |
| Stelsinne in +S met deontiese modale neem toe. | 19 | - 1 | 1 | - 3 | - 5 | 1 | -13 |
| Bevelsinne in +S neem af. | 18 | 6 | 0 | - 2 | - 5 | -2 | -15 |
| Direkte bevele en deonties-gebruikte modale in direkte aanhalings. | -16 | - 9 | - 11 | - 1 | - 3 | 5 | 33 |
| Die gebruik van modale hulpwerkwoorde neem toe. | 2 | - 1 | - 1 | - 1 | 0 | 0 | -1 |
| Die gebruik van epistemiese mag en kan neem toe. | 2 | - 3 | 0 | 9 | - 4 | 11 | -17 |
| Die gebruik van sou neem toe. | 3 | 9 | - 4 | - 3 | 0 | -1 | -6 |
| Die gebruik van versterkers neem af. | - 5 | - 2 | - 2 | 1 | 1 | 1 | 6 |
| Die gebruik van versagters neem toe. | - 3 | 4 | - 1 | 0 | - 1 | 0 | -1 |

Die vrouetydskrifstem word "vrouliker".

Die eerste algemene hipotese word onomwonde verwerp. Inteendeel, die sogenaamde vrouetaalstereotipes is 'n kenmerk van die eerste twee tydperke. Dit is in ooreenstemming met die resultaat vir die tydskrifverhale.

Die IPA-handelingsfunksies

Dit is in hierdie afdeling wat die belangrikste resultaat verkry is, naamlik die dramatiese afname in taakgerigte handelinge ten koste van die verskillende soorte "Dramatisering". Die tendens is so sterk dat dit alle ander resultate kleur. Die ouer tydskrifte was veel meer bereid om namens die tydskrif in te lig, mening te gee en gedrag te suggereer, d.w.s. paternalisties. In die meer resente tydperke, en by uitstek in 1988/89, laat die tydskrif hierdie funksies grootliks aan derde persone oor: bekendes, kenners, navorsers en wetenskaplikes. In hierdie opsig het die vrouetydskrif dus 'n verskuiwing van 'n uitgesproke taakgerigte rol na 'n sosio-emosionele rol ondergaan. Die tweede algemene hipotese word dus bevestig.

Tentatiwiteit en beheer

In teenstelling met die gestelde hipotese is die vrouetydskrifstem in die meer resente jaargange minder tentatief/versigtig in taakgerigte handelinge as in die vroeë jaargange. Hierdie gevolgtrekking blyk egter beter uit die persentasies as uit die resultate wat hierbo gegee word. Minder stelsinne en meer bevelsinne kom in "Suggereer gedrag" voor en die gebruik van versterkers neem toe. Merkers van tentatiwiteit korreleer dus met 'n T-rol, wat waarskynlik in ooreenstemming is met wat Preisler (1986:289) noem "a T-role style of careful deliberation and reflective weighing". Maar naas hierdie versigtige T-rol, moet 'n mens vir die resente jaargange bykomend voorsiening maak vir wat genoem kan word 'n weloorwoë en stellige S-rol.

In enkele ander opsigte egter, bv. die gebruik van die inklusiewe "ons", is die resultaat in ooreenstemming met die gestelde hipoteses.

Soos in die geval van die verhale gee die gebruik van die modale hulpwerkwoorde min positiewe resultate. Ook vir die epistemies-gebruikte kan en mag is daar geen algemene tendens nie. Die gebruik van sou neem egter wel konsekwent af.

Dit val ook op dat Die Boerevrou en Sarie 1988/89 in talle opsigte, ook wat betref die aanvullende taalveranderlikes, twee ekstreme pole verteenwoordig. Die tydskrifte in die jare 1940-1980/81 stem in opsigte ooreen, en waar daar verskuiwings plaasgevind het, is dit geleidelik en nie groot nie.

HOOFSTUK 7: VROUETAAL IN DIE TYDSKRIFADVERTENSIES


7.1 INLEIDING . . . . . p. 343

7.2 NAVORSINGSMETODE . . . . . p. 346

7.2.1 Bales se IPA-model . . . . . p. 346

7.2.2 Die materiaal . . . . . p. 348

7.3 HIPOTESES . . . . . p. 349

7.4 RESULTATE . . . . . p. 351

7.5 ADDISIONELE RESULTATE VIR SPESIALE VERANDERLIKES . . . . p. 377

7.6. LEKSIKALE EN GRAMMATIESE VERANDERLIKES: KWALITATIEWE RESULTATE . . . . . p. 379

7.6.1 Naamwoordstuk . . . . . p. 379

a) kloussubjekte p. 379

Die Boerevrou
Die Huisgenoot 1940
Sarie 1960/61
Sarie 1980/81

b) Persoonlike voornaamwoorde . . . . . p. 385
Die Huisgenoot 1940

c) Substantiewe . . . . . p. 385
Die Boerevrou
Die Huisgenoot 1940
Sarie 1960/61
Sarie 1980/81

d) Betreklike voornaamwoorde . . . . . p. 394

e) Adjektiewe . . . . . p. 394
Die Boerevrou
Die Huisgenoot 1940
Sarie 1960/61
Sarie 1980/81

7.6.2 Werkwoordstuk . . . . . p. 411

Die Boerevrou
Die Huisgenoot 1940
Sarie 1960/61
Sarie 1980/81

7.6.3 Slotopmerkings . . . . . p. 418

7.7 ALGEMENE GEVOLGTREKKINGS . . . . . p. 419

## 7.1 INLEIDING

### 7.1.1 'n Historiese oorsig

Die Boerevrou

Advertensies het in die tyd van Die Boerevrou nie naastenby die status en invloed van vandag gehad nie. Oor Mabel Malherbe se advertensiebeleid skryf M.E.R. in My beskeie deel (1972:205): "Daar by was sy ook keurig besorg oor die kwaliteit van wat sy gegee het: dit moes onbesproke wees. Hier het sy dikwels in 'n pynlike vertwyfeling geraak oor die advertensies, want sy was vasbeslote dat niks skadeliks in Die Boerevrou geadverteer sou word nie. Onder haar leseresse, dit het sy geweet, was daar ook eenvoudiges wat onder indruk van die gedrukte woord sou kom, veral in 'n blad wat so regstreeks vir hulle bedoel was; hulle sou glo wat in Die Boerevrou staan - en sê nou dit was nie waar nie?"

"Geen drankadvertensies is toegelaat nie. Advertensies van patente medisynes is eers aan 'n betroubare geneesheer voorgelê en alleen as hy sê dat geen kwaad in die aanbevole middel skuil nie, is dit geplaas. Met dieselfde sorg het die redaktrise alles nagegaan wat uit onse kantoor na die drukkers gestuur is."

Sy vertel voorts dat ses- of aghonderd bladsye eenkeer eenkant toe gegooi is om 'n brief van 'n leseres uit te haal. Dié het, in antwoord op die vraag van 'n ander leseres na 'n ontsmettingsmiddel, Cooper's Dip aanbeveel, en Mabel Malherbe het skielik bang geword dat die raat een of ander noodlottige gevolg kan hê.

"Maar die afkeur van advertensies het ook menig geldjie van die Malherbe-beurs weggekeer. ....later jare het Marguerite Pienaaar my gesê dat hulle vasgebrand het met gedurige tekorte, en ook dat die advertensiewerwer aan haar gesê het dat hy maklik 50 pond in die maand meer kon gekry het as hy die advertensies kon aangeneem het wat ander blaaie gepubliseer het." (1972:206,207)

In die heel eerste uitgawe van Die Boerevrou word die lesers opgeroep tot ondersteuning van die goedgekeurde adverteerders: "Sal intekenare wat graag wil sien dat die "Boerevrou" vooruit gaan en groter en beter word asseblief onthou dat hulle die saak die beste vooruit help om bij die winkels te koop die in ons blad adverteer, (en tog viral nooit vergeet om die "Boerevrou" te noem als hulle iets bestel)."

Naas die tipiese vrouetydskrifadvertensies vir onderklere, klere, huis- en tuingereedskap, kos, bababenodigdhede en -medisynes en skoonheidspreparate bevat Die Boerevrou ook advertensies vir hoendervoer en die bemarking van landbouprodukte. Die groot aantal artikels oor hoenderboerdery in Die Boerevrou bevestig die tersaaklikheid van die onderwerp in daardie tyd. Die meer algemene advertensies van tentoonstellings en hotelle is waarskynlik 'n aanduiding dat die advertensie-bedryf in dié tyd nog nie so

gespesialiseer was soos vandag nie. Daar is ook nog geen advertensies van die groot kosmetiekfirmas wat later so kenmerkend van die vrouetydskrif sou word nie.

Opvallend is ook die gebruik van Engels in advertensies, wat ook dikwels tussen Afrikaans of Nederlands voorkom.

Die Huisgenoot 1940

Advertensies het vyf van die tien bladsye van "Vir die Vroue", die vroue-afdeling van Die Huisgenoot van 1940 beslaan. In hierdie jare maak produkte wat daarop gerig is om die aantreklikheid van die vrou en haar persoonlike gerief te verhoog, vir die eerste keer hulle verskyning. Hierdie tendens neem toe met die verloop van tyd.

Sarie

Die persentasie ruimte wat advertensies in Sarie beslaan, neem progressief toe. Die hoogste aangetekende persentasie is 55,7% in die uitgawe van 17 September 1980. In die jaargang 1988/89 is daar egter weer 'n afplatting wat waarskynlik saamhang met die afname in sirkulasie asook die klemverskuiwing na duurder gehalte-advertensies.

Anders as die Boerevrou se verklaarde beleid oor drank-advertensies, verskyn sulke advertensies, asook advertensies vir damessigarette wel in Sarie, maar in 'n baie beperkte aantal. Advertensies vir "intieme reukweerders" en sanitêre produkte neem toe, maar die syfers hang waarskynlik saam met 'n nuwe en groeiende mark, eerder as met 'n afname in sosiale vooroordeel.

Advertensies van kosmetiese produkte soos reukweerders, velpreparate en parfume, huishoudelike produkte soos kos, huishoudelike apparate en skoonmaakmiddels en produkte vir baba vorm die meerderheid volbladadvertensies.

7.1.2 Algemene inleidende opmerkings:

Advertensies staan losser van die tydskrifpersoonlikheid as die tydskrifteks in die sin dat dit nie deur die tydskrifredaksie of -bydraers vervaardig word nie. Die spreker kan in hierdie geval nie so maklik onder die noemer van die tydskrifpersoonlikheid gebring word nie. Dit is dus 'n relevante vraag of die term "vrouetaal" hoegenaamd op die advertensie in die vrouetydskrif van toepassing is.

Uit twee moontlike fokushoeke is dit egter wel relevant:

a) wanneer 'n mens fokus op die aangesprokene en die vraag probeer beantwoord of vroulike gebruikers anders aangespreek word in soortgelyke advertensies as mans.

   Dit is egter nie so eenvoudig om "soortgelyke" advertensies vir die hele navorsingstydperk te vind nie. Die gemene deler van advertensies in vrouetydskifte oor die laaste sewentig jaar is klere, onderklere, skoonheidsmiddels, tandepasta, intieme probleme, babaprodukte, kos en medisynes. Hiervan het slegs klere, onderklere, enkele skoonheidsmiddels, tandapasta, reukweerders en

medisynes manlike ekwivalente. Klere-advertensies is die neutraalste van alle advertensies in die sin dat daar baie min appèl tot die leser is. Hulle is gewoonlik beperk tot die noem van die produk, sy prys en beskikbaarheid. Die vroeë onderklere-advertensies vir mans is in dieselfde neutrale toon as die klere-advertensies. Dit is eers in die tagtigerjare wat hulle vergelykbaar met dié vir vroue word. In vergelyking met onderklere-advertensies vir vroue is hulle egter baie skaars en beperk. Skoonheidsmiddels vir mans figureer eers in die veertigerjare en is beperk tot Brylcream. Reukweerders vir mans verskyn nog later vir die eerste keer. Tandepasta-advertensies is in gesinstydskrifte op 'n breër groep verbruikers gemik as net mans. Die aangesproke gebruiker van medisynes is in Die Boerevrou en Die Huisgenoot van 1940 feitlik uitsluitlik mans. Hulle is die arme lyers aan slegte spysvertering, hoofpyn, senuweepyne, chroniese gejeuk, aambeie, suur maag, rumatiek, sinkingspyne, ekseem, kort-kort water en "*die groot maagstryd*". Ander vergelykbare advertensies geld net vir 'n deelversameling van die ondersoekte jare, bv. produkte wat met hoenderboerdery verband hou in die twintigerjare en sigarette en motors in onlangse jare. Enige sodanige vergelyking is dus eerder anekdoties as oorsigtelik. Dit sal nie hier ondersoek word nie.

b) wanneer 'n mens die vraag probeer beantwoord of die kommunikasie tussen adverteerder en verbruiker in die Afrikaanse vrouetydskrifte met die verloop van tyd minder of meer "vroulik" geword het.

Die groter oorkoepelende taalrol van die advertensie bly ongeveer dieselfde vir mans en vroue, naamlik om 'n moontlike verbruiker in te lig, te interesseer, en aan te moedig om self te koop en te gebruik; die spesifieke taalhandeling van die advertensiestem in bepaalde advertensies en die geassosieerde linguistiese strukture, kan egter aansienlik varieer.

Historiese veranderings sluit uiteraard ook leksikale paradigmas vir bepaalde soorte produkte, en adjektiefkeuses in. Daar sal in die tweede deel van hierdie hoofstuk hierna verwys word.

Vir Die Boerevrou en Die Huisgenoot van 1940 sal spelling en taalverskynsels wat kenmerkend van hulle tyd was, ook bespreek word.

## 7.2 NAVORSINGSMETODE

### 7.2.1 Die toepassing van Bales se IPA-model op die advertensies

Alhoewel dit nie in alle gevalle gebeur nie, pak advertensies kenmerkend groot hoeveelhede informasie met behulp van neweskikking en elliptiese strukture in klein ruimtes in. Opskrifte, subopskrifte en werkwoordlose uitings sonder leestekengrense is 'n kenmerk van advertensietaal. Om hierdie redes is die kommunikasie-eenheid van Bales se "interactional process analysis" (IPA) (Bales 1970) in plaas van die sin as eenheid gebruik. Die definisie en die toepassingsriglyne is in hoofstuk 3 gegee.

Daar is reeds daarop gewys dat een van die kernprobleme in verband met die indeling in kommunikasie-eenhede die feit is dat dit soveel staatmaak op die navorser se subjektiewe oordeel. Soos in die geval van die verhale en die artikels is ook hier voortdurend boek gehou van problematiese gevalle. Advertensietaal het 'n veel kleiner repertoire van uitingstrukture as bv. die informele gesprek, wat die variansie in oordeel verminder en kodering makliker gemaak het as bv. vir die verhale.

Volgens Bales se model (1970) kan aan elke kommunikasie-eenheid een van 12 handelingsfunksies toegeskryf word. Hulle is in hoofstuk 3 volledig bespreek.

Bales se IPA-model is ontwikkel om groepsinteraksie te beskryf, en dit het uiteraard 'n beperkte toepassingswaarde op advertensietaal. Advertensietaal is eensydige kommunikasie in die sin dat daar geen taalgedrag van die hoorder/leser/verbruiker waargeneem kan word nie, alhoewel sekere advertensies wel aan die leser/ verbruiker 'n stem gee. Advertensietaal is verder uit die aard van die funksie daarvan taakgerig (in Bales se terme: die spreker in advertensies is 'n T-persoon of vervul 'n T-rol): dit verskaf informasie, en opinie, in verband met 'n produk, of 'n mededingende produk, en suggereer dat die leser die produk moet gebruik/koop, asook sterk positiewe eienskappe van die produk. Aan die ander kant is dit interessant watter vorm hierdie oorkoepelende taakgerigte rol in die geval van spesifieke kommunikasie-eenhede aanneem. Die indeling van kommunikasie-eenhede in die 12 IPA-kategorieë moet dus binne die groter taakgerigte rol beskou word. So 'n analise gee 'n aanduiding van die mate waarin die T-rol verbloem word deur 'n sosio-emosionele rol (die S-rol in Bales se terme), soos aangedui deur relatief hoë tellings in "Positiewe reaksies", en die mate waarin die advertensiespreker ingeklee word in ander gespreksrolle om interaksie tussen adverteerder en verbruiker te bewerkstellig.

Ter wille van duidelikheid word die 12 IPA-kategorieë volgens Bales (1970:99-135) saam met hulle kodes hier weer genoem:

Positiewe reaksies

1. Vriendelik(+V)
2. Dramatiseer(+D)
3. Stem saam(+J)

Taakgerigte kommunikasie

4. Suggereer gedrag(+S)
5. Spreek 'n mening uit(+M)
6. Verskaf inligting (+I)

Vrae

7. Vra vir inligting(+VI)
8. Vra 'n mening(+VM)
9. Vra vir 'n voorstel(+VS)

Negatiewe reaksies

10. Verskil(+N)
11. Gee spanning te kenne(+SP)
12. Onvriendelik(+OV)

'n Mens sou nie verwag dat negatiewe reaksies enigsins relevant in hierdie soort kommunikasie sou wees nie, maar daar is tog 'n paar aangeteken, bv.

> *Dis blote nalatigheid om nie Mum te gebruik nie.*
> *(intiem: 13/12/1940:7)*

Omdat kommunikatiewe handelinge meerfunksioneel kan wees, word hier ook Bales se prioriteitsreëls (1970:134,135) gevolg, maar met aanpassings: "Dramatiseer" en tekens van vriendelikheid geniet in hierdie volgorde voorrang bo ander kategorieë. Bales gee prioriteit aan "Suggereer gedrag" en "Vra vir 'n voorstel" bo "Gee mening". Deur alle subjektiewe menings in verband met die produk en verbruikersvoorkeure onder "Gee mening" te plaas, maar terselfdertyd uiteraard die groter suggererende rol van die advertensiestem in ag te neem, genereer 'n mens belangrike vergelykbare materiaal. 'n Mens sou alle "Menings" kon beskou as "Vriendelik", omdat die adverteerder daarmee aandui in watter opsig die produk die potensiële verbruiker van hulp kan wees. Vir hierdie ondersoek is egter slegs daardie kommunikatiewe handelinge waarin die advertensiestem baie pertinent hulp aanbied, of simpatie betuig, verskoning vra, of te kenne gee 'ons begryp jou persoonlik' as "Vriendelik" aangeteken. Onder "Verskaf Inligting" is slegs neutrale, feitelik-verifieerbare informasie geplaas. Direkte bevele of versoeke in stelsinvorm met moet of behoort, asook uitings van die vorm 'X sal u ...', en dié met 'n projekterende generiese subjek, bv. "alle vroue" is onder "Suggereer gedrag" geplaas. *Mans hou daarvan* werk ongeveer op dieselfde manier as *deur dokters aanbeveel.* Dit is sterk suggestief, met "mans" as die outoriteit: As jy die produk gebruik, gaan mans van jou hou; daarom is dit as "Suggereer gedrag" beskou, behalwe wanneer dit 'n sterk fantasie-element bevat, wat as "Dramatisering" aangeteken is. Alle nie-dramatiserende vrae wat nie heeltemal retories is nie, word as een van die tipes vrae aangeteken.

Op hierdie manier kan 'n geheelindruk gekry word van die verskillende gespreksrolle wat die advertensiestem speel en hulle relatiewe bydrae tot die groter rol van suggestie.

7.2.2 Die materiaal

Vir hierdie spesifieke gedeelte van die navorsing is die tydperke twintig jaar uit mekaar gekies: Die Boerevrou (1919-1930), Die Huisgenoot se vroue-afdeling (1940), Sarie (1960/61, 1980/81), omdat daar gemeen is dat so 'n steekproef die veranderings wat met die verloop van tyd plaasgevind het, ondervang. Drie tydskrifte is ewekansig uit elke tydperk gekies, en omdat produkte binne 'n kategorie nie in 'n vaste volgorde geadverteer word nie, is uit elke tydskrif die eerste van elk van die 12 produksoorte geneem. Nog verdere tydskrifte is gekies totdat 'n kwota van drie vir elke produksoort vol was. Identiese advertensies is geïgnoreer. Daar is ook sover moontlik probeer om nie meer as een advertensie van dieselfde handelsmerk te neem nie. Colgate het byvoorbeeld in die veertigerjare in elke tydskrif 'n ander anekdote gehad, maar net een is gekies as tipies van die soort advertensie. Daar is reeds gewys op die probleme met die vind van gemene delers, en dit was nie altyd moontlik om vir die ouer tydskrifte die kwota vol te maak nie. Die agt advertensiesoorte wat ondersoek is, is die volgende:

> klere, onderklere, skoonheidsmiddels (vel, parfuum, grimering, sjampoe), reukweerders, intieme beskerming, middels teen ongewenste hare, tandepasta, babakos.

Die belangrikste voordeel van so 'n gestratifieerde steekproef is dat die variansie in materiaalinhoud klein is sodat die invloed van inhoud op linguistiese keuses tot 'n groot mate uitgeskakel word.

Alhoewel breë tendense goed waargeneem kon word, is die twintigjaartydperk veral tussen 1960/61 en 1980/81 te groot omdat dit die groot verskil in aanspreekstyl skerper voorstel as wat dit waarskynlik plaasgevind het.

Die advertensies is met behulp van die rekenaarprogram Wordperfect 5.1 op rekenaarskyf geplaas, gekodeer, en van daar deur die teksverwerker, Wordcruncher, verwerk. Naas die gewone indekskodes wat Wordcruncher vereis, is 'n aantal addisionele kodes ingevoer:

> +S, +M, ens. vir die interaksierolle - soortgelyk aan die kodes wat vir die verhale en die artikels gebruik is.
>
> $ voor alle adjektiewe, ook dié wat as bywoorde van wyse gebruik is.
>
> * voor alle werkwoorde
> ** voor infinitiewe
>
> # voor die subjek van klouse
>
> = vir alle woorde wat in moderne Standaardafrikaans aanmekaargeskryf sou gewees het, asook om Engelse produkname bymekaar te hou, bv. *Max=Factor.*
>
> < om aan te dui dat dit die werkwoordelike deel van 'n skeibare werkwoord is.

## 7.3 HIPOTESES

Daar sal nie weer in hierdie hoofstuk 'n bespreking van die linguistiese merkers van onsekerheid versus beheer gegee word nie. Hulle is volledig in hoofstuk 3 bespreek.

Algemene hipoteses:

* **Die advertensietaal in die Afrikaanse vrouetydskrifte wat ondersoek word, het oor die ondersoekte tydperk meer tentatief, of sogenaamd "vroulik", geword, d.w.s. die taakgerigte rol van die advertensiestem maak geleidelik plek vir 'n groter sosio-emosionele rol en hierdie verskuiwing val saam met 'n toename in linguistiese onsekerheidsmerkers, asook in vrouetaalstereotipes.**

Dit sou verskeie dinge kon beteken:

* Die advertensiestem het inderdaad meer "vrou" geword.

* Die advertensiestem het binne sy oorkoepelende taakgerigte rol mettertyd 'n meer sosio-emosionele rol aangeneem in 'n poging om in 'n intiemer gesprek met die verbruiker te tree.

Hierdie twee implikasies moet saamval indien 'n koppeling van sosio-emosionele rol en vrouwees enigsins gemaak kan word in hierdie verband. Aan die ander kant sou dit terselfdertyd 'n bewys wees dat die sosio-emosionele rol en die linguistiese merkers daarvan ook 'n kommunikasiestrategie kan wees, en nie noodwendig 'n merker van sprekergeslag is nie.

As kommunikasiestrategie impliseer 'n verskuiwing na 'n meer sosio-emosionele rol dat mag aan die verbruiker toegeken word, of dat die sterker magsposisie van die verbruiker erken word. Die advertensiestem word versigtiger, minder outoritêr en meer akkommoderend. Die vroulike verbruiker word iemand wat nie meer sonder meer die gesag van die advertensiestem aanvaar nie. Inligting en mening moet met getuienis gestaaf word; sy word sensitief vir retoriek; hulp en ondersteuning word aangebied; sy kan nie meer sonder meer beveel word nie, en haar mening en kennis word in ag geneem.

Spesifieke hipoteses:

Die spesifieke hipoteses sluit baie nou aan by daardie hipoteses wat Preisler (1986) vir groepinteraksie geformuleer het, sover hulle van toepassing is op geskrewe kommunikasie, asook by bogenoemde opmerkings.

a) Die "vroulikheid" van die advertensiestem

* **Die advertensiestem het meer "vrou" geword.**

b) Vrouetaalstereotipes

* Die gemiddelde aantal woorde per kommunikatiewe handeling en die persentasie unieke woorde neem af.

* Die frekwensie van die "vrouewoordjies", die adjektiewe gaaf/oulik/dierbaar/lieflik/fantasties/fraai en die "leë" intensiewe so/vreeslik neem toe.

* Slotvragies neem toe.

* Verkleinwoorde neem toe.

* Vraagsinne neem toe.

c) Taakgerig versus sosio-emosioneel; tentatief versus beheer

| Kommunikatiewe handelinge en IPA-kategorieë |
|---|

* Positiewe reaksies, d.w.s. +D en +V, neem toe ten koste van die sterk taakgerigte handelinge "Gee mening", "Verskaf inligting" en "Suggereer gedrag".

| Realisasie van kommunikatiewe handelinge |
|---|

* Naamwoordsinne en beperkende relatiewe bysinne neem af in +S,+I en +M.

* Vraagsinne neem toe in +I en +M, en stelsinne neem toe in +S.

* Bevelsinne in +S neem af.

* Voorwaarde-bysinne en voorbehoudadjunkte neem toe.

| Modaliteit in die werkwoord |
|---|

* Die gebruik van modale hulpwerkwoorde neem toe.

* Epistemies-gebruikte modale hulpwerkwoorde neem toe.

* Modale hulpwerkwoorde in +I,+M en +S, d.i. die taakgerigte handelinge, neem toe.

| Modaliteit in die adjunk |
|---|

* **Die gebruik van versagters neem toe.**

* **Die gebruik van versterkers neem af.**

* **Die gebruik van kleuradjunkte saam met 'n modale hulpwerkwoord neem toe.**

| Beheer |
|---|

* **Die gebruik van <u>is</u> en <u>het</u> as hoofwerkwoorde neem af.**

* **Temporele afstand neem toe.**

Beide hierdie hipoteses is slegs ondersoek in kommunikatiewe handelinge waar die advertensiestem direk aan die woord is. Anekdotes en aanhalings is dus nie in ag geneem nie.

d) <u>Spesiale veranderlikes</u>

## 7.4 RESULTATE

<u>Spesifieke hipoteses</u>:

a) <u>Die "vroulikheid" van die advertensiestem</u>

* ***<u>Hipotese</u>*: Die advertensiestem het meer "vrou" geword.**

<u>Resultate:</u>

In die jaargang 1960/61 is daar vir die eerste keer 'n advertensiestem wat spesifiek 'n vrou is. Dit is in die Nutrine-advertensie waar sy na haarself verwys as die <u>Nutrine-suster</u>:

*¦k23 +V Moontlik *kan #ek *help.*
*(baba 1/18/61:23)*

Dit word in jaargang 1980/81 opgevolg deur 'n hele paar advertensies waarin die volledige advertensie deur die vrou op die foto aangebied word en waar sy die advertensiestem is en nie net 'n aangehaalde verbruiker soos vroeër nie. Geen aanhalingstekens word gebruik nie.

*¦k2 +D #Ek *wou nie *glo my ou #trourok *sou my nog *pas nie.*
*(onderklere 9/7/80:p21:2)*

*¦k1 +D Vandat #ek nie meer broekies *dra nie, *voel #ek $vrouliker as ooit.*
*(onderklere 23/7/80:p57:1)*

*¦k5 +D Want #ek *het Loving Care Kleurvloeiroom *ontdek. ¦k10 +D #Ek *was net die grys weg. ¦k16 +D Die #beste van alles *is dat #ek nou $jonger *lyk as hy.*
*(skoonheid 4/3/81:p111:16)*

In hierdie jaargang word ook vir die eerste keer 'n inklusiewe ons gebruik:

*¦k5 +V #Ons *kan ons liggame *toewikkel in $eksotiese klere, ¦k9 +V #Ons *kan handskoene oor ons $growwe hande *dra. ¦k15 +V #Ons *sit opgeskeep met wat #moeder=natuur vir ons *uitdeel. ¦k16 +V Natuurlik *kan #ons heelwat doen om sake 'n bietjie te **verbeter ¦k17 +V - danksy die hulpmiddels wat #ons tot ons beskikking *het. ¦k18 +V Maar op die lang duur *is wat regtig saak *maak, hoe goed #ons ons velle *opgepas *het.*
*(skoonheid 4/3/81:p92:18)*

Die inklusiewe ons in die advertensies het, soos in die artikels, generiese verwysing: "ek en alle ander soos ek, ingeslote jy". Daar sal in die bespreking van die hipoteses oor die IPA-kategorieë weer hierna verwys word.

b) Vrouetaalstereotipes

* *Hipotese:* Die gemiddelde aantal woorde per kommunikatiewe handeling en die persentasie unieke woorde neem af.

Resultate:

| Gemiddelde aantal woorde per KomH | |
|---|---|
| Boerevrou | 6.932 |
| Die Huisgenoot 1940 | 7.817 |
| Sarie 1960/61 | 7.545 |
| Sarie 1980/81 | 7.962 |
| **Unieke woorde** | |
| Boerevrou | 36% |
| Die Huisgenoot 1940 | 32% |
| Sarie 1960/61 | 36,8% |
| Sarie 1980/81 | 34% |

Gevolgtrekking:

Die gemiddelde aantal woorde per kommunikatiewe handeling bevestig nie die hipotese nie, maar die verskille is klein. In Die Boerevrou is die taalgebruik veel meer kompak as in die latere jaargange: fyn besonderhede in verband met voorkoms en prys, van veral

onderklere, word in neweskikkende konstruksies ingepak. Dit verklaar die syfer vir hierdie tydperk. Die advertensiestem word dus meer breedsprakig in plaas van die verwagte minder. Hierdie gevolgtrekking word verderaan deur die resultate vir bysinne in kommunikatiewe handelinge bevestig. Dit moet egter gesien word as 'n verskuiwing na 'n styl wat plek maak vir klousomskrywings en modaliteit in 'n verskeidenheid van vorme, om die groter vriendelikheid en toenemend akkommoderende houding te bereik. Soos in die geval van die tydskrifartikels, moet steeds in gedagte gehou word dat die sosio-emosionele rol onder andere ook 'n kommunikasiestrategie is.

Die persentasie unieke woorde neem inderdaad af van Die Boerevrou 1919 - 1931 na Sarie 1980/81, maar die resultaat vorm nie 'n patroon nie. 'n Mens moet ook vir die twintigerjare die invloed van spellingonvasthede in ag neem sodat hier nie voldoende getuienis is vir enige gevolgtrekking nie. Die algemene indruk is dat daar in die jaargang 1960/61 die kreatiefste met taalgebruik, veral wat betref geleentheidsvorme en retoriese middele, omgegaan is.

Vir die gemiddelde aantal woorde per advertensie en gemiddelde aantal kommunikatiewe handelinge per advertensie is geen beduidende verskil gekry nie. Die advertensies het inderwaarheid verstommend min verander in hierdie opsig as 'n mens in ag neem dat advertensies in Die Boerevrou meestal kwartbladsy-advertensies was, teenoor die talle volkleur-volblad-advertensies van die laaste dekade.

* *Hipotese:* Die frekwensie van gaaf/lieflik/fantasties/fraai/oulik/wonderlik en die "leë" intensiewe neem toe.

Voorbeelde van die "vrouewoordjies":

*¡k4 +M #Cutex-naelvliesverwyderaar *is die $uitmuntende preparaat om die #halfmaantjies fraai by die naels te **laat **pas.*
*(skoonheid 4/10/40:4)*

*¡k3 +D Ja - maar oulik wanneer #sy $sanitêre doekies *moet *koop.*
*(intiem 1/11/40:3)*

*¡k3 +D "#Ek *het gedink dit sal vir u $interessant *wees om te **weet hoe u $wonderlike #Silf my gewig van 168 pd. tot 119 pd. *verminder *het.*
*(verslank 22/11/40:3)*

Resultate:

**Verslag vir:** $lieflik/$lieflike/$liefliker/$fantastiese/$fraai/fraai/$oulik/$oulikste/oulik/$wonderlik/$wonderlike

Totale aantal woorde in soektog: 11

Totale aantal verwysings: 37

| | Frekwensie | | Persentasies | |
|---|---|---|---|---|
| Jaargang en/of tipe | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| Boerevrou | 8 | 22% | 22% | 0% |
| Die Huisgenoot 1940 | 9 | 24% | 20% | -5% |
| Sarie 1960/61 | 9 | 24% | 22% | 2% |
| Sarie 1980/81 | 11 | 30% | 27% | 3% |

Gevolgtrekking:

Chi-kwadraat is 0,458, sodat die verloop van tyd nie 'n beduidende faktor vir hierdie veranderlike is nie. Die klein aantal waarnemings dra waarskynlik by tot die resultaat.

Voorbeelde van "leë" intensiewe:

*¦k30 +M feitlik $onsigbaar en tog so $sterk*
*(onderklere 2/30:30)*

*¦k1 +M #Lactogen *is so $maklik om klaar te maak.*
*(baba 9/26:1)*

*¦k6 +S En al hierdie #ergernis en #verleentheid *is so $onnodig*
*(skoonheid 8/11/40:6)*

*¦k1 +M So $vleiend $vroulik*
*(onderklere 4/1/60:1)*

Resultate:

**Verslag vir:** so

Totale aantal woorde in soektog: 1

Totale aantal verwysings: 44

| | Frekwensie | | Persentasies | |
|---|---|---|---|---|
| Jaargang en/of tipe | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| Boerevrou | 4 | 9% | 22% | -13% |
| Die Huisgenoot 1940 | 11 | 25% | 29% | -4% |
| Sarie 1960/61 | 21 | 48% | 22% | 26% |
| Sarie 1980/81 | 8 | 18% | 27% | -9% |

Gevolgtrekking:

Chi-kwadraat is gelyk aan 18,132, wat 'n beduidende resultaat is op die peil van 0,05%. Die resultaat is nog verder beduidend as 'n mens in ag neem dat die hoeveelheid adjektiewe in 1960/61 nie 'n toename in vergelyking met die ander jaargange vertoon nie.

Resultate:

**Verslag vir:** adjektiewe ($*)

Totale aantal woorde in soektog: 1

Totale aantal verwysings: 2 150

| | Frekwensie | | Persentasies | |
|---|---|---|---|---|
| Jaargang en/of tipe | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| Boerevrou | 527 | 25% | 22% | 3% |
| Die Huisgenoot 1940 | 624 | 29% | 29% | 0% |
| Sarie 1960/61 | 504 | 23% | 22% | 1% |
| Sarie 1980/81 | 495 | 23% | 27% | -4% |

Gevolgtrekking:

Hierdie resultaat is beduidend op 'n peil van 0.05%. Die relatief min adjektiewe in 1980/81 stem ooreen saam met 'n relatief lae telling vir +M, die IPA-kategorie waarin die meeste adjektiewe voorkom.

* *Hipotese:* Slotvragies neem toe.

Daar kom so min slotvragies voor dat 'n mens niks daarvan kan aflei nie.

* *Hipotese:* Verkleinwoorde neem toe.

Resultate:

**Verslag vir:** *tjie/*tjies/*ie/*ies

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Totale aantal woorde in soektog: | | | | 4 |
| Totale aantal verwysings: | | | | 129 |
| | Frekwensie | | Persentasies | |
| Jaargang en/of tipe | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| Boerevrou | 21 | 16% | 22% | -6% |
| Die Huisgenoot 1940 | 52 | 40% | 29% | 11% |
| Sarie 1960/61 | 14 | 11% | 22% | -11% |
| Sarie 1980/81 | 42 | 33% | 27% | 6% |

Gevolgtrekking:

Chi-kwadraat is gelyk aan 16.371. Die resultaat is dus beduidend, maar dit bevestig egter nie volledig die gestelde hipotese nie. In die jaargang 1960/61 word die minste verkleinwoorde gevind.

* *Hipotese:* Vraagsinne neem toe.

Opmerkings:

Alhoewel vraagsinne nie as taakgerig gekodeer is nie, moet 'n mens hierby die groter taakgerigte rol van advertensiekommunikasie in gedagte hou, en as sodanig is enige vrae 'n afwenteling van mag en moet dit aan 'n sosio-emosionele rol toegeskryf word.

Resultate:

**Verslag vir:** Vraagsinne

Totale aantal woorde in soektog: 1

Totale aantal verwysings: 39

| Jaargang en/of tipe | Frekwensie Aantal | Werklik | Persentasies Verwag | Verskil |
|---|---|---|---|---|
| Boerevrou | 1 | 3% | 22% | -19% |
| Die Huisgenoot 1940 | 9 | 23% | 29% | -6% |
| Sarie 1960/61 | 10 | 26% | 22% | 4% |
| Sarie 1980/81 | 19 | 49% | 27% | 22% |

Gevolgtrekking:

Die resultaat is beduidend op 'n peil van 0.5% en die gestelde hipotese word bevestig.

c) Taakgerig versus sosio-emosioneel; tentatief versus beheer.

Kommunikatiewe handelinge en IPA-kategorieë

* *Hipotese:* **Positiewe reaksies, d.w.s. +D en +V, neem toe ten koste van die sterk taakgerigte handelinge "Gee mening (+M), "Verskaf inligting" (+I) en "Suggereer gedrag" (+S).**

Voorbeelde:

Hier onder volg 'n aantal voorbeelde van positiewe reaksies:

*¦k15 +V Indien #jy nie $tevrede *is met hierdie aankope nie *sal #ons dit met plesier *omruil,*
*(klere 7/9/80/p42:15)*

*¦k3 +V baie $oulik, nes jy*
*(onderklere 21/4/80/p49:3)*

*¦k2 +V *Het #jy al ooit *stilgestaan om te **dink waarom ons #vroumense soveel tyd aan ons gesigte *wy?*
*(skoonheid 3/4/81p92:2)*

Resultate:

Die tellings vir die verskillende advertensietipes wat hieronder

gegee word, verwys na die werklike persentasie minus die verwagte persentasie:

| | +D | +V | +I | +S | +M |
|---|---|---|---|---|---|
| Boerevrou | -9% | -15% | 5% | 2% | 9% |
| Die Huisgenoot 1940 | 7% | -16% | 1% | 1% | -6% |
| Sarie 1960/61 | 8% | -02% | -8% | 1% | 3% |
| Sarie 1980/81 | -6% | 33% | 2% | -4% | -6% |

Gevolgtrekking:

Die resultate bevestig die hipotese gedeeltelik:

+D-kommunikatiewe handelinge neem toe tot by Sarie 1960/61. Advertensies word meer anekdoties. In die geval van Sarie 1960/61 is dit veral ook die sterk poëtiese element wat bydra tot die hoë telling vir +D, bv.:

*Three Flowers gesigpoeier is so lig ... so fyn ... so glad.*
*(skoonheid 22/6/60)*

*Nuwe heerlike kruisementvarsgeur, nuwe skoonasem-versekering die hele dag deur*
*(tande 7/6/61)*

Die sterk poëtiese element is grootliks afwesig in 1980/81, wat bydra tot die negatiewe telling vir +D.

"Vriendelik" neem egter sterk en konsekwent toe met die verloop van tyd.

Sit 'n mens +D en +V, asook +VI en +VM bymekaar om 'n prentjie te kry van die sosio-emosionele handelinge, asook al drie die taakgerigte handelinge, lyk die vergelyking as volg:

| | S-rol | T-rol |
|---|---|---|
| Boerevrou | -10% | 6% |
| Die Huisgenoot 1940 | 1% | -1% |
| Sarie 1960/61 | 7% | -2% |
| Sarie 1980/81 | 3% | -2% |

Chi-kwadraat is gelyk aan 38.566 vir die S-rol en 39.323 vir die T-rol. Die 99,5%-punt van chi-kwadraat met drie vryheidsgrade is 12.8. In beide gevalle is die resultaat dus beduidend op die peil

van 0.05%.

Alhoewel dit uit die resultaat lyk asof die sosio-emosionele rol van die advertensiestem in die tagtigerjare weer afgeneem het, moet 'n mens hierby voeg dat die aanspreekvorm in die tagtigerjare verander het van die formele "u" na "jy". Hierdie belangrike addisionele verandering na groter vriendelikheid en intimiteit word nie deur bostaande syfers gereflekteer nie.

Die resultate vir onderskeidelik #u/u en jy/jou/#jy volg hier onder:

**Verslag vir:** #jy/jy/jou

Totale aantal woorde in soektog: 3

Totale aantal verwysings: 197

| Jaargang en/of tipe | Frekwensie | -------Persentasies | | |
|---|---|---|---|---|
| | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| Boerevrou | 2 | 1% | 22% | -21% |
| Die Huisgenoot 1940 | 7 | 4% | 29% | -25% |
| Sarie 1960/61 | 1 | 1% | 22% | -21% |
| Sarie 1980/81 | 187 | 95% | 27% | 68% |

**Verslag vir:** #u/u

Totale aantal woorde in soektog: 3

Totale aantal verwysings: 403

| Jaargang en/of tipe | Frekwensie | ------ | Persentasies | |
|---|---|---|---|---|
| | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| Boerevrou | 57 | 14% | 22% | -8% |
| Die Huisgenoot 1940 | 138 | 34% | 29% | 5% |
| Sarie 1960/61 | 155 | 38% | 22% | 16% |
| Sarie 1980/81 | 53 | 13% | 27% | -14% |

Die groter wordende mate waarin verbruikerbelange geakkommodeer word, blyk nog sterker uit die gesamentlike syfers vir u en jy, in sowel die funksie van persoonlike voornaamwoord as van besitlike voornaamwoord.

| Verslag vir: #jy/#u/jy/jou/u | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Totale aantal woorde in soektog: | | | | 5 |
| Totale aantal verwysings: | | | | 600 |
| Jaargang en/of tipe | Frekwensie | | Persentasies | |
| | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| Boerevrou | 59 | 20% | 22% | -12% |
| Die Huisgenoot 1940 | 145 | 24% | 29% | -5% |
| Sarie 1960/61 | 156 | 26% | 22% | 4% |
| Sarie 1980/81 | 240 | 40% | 27% | 13% |

Dit is interessant dat, net soos in die geval van die tydskrifartikels, hoë tellings vir +V saamval met die gebruik van die inklusiewe ons en 'n mens. In die tydskrifartikels gebeur dit egter in die vroeë tydperke, en dit hang saam met 'n relatief groot taakgerigtheid en die formele aanspreekvorm, terwyl dit in die advertensies 'n resente verskynsel is en saam met 'n relatief groter sosio-emosionele rol en die informele aanspreekvorm voorkom. Hierdie faktore "versag" die impak van die inklusiewe ons. Daar moet egter onmiddellik bygevoeg word dat die inklusiewe ons slegs in een advertensie voorgekom het.

Spesifieke interpretasies:

Die meer spesifieke interpretasies van elke ondersoekte jaargang se syfers volg hieronder. Die syfers verwys na die werklike persentasie minus die verwagte persentasie.

Die Boerevrou:

| | +D | +I | +S | +M | +V |
|---|---|---|---|---|---|
| klere | -16% | 5% | -12% | 7% | -22% |
| onderklere | -21% | 23% | -9% | 1% | 15% |
| skoonheid | 7% | -17% | 21% | -4% | -6% |
| tandepasta | 11% | -3% | 2% | -1% | -6% |
| verslanking | 17% | -4% | 2% | -2% | -4% |
| babaprodukte | 3% | -5% | -4% | 0% | 24% |

Klere- en onderklere-advertensies in Die Boerevrou is sterk gerig op inligting in verband met die produk. Neutrale inligting (+I) sowel as die adverteerder se mening in verband met aspekte van die produk en die positiewe implikasies vir 'n potensiële verbruiker (+M) figureer ongeveer ewe sterk. Daar is baie min direkte appèl

aan die leser, soos wat die negatiewe tellings in +S aandui.

Skoonheidsadvertensies bevat beduidend meer bevelsinne as enige ander kategorie. Hulle is byna almal instruksies oor hoe om die produk te gebruik.

Advertensies van verslankingsmiddels is sterk anekdoties. Blykbaar het 'n oorgewig *toe* teenoor 'n slanke *nou* die meeste oortuigingskrag binne hierdie soort, want dit het oor die jare dieselfde gebly. Dit val egter op dat die oorgewig hier nie as iets onaantrekliks voorgehou word nie. Die klem val op die belemmering van beweeglikheid en werkvermoë:

> *te vet om te loop, nou fluks en rats*
> *(verslank: 2/30:1)*

+M vertoon die minste verspreidingsvariasie, en is nie kenmerkend van 'n bepaalde advertensiesoort nie.

Daar is slegs agt +V-handelinge in geheel aangeteken en hulle is, met die uitsondering van een, almal gratis aanbiedinge. Die uitsondering is 'n retoriese vraag:

> *Is jou kinders tog nie wonderlike klein mensies nie!*
> *(baba:4/26:2)*

Dit is 'n aanduiding van die formele, afstandelike relasie tussen adverteerder en leser.

Die Huisgenoot 1940

Die persentasie kommunikatiewe handeling wat aan "Gee Inligting" en "Suggereer gedrag" toegeken is, het min verander van die Boerevrou-tydperk af. "Mening" het egter met 10% afgeneem, terwyl "Dramatiseer" met byna 11% toegeneem het. Dit beteken dat die advertensiestem menings eerder afwentel na werklike en denkbeeldige gebruikers van die produk as wat hulle van die vervaardiger self kom. Daar is reeds op die gebruik van hierdie tegniek in die artikels gewys. Die syfer vir "Dramatiseer" is ook 'n aanduiding dat retoriese tegnieke soos herhaling, alliterasie, en litotes toenemend gebruik word.

'n Opvallende kenmerk van die advertensies in Die Huisgenoot is die groot aantal uitroeptekens. Daar is 40 aangeteken. Hulle het 'n klaarblyklike trompetgeskalfunksie, maar omdat hulle dikwels volg op kommunikatiewe handelinge wat eenvoudige informasie of mening is, is hulle nie altyd as +D aangedui nie.

Die persentasies van verwagte waarde minus werklike waarde vir die verskillende advertensiesoorte is as volg:

| | +V | +D | +I | +S | +M |
|---|---|---|---|---|---|
| Klere | -06% | -02% | 03% | -03% | 02% |
| Onderklere | -13% | -06% | 29% | -10% | -02% |
| Skoonheid | 22% | -10% | -17% | 11% | 15% |
| Intiem | 22% | 01% | -02% | -01% | -05% |
| Verslank | -08% | 05% | -04% | 04% | -01% |
| Tande | -04% | 08% | -03% | -01% | -03% |
| Baba | -03% | 14% | -05% | -0% | -06% |

Die algemene tendense in hierdie syfers het nie veel verander van die twintigerjare af nie. Klere- en onderklere-advertensies lê steeds baie klem op inligting, advertensies vir skoonheidsprodukte is sterk gedragssuggestief en bevat ook baie direkte vervaardigermenings oor die waarde van die produk. In die ander vier kategorieë kry "Dramatisering", veral in die vorm van anekdotes voorrang.

+V is nog steeds min. Slegs 14 kommunikatiewe handeling is aan hierdie kategorie toegeken. Voorbeelde is: *Ek wil u vertel van..*, *U haat om dit te doen*, *Wonder u soms...* Daar is reeds verwys na die enkele geval van onvriendelikheid.

In slegs drie gevalle is inligting of 'n mening van die leser gevra. *Het u vandag u tande Maclean?* is een voorbeeld.

Sarie 1960/61

Dit val op dat in vergelyking met Die Huisgenoot van 1940 "Verskaf Inligting" en "Mening" as't ware plekke geruil het. Die advertensiestem in hierdie jaargang gee 'n subjektiewe mening oor die produk en gee veel minder neutrale, feitelike informasie as die vorige jaargange. "Vriendelik" neem met 50% toe. Die frekwensiewaardes in terme van werklike persentasie minus verwagte persentasie is vir die verskillende soorte advertensies as volg:

| | +V | +D | +I | +S | +M |
|---|---|---|---|---|---|
| Klere | 14% | 0% | 12% | -01% | -02% |
| Onderklere | -06% | -05% | 06% | 0% | 04% |
| Skoonheid | -19% | -06% | -14% | -07% | 16% |
| Intiem | -10% | 01% | 03% | 10% | -02% |
| Verslank | 0% | 08% | -09% | 02% | -10% |
| Tande | -07% | 12% | -02% | -04% | -03% |
| Baba | 28% | -10% | 03% | 0% | -03% |

Die kategorie "Vriendelik" kom steeds relatief min voor en met hoë variasie, soos wat die tellings ook aandui. In die klere-advertensies is 'n hele aantal spesiale aanbiedinge as "Vriendelik" aangedui, terwyl die hoë telling in babaprodukte verwys na 'n advertensiestem wat met die moeder en haar probleme identifiseer, en wat ook persoonlik hulp aanbied. In 1940 lui 'n babamelk-advertensie: *As u baba nie bevredigend vordering maak nie, skryf dan om Gratis Raad* (8/11:56). In die sestigerjare word dieselfde proposisie so aangebied: *As u probleme het met u baba se voeding waaroor u besorg voel en u nie 'n dokter of verpleegster se advies kan kry nie, kan Nestlé se gekwalifiseerde verpleegsterpersoneel u help. Skryf aan die onderstaande adres* (22/6/60:22).

Kommunikatiewe handelinge wat as "Dramatisering" aangedui is, is óf anekdoties óf retories. Daar word in hierdie jaargang aansienlik meer gebruik gemaak van retoriese middele as in die veertigerjare. Die Colgate-advertensie is steeds sterk anekdoties en verklaar die hoë telling vir "Tande".

Klere- en onderklere-advertensies is steeds hoofsaaklik informatief, maar dit is ook 'n kenmerk van advertensies van intieme produkte, en babavoedsels. In laasgenoemde twee gevalle hang dit saam met 'n aanbieding van tegniese informasie.

Gedrag word die sterkste gesuggereer in advertensies van intieme produkte en verslankingsmiddels. Bevelsinne het ook in hierdie twee kategorieë positiewe tellings.

Advertensies van skoonheidsprodukte is nog altyd die kategorie wat by uitstek subjektiewe attribute toeken aan die produkte wat dit adverteer.

Alhoewel dit van belang is dat die leser toenemend betrek word tot gesprekvoering in die kommunikasie, word inligting slegs in een advertensie van die leser gevra. Die variasie is dus groot en algemene gevolgtrekkings kan moeilik gemaak word.

Sarie 1980/81

Die tellings vir die verskillende advertensiesoorte is as volg:

| | +V | +D | +I | +S | +M |
|---|---|---|---|---|---|
| Klere | 01% | -04% | 02% | 00% | 01% |
| Onderklere | -05% | 06% | 03% | -03% | 01% |
| Skoonheid | 08% | 07% | -07% | 04% | 09% |
| Intiem | 16% | -07% | 00% | -09% | 00% |
| Verslank | -09% | 05% | 02% | 01% | -06% |
| Tande | -02% | -04% | 02% | -01% | -02% |
| Baba | -08% | -03% | -02% | 07% | -03% |

'n Algemene kenmerk van die advertensies van hierdie jaargang is dat daar op alle vlakke baie minder variasie voorkom, ook wat betref die verspreiding van die IPA-kategorieë.

+V-tellings het verdriedubbel van 1960/61 af alhoewel die variansie groot is. Die advertensie word dus toenemend minder afstandelik en meer persoonlik. Veral in die advertensies van intieme produkte is die boodskap: ek/ons verstaan jou en jou intieme probleme.

By +D kom hier twee nuwe kommunikasietegnieke by. Die eerste is 'n bekende gesimuleerde situasie waarin die leser figureer, met die advertensiestem as alwetende teenwoordigheid. Na voorstelling van die produk word dieselfde maar veranderde situasie geskets, bv.

> *As jy dieet en probeer om nie tussen maaltye te eet nie, kan hongerpyne op jou maag jou laat kroek met jou dieet ... Al wat jy dan hoef te doen, is kroek.*
> *(verslank: 4/80/p17)*

In die tweede geval word 'n werklike gesprek tussen advertensiestem en leser gesimuleer,bv.

> *Jammer, ons is effens laat.*
> *(intiem: 7/8/p95)*

Die aantal waarnemings van +VI en +VM, naamlik 8, is 'n verdere illustrasie van hierdie tegniek.

Inligting word, anders as in vorige jare, baie eweredig in al die advertensietipes verskaf.

* *Hipotese:* **Naamwoordsinne en beperkende relatiewe bysinne neem af in +S, +I en +M.**

Voorbeelde:

*¦k10 +S die $tere $beskermende afwerking wat al fyn #velle nodig *het.*
*(skoonheid 4/26:10)*

*¦k13 +M Die $skone #olie *sal al die #stof en #poeier wat die porië *stop *uithaal.*
*(skoonheid 4/26:13)*

*¦k23 +S *probeer hierdie behandeling wat $aristokratiese #vroue *gebruik.*
*(skoonheid 4/26:23)*

Resultate:

**Verslag vir: dat/wat/+i/+m/+s**

Totale aantal woorde in soektog: 5

Totale aantal verwysings: 231

| | Frekwensie | | Persentasies | |
|---|---|---|---|---|
| Jaargang en/of tipe | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| Boerevrou | 47 | 20% | 22% | -2% |
| Die Huisgenoot 1940 | 68 | 29% | 29% | 0% |
| Sarie 1960/61 | 41 | 18% | 22% | -4% |
| Sarie 1980/81 | 75 | 32% | 27% | 5% |

Gevolgtrekking:

Hierdie hipotese word nie bevestig deur die navorsing nie, inteendeel Sarie 1980 bevat juis meer naamwoordsinne en beperkende relatiewe bysinne in die taakgerigte handelinge as die vroeëre jaargange. Sintaktiese strukture word dus meer kompleks in plaas van die verwagte mindere kompleksiteit wat sou saamhang met 'n groter S-rol. Chi-kwadraat is gelyk aan 4.751 sodat die resultaat nie beduidend is nie.

* *Hipotese:* **Bevelsinne in +S neem af.**

**Voorbeelde:**

*¦k1 +S *koop uw winter=jas nou.*
*(klere 4/19p7:1)*

*¦k12 +s *Smeer #dit eenmaal op 'n dag dik oor u gesig en nek.*
*(skoonheid 4/26:12)*

*¦k3 +S Wanner #u *Bestel, *Meld Middelmate vir Borsrokke en Buustemate vir Korselette*
*(onderklere 18/10/40/:3)*

*¦k32 +S *Gebruik dit soggens aan die gesig en keel...*
*(skoonheid 06/7/60:32)*

*¦k10 +S 3. *Verseël die $natuurlike vog in met 'n $beskermende lagie Oatmeal Moisturiser.*
*(skoonheid 3/4/81/p59:10)*

**Resultate:**

**Verslag vir:** Bevelsinne in +S

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Totale aantal woorde in soektog: | | | | 2 |
| Totale aantal verwysings: | | | | 180 |
| | Frekwensie | | Persentasies | |
| Jaargang en/of tipe | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| Boerevrou | 44 | 24% | 22% | 2% |
| Die Huisgenoot 1940 | 54 | 30% | 29% | 1% |
| Sarie 1960/61 | 54 | 30% | 22% | 8% |
| Sarie 1980/81 | 28 | 16% | 27% | -11% |

**Gevolgtrekking:**

Die hipotese word gedeeltelik bevestig en die resultaat is beduidend op 'n peil van 0.05%. Sarie 1960/61 het egter die hoogste persentasie bevelsinne in +S.

* ***Hipotese:*** **Voorwaarde-bysinne en voorbehoudadjunkte neem toe.**

**Voorbeelde:**

*¦k2 +S Afgesien van die kapselmodel wat #u *kies, die $gereelde #gebruik van Evan Williams se Haarwasmiddel *sal die prag en bekoring daarvan *verhoog -*
*(skoonheid 22/11/40:2)*

*¦k38 +I (behalwe in die $ergste gevalle waarvoor #u $mediese raad *moet *inwin).*
*(skoonheid 06/7/60:38)*

*¦k53 +D En hoewel #jy dit moontlik nie *besef nie,*
*(skoonheid 4/3/81/p92:53)*

Resultate:

**Verslag vir:** behalwe/afgesien/hoewel/as

| | |
|---|---|
| Totale aantal woorde in soektog: | 4 |
| Totale aantal verwysings: | 21 |

| | Frekwensie | | Persentasies | |
|---|---|---|---|---|
| Jaargang en/of tipe | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| Boerevrou | 3 | 14% | 22% | -8% |
| Die Huisgenoot 1940 | 6 | 29% | 29% | 0% |
| Sarie 1960/61 | 3 | 14% | 22% | -8% |
| Sarie 1980/81 | 9 | 43% | 27% | 16% |

Gevolgtrekking:

Die hipotese word bevestig vir jaargang 1980/81, maar daar is nie 'n vaste tendens nie en chi-kwadraat is gelyk aan 3.091, sodat die resultaat nie beduidend is nie.

## Modaliteit in die werkwoord

* *Hipotese:* **Die gebruik van modale hulpwerkwoorde neem toe.**

Voorbeelde:

*¦k28 +S #U *sal ook!*
*(tande 4/1/61:28)*

*¦k5 +V #Nutrine *kan *help... wanneer #dit voedingstyd *word.*
*(baba 18/1/61:5)*

*¦k19 +V As #u graag meer van Nutrine *wil *weet, as #u enige voedingsvraagstukke *het, *skryf dan gerus aan my: Nutrine-suster, Nutrine gratis adviesburo, Afd N330, Posbus 2823, Durban.*
*(baba 18/1/61:19)*

**Resultate:**

**Verslag vir:***durf/*behoort/*hoef/*kan/*kon/*mag/ *moenie/*moes/*moet/*sal/*sou/*wil/*wou

Totale aantal woorde in soektog: 13

Totale aantal verwysings: 264

| | Frekwensie | | Persentasies | |
|---|---|---|---|---|
| Jaargang en/of tipe | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| Boerevrou | 54 | 20% | 22% | -2% |
| Die Huisgenoot 1940 | 64 | 24% | 29% | -5% |
| Sarie 1960/61 | 55 | 21% | 22% | -1% |
| Sarie 1980/81 | 91 | 34% | 27% | 7% |

**Gevolgtrekking:**

Chi-kwadraat is gelyk aan 7.959. Die resultaat is dus beduidend op die peil van 5%. Dit val op dat modale hulpwerkwoorde veral toeneem in die jaargang 1980/81.

* ***Hipotese:*** **Epistemies-gebruikte modale hulpwerkwoorde neem toe.**

**Bespreking en voorbeelde:**

Dit is nie altyd so eenvoudig om in hierdie konteks tussen epistemiese en deontiese gebruik te onderskei nie.

Die mees frekwente modale hulpwerkwoorde vir die verskillende jaargange met hulle Z-tellings is die volgende:

Die Boerevrou

*sal* 1.51
*kan* 1.05

Sal verwys in die meeste gevalle na die resultaat wat met die gebruik van die produk verwag kan word, bv.

> *U oë sal skitter, u vel sal helderder wees. U sal heeltemal gloei met krag en lewenslus.*
> *(verslank:2/30:19-21).*

Dit voorspel op die basis van logiese noodsaaklikheid en is dus epistemies.

In 'n paar gevalle druk dit sprekervoorneme uit:

> *Ons sal u kosteloos twee buisies van hierdie beroemde twee*

*soorte gesigroom stuur.*
*(skoonheid 4/26)*

Kan voorspel in sommige gevalle 'n toekomstige vermoë wat die produk verskaf, bv.

*Nou kan elke flenter ou vleis maklik afgeveeg word.*
*(skoonheid:2/30:20).*

*U kan dit nie verloor nie.*
*(tande:11/22:27)*

Hierdie gebruik lê tussen, wat in Engels genoem word "root possibility" en die epistemiese gebruik (Coates 1983:14)

In ander gevalle het die modale hulpwerkwoord sonder twyfel betrekking op die vermoë van die subjek:

*...en dat ek met gemak my daelikse pligte in die huis kan nakom.*
*(verslank:2/30:24)*

*Hoe lekker kan hulle eet!*
*(baba:4/26)*

Saam met die passief, skuif "vermoë" en epistemiese gebruik oor mekaar:

*Lactogen is die volmaakste plaasvervanger vir moedermelk wat kan gemaak word.*
*(baba:9/26)*

*Iets meer gerieflik of makliker om klaar te maak as Lactogen kan nouliks bedink word.*
*(baba:9/26)*

Die Huisgenoot 1940

| | |
|---|---|
| *sal* | 1.90 |
| *kan* | 0.93 |
| *wil* | 0.26 |

Tipes, frekwensies en semantiese waardes verskil min van dié in Die Boerevrou. Wil kom by 6 uit die 7 keer in bysinne voor, met die verbruiker as subjek, bv.

*As u romanse wil aanlok...*
*(skoonheid:27/9/1940).*

Wil is 'n hipotetiese uitdrukking van sprekerintensie.

Sarie 1960/61

| | |
|---|---|
| *kan* | 2.00 |
| *sal* | 0.76 |

Die gebruik van kan om een of ander toekomstige vermoë van die

verbruiker te omskryf, neem toe, bv.:

*u kan u gewig beheer...*
*(verslank 7/6/1961:5)*

Sarie 1980/81

| | |
|---|---|
| *kan* | 3.30 |
| *sal* | 1.64 |
| *moet* | 0.22 |
| *mag* | 0.14 |

Die mees frekwente medewerkwoorde is steeds sal, kan. Moet is vir die eerste keer so prominent in +S en vervang die direkte bevel. Die gebruike van mag is almal epistemies en spel moontlikhede uit:

*U vel mag besonder gevoelig wees.*
*(intiem:14/3/81:50)*

Die toename van die epistemies-gebruikte mag is in ooreenstemming met die gestelde hipotese.

Vir die twee mees resente jaargange ruil sal en kan op die frekwensietabel plekke. Dit is ook duidelik uit die frekwensie-analise hier onder. (chi-kwadraat is gelyk aan 16.726 en die resultaat is dus beduidend op 'n peil van 0.5%) Vir 1980/81 het 77% gevalle van kan die verbruiker as subjek. 'n Mens kan dus die afleiding maak dat die toename in die gebruik van kan saamhang met die afwenteling van mag na die verbruiker.

**Verslag vir:** *kan

Totale aantal woorde in soektog: 1

Totale aantal verwysings: 100

| | Frekwensie | | Persentasies | |
|---|---|---|---|---|
| Jaargang en/of tipe | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| Boerevrou | 17 | 17% | 22% | -5% |
| Die Huisgenoot 1940 | 16 | 16% | 29% | -13% |
| Sarie 1960/61 | 24 | 24% | 22% | 2% |
| Sarie 1980/81 | 43 | 43% | 27% | 16% |

* *Hipotese:* **Modale hulpwerkwoorde in +I, +M en +S, d.i. die taakgerigte handelinge, neem toe.**

Voorbeelde:

*¡k22 +S met die "ivy"-borsrok *sal #u seker in uw skik *wees.*
*(onderklere 10/22:22)*

*¦k2 +S Die $gewone qvroumens *het< 'n korset nodig wat #sy die $hele dag <u>*kan</u> *dra -*
*(onderklere 2/30:2)*

*¦k3 +S 'n #model wat genoeg steun <u>*sal</u> *gee onder die huiswerk in die oggend*
*(onderklere 2/30:3)*

*¦k34 +M Hierdie #kledingstuk <u>*sal</u> baie $goeie stut *gee.*
*(onderklere 2/30:34)*

*¦k1 +s #U <u>*kan</u> $pragtige hare *hê.*
*(skoonheid 1/23:1)*

**<u>Resultate:</u>**

**Verslag vir:** +i/+m/+s/*behoort/*durf/*hoef/*kan/*kon/*mag/*moenie/*moes/*moet/*sal/*sou/*wil/*wou

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Totale aantal woorde in soektog: | | | | 16 |
| Totale aantal verwysings: | | | | 169 |
| | Frekwensie | | Persentasies | |
| Jaargang en/of tipe | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| <u>Boerevrou</u> | 45 | 27% | 22% | 5% |
| <u>Die Huisgenoot</u> 1940 | 42 | 25% | 29% | -4% |
| <u>Sarie</u> 1960/61 | 28 | 17% | 17% | -5% |
| <u>Sarie</u> 1980/81 | 54 | 32% | 27% | 5% |

**<u>Gevolgtrekking:</u>**

Chi-kwadraat is gelyk aan 6.45, sodat die resultaat nie beduidend is nie. Dit beteken dus dat die toename in modale hulpwerkwoorde oor alle soorte kommunikatiewe handelinge versprei is en nie beperk is tot die taakgerigte handelinge nie.

## Modaliteit in die adjunk

* ***<u>Hipotese:</u>*** **Die gebruik van versagters neem toe.**

**<u>Voorbeelde:</u>**

*¦k5 +V maar #u *kan <u>eenvoudig</u> nie dit *geniet as #u *weet dat u #grimering $oud en $onaantreklik *lyk nie.*
*(skoonheid 8/11/40:5)*

*¦k15 +S Daar *is <u>miskien</u> $jong #dogters wat Tampax nie *sal*

**kan *gebruik nie*
*(intiem 8/11/40:15)*

*¦k13 +D Natuurlik *is #Kotex minder $bulterig as kussinkies met lis, $opgestopte watte!*
*(intiem 25/10/40:13)*

*¦k16 +M maar natuurlik *het albei #soorte al die $eksklusiewe Kotex-kenmerke.*
*(intiem 25/10/40:16)*

*¦k5 +I Moontlik nie tensy #u volkome $droog onder die arms *is!*
*(intiem 11/10/40:5)*

*¦k9 +I Naasteby soos afgebeeld*
*(intiem 4/10/40:9)*

Resultate:

**Verslag vir:** bietjie/dalk/effens/eintlik/feitlik/inderdaad/maar/ moontlik/miskien/naasteby/natuurlik/nogal/omtrent/ ongeveer/seker/skynbaar/sommer/sowat/waarskynlik/mate/ eenvoudig

Totale aantal woorde in soektog: 21

Totale aantal verwysings: 59

| | Frekwensie | | Persentasies | |
|---|---|---|---|---|
| Jaargang en/of tipe | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| Boerevrou | 5 | 8% | 22% | -14% |
| Die Huisgenoot 1940 | 13 | 22% | 29% | -7% |
| Sarie 1960/61 | 13 | 22% | 22% | 0% |
| Sarie 1980/81 | 28 | 47% | 27% | 20% |

Gevolgtrekking:

Chi-kwadraat is gelyk aan 15.055, d.w.s. die resultaat is beduidend op 'n peil van 0.5%. Die gestelde hipotese word bevestig.

* *Hipotese:* **Die gebruik van versterkers neem af.**

Voorbeelde:

*¦k10 +M maar *help ook werklik om die neiging tot swaarlywigheid te **keer*
*(verslank 11/10/40:10)*

*¦k16 +S en *verloor beslis u $ongesonde, $ongewenste gesetheid -*
*(verslank 27/9/40:16)*

*¦k3 +D maar as #jy regtig 'n fortuinverteller *is *sal #jy my *sê waarom.*
*(tande 1/11/40:3)*

**Resultate:**

| **Verslag vir:** werklik/nooit/heeltemal/altyd/definitief/beslis/ verseker/inderdaad/regtig/volkome | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Totale aantal woorde in soektog: | | | | 10 |
| Totale aantal verwysings: | | | | 81 |
| | | Frekwensie | Persentasies | |
| Jaargang en/of tipe | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| Boerevrou | 14 | 17% | 22% | -5% |
| Die Huisgenoot 1940 | 22 | 27% | 29% | -2% |
| Sarie 1960/61 | 16 | 20% | 22% | -2% |
| Sarie 1980/81 | 29 | 36% | 27% | 9% |

**Gevolgtrekking:**

Chi-kwadraat is gelyk aan 3.424 sodat die resultaat vir die versterkers dus nie beduidend is nie. Die gestelde hipotese word verwerp.

Net soos in die geval van die artikels, gaan 'n afname in taakgerigtheid gepaald met 'n toename in die gebruik van versterkers.

* *Hipotese:* **Die gebruik van kleuradjunkte saam met 'n modale hulpwerkwoord neem toe.**

**Voorbeelde:**

*¦k5 +M *is dit net omtrent alles wat 'n #vrou in 'n bra *wil *hê.*
*(onderklere 06/7/60:5)*

*¦k5 +S #Dit *kan natuurlik altyd $modereg *wees, want #u *kan u gewig *beheer met Dr Buchner se $beroemde $16-daagse Slanko.*
*(verslank 7/6/61:5)*

*¦k23 +V Moontlik *kan #ek *help.*
*(baba 18/1/61:23)*

Resultate:

**Verslag vir:** *kan/*kon/*mag/*moenie/*moes/*moet/*sal/*sou/*wil/*wou/bietjie/dalk/effens/eintlik/feitlik/inderdaad/maar/moontlik/miskien/naasteby/natuurlik/nogal/omtrent/ongeveer/seker/skynbaar/sommer/sowat/waarskynlik/mate

Totale aantal woorde in soektog: 30

Totale aantal verwysings: 16

| | Frekwensie | | Persentasies | |
|---|---|---|---|---|
| Jaargang en/of tipe | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| Boerevrou | 3 | 19% | 22% | -3% |
| Die Huisgenoot 1940 | 3 | 19% | 29% | -10% |
| Sarie 1960/61 | 4 | 25% | 22% | 3% |
| Sarie 1980/81 | 6 | 38% | 27% | 11% |

**Verslag vir:** regtig/inderdaad/beslis/werklik/nooit/heeltemal/altyd/definitief/volkome/*kan/*mag/*moenie/*moes/*moet/*sal/*sou/*wil/*wou

Totale aantal woorde in soektog: 18

Totale aantal verwysings: 21

| | Frekwensie | | Persentasies | |
|---|---|---|---|---|
| Jaargang en/of tipe | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| Boerevrou | 3 | 14% | 22% | -8% |
| Die Huisgenoot 1940 | 4 | 19% | 29% | -10% |
| Sarie 1960/61 | 4 | 19% | 22% | -3% |
| Sarie 1980/81 | 10 | 48% | 27% | 21% |

Gevolgtrekking:

In beide gevalle word die tendens wat die hipotese stel, bevestig, maar die aantal aangetekende gevalle is te min om 'n beduidende resultaat te gee.

* *Hipotese:* **Die gebruik van is en het as hoofwerkwoorde neem af.**

Voorbeelde:

*¡k6 +I Vir kinders *is #daar reenmantels.*
*(klere 9/19/p23a:6)*

*¡k2 +M #Ons *het 'n $pragtige versameling van al die $nuwste najaarsmodes -*
*(klere 3/20/p28:2)*

*¡k5 +I Ons najaar- en #winter-katelogus *is nou in die druk*
*(klere 3/20/p28:5)*

Resultate:

Verslag vir: is en het as hoofwerkwoorde

| | |
|---|---|
| Totale aantal woorde in soektog: | 2 |
| Totale aantal verwysings: | 233 |

| Jaargang en/of tipe | Frekwensie | | Persentasies | |
|---|---|---|---|---|
| | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| Boerevrou | 78 | 33% | 22% | 11% |
| Die Huisgenoot 1940 | 64 | 27% | 29% | -2% |
| Sarie 1960/61 | 38 | 16% | 22% | -6% |
| Sarie 1980/81 | 53 | 23% | 27% | -4% |

Gevolgtrekking:

Die hipotese word ten minste gedeeltelik bevestig en die resultaat is beduidend op 'n peil van 5%.

* *Hipotese:* **Temporele afstand neem toe.**

Baie min voorbeelde kom buite die anekdotes voor. Geen voorbeelde van passiewe konstruksies in die verlede tyd is gevind nie.

Voorbeelde:

*¡k7 +I Vandag *is die eerste dag van die $fantastiese #toekoms wat #Prota-Zlim vir duisende swaarlywiges *uitgewerk *het.*
*(verslank 9/7/80/p103:7)*

*¦k9 +I maar *help inderdaad *voorkom dat #dit weer *vorm na #jy *geborsel *het.*
*(tande 8/7/8/p93:9)*

**Resultate:**

Verslag vir: Temporele afstand: was, en het as hulpwerkwoord van tyd

| | |
|---|---|
| Totale aantal woorde in soektog: | 2 |
| Totale aantal verwysings: | 27 |

| Jaargang en/of tipe | Frekwensie | | Persentasies | |
|---|---|---|---|---|
| | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| Boerevrou | 6 | 22% | 22% | 0% |
| Die Huisgenoot 1940 | 8 | 30% | 29% | 1% |
| Sarie 1960/61 | 3 | 11% | 22% | -11% |
| Sarie 1980/81 | 10 | 37% | 27% | 10% |

**Gevolgtrekking:**

Daar was te min voorbeelde vir 'n beduidende resultaat, alhoewel die tendens in ooreenstemming met die gestelde hipotese is.

## 7.5 ADDISIONELE RESULTATE VIR SPESIALE VERANDERLIKES

Bo en behalwe die resultate wat met die gestelde hipoteses verband hou, is daar nog 'n aantal interessante tendense vir die waargenome tydperk vasgestel.

a) Passiewe neem af in die twee mees resente jaargange. Die resultaat is beduidend op 'n peil van 2.5%. (Chi-kwadraat is gelyk aan 9.859) As 'n mens die passiewe konstruksie as kenmerkend van formele taalgebruik beskou, en die gedrag van ander veranderlikes dui op 'n advertensiestyl wat mettertyd meer informeel en intiem word, dan is hierdie die resultaat wat verwag sou kon word.

**Verslag vir:** passiewe konstruksies

Totale aantal woorde in soektog: 2

Totale aantal verwysings: 151

| | Frekwensie | | Persentasies | |
|---|---|---|---|---|
| Jaargang en/of tipe | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| Boerevrou | 38 | 25% | 22% | 3% |
| Die Huisgenoot 1940 | 57 | 38% | 29% | 9% |
| Sarie 1960/61 | 29 | 19% | 22% | -3% |
| Sarie 1980/81 | 27 | 18% | 27% | -9% |

'n Paar voorbeelde van die tipiese passiewe konstruksies is die volgende:

*¦k1 +M Die $beste voorraad van #Bont die #ons nog ooit *gehad *het, *word nou deur ons *tentoongestel.*
*(klere 4/19:3)*

*¦k3 +M die $sagte $suiwere #wol waarvan al die wolsey #onderklere *gemaak *word,*
*(onderklere 4/19:4)*

*¦k20 +s Nou *kan elke flenter $ou #vleis $maklik *afgeveeg *word.*
*(skoonheid 2/30:20)*

*¦k2 +I maar die #buste *word nog steeds *gemodelleer met Kestos*
*(onderklere 6/12/40:2)*

*¦k27 +I Die $Perskekleurige #Coutil-rok wat van voor *toegeryg *word,*
*(onderklere 4/10/40:27)*

*¦k11 +S U #hande *sal altyd *bewonder *word...*
*(skoonheid 2/1/61:11)*

*¦k10 +M $Beroemde $Glansgoue #Halo-vloeistof *is volmaak*

**saamgestel om $glansrowende vuilheid en skilfers kitsgou te **verwyder.*
*(skoonheid 7/6/61:10)*

*¦k27 +S - 'n #geheim wat nou deur miljoene vroue *gedeel *word*
*(skoonheid 4/3/81:92)*

*¦k7 +I #Dit *word *gewaarborg om nie die vel te **irriteer nie*
*(intiem 4/3/81:50)*

b) 'n Ander interessante patroon is die voorkeur vir produknaamherhaling bo anaforiese verwysing (#dit/dit). Die intervalle van 20 jaar is hier egter te groot om 'n deurlopende tendens te kan waarneem. Daar kan slegs opgemerk word dat dit 'n stilistiese kenmerk van advertensies in die twee middelste jaargange is, terwyl dit nie meer die geval in die jaargang 1980/81 is nie.

**Verslag vir:** #dit/dit

Totale aantal woorde in soektog: 2

Totale aantal verwysings: 257

| Jaargang en/of tipe | Frekwensie | | Persentasies | |
|---|---|---|---|---|
| | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| Boerevrou | 70 | 27% | 22% | 5% |
| Die Huisgenoot 1940 | 68 | 26% | 29% | -3% |
| Sarie 1960/61 | 36 | 14% | 22% | -8% |
| Sarie 1980/81 | 83 | 32% | 27% | 5% |

Verslag vir:#'hard=guard'=naellak/#2nd=debut/#2nd=début/#3#kotex/
#allenburysvoedselsoorte/#alwetha-jas/#alwetha-jasse/
#Halwethas/#amami/#amami-wasmiddels/#anyday=panty=shields/#aziza/
#beauty=overnight=cream/#bionorm-proteïnkorrels/
#bionorm-sakkie/#cachet/...

Totale aantal woorde in soektog: 49

Totale aantal verwysings: 583

| | Frekwensie | | Persentasies | |
|---|---|---|---|---|
| Jaargang en/of tipe | Aantal | Werklik | Verwag | Verskil |
| Boerevrou | 74 | 13% | 22% | -9% |
| Die Huisgenoot 1940 | 192 | 33% | 29% | 4% |
| Sarie 1960/61 | 168 | 29% | 22% | 7% |
| Sarie 1980/81 | 149 | 26% | 27% | -1% |

## 7.6 LEKSIKALE EN GRAMMATIESE VERANDERLIKES: KWALITATIEWE RESULTATE

In hierdie afdeling word leksikale en grammatiese aspekte wat kenmerkend van die advertensies in die vrouetydskrifte is, bespreek. Die navorsingsmetode vir hierdie afdeling is oorwegend kwalitatief en slegs enkele kwantitatiewe verwerkings word gedoen.

### 7.6.1 Naamwoordstuk

a) Kloussubjekte

Die Boerevrou

40% van alle kloussubjekte is verbruikers. Die geïmpliseerde aangesprokene in bevelsinne is ook hierby in berekening gebring. Die verdere verdeling is as volg:

Die aangesprokene: = 85

*u* (33)
*jij* (2)
geïmpliseer in bevelsinne (50)

'n Denkbeeldige of werklike verbruiker in anekdotes:=14

*ek* (4)
*sy* (8)
*prinses* (2)

'n Geprojekteerde veralgemening: =13

*mens(e) (4)*

*vrou (1)*
*vroue/hulle (8)*
*vrouens/hulle (2)*
*vroumens (1)*
*vrouw (1)*
*hulle (5)*

Die geprojekteerde veralgemeende verbruiker word dikwels verder veralgemeen deur 'n onbepaalde telwoord, of positief gekonnoteer deur 'n adjektief. Hiermee word die leser as potensiële verbruiker uitgenooi om te konformeer aan die kategorie van 'almal' of 'almal met 'n bepaalde begeerlike eienskap'. Voorbeelde is die volgende:

*die allerdeftigste vroue*
*(klere:2/30:24)*

*vroue wat die mode volg*
*(onderklere: 2/30:31)*

*fyn vroue*
*(skoonheid: 1/23:8)*

*hierdie voorste vroue*
*(skoonheid:9/26:29)*

*die gewone vroumens*
*(onderklere:2/30:2)*

Hierdie verbruiker is nie in alle gevalle subjek nie, maar die omskrywingsmeganismes bly dieselfde:

*vir ieder presies dame*
*(onderklere:8/19:8)*

*altyd die eerste keuse van Kunskenner*
*(skoonheid:2/30:4)*

*dra die hartlike goedkeuring van vroue oor die hele wêreld weg*
*(skoonheid:9/26:2)*

Verbruikers geassosieer met die aangesprokene: 8

*bybie/hy (2)*
*grootmense (2)*
*kinders/hulle (7)*
*moeder/moeders (3)*

Dit is hieruit duidelik dat die aangesproke leser die meeste gebruik word as kloussubjek. Met die uitsondering van twee gevalle van *jij*, is die aanspreekvorm deurgaans formeel.

Outoriteite is in drie gevalle subjek:

*dokters (1)*
*dokters oor die hele wêreld (1)*
*mense van kennis (1)*

Die vervaardiger is in 11 gevalle die kloussubjek, en die res (60%) is produkte en produkeienskappe.

Skoonheidsmiddels bevat die meeste bevelsinne in die vorm van instruksies vir produkgebruik. Die advertensies vir verslankingsmiddels bevat die meeste stelsinsubjekte per tipe, wat saamhang met die anekdotiese aard van hierdie soort advertensies. Anekdotes is uiteraard in klousvorm. Klere-advertensies met hulle sterk beknopte informatiewe styl is meestal werkwoordloos en hulle bevat dus die minste kloussubjekte.

Die Huisgenoot 1940

36% van alle kloussubjekte is verbruikers. Die verdere verdeling is as volg:

Die aangesprokene: = 114

*u (49)*
*jy geïmpliseer in bevelsinne (65)*

In twee gevalle word 'n manlike potensiële koper aangespreek, maar dit is waarskynlik omdat hierdie advertensies koopgedrag vir 'n komende Kersseisoen suggereer.

'n Denkbeeldige of werklike verbruiker in anekdotes = 39

*ek (15)*
*jy (15)*
*mev. (2)*
*Cleopatra (2)*
*New York se addelike beskermingsvrou van musiek (1)*
*'n dankbare dame (2)*
*'n vriendin (1)*
*sy (5)*

*jy* word hier slegs in anekdotes gebruik en nooit om die leser aan te spreek nie. Die vermeerdering in anekdotiese advertensies blyk uit die groter verskeidenheid in hierdie tipe kloussubjek.

'n Geprojekteerde veralgemening: = 20

*almal (2)*
*vrou/vrouens (6)*
*meisie(-s) (8)*
*hulle (3)*
*dame (1)*
*juffrou (1)*
*adellike skoonhede (1)*

*meisie/meisies* is nuwe subjekte, wat 'n aanduiding kan wees dat die waarde van die jonger teikenmark besef begin word. *Oordeelkundig, beeldskoon, adellik* en *modern* is attribute wat aan hierdie veralgemenings toegeskryf word.

Verbruikers geassosieer met die aangesprokene: = 25

*babas/babetjies (4)*
*Eiename vir babas (4)*
*hy (13)*
*dogters (1)*
*moeders (3)*

63% van alle verbruikersubjekte is die aangesprokene self. Die aanspreekvorm is deurgaans formeel.

Baie min outoriteite word aangehaal:

*dokter (1)*
*geneesheer (1)*
*apteker (1)*
*wetenskap (1)*
*Dorothy Dix, intieme raadgeefster van miljoene vroue (1)*
*toetse (2)*

'n Opvallende verskil met die advertensies van die twintigerjare is die byhaal van *man/mans* as outoritêre subjek. Die man is die goedkeurende outoriteit. Sy voorkeure word uitgestippel, met die sterk suggestie dat die produk 'hom' tevrede sal stel.

In vier gevalle word na die vervaardiger met 'n intieme *ons* verwys, en in een geval is die vervaardiger selfs 'n *ek: Ek wil u vertel van... (Intiem:1/11/1940,p52).* Dit het nie in Die Boerevrou voorgekom nie.

Die persentasie produkte en produkeienskappe as kloussubjekte bly ongeveer dieselfde.

Die meeste bevelsinne kom steeds in die skoonheidsadvertensies in die vorm van instruksies voor. Die tellings vir stelsinsubjekte stem ooreen met dié vir 'Dramatisering', wat die vorige gevolgtrekking oor anekdotiese advertensies bevestig.

Sarie 1960/61

50% van alle kloussubjekte is verbruikers. Dit sluit die geïmpliseerde subjek in bevelsinne in. Die verdere verdeling is as volg:

Die aangesprokene:=102

*u* (51)
geïmpliseer in bevelsinne (51)

'n Denkbeeldige of werklike verbruiker in anekdotes:=40

*'n dame (1)*
*eiename (9)*
*ek (15)*
*jy (1)*
*sy (14)*

'n Geprojekteerde veralgemening:=8

*Hollywood-rolprentsterre (1)*
*skoonhede (2)*
*mense/persone (2)*
*vrou (3)*

Die geprojekteerde veralgemeende verbruiker word positief gekonnoteer met adjektiewe soos in *die kieskeurige vrou (onderklere:22/6/1960:31)* of *die aantreklikste skoonhede regdeur die wêreld (skoonheid:18/1/1992:77).* Verdere veralgemenings is *elke vrou* en *miljoene vroue.*

Ook in gevalle waar die verbruiker nie subjek is nie, kry 'n mens hierdie omskrywingsmeganismes: *Amerika se mooiste vroue (onderklere:2/6/1960:31).*

Verbruikers geassosieer met die aangesprokene:=11

*kinders (1)*
*moeder(-s)(3)*
*baba (-s) (7)*

Die aanspreekvorm is deurgaans formeel.

'n Outoriteit, nl. 'n tandarts, is in net een geval subjek, maar wetenskaplikheid sal toenemend in die advertensies ter sprake kom. Drie gevalle is hier aangeteken:

*skoonheidswetenskap*
*(skoonheid:7/6/1960:3)*

*navorsing*
*(intiem:7/6/1960:9)*

*in my internasionele laboratoria beproef*
*(skoonheid:7/6/1960:3)*

Mans se goedkeuring is nog altyd belangrik, maar die aantal vermeldings, (slegs 2) is minder.

Stelsinsubjekte kom die meeste voor in die advertensiekategorië wat die sterkste anekdoties is, naamlik 'Intiem', 'Verslank' en 'Baba'.

Sarie 1980/81

37% van alle kloussubjekte is verbruikers as 'n geïmpliseerde subjek in bevelsinne bygereken word. Die verdere verdeling is as volg:

Die aangesprokene: = 130

*jy (79)*
*u* (25 en slegs by 'Intiem' en 'Verslank')
geïmpliseer in bevelsinne (26)

'n Denkbeeldige of werklike verbruiker in anekdotes: = 9

*ek (7)*

*sy (1)*
*Penny Coelen (1)*

'n Geprojekteerde veralgemening: = 22

*enige slim meisie (1)*
*alle jong meisies (1)*
*vrou, bv. die vrou wat omgee (4)*
*vroue, bv. die meeste vroue (2)*
*vrouens (1)*
*ons vroumense (1)*
*die inklusiewe ons (7)*
*'n mens/mense (4)*
*'n volwassene (1)*

Daar is reeds verwys na die gebruik van die inklusiewe ons in hierdie jaargang. Die aanspreekvorm het verander van die formele u na jy, alhoewel u nog gebruik word in enkele advertensies.

Die klein aantal anekdotiese kloussubjekte val saam met die verskuiwing van die fantasie-element na die leefwêreld van die aangesprokene self. Mev. X en 'haar' situasie as eksemplaar word hier direk 'jy' en 'jou' situasie, bv.:

*Voorheen moes jy tevrede wees met een paar pragtige bene. Nou kan jy 'n hele versameling begin.*
*(onderklere: 7/1980:36)*

*Stel jou voor jy probeer 'n paar kwinkslae kwytraak op 'n deftige dinee terwyl nat klere aan jou gevoeligste dele klou.*
*(baba:4/80:126)*

Verbruikers geassosieer met die aangesprokene:

*baba (4)*
*'n ma (3)*

Outoriteite is in twee gevalle subjek:

*geneesheer (1)*
*ginekoloog (1)*

Wetenskaplikheid as outoriteit word egter in talle vorme betrek, veral in adjektiewe soos *medies, wetenskaplik of klinies-bewese.*

Die verspreiding van kloussubjekte en bevelsinne is baie eweredig versprei oor die verskillende advertensietipes. Die tellings vir werklike minus verwagte frekwensie word hieronder gegee.

| | kloussubjekte | bevelsinne |
|---|---|---|
| klere | 0% | 4% |
| onderklere | 0% | -3% |
| skoonheid | -2% | 1% |
| Intiem | 2% | -2% |
| Verslank | 0% | -3% |
| Tande | 0% | 1% |
| Baba | 1% | 4% |

b) Persoonlike voornaamwoorde

Die Huisgenoot 1940

By klere en onderklere wissel hy en dit mekaar as voornaamwoorde af:

*Hy ('n Alwethajas SS) het die ideale dikte vir Suid-Afrikaanse drag (klere:20/12/40:6)*

*Met die gevolg dat hy volmaak pas (onderklere:4/10/40:39)*

Babas is in alle jaargange *hy*, en die babas waarna in anekdotes verwys word, is ook almal manlik.

c) Substantiewe

Die Boerevrou

In die produk- en materiaalparadigmas val veral die volgende op: Sommige produkte en materiale is verouder, en daar is talle Engelse woorde of leenvertalings, wat later vervang sou word. Spelling is wisselvallig; dit is duidelik dat skryftaalkonvensies, ten spyte van die Woordelys en Spelreëls (1921) nog onvas is. Dit geld veral ij/y, verkleiningsuitgange, deeltekens en kappies, los en vas skryf en die verbindingsklank, soos wat hieronder blyk.

Klere:

*Dames Sports Baaitjies/dames warm baadjies/tennis-baadjie*
*Jerseys*
*Jumpers/bloese*
*kostuum/dames kostuum rok (baadjiepak)*
*jasse/winterjas*
*rokke/tabberts/tabberds/tabberdjie/*
*huistabberds/ strandtabberds*
*kraagjes/kraag*
*slip sakke/sakkies*
*reenjas/reenmantels*
*'court' skoene/stewels/rijgskoene*
*belt*
*oogskerm/studente-skerms*
*oorbroeke (vir tennis)*
*hempbroeke (vir tennis)*

Materiale en voorkoms:

Waarskynlik omdat baie meer klere self gemaak is as vandag, is die klere-advertensies dikwels materiaaladvertensies. Materiaal word deurgaans *stof* genoem.

Gewilde materiale van die tyd is *kombers Tweed, Skotse Tweed, kombêrsgoed, Fawn Court, wit Coutil* vir onderklere, *Serge, dril* ('n dik katoenmateriaal), *hemdegoed, Wincey en Delaine en Tobralco* vir sportklere. *Heather-patrone* (growwe gevlekte materiaal) en *haarkoord-patroon* (riffelpatroon) word spesiaal vermeld. *Sij-afgemaakte en bont* (pels) afwerkings is gebruik. Vir skoene word *glace kid leer* ( 'n sagte nie-glansende leer) en *dok verlakte (patent)* (blinkleer) genoem.

Dieselfde spellingonvastighede wat vroeër genoem is, word hier aangetref. Die gebruik van *goed* om na materiale te verwys, en ook in *najaarsgoed,* en *van dieselfde goed* val op.

Alles was *volgens die allerlaaste fatsoen* en beskikbaar by die *Manchester en rok-goedere-afdelings* (weer eens goedere SS) *gedurende hierdie reusagtige Winter-uitverkoop.*

Onderklere:

*Chilprufe Onderklere*
*dames kombinasies* (kombinasie van onderbroek en frokkie, van linne het 'n spleet agter, nie styf nie)
*korset/borsrok/Sport-borsrok* (Nousluitende onderkledingstuk met baleine en deur 'n veter styf getrek, HAT:608)
*opstoot-korselet* (kombinasie van korset en buustehouer, HAT:608)
*kousophalers/suspenders*
*holeproof hosiery/ dameskouse/dames-sykouse*

Materiale en eienskappe:

Korsette was *geballijnd* maar met *ligte baleine,* hulle het *tussensetsels in romp vir elastieke rijging* gehad, en 'n *elastiese (rekker) middel* (van rek). Sommige was van sterk *katoen-broche* gemaak, met *11 duims* (genitiefvorm) *rekker ingelaat onder die arms* en 'n los *lyfband. kousophalers* of *suspenders* was 'n algemene toevoeging. Hierdie kledingstukke se funksie was om *stut of steun te gee.* Ondersteun kom glad nie voor nie.

Net soos in die geval van die klere is daar 'n hele aantal wisselvorme. Benewens die wat hierbo vermeld word, is daar ook nog *gespe/gesp.*

Dameskouse is gekenmerk deur 'n *sy-been* of meer spesifiek *middelmatige gewig pure sydraad in die been* en 'n *suiwer gemerseriseerde* (spesiaal versterkte) *wye bostuk, hak* en *'Ex'-toon. Holeproof* was 'n belangrike eienskap wat nêrens vertaal is nie.

In die twintigerjare het alle vroue *buste, heupe* en 'n *figuur. Vel en huid* wissel mekaar af, maar *hals* is die norm.

Skoonheidsmiddels:

*chic-poudre/poeier/talcum poeier/toilet-poeier*
*aangesigsroom/gesigsalf/gesigroom/*
*gesigsroom/room/verdwynende-room* ('vanishing cream')
*wasmiddels* (sjampoe)
*politoermiddel/vloeibare politoermiddel* (naellak)
*Cutex opvryfmiddel*
*Eau de Cologne*

Afrikaanse produkname is dikwels onvas en in 'n hele aantal van hierdie soort advertensies word die produk onvertaal gelaat, bv. *Pond's Vanishing Cream.* Haarwasmiddels is beskikbaar by *haarsnyers,* skoonheidsprodukte by *aptekers* of 'n *aptekerswinkel,* of die *toilet-dept/ toiletgoedere-toonbanke/winkels vir toiletbenodigdhede.*

Tande:

*Colgate's ribbon dental cream/Kolynos dental cream/ paste*

Die tandevyande van die twintigerjare is *pyorrhoea* (ontsteekte tandvleise), *siektekieme* en *suur smaak.* Elke ses maande moet die *tandedokter* besoek word.

Baba:

*'n middel/medisyn* (neerlandisme)*/voedsel-versterkmiddel*
*melkvoedsel/natuurmelkvoedsel* (natuur=natuurlike)

Dit lyk of bybie/bijbie nog algemeen in gebruik was. Net een voorbeeld van babetjie is aangeteken. Suigeling, kindjie en kleintjies kom ook voor. Babas se probleme het nie veel verander nie. Hulle het gely aan *hardlywigheid, pynlike winderige koliek, geswolle tandvleis en surigheid.*

Melkvoedsels word as plaasvervangers vir *borsmelk of moedermelk* (sonder die verbindingsklank) genoem.

*Monster/monstertjies* (net een voorbeeld)*/monsters* van alle soorte produkte word op aanvraag gestuur.

Die Huisgenoot 1940

**Inleidend**

Vyf van die tien bladsye van "Vir die Vroue" was advertensies. Die produkte wat geadverteer is, was hoofsaaklik medisynes, huishoudelike produkte, babaprodukte, en in 'n groter mate as in Die Boerevrou, produkte wat daarop gerig is om die aantreklikheid van die vrou en haar persoonlike gerief te verhoog. Lipsalf, reukweerders en sanitêre doekies is nuwe produkte in hierdie verband. In die Die moderne vrou van 1936-1937, d.w.s. net drie jaar vantevore, is geen advertensies van "intieme produkte" opgespoor nie.

Die vordering wat die standaardiseringsproses van Afrikaans gemaak het, blyk uit die feit dat wisselvorme nou slegs in enkele gevalle

voorkom. Sekere produkte het egter heeltemal van naam verander en heelparty nuwe produkname het bygekom.

Klere: Klereadvertensies is reeds baie skaars en die benaminge moes uit artikels aangevul word.

*jas*
*modelle*
*kledingstuk*
*sy-tabberds/tabberds*
*somerdrag*
*"ensembles"*
*lyfie*
*hofskoene*
*strandskoene*

Materiale en voorkoms:

Materiaal word steeds *stof* genoem. Materiale van die tyd was *tweed, gaberdien* vir jasse, en *reddingotes, wol-georgette, satyn en marokyn* vir tabberds. *Bont* word steeds gebruik. *Appliquéwerk, sy-slyt en deurstikwerk* is afwerkings. *Sweedseleer* en die *Kubaanse hak* was gewild by skoene.

Die *nuwe seisoense modelle* word *uitgestal by alle goeie winkels* en inligting word verskaf deur *'n inkoopgaset.*

Onderklere:

*borsrokke*
*buustelyfies/bustelyfie*
*korselette*
*semi-inklim-korselet*
*inklimmodel*
*kunssyfrokkies*
*kniebroekies*
*nagjurkies*
*twee-in-een-kledingstuk*
*voeringrokkkies* (onderrok)
*kousophouers*

*Borsrokke, korselette* en *buustelyfies* vorm en beheer, verskaf ondersteuning en verbeter belyning. Hulle is gemaak van *Coutil/Koutil, satyn, broche, broadcloth, kunssy-tricot, Batiste en oopwerkgomlastiek.* Daar is *omslaan-* en *inklim-modelle.* Die modelle is *deeglik gebalein* en hulle het *panele,* 'n *bopart, heuppanele, insetsels, dykussinkies, gestikte afdelings,* 'n *klouknip* en 'n *onderband.*

Dameskouse is *syvleiers* en hulle verskaf aan bene *'n volmaakte moderne contour.*

Vroue het *buuste* of *buste* wat haar *rondings* is, 'n *middelrif,* en 'n *buik,* alles saamgevat as haar *postuur.* (*Figuur* kom slegs een keer voor.) Posture is *lank, kort,* of *geset,* en daar is selfs die gelukkiges met 'n *perdeby-lyfie (onderklere: 18/10/1940 65:50).* Sy het 'n *vel,* en

nie meer 'n huid nie, maar nog steeds 'n *hals.* Sy kies 'n *kapselmodel.*

Skoonheidsmiddels:

*gesigpoeier*
*laventel/parfuum*
*manikuur*
*rooisel vir die wange*
*koelpommade* ("cold cream")
*reinigingspommade* ("cleansing cream"
*smeltpommade* ("vanishing cream")
*poeiergrondslag* (onderlaag)
*naelpolitoer/salonpolitoer*
*naelvliesverwyderaar*
*politoerverwyderaar*
*politoergrondslag*
*haarwasmiddels*
*lippestiffie* (lipstiffie)
*velwatertjie* ("skin lotion")
*Michel-kosmetiek vir die ooghare*
*preparate*

Die Boerevrou se *Pond's Gesigroom* het *Pond se Pommade* geword. In die veertigerjare *reinig* dit *porieë* en *verwyder vuiligheid.* Dit word *aangewend* of *ingevryf* en *met 'n papierdoekie verwyder. Te koop in potjies.*

Intiem:

*sanitêre doekies*
*reukvernietiger*

Sanitêre doekies se kwaliteite word besing in terme van *lissies, veiligheidspanele en kussinkie. Sanitêre voorskootjies* en *kniebroekies* het addisionele beskerming verskaf.

'n *Haarverwyderingsroom* word ook 'n *pommade* genoem. Die adverteerder *waarborg suksesvolle uitslae.*

Adverteerders noem nie altyd intieme probleme by dieselfde naam nie. Mum se verbruikers *perspireer,* Odo-Ro-No s'n *sweet onder die arms. Onderarm reuk* word gespel soos aangedui.

Verslank:

*swaarlywigheidstablette*
*middel*

Met hierdie middels wat te koop was in 'n *dosie* of *pakkie* het 'n mens *lelike vet verloor* en jou *slanke postuur herwin. Silf verwyder die knellende vetboeie op 'n natuurlike manier. Dik polse en lomp arms en bene herwin* hulle *natuurlike vorm.*

Tande:

*tandepasta* (Kolynos)/*tandcreme* (Colgate)

*Onaangename asem* word as 'n ernstige probleem gestel wat tandepasta moet regstel, alhoewel *gesonde tandvlees* en *wit* en *glansende enemmel* ook belangrike eienskappe is.

Baba:

*Allenburys-voedselsoorte*
*Melkvoedsel*
*Moutvoedsel*
*Lactogen-voeding*

*Baba* en *babetjie* wissel mekaar af. *Moedermelk* word soms met en soms sonder die verbindingsklank geskryf.

Gesonde babas van die tyd het *sterk tande, kragtige beendere,* en *stewige vleis.*

*Gratis monstertjies* word steeds op aanvraag gestuur. Lactogen stuur *'n milde monster.*

Die meeste spellingonvastighede wat in Die Boerevrou voorgekom het, het uit hierdie advertensies verdwyn. 'n Enkele voorbeeld van ie vir i is aangeteken: *roetiene.* Hoofletters word egter, soos in die geval van die twintigerjare algemeen gebruik om belangrike adjektiewe en substantiewe, asook produkname, bv. *Pond se Koelpommade* te beklemtoon.

Sarie 1960/61

Een van die nadele van ewekansige geselekteerde materiaal is dat dit nie alle veranderlikes opvang nie. Klere-advertensies word bv. skaarser omdat hulle opgeneem raak in mode-artikels met die gevolg dat die produkbenaminge wat in die tyd gebruiklik was, deur die verkose advertensies gedek word nie. Relevante benaminge moes gevolglik hier en daar uit artikels aangevul word. Dit word egter duidelik as sodanig aangedui.

Klere:

*hemde*
*half-rok/halfrok/romp*
*jas*
*tabberd*

Materiale word *stowwe* genoem en dié wat vermeld word, is *snoesige Osmalane, tweed, gespikkelde jasstof, bokhaar, geruite bokhaarstof met lang hare en ferweel.*

Die aanbevole winkels is *beter, gesog, toonaangewend en die beste in die unie.*

Onderklere:

*Korset/gordel*
*Korselet*
*buustelyfie/nylonlyfie/bra*

Onderklere was in verskillende *Modelle* beskikbaar. 'n Korset het 'n *rekband om die middel* en *rekpanele,* hulle funksie was om te *hou en fatsoeneer,* of anders gestel, te *beheer en vorm.* Die *buustelyfies* van die tyd was van nylon of *lakenstof* en hulle het *kelke* wat in sommige gevalle met *onder-die-kelk bande* versterk is vir *onoortreflike ondersteuning.*

In die sestigerjare het 'n vrou in klere- en onderklere-advertensies 'n *postuur,* maar in verslankingsadvertensies het sy 'n *figuur.*

Skoonheidsmiddels:

*Pond's se Cold Cream*
*skoonheidspreparaat*
*skoonheidsroom/skoonheidsvloeistof/room*
*lipstiffie*
*gesigpoeier/velverfraaier*
*grimering*
*naelpolitoer*
*sjampoe/vloeistofsjampoe*
*Haarspuit/lanolienstuifmiddel*
*talkpoeier*
*parfuum*

Koelpommade is laat vaar vir *Cold Cream* en 'n dubbele besitlike vorm. Produkname word in 'n groot aantal gevalle onvertaal gelaat, bv. *Contour Lift film* of *Beauty overnight cream.*

Gesigpoeier kom in 'n *poeierdoos,* parfuum in *robynflessies.*

Intiem:

*reukweerder/reukweermiddel/reukverdrywer*
*sanitêre doekies*
*Tampax* (=tampon Die term tampon word glad nie gebruik nie.)
*onthaarmiddel*

Verslank:

Hier kom glad nie 'n spesifieke produknaam voor nie. Daar word egter wel verwys na *kapsules en tablette* en *eenhede,* wat in *botteltjies* beskikbaar is.

Tande:

*Colgate-tandcréme*
*tandepasta/bederfbestryer*

Baba:

*bottelvoeding*
*babavoedsel/babakos/graankos*

Dit is die eerste keer wat voedsel 'kos" word. In die gratis boekie wat Nutrine beskikbaar stel, is daar *spyslyste* vir baba.

Die *monsters* van die vorige *jaargang* word hier vervang met *'n proefpakkie (intiem:18/1/61:5)* of 'n *gratis eksemplaar (verslank:4/1/61:56)*

Sarie 1980/81

Die produk- en materiaalparadigmas van die jaargang is as volg:

Klere:

*nommertjie*
*mandarynkraag*
*trui/truitjie*
*bloese*
*romp*
*langbroek*

Iewers tussen die sestigerjare en die tagtigerjare het die langbroek sy verskyning gemaak.

Die enigste materiaal wat vermeld word, is *poliëster-trilobal breimateriaal.* Die term stof is vervang deur *materiaal.*

Onderklere:

*gordel/swaarpaneelgordel* (korset)
*bra*
*broekiekouse*
*broekie-broekiekous*
*onderbroekie/broekies*

Bra's is te kry in *rekkatoen, naatlose rekstof* en *met onderdraad.* Sekere soorte broekiekouse het 'n *versterkstuk van katoen,* anders gestel, *'n higiëniese katoeninsetsel. Higiënies* is dikwels 'n eufemisme vir die vaginale area.

Die vrou het steeds 'n *postuur,* en *buuste.*

Skoonheidsmiddels:

*vloeiroom/nagroom/hand- en lyfroom*
*skoonheidsvloeistof* (Oil of Olay)
*oogskadu*
*ooggrimering*
*onderlaag*
*lipstiffies*
*naellak*

*naellakverwyderaar*
*naelvliesverwyderaar*
*naelbeskermer*
*basislaag/bolaag*

*sjampoe*
*opknapper*
*kleurvloeiroom/haarkleurmiddels*

*kosmetiekvervaardigers*
*velsorgprogram*

Dit gebeur ook dat 'n bepaalde advertensie produkname onvertaal laat, bv. *Oatmeal medicated foundation (skoonheid:4/80:59)*

Intieme produkte:

*panty shields* ('n nuwe konsep wat onvertaal gelaat word)
*deoderant*
*doekies/deodorantdoekies*
*minidoekies/maksidoekies*
*kleefdoekies*
*tampon*
*(room)onthaarmiddel*
*bleikroom*

Verslank:

*kussingmasjiene*
*bandmasseerders*
*eetlusdempers*

Eetlusdempers het vantevore bestaan, maar hulle is toe nog nie onder 'n algemene naam bemark nie.

Tande:

*tandepasta*

Die groot nuwe oorsaak van tandvleisprobleme is *plaak*, wat op allerlei maniere *bestry* en *beveg* moet word. *'n Vars mond* is steeds belangrik.

Baba:

> In die tagtigerjare is die Afrikaanse klein mensie 'n *baba*. *Hy* word versorg met *babaroom om luieruitslag te voorkom*, en *vertroetel* met babapoeier. Die groot nuutjie van babaversorging is *weggooi-babadoeke.*

Produkte is beskikbaar by *u gunsteling-apteek* of *afdelingswinkel, alleenagente, kosmetiek-afdelings, 'n skoonheidsalon.*

Daar word weer *gratis monsters* gestuur, maar dit het bygesê, net een keer voorgekom. In die ander gevalle is daar verwys na *'n gratis eksemplaar.*

d) Betreklike voornaamwoorde

Volgens Steyn (1989:26) het die tot omstreeks 1917 "sterk in die gemoed van skryftaalgebruikers bly leef". Vir Die Boerevrou is net een geval van die as betreklike voornaamwoord aangeteken, teenoor 43 gevalle van wat:

*Die beste voorraad die ons nog ooit gehad het. (klere:4/19:1)*

Dit kom vroeg in die Boerevrou-tydperk voor, wat 'n verdere aanduiding is dat dit besig was om in onbruik te raak.

e) Adjektiewe

Die persentasie adjektiewe val saam met die aantal kommunikatiewe handelinge wat as +M gekodeer is. +M is die hoogste in Die Boerevrou en Sarie 1960/61, en dit is ook hierdie twee tye wat die hoogste persentasie adjektiewe het. Versterkte adjektiewe volg egter nie hierdie patroon nie. Sarie 1960/61 het wel die meeste versterkte adjektiewe, maar 1980/81 is net 'n kortkop agter. Die laaste jaargang het dus minder adjektiewe, maar na verhouding die meeste versterkte adjektiewe (19% teenoor die 15% van 1960/61).

Die besonderhede van die adjektiewe word hier onder vir elke tydperk afsonderlik bespreek.

Die Boerevrou

12,5% van alle woorde in die teks is adjektiewe. Die hoë frekwensie van adjektiewe is een van die kenmerke van advertensietaal. 11% van alle adjektiewe is versterk, óf met die vergrotende of oortreffende trap-morfeem, óf met 'n graadwoord soos baie, meer en ekstra.

* Die mees frekwente adjektiewe is die volgende:

| | |
|---|---|
| *wit* | 1.13 |
| *nuut/nuutste/nuwe/nuwste* | 0.90 |
| *beter/beste* | 0.75 |
| *groot/grootste* | 0.44 |
| *sagte/sag* | 0.44 |
| *deftig/deftige/deftigste* | 0.37 |
| *mooi/mooie* | 0.37 |
| *fyn/fyne/fijn* | 0.22 |
| *gesond/gesonde/gesondste* | 0.22 |
| *maklik/maklike/makliker* | 0.22 |
| *middelmatig(e) (figuur)* | 0.22 |
| *suiwer/suiwere* | 0.22 |
| *pragtige* | 0.22 |
| *regte* | 0.22 |
| *goeie* | 0.14 |
| *sterk* | 0.44 |
| *onoortroffe* | 0.14 |
| *volmaakste/volmaakte* | 0.14 |

Die frekwente gebruik van *wit* kan moontlik verklaar word uit die tennisdrag- en onderklere-advertensies. *Middelmatig* verwys hier na *middelmatige figuur* en kom frekwent in onderklere-advertensies voor.

Die hoë waarde wat aan duursaamheid geheg is, blyk uit die telling van *sterk* en ook die feit dat *hou* een van die mees frekwente werkwoorde was.

Die hoë frekwensies van *beter/beste* en die variante van *nuut* is te wagte in advertensietaal.

*Sag/sagte* en *fyn/fyne/fijn*, die eg-vroulike attribute, kom by uitstek voor in skoonheidsadvertensies.

'n Hele verskeidenheid paradigmas kan uit die adjektiewe opgestel word.

* Die positiewe en negatiewe kwaliteite van die tyd is insiggewende vergelykingsmateriaal. Alhoewel enkeles nie adjektiewe is nie, word hulle tog almal hier genoem. Die mees frekwentes word eerste geplaas.

Materiale:
[+] *puur,sag,plooi mooi, wit-warm, wasbaar, goeie kwaliteit, porieus, hou fatsoen, hou 'n mens fris en koel, ryk, natuurlik*

[-] *slap, moet gestyf word*

Kleure:
[+] *alle nuwste, keurige, fyn, veelkleurig,*

[-]

Klere:
[+] *nuwste/nuutste, deftige/deftigste, nette/netjies, goed gesnijde, warm, smaakvol, goed afgewerk, gee vrijheid van beweging, prakties, bruikbare*

[-]

Onderklere:
[+] *sterk, vrije heupruimte, gee steun/stut, suiwer, hou/sterk, gee beskerming, gemak, bring mooie lijne uit, kontroleer, veranderbaar, gesond, suinig (=goedkoop), stijlvol, gee ewewig, gee jeugdige houding, gemaklik, kwaliteit, volgens die allerlaaste fatsoen, onsigbaar*

[-]

Skoonheidsprodukte:
[+] *gee krag, glans, kleur, dikte (aan hare)*
*vel en naels: beskermend, suiwer, opsuiend, skadeloos, versagtend, verkoelend, fyn, voedend, maak skoon, teer,*

*gee heldere satynagtige tint, welriekend, versterkend, beveilig, ontsmettend, troostend, hou poeier vas, beskutting, hou naelriem glad en buigsaam, gee glans*

parfuum: *verkwikkend, verkoelend*

[-] *stop porië, vetterig, laat hare groei, maak naels dof en gevlek*

Tandeprodukte:
[+] *geur, vassittende knoppie, keer siektekieme, hou tandvleis ferm en heel en gesond*

[-]

Verslankingsmiddels:
[+] *dwing al hierdie organe saggies, langsaam maar seker, dryf giftige sure en afval uit die gestel*

[-]

Babaprodukte:
[+] *kompleet, vars, suiwer, maklik om klaar te maak, vinnig, onfeilbaar, lekker, doelmatig, onmiddellike verligting, onskadelik, natuurlik, gesondste, opbouer, maak gesond, hou gesond, kinders groei, voedend, verteerbaar*

[-]

Die vrou van die twintigerjare het die eienskappe *deftig/allerdeftig, spaarsaam* en *presies* hoog aangeslaan. Die vroulike figuur is gekategoriseer as *kort, lank, vol/volle, dikke, geset, middelmatig, slank.* Dik en blink hare was mooi, *uitgevalle haar, koorsige, jeukende kopvel, uitgehongerde haarwortels, dun/yl, bleek* hare was tipiese haarprobleme. 'n Mooi vel het *die kleur, weefsel en ferweelagtige vel, tipies van die jeug. Sag, wit, jonk en helder* beskryf hierdie soort vel. *Skurfheid, rooi vlekke, vaal/bleek* kleur *aangepak(te) sweetgate, gerimpel, vuil, nare blinkheid, droog en (ge)bars* moet behandel word. Die goedversorgde vrou se naels het *glans, volmaakte ovale,* en hulle is *skoon en wit. Dof, gevlek,* (ge)*bars,* (ge)*breek, hangnaels en dik en ongelyk(e) naelriem* is negatiewe eienskappe wat die geadverteerde produk verhoed.

Tande moet *spierwit* wees, sonder *suur smaak* en *pyorrhoea.*

*Oortollige vlees/vet* veroorsaak dat 'n vrou nie kan loop en haar take verrig nie. 'n *Slanke, jeugdige* figuur maak jou *fluks, rats,* die *oë skitter,* die vel helder, en gee *krag en lewenslus.*

Babas word veral in terme van probleme beskryf. Hulle ly aan *winde, koeliekpyne, surigheid, tandekry, sieklikheid, hardlywigheid, geswolle tandvleis.*

Modekleure is tydsgebonde. In die twintigerjare was veral rooskleur in verskeie verbindings gewild. Baie kleure is onvertaal

gelaat. Naas die primêre kleure en die Franse *brunette, champanje* en *naturelle*, is die volgende kleurskakerings aangeteken:

*donker blauw/bruin/roos*
*lig roos kleur*
*marineblouw*
*pruim*
*roomkleur*
*rooskleur/rooskleurige*
*saxe-blouw*
*skulprooi*

* Grammatiese paradigmas

Vorms wissel op 'n glyskaal tussen Afrikaans en Nederlands.

*aantreklike/aantrekkelike*
*elastiese/elastieke*
*ferweelagtige/fluweelagtig*
*vars/verse*

Dieselfde gebeur in die geval van spellingonvastighede:

*blauw/blou/donker blauw/marineblouw* (3:1)
*fijn/fyn/fyne* (1:5)
*vrij/vrije/vry* (3:1)
*nuut/nuutste/nuw-aangesette/nuwste* (6:2)

Hierdie verhoudings val nie noodwendig saam met die verskyningsdatum van die advertensies nie. Behalwe in die geval van die *ij wijn, grijs, stijlvol* wat hoofsaaklik voor 1921 aangetref word, kom die ander vorme verspreid oor al die jare voor.

In twee gevalle word die intervokaliese [x] weggelaat in woorde waar dit nie in Afrikaans verdwyn het nie: *daelikse* en *verkrybaar/ verkrijbaar.* Volgens die Woordelys en spelreëls (1921) was dit wisselvorme.

In 'n aantal gevalle word die sterk verlede deelwoord adjektiwies gebruik waar ons vandag die swak vorm gebruik:

*geswolle tandvleis* (geswelde)
*onoortroffe kopies* (onoortreflik)

*Uitgevalle haar* is waarskynlik 'n vernederlandsing, maar die adjektief as kwalifiseerder by die enkelvoud is ook vreemd.

Sekere adjektiewe het vandag in Afrikaans 'n suffiks. Die vorm met die suffiks kom nog nie in die Woordelys en Spelreëls (1921) voor nie, en moes dus later ontwikkel het. bv.

*is onderskeide deur die rooi seël* (onderskeibaar [Vergelyk met die Nederlandse onderscheiden.])

Ander adjektiewe het intussen 'n semantiese verskuiwing ondergaan, of dit is gewoon 'n geval van swak woordkeuse.

*in keurige fijn kleure*
*uiters doelmatig om verligting te gee* (doeltreffend)
*Kolynos is beter dan ooit tevore en suiniger* (meer ekonomies)
*waardevolle waarde* (goeie waarde)
*u aan gelukkige gesondheid sal wen*
*dit help om die tandvleis ... heel te hou*
*opsuiend* (gesê van Talcum-poeier en aangesigsroom)
*maak die koorsige, jeukende kopvel sag en buigsaam*
*uitgelese versameling van nette 'Court' skoene*

'n Hele aantal leenvertalings kom ook voor, wat 'n aanduiding is van hoe sterk die invloed van die Engelse advertensiemodel toe reeds was:

*allerlaaste* (latest)
*figuurde glaspotte* (figured glass)
*gemerseriseerde* (mercerised)
*kompleet/komplete behandelings* (complete)
*patente knip* (patent)
*verlakte leer* (laquered)

* Die attributiewe verbuiging

Volgens Malherbe is "in ons schrijftradiesie meer gesondig teen die korrekte gebruik van die bnw. als teen enige ander reël" (1917:44). Hy het dit veral teen die gebruik van die Nederlandse verboë vorm. Daar is egter 'n hele aantal van sy voorbeelde wat verskil van moderne geskrewe Afrikaans, sodat dit 'n oorvereenvoudiging sal wees om alle vorme wat afwyk van moderne Afrikaans aan Nederlandse invloed toe te skryf. Wanneer 'n vorm in Malherbe of elders opgeteken is, word die bron vermeld.

a) Enkellettergrepige b.nw.

*in puur wol* (Volgens Malherbe 1921:46 word hierdie adjektief gewoonlik verbuig, maar dan in uitdrukkings soos pure bog. Hier het 'n mens waarskynlik met 'n leenvertaling te doen.)

*puur, sagte, wit-warm wol*
*pure sydraad*

*dikke dames*

*nette kostuum*
*Nette bloese*
*nette 'court' skoene*
*'n net tabberdjie* (Hier word die Nederlandse vorm gebruik. Netjies is twee keer opgeteken.)

*al fyn velle*
*kou water* (Malherbe 1917:46)
*nuw-aangesette*

In die onderstaande voorbeelde het 'n mens waarskynlik verbuiging wat aan die een kant foutiewe skryftaal is, maar wat tog nie

heeltemal sonder affektiewe waarde is nie.

*vrije heup ruimte* (Vgl. Raidt 1968:109.)
*agter in die lange romp*

*vol figuur/die volle figuur*
*laat die volle skoonheid van die nael*
(Volgens Malherbe 1917:47 meestal onverboë. Vgl. in hierdie verband ook Raidt 1968:108.)
*mooie lijne van 'n vol figuur*

*fyne geur/'n fyn poeier vir fyn vroue*
*Die oue, luisterryke, koninklike Huis van Bourbon*
*die tere beskermende afwerking*
*die skone olie* (Raidt 1968:108)

b) Meerlettergrepige b.nw.

Adjektiewe op -er, el,-rm,-lm bly volgens Raidt (1968:109) en Malherbe (1917:47) onverboë, maar hier is waarskynlik die tipiese skryftaalfout waarna Malherbe verwys.

*die sagte suiwere wol waarvan*
*vars,suiwer/verse, suiwere plaasmelk*
*die donkere skoonheid van die Spaanse vroue*
*'n heldere, satynagtige tint*

*vir iedere presies dame* (Volgens Raidt (1968:110) verbuig ieder altyd, behalwe in vaste verbindings, maar presies as 'n vreemde woord bly onverboë voor 'n persoonsbepalende substantief.)

Nog voorbeelde is as volg:

*elastiese middel/elasties middel*
*'n spesiaal versending van die fabriek*
*en enig dag 21/ werd*

Die Huisgenoot 1940

11,4% van alle woorde in die teks is adjektiewe. 10,4% van alle adjektiewe is op een of ander manier versterk. Hierdie syfers verskil nie drasties van dié van Die Boerevrou nie.

* Die mees frekwente adjektiewe is die volgende:

| | |
|---|---|
| *nuwe* | 1.90 |
| *sag/sagte/sagter* | 0.93 |
| *mooi* | 0.71 |
| *groot/groter/grootste* | 0.63 |
| *volmaakte* | 0.63 |
| *maklik/maklike* | 0.48 |
| *beroemde* | 0.41 |
| *deftig/deftige* | 0.26 |
| *duursaam/duursame* | 0.26 |

| | |
|---|---|
| *sterk* | 0.26 |
| *jonk/jong* | 0.26 |
| *vleiskleurig* | 0.26 |
| *onaangename* | 0.19 |
| *rekbare* | 0.19 |
| *skitterende* | 0.19 |
| *slanker/slanke* | 0.19 |

In getal verskil hierdie mees frekwente adjektiewe min van Die Boerevrou: 16 teenoor 18, maar daar het tog 'n aantal verskuiwings plaasgevind. Beter/beste het heeltemaal verdwyn uit die frekwensielys. 'Nuwe' frekwente adjektiewe is *jonk/jong* en *slanke/slanker* wat aandui dat jeugdigheid besig is om die nastreefbare ideaal te word. *Rekbare* vervang rekker van die twintigerjare vir onderklere-eienskappe en die gewilde wit het plek gemaak vir *vleiskleurig.*

*Sterk* saam met sy sinoniem *duursaam* word ewe frekwent as in Die Boerevrou gebruik.

Dit val ook op dat 'n negatiewe eienskap, nl. *onaangenaam* die hoë frekwensie lys haal. Die adjektief het betrekking op reuke. Die vrou van die veertigerjare was baie bewus daarvan dat sy dalk onaangenaam ruik, of sy is baie bewus gemaak hiervan deur adverteerders.

* Die paradigmas van positiewe en negatiewe kwaliteite van die tyd is die volgende:

Materiale:

[+] *pragtige, suiwer, eersteklas*

[-] *krimp, rek, verbleik*

Kleure:

[+] *nuwe en betowerende natuurskakerings*

[-]

Klere:

[+] *deftig, modieus, prakties, natuurlik, deurskynend, helder, skitterende* (kouse), *swierig, netjies, Engels, mooi, nuut, pragtig, netjies geplooide, bekoorlik*

[-]

Onderklere:

[+] *vorm die vroulike postuur, verbeter die belyning, onontbeerlik, ondersteunend, rekbaar, deeglik gebalein, sterk, waseg, duursaam, hou die gesette middelrif in bedwang, verslankend* (die "vermaeringsmodel" van Die Boerevrou)

[-] *hinder wanneer u sit, krul om*

Skoonheidsprodukte:

[+] *welriekend, fris, nuut, mooi, verskaf verfrissende skoonheid en gerief, hou die vel glad, helder, bekoorlik, voed en laat weelderig groei* (hare), *onskadelik, wetenskaplik, suiwer, sag, duursaamste, besorg aan hare daardie modieus gladde, glansende skitterende voorkoms, uitmuntend, uitheems en ontwykend* (parfuumgeur), *sag, donserige, delikate, voortreflik geparfumeerd* (pommade), *verfrissend, sametrekkend* (velwatertjie), *blywend* (grimering)

[-] *vetterig, gee op bedlinne af,* (gesigroom); *moet kort-kort weer aangevul word* (grimering) *vetterig, laat u geverf lyk* (lipstiffie); *bevat aseton, veroorsaak bros naels, hou nie* (naellak)

Intiem:

[+] *lok romanse aan, hou u droog, veilig, besorg vryheid van reuk* (reukweerders); *vinnig, nuut, maklik wetenskaplik, welriekend, sagwerkend, verswak die groeikrag van die hare* (oortollige hare); *veilig, gerieflik, beskermend, vogdig, onsigbaar, oplosbaar, maklik vernietigbaar, verstelbaar* (sanitêre produkte)

[-] *beskadig stowwe, sag op pasgeskeerde onderarms* (reukweerders); *haarverwyderaars: word geplaas teenoor die negatiewe effekte van skeer; skaaf, onbetroubaar, "verklikkende voorkoms", "lelike bulte"* (sanitêre produkte)

Verslank:

[+] *vinnig, veilig, verbeter die gesondheid, natuurlik, verbasend*

[-] *skadelik vir die gesondheid, ondoeltreffend, met dieet* (geïmpliseer)

Tande:

[+] *bestry onaangename asem, verwyder die verrottende kosaanslag, bevat 'n sagte veilige blinkmaak-bestanddeel, verwyder vlekke, suinig*

[-]

Baba:

[+] *Byna so goed soos moedersmelk, voldoen aan baba se veranderende spysverteringsvermoë, opbouend, verteerbaar*

[-]

Wanneer negatiewe eienskappe vermeld word, kry 'n mens 'n goeie aanduiding van die probleme wat nog met die produk bestaan het: soms het materiale gerek en gekrimp, onderklere geknel en omgekrul, grimering nie gehou nie, naellak bros naels veroorsaak, velroom aan die bedlinne afgegee, sanitêre produkte was onbetroubaar en opsigtelik en ongemaklik, en verslankingsmiddels was ondoeltref-fend en onveilig.

Die vrou wat die advertensies van die veertigerjare aanspreek, is

jonger as in die twintigerjare. Sy is in 'n hele aantal gevalle 'n meisie, vir wie die huwelikskloKkies nog nie gelui het nie. Deftigheid en adellikheid word hoog aangeslaan. Sy is baie bewus van wat die mans dink en dat sy hulle moet plesier. Sy is oraloor *welriekend,* haar lippe *jeugdig sag, sonder barsies en droogheid, lippestiffie* word gebruik, maar dit moet definitief nie *geverf* lyk nie. *Naelpolitoer* word in *'n verskeidenheid skakerings* gedra. Haar vel is *glad, helder,* en *sag,* met *'n gelaatskleur wat romanse uitlok* en sy poeier haar gesig. Haar hare *groei weelderig* en het 'n *modieus, gladde, glansende, skitterende* voorkoms. Haar sanitêre gerief moet *veilig, gemaklik en onsigbaar* wees, en *die moderne meisie* gebruik die *jongste wetenskaplike ontdekking* om van *ongewenste hare* ontslae te raak. *'n Onaangename* asem kan jou van die kansel af weghou. *'n Fris koel mond, skitterende wit tande en gesonde tandvlees* is die antwoord. Onderklere-advertensies maak wel voorsiening vir *gesette posture,* maar *vet is lelik* en *'n slanke postuur* waarmee aan die bedrywighede van die jeug deelgeneem kan word, is die norm.

* Kleure

Alhoewel heelwat modekleure steeds onvertaal gelaat word, is daar 'n groter aantal Afrikaanse kleure as in die twintigerjare. *Vleiskleur* vervang rooskleur as die gewildste, en wit is ook baie minder populêr as in Die Boerevrou. Kleurbenaminge maak gebruik van drie tegnieke: i) metonimia, ii) samestelling, en iii) die uitgang-*kleurige.*

i) *alpeviooltjie*
*kapusyn*
*kersie*
*leghorn*
*framboos*

ii) *helderrooi*
*hemelsblou*
*negerbruin*
*roosrooi*
*sonbruin*
*blosroos*
*ligroos*
*rooi-ligroos*

iii) *ivoorkleurig*
*oranjekleurig*
*perskekleurig*
*rooskleurige*
*teerooskleurige*
*vleiskleurige*

* Grammatiese paradigmas

Daar is veel minder om oor die grammatiese aspekte van die adjektiewe op te merk as in die geval van Die Boerevrou. Spelling-onvastighede en onsekerhede in verband met die attributiewe

verbuiging kom nie meer voor nie.

*Seisoense* kom twee keer vasgeskryf voor. Dit is die enigste geval waar die se vas aan die naamwoord geskryf word en die rede is nie duidelik nie. *Teenswoordige* word met die s gespel soos aangehaal. 'n Ander ouderwetse adjektief is *vlugge* in *Vlugge deskundige bediening (klere:4/10/1940:34)*

Enkele leenvertalings kom voor:

*dwarsdeur die wêreld die laaste keuse van oordeelkundige vrouens* ('latest')
*(skoonheid:4/10/1940:58)*

*'n gegradeerde knip* ('graded')
*(onderklere:18/10/1940:65)*

*humaniseerde melkvoedsel* ('humanised')
*(baba:20/12/1940:26)*

*Vleiskleurig* word konsekwent gebruik, maar daar word verwys na *tandvlees*.

*Suinig* word nog in die betekenis van 'ekonomies' gebruik, maar hier slegs een keer:

*en is suinig in verbruik*
*(tande:11/10/1940:44)*

*Skitterende* word gebruik waar ons vandag uitstekende of pragtige sal gebruik:

*mans is nie bestand teen 'n skitterende gelaatskleur!*
*(skoonheid:6/12/1940:92)*

*Berei dit voor vir werklik skitterende grimering*
*(skoonheid:27/9/1940:62)*

*hierdie skitterende poeiergrondslag help ook...*
*(skoonheid:8/11/1940:54)*

Daar is ook enkele gevalle van vreemde adjektiewe wat waarskynlik eerder aan 'n ongelukkige woordkeuse as enigiets anders toegeskryf moet word.

*spitstoelopende kante*
*(intiem:25/10/1940:70)*
*Is u nog sierlik na 'n warm dag?*
*(intiem:11/10/1940:76)*

Sarie 1960/61

12,3% van alle woorde is adjektiewe.

15,8% van alle adjektiewe is versterk.

* Die mees frekwente adjektiewe is die volgende:

| | |
|---|---|
| *nuwe/nuutste/jongste* | 2.20 |
| *sag/sagte/sagter/sagste* | 1.43 |
| *maklik/makliker* | 0.95 |
| *weelderig(-e)/weelderigste* | 0.57 |
| *beter/beste* | 0.47 |
| *glansryk(-e)/glansryker* | 0.47 |
| *normale/normaal* | 0.47 |
| *pragtig (-e)* | 0.37 |
| *beroemde* | 0.37 |
| *slegte* | 0.37 |
| *aantreklik(-e)/(-ste)* | 0.28 |
| *olierig(-e)/vetterige* | 0.28 |
| *spesiale* | 0.28 |
| *droë* | 0.18 |
| *gesond (-e)* | 0.18 |
| *natuurlik/natuurlikste* | 0.18 |
| *wonderlik (-e)* | 0.18 |

Die persentasie unieke adjektiewe (53,3%) verskil min van dié in Die Boerevrou. Tog is die tellings van die hoë frekwensie adjektiewe relatief hoër. Dit beteken dat die hoë frekwensie adjektiewe relatief meer frewent gebruik word in hierdie jaargang en dat daar vir die res van die adjektiewe 'n yler distribusie is as in die geval van Die Boerevrou.

*Olierig/vetterig, droë en normaal* verwys na vel- en haartipes. Die *onaangename* asem van die veertigerjare het *slegte* geword, en *mooi* is vervang deur *aantreklik. Glans* as 'n eienskap van hare, lippe en naels word in hierdie tyd hoog aangeskryf. *Parys en Franse*, asook *Amerikaanse* word as positiewe produkattribute beskou.

* Paradigmas

Die positiewe en negatiewe eienskappe van die tyd is as volg:

Materiale:
[+] *veelkleurig, snoesig*

Kleure:
[+] *vrolik*

Klere:
[+] *warm, volgens die jongste Paryse modes, beroemd*

Onderklere:
[+] *heerlike gemak, stewig, verslankend, postuurvleiend, waarlik Frans van ontwerp, rekbaar*

Skoonheidsprodukte:
[+] *weelderig, diep-reinigend, strelend, sag, hou lank, gee langdurige resultate* (gesigrome); *romerig-glad* (lipstiffie); *vloei gladweg aan, splintervry* (naellak); *weelderig, ekstra-ryk, geurryk* (sjampoe); *jonk, vurig, warm* (parfuum)

[-] *vetterig*

Kleure:

[+] *vonkelende skakerings, skitterend, vurig, gewaagd, vars, helder*

Dit is die eerste jaargang waarin daar soveel aandag aan grimeringkleure gegee word.

Intieme produkte:

[+] *vars, geurig* (reukweerder); *sag, seker, ekonomies, maklik, suiwer* (sanitêre produkte); *vinnig* (onthaarmiddel)

[-] *skaaf, vernietigingsprobleme*

Verslankingsmiddels:

[+] *met die drievoudige werking, veilig, vinnig*

[-] *doen die hart kwaad, nadelige verdowingsmiddels*

Tandepastas:

Tandepastas word, soos verslankingsmiddels, eerder as aktief handelend as in terme van hulle attribute beskryf. Hulle *beveg, bestry, en stop.* Daar word darem melding gemaak van Kolynos se *kruisementvars geur.*

Babaprodukte:

[+] *volledig, gebalanseerd, verteerbaar, assimileerbaar, maklik*

'n Mens sou verwag dat jeugdigheid toenemend in die advertensies aangespreek word, maar anders as in die veertigerjare, word jeugdigheid in die sestigerjare nie besonder hoog aangeslaan nie. Die verbruiker wat aangespreek word, is 'n vrou en nie 'n meisie nie. Daar word egter min beskrywing van haar gegee, sy word slegs eenkeer beskryf as *kieskeurig.* Daar word voorsiening gemaak vir *elke* postuur, sonder 'n verdere omskrywing, maar die ideaal is 'n *aanvallige* postuur of 'n figuur wat *slank, elegant en modereg* is. Daar word darem voorsiening gemaak vir *tengerig gebou, gemiddeld gebou en fors gebou* wanneer die ideale gewig bereken word. Haar vel is *sag, glad, stralend* met 'n *aanloklike blos. Verstopte porieë, vetterigheid, swartkoppies, vlekke* en *puisies* moet vermy word. Hare is *soepel-sag, glinster-skoon en hanteerbaar* met 'n *lekkerloer-voorkoms. Krulle en kartels* is deel van 'n modieuse voorkoms. *Slap, olierige, of verwaaide toutjies*-hare is probleme. Gegrimeer is die voorkoms *natuurlik* en die tekstuur is *vlekloos,* met lippe wat *gloei,* maar sy is definitief ingekleur. Sy is te alle tye *bloeiselvars* en *welriekend en aangenaam van naby,* met *skoon armholtes* en *gladde bene,* want *mans let* op *afsigtelike hare.*

Vir haar sanitêre gerief verkies sy sagte, veilige en gemaklike produkte.

'n *Slegte asem* kan 'n mens steeds van die kansel af weghou en *skitterwit* tande is die norm.

Oorgewig is 'n euwel. Dit maak jou *teneergedruk*, dit kluister jou aan die huis vas, maak jou *moeg* en benadeel jou gesondheid. Met die regte gewig is jy *fiks, gesond, skraal, aktief en aantreklik.* Volgens die advertensies verkies vroue egter 'n makliker uitweg as *honger ly* en *oefeninge.*

Die vrou van die sestigerjare wil net die beste vir haar baba hê. Sy is dikwels *bekommerd* of *besorg* oor sy voedingsprobleem.

* Baie kleure bly onvertaal, maar dié wat wel in Afrikaans is, is die volgende:

i) *lemmetjie*
*olyf*
*visvanger*

ii) *donkerrooi*
*koningsblou*
*ligroos*

iii) *koraalkleur*
*pêrel-pastelskakerings*

iv) Kleurwoorde vir 'n heel spesifieke skakering wat nie 'n reduksievorm is nie:

*lila*
*taan*

'n Kenmerk van grimeringkleure is dat hulle verder omskryf word met 'n adjektief:

*dinamiese rooi*
*ligste pienk*
*blosende pienk*
*skitterende koraalkleur*
*helder rooi*

* Grammatiese aspekte

Die attributiewe -e word in 'n paar gevalle gebruik om die adjektief affektiewe gewig te gee:

*met 'n ondertoon van warme vroulikheid*
*(skoonheid:3/8/60:49)*

'n Kenmerk van hierdie jaargang is dat daar baie meer kreatief met adjektiewe omgegaan word as in vroeëre jaargange. Verskeie struktuurtipes kan onderskei word:

i) nuwe of oorspronklike graadstamme

*bloeiselsagte*
*bloeiselvars*
*droomsag*
*satyn-sag/satynsag*

*kruisementvars*

ii) 'n adjektief wat saamgestel is uit 'n vergelykingskonstruksie van die tipe "so 'adjektief' dat dit 'werkwoord'".

*skitterskoon*
*skitterwit*
*streelglad*
*streelsag*
*glinsterskoon*

iii) Die adjektief is saamgestel uit twee stamadjektiewe wat sinonimies is en in 'n soort neweskikkende relasie funksioneer.

*soepelsag/soepel-sag*
*romerig-glad*

iv) Die adjektief is 'n samestellende afleiding.

*aktiefwerkende*
*bakterieë-vernietigende*
*diep-reinigende*
*glansrowende*
*klokvormige*
*lanolien-verrykte*
*postuurvleiende*
*skuinsgesnyde*

v) Die eerste stam van die saamgestelde adjektief kom uit 'n nabepaling in die adjektiefstuk waarvan die tweede stam die kern is.

*geurryk*
*modereg*
*splintervry*

Twee adjektiewe van die vorige jaargange word hier vervang deur meer nuwerwetse ekwivalente: Baba se *teenswoordige* gewig word *huidige* gewig, en *suinig* word *ekonomies.*

Ook nuut is *super, kits* en *ekstra* as graadmorfeme.

Sarie 1980/81

9,7% van alle woorde is adjektiewe.

19% van alle adjektiewe is versterk.

* Die mees frekwente adjektiewe is die volgende:

| | |
|---|---|
| *nuut/nuwe/nuutste/jongste* | 1.72 |
| *jonk/jonger/jeugdig(-e)* | 1.30 |
| *sag/sagte/sagter/sagste* | 1.22 |
| *natuurlik (-e)/(-ste)* | 0.89 |
| *ouer/oud* | 0.47 |
| *vars/varsste* | 0.31 |
| *pragtig(-e/-er/-ste)* | 0.31 |
| *veilig (-er/-e/-ste)* | 0.31 |
| *gewoon/gewone* | 0.22 |
| *glad/gladder/gladste* | 0.22 |
| *kort/korter/kortste* | 0.22 |
| *mooi/mooier* | 0.22 |
| *nat* | 0.22 |
| *gratis* | 0.14 |
| *gerieflik(-e)/(-ste)* | 0.14 |
| *vroulik(-e/-er/-ste)* | 0.14 |
| *maklik/-versorgbare* | 0.14 |

Die konsepte wat die hoë frekwensie adjektiewe verteenwoordig, stem breedweg ooreen in alle jaargange, maar die leksikale vorm wat dit het, verskil.

Die *normale* hare, veltipe, figuur van die sestigerjare is hier *gewoon.*

*Maklik* kom steeds voor, maar minder frekwent as vroeër. *Gerieflik* en *kort* val egter in dieselfde paradigma.

Aantreklik is in hierdie jaargang weer *mooi. Vars* en *vroulik* is nuwe attribute in hierdie paradigma.

*Vars* pas egter ook in die paradigma van natuurlik, wat baie hoog aangeslaan word in hierdie jaargang.

*'n Gladde voorkoms* sluit in by mooi én natuurlik.

Jeugdigheid word in hierdie jaargang weer hoog aangeslaan, soos ook die terugkeer van *meisies* as kloussubjek aandui.

* Die positiewe en negatiewe kwaliteite van die tyd:

Materiale:
[+] *maklik-versorgbaar*

Kleure:
[+] *vroulik*

Klere:
[+] *meng-en-pas, verleidelik-delikaat, natuurlik, stewig, liggewig, glad, wulps, vroulik* (onderklere)

[-] *nare nate, lelike bulte, knoppe en kreukels*

Skoonheidsmiddels:

[+] *diepbevogtigend, diep-reinigend, voggewend* (rome); *verloklik, glimmend, hou lank* (grimering), *sensueel* (parfuum); *werk sagkens, opknappend, natuurlik* (sjampoe en haarkleurmiddel)

[-] *skelblink opsigtelik, kleur en glans skei* (grimering), *bevat peroksied of ammoniak* (haarkleurmiddels)

Intieme produkte:

[+] *stewig, beskermend, veilig, gerieflik, diskreet, kort, wegspoelbaar* (sanitêre produkte); *sag, veilig, doeltreffend* (onthaarmiddels)

[-] *lek, glip uit posisie, raak verlore* (sanitêre produkte); *allergies, veroorsaak velbranderigheid* (onthaarmiddels)

Verslank:

[+] *gesond, maklik, vinnig, sonder fisiese oefening*

[-] *kunsmatige vullers, lywige middels, brandmerke*

Tandepasta:

Dieselfde opmerkings geld hier as vir die vorige jaargange.

Babaprodukte:

Daar was nie in die gekose tydskrifte advertensies van babavoedsels nie. Babaprodukte wat wel gevind is, is babapoeier, weggooidoeke en babaroom.

[+] *gerieflik, weggooibaar, hou droog, beskermend*

[-] *was,stryk, opvou*

Die vrou van die tagtigerjare is *verleidelik* en *sensueel* en *aanloklik.* Haar voorkoms is *jonk* en *natuurlik,* dit behels onder andere dat onderklere soos *'n tweede vel* moet pas. Haar vel is *natuurlik sag, glad en jonk. Skurfheid, barsies en fyn lyntjies* moet *voorkom* en *verbloem* word. Grimering is *natuurlik* en *verloklik.* Haar hare is *sysag* en *glansend. Hare wat splits en skeur en hitteskade* is probleme wat ondervind word. Haarsproei is nie meer mode nie. Sy ruik *fris* en *vars.* Haar sanitêre gerief is *diskreet, veilig* en *gemaklik.* Sekere hare is steeds *ergerlik* en *ongewens.* Sy het *gesonde tandvleis* en *sterk wit tande* en *geen plaak* nie. *Slank* is 'n noodsaaklike toestand, wat so *maklik* en *pynloos* moontlik verwerf moet word. Wilskrag is 'n verstaanbare probleem, en honger ly moet liefs vermy word. Sy wil haar baba so goed as moontlik versorg, maar as dit kan gebeur sonder *sleurwerkies soos was, stryk of opvou* is die produk 'n bate.

* Relatief min modekleure is aangeteken:

Metonimies:

*amandelys*

Samestellings wat 'n heel spesifieke skakering benoem:

*ligroos*
*perske-pienk*
*sjokbruin*

Frans:

*haut* (1940 se vleiskleur)

Met kleur as een van die morfeme:

*roomkleurige*
*verfspuitkleure*
*pastelkleure*

Die adjektiwiese kleuromskrywings van die sestigerjare in verband met grimeringkleure is nie hier aangeteken nie, maar dit hang saam met die feit dat grimeringadvertensies, soos klere-advertensies toenemend deel van die tydskrif se artikelinhoud word.

* Grammatiese aspekte

Die algemene indruk is dat adjektiewe minder nuut is as in 1960/61. Die volgende adjektiewe verskyn vir die eerste keer in 1980/81:

i) Samestellende afleidings:

*diep-reinigende*
*diepbevogtigende*
*klinies-bewese*
*maklik-versorgbare*
*sondeurdrenkte*
*noupassende*
*vetmakende*

ii) *verleidelik-delikate*

iii) Met 'n intensiewe graadmorfeem/-stam:

*dubbelseker*
*skelblink*

iv) Met 'n negatiewe affiks:

*naatlose*
*nie-allergies*
*onooglike*
*vleklose*

v) *eksotiese*
*gereguleerde*

*kosmetiese*
*kunsmatige*

7.6.2 Werkwoordstuk

Sowel morfologiese as sintaktiese verskynsels word hieronder bespreek.

Die Boerevrou

* Die mees frekwente hoofwerkwoorde

Die mees frekwente hoofwerkwoorde in Die Boerevrou-advertensies is:

| | | |
|---|---|---|
| *is* | 5.83 | (4 van die 80 is omskrywingswerkwoorde) (met sowel produk as verbruiker as subjek) |
| *word* | 2.11 | (28 van die 31 is omskrywingswerkwoorde) |
| *het* | 1.43 | |
| *gee* | 0.90 | (met produk as subjek) |
| *hou* | 0.67 | (met produk as subjek) |
| *maak* | 0.60 | (met produk as subjek) |
| *gebruik* | 0.52 | (met verbruiker as subjek) |
| *kry* | 0.29 | (met verbruiker as subjek) |
| *wees* | 0.14 | |
| *koop* | 0.14 | (met verbruiker as subjek) |

Hierdie frekwensietabel gee 'n breë aanduiding van die advertensie-inhoud in prioriteitsvolgorde: 'n Produk besit bepaalde eienskappe (is/het); hierdie eienskappe verskaf bepaalde voordele aan die verbruiker (maak/gee/kry uit die perspektief van die verbruiker) of hou bepaalde voordele in stand (hou); en is beskikbaar (koop/kry). Laastens word die leser aangespoor tot aksie (gebruik/koop, in bevelsinne).

* Grammatiese verskynsels

'n Hele aantal werkwoordvorme wat intussen in onbruik geraak het en wat bydra tot die ouderwetse indruk van hierdie taalgebruik is aangeteken. HAT en Die Afrikaanse Woordelys en spelreëls (1991) word as uitgangspunt gebruik. Die aantal voorbeelde wat gevind is, word in hakies aangegee:

die intervokaliese [g] (Raidt 1977:175) word behou:

*afgeveeg word*
(skoonheid:2/30:20) (1)

*hy klaag sy nood by moeder*
(baba:2/30:2) (1)

uitgange word behou:

*Open op hierdie manier*
(tande:11/22:2) (1)

*Oortollige vet begint te verdwyn*
(verslank:2/30:14) (2)

*wat gedra kan worde soos in die skets*
(klere:4/19:6) (1)

Volgens Malherbe (1917:54,55) was hierdie vorme in daardie tyd nog in gebruik. In die Afrikaanse woordelys en spelreëls (1921) word almal, behalwe klaag as wisselvorme aangedui.

Enkele werkwoorde is direkte vertalings uit Engels:

*Staan daar op dat u Twilfit kry:* ("stand on")
(onderklere:2/30:7)

*ingelaat onder die arms* ("let in")
(onderklere:2/30:24)

*vat die poeier* ("takes the powder")
(Pond's:4/26:21)

*laat dit die poeier goed en lank vashou* ("holds")
(Pond's:9/26:24)

*neem van die mond alle suur smaak* ("takes from the mouth")
(Colgate:3/22:5)

*voeg aan die voortreflikheid van die paste nog 'n punt by*
("adds a point to")
(Kolynos:11/22:3)

*daar is een soort kos wat alle kinders sal pas*
("suit")
(Roboleine:4/26:9)

*orders word sonder versuim opgemaak* ("made up")
(Chilprufe:3/19:6)

*om die volle figuur goed te kontroleer* ("to control the figure")
(onderklere:3/19:20)

In sommige werkwoordposisies lyk dit of daar onsekerheid was oor die juiste woord. Het 'n semantiese verskuiwing plaasgevind of is dit bloot 'n geval van iemand wat nie formele geskrewe Afrikaans goed magtig is nie? Die antwoord is nie voor die handliggend nie.

bewerkstellig

*Die gelaatskleur behou lank die kleur, weefsel en ferweelagtige vel, tiepies van jeug wat steeds met hierdie gesigsalf bewerk word*
*(skoonheid:7/26:6)*

vermaan

*'n mens hoef die kinders nie te maan oor hulle tande nie*
*(Colgate:3/22:1)*

versorg

*volg die eenvoudige Cutex-manier om vir u naels te sorg*
*(Cutex:9/26:2)*

hanteer

*posbestellings word deur ervare vakmense behandel*
*(John Orr:3/20:8)*

verstop

*al die stof en poeier wat die porië stop, uithaal*
*(Pond's:4/26:13)*

verbleik

*vehinder dat die hare ....verbleek*
*(Danderine:1/23:12)*

Sekere werkwoorde kom nog in die woordeboek voor, maar nie meer in hedendaagse advertensies nie.

*skoei*
*(Johnston:9/19:1)*

Sekere subjekte, voorwerpe, en voorsetselaanvullings by setselwerkwoorde is onverwags en vreemd:

*ek het gely aan oortollige vlees*
*(Kruschen:2/30:7)*

*'n vrou se kleur hoef nooit te verwelk nie*
*(Pond's:4/26:1)*

In twee gevalle kom die modale hulpwerkwoord voor die voltooide deelwoord in passiewe relatiewe konstruksies voor:

*wat gedra kan worde soos in die skets, of om die nek kan vasgemaak word*
*(Johnston's klere:4/19:7,8)*

*moedersmelk wat kan gemaak word*
*(Lactogen:6/26:2)*

Daar is reeds in die vorige hoofstuk verwys na hierdie verskynsel wat in die vroegste geskrewe Afrikaanse tekste voorgekom het.

* Bepaalde werkwoorde is eiesoortig aan die advertensietipes.

In die twintigerjare *smeer* 'n mens oor die algemeen gesigroom aan. Net

in 'n enkele geval word dit *aangevryf* (Pond's:4/26:18). Naelpolitoermiddel word *aangesit* en die naels word *opgevryf* met 'n *opvryfmiddel.* Lactogen word *klaargemaak.* Vroue se rasionele vermoëns word nie baie hoog geskat nie: *Die allerdeftigste vroue ...weet ....sonder dat hulle besef waarom.*

* Setsels

Setsels val dikwels op as vreemd, maar om verskillende redes. In sommige gevalle het die Nederlandse setsel inslag gevind en doen die gebruikte vorm anglisisties aan, en in ander gevalle vind presies die omgekeerde plaas.

Anglisisties

*voorsien u tennisuitrusting met praktiese oorbroeke*
*(klere:9/26:35)*

*'n kosbare boekie op kindersiektes*
*(Woodward's:4/26:7)*

Neerlandisties

*Skryf dadelik om 'n monster*
*(tande:11/22:8)*

*Skrijf dadelik om een*
*(klere:3/20:7)*

*Keurige Dames Sports Baaitjies nou ter besigtiging*
*(klere:3/19:1)*

In die onderstaande voorbeelde is dit nie vir my duidelik of die gebruik kenmerkend van ouer Afrikaans is, en of hulle bloot idiosinkrasieë is nie.

*gemaak in die puur, sagte wit-warm Wol*
*(onderklere:3/19:5)*
('n Ander advertensie lees: *die sagte suiwere wol waarvan al die Wolsey onderklere gemaak word.)*

*Ons Najaar en Winter-katalogus is nou in die druk*
*(klere:3/20:5)*

*'n model wat genoeg steun sal gee onder die huiswerk in die oggend*
*(onderklere:2/30:3)*

*beroemd oor sy wonderlike verkwikkende en verkoelende frisheid*
*(Farina Gegenüber:2/30:3)*

Naar word twee keer gebruik, beide kere in 1923, en na een keer in 1926. Volgens die Woordelys en Spelreëls (1921) is albei aanvaarbaar. Slegs een voorbeeld word hier gegee:

*stuur 3/6 seëls naar Toilet-dept*
*(skoonheid:1/23:12)*

Die Huisgenoot 1940

Die persentasie werkwoorde in die Die Huisgenoot-advertensies is ongeveer ewe veel as in die twintigerjare.

* Die mees frekwente hoofwerkwoorde met hulle Z-tellings is as volg:

| | |
|---|---|
| *is* | 8.30 |
| (17 van die 115 is omskrywingswerkwoorde) | |
| *word* | 3.16 |
| (18 van die 46 is omskrywingswerkwoorde) | |
| *het* | 1.62 |
| *gebruik* | 0.93 |
| *verwyder* | 0.41 |
| *wees* | 0.41 |
| *weet* | 0.41 |
| *besorg* | 0.26 |
| *hou* | 0.26 |
| *maak* | 0.26 |
| *verminder* | 0.26 |
| *verskaf* | 0.26 |
| *pas* | 0.19 |

Baie min is anders as in Die Boerevrou. Wat wel opval, is dat die produk nou meer divers *verskaf, besorg, verminder/verwyder* as die ongekompliseerde gee van die twintigerjare. Die hoë frekwensie van *verwyder* hang saam met die hoë frekwensie van *onaangenaam* by die adjektiewe. *Hou* is nog 'n belangrike produkeienskap, maar dit word nie meer so hoog aangeslaan as vroeër nie. Gedragsuggestie is meer subtiel in die vorm van *gebruik,* en nie meer so direk met koop nie.

Die persentasie passiewe konstruksies bly ongeveer dieselfde, maar daar is aansienlik meer verledetydsvorme. Dit is ook die geval in aktiewe sinne. Dit het te doen met die groter aantal anekdotiese kommunikatiewe handelinge, maar dit verwys ook na die vervaardigingsproses, bv. *is gefatsoeneer/is berei/is geskep.*

* Grammatiese verskynsels:

Twee gevalle is aangeteken waar die tweede nie weggelaat is, die een na 'n tydbysin ingelei deur die voegwoord, en die ander in 'n hoofsin.

Werkwoordvorme wat intussen in onbruik geraak het, kom ook hier voor.

*berowe*
*(skoonheid:6/12/1940:92)*

*weë* (weeg)
*(baba:8/11/1940:56)*

*Ek wis skaars dat hy tandjies kry*
*(baba:27/9/1940:60)*

*Ons skrywe dit toe aan...*
*(baba:8/11/1940:56)*

Onderstaande is óf 'n foutiewe vorm óf 'n hiperkorrekte vertaalpoging.

*Tampax maak geheel-en-al weg met uitwendige massa-beskerming*
*(intiem:8/11/1940:56)*

In 'n paar gevalle gee die gebruik van 'n bepaalde werkwoord aan die voorwerp 'n soort verhewe status.

*Gaan besigtig ... by enige goeie winkel.*
*(klere:18/10/1940:64)*

*die buste word nog steeds gemodelleer met Kestos*
*(onderklere:6/12/1940:108)*

*Van voor is hy so gefatsoeneer*
*(onderklere:4/10/1940:34)*

In die laaste paar voorbeelde is dit die personifikasies en hoogdrawendheid wat vreemd op die oor val:

Parfuum *deel 'n vroulike bekoring mee (skoonheid:20/12/40:58). Verstandige meisies versorg hul vel op dieselfde beroemde manier wat deur adellike skoonhede lof toegeswaai word (skoonheid:6/12/1940:92).* Grimering *harmonieer* skoonheid. *(skoonheid: 13/12/40:50). Lippestiffie bevry* die lippe van barsies en droogheid *(skoonheid:13/12/40:50).* Die middelrif word *beheer* en *in bedwang gehou.* Na verslanking *sien u nou mooi daar uit.*

* Werkwoorde eiesoortig aan die advertensietipes.

Gesigroom word *in* die vel *ingevryf*, of *aangewend.* Parfuum, naelpolitoer en lippestiffie word *aangewend.*

* Setsels

Slegs een anglisistiese voorsetsel is aangeteken:

*'n gedurige herinnering van die gedagte*

* Bywoorde

*Wellig* en *altoos* is die enigste ouderwetses wat voorgekom het.

Sarie 1960/61

* Die mees frekwente hoofwerkwoorde is in hierdie jaargang die volgende:

| | |
|---|---|
| *is* | ±8.00 |
| (10 is omskrywingswerkwoorde) | |
| *gebruik* | 1.92 |
| *hou* | 1.52 |
| *word* | 1.43 |
| (15 is omskrywingswerkwoorde) | |
| *het* | 0.95 |
| *maak* | 0.76 |
| *voel* | 0.57 |
| *was* | 0.37 |
| *verloor* | 0.37 |
| *wees* | 0.37 |
| *weet* | 0.28 |
| *doen* | 0.28 |
| *dra* | 0.28 |
| *gee* | 0.28 |
| *hanteer* (infinitief) | 0.18 |
| *beveg* | 0.18 |
| *help* | 0.18 |
| *kies* | 0.18 |
| *verfraai* | 0.18 |
| *verwyder* | 0.18 |

Hierdie frekwensietabel stem merkwaardig ooreen met dié van Die Boerevrou alhoewel i) die voordele wat produkte aan die verbruiker verskaf, sowel as ii) die handeling waartoe die verbruiker aangespoor word, in meer gevarieerde terme beskryf word:

i) *maak/doen/gee/help/beveg/verfraai/verwyder*

ii) *doen/gebruik/dra/kies*

Die verbruiker word ook hanteer as iemand wat *voel* en *weet.*

Passiewe konstruksies kom veral voor waar die produk of die effekte van die produk beskryf word en vermelding van die vervaardiger of die verbruiker as agens word vermy.

> *Medicated cream behoort mildelik gebruik te word (skoonheid:7/6/60:21)*

Die passiewe konstruksies in die verlede tyd verwys na 'n afgelope vervaardigingsproses, bv.:

> *Kies die Halo-sjampoe wat spesiaal vir u hare vervaardig is. (skoonheid:7/6/1961:20)*

Die grens tussen kopulakonstruksie en passief is dikwels moeilik om te trek. (Vergelyk in hierdie verband Ponelis 1979:412)

* Werkwoorde eiesoortig aan die advertensietipes

Baie min van die aanwendingswerkwoorde het hier voorgekom. Grimering word *aangesmeer*, 'n haarstyl word *ingekam* en *bestuif* met haarsproei, sjampoe word *ingeskuim* en Mum *aangerol.*

Sarie 1980/81

* Die mees frekwente hoofwerkwoorde in die advertensies uit 1980/81 is die volgende:

| | | |
|---|---|---|
| *het* | 9.00 (±) | |
| *is* | 7.29 | (5.4% is omskrywingswerkwoorde) |
| *word* | 1.97 | (73% is omskrywingswerkwoorde) |
| *lyk* | 1.14 | |
| *wees* | 0.89 | |
| *voel* | 0.64 | |
| *gee* | 0.56 | |
| *help* | 0.56 | |
| *gebruik* | 0.47 | |
| *dra* | 0.39 | |
| *maak* | 0.39 | |
| *bied* | 0.31 | |
| *voorkom* | 0.31 | |
| *pas* | 0.31 | |
| *sien* | 0.31 | |
| *beteken* | 0.22 | |
| *ontwerp* | 0.22 | |
| *verwyder* | 0.22 | |
| *wys* | 0.22 | |
| *maak* | 0.14 | (in om te-konstruksies) |
| *bevat* | 0.14 | |

Werkwoorde met produkeienskappe as "statiese" subjek is: *is, bevat, bied, het, pas*; daarteenoor is dié met produkeienskappe as handelende subjek: *gee, help, maak, ontwerp* (in passief), *voorkom, verwyder.* Werkwoorde met verbruiker as "statiese" subjek is : *voel, is, lyk, het* (nodig), *sien, dra, wees* (in modale konstruksies), terwyl *gebruik* die verbruiker as handelende subjek het.

* Werkwoorde eiesoortig aan advertensietipes

'n Bra *vlei* en broekiekouse word *aangeglip.* Gesigroom word *aangewend, aangetik* of *aangestreel.* Ooggrimering word ook *aangestreel.* Naellak *vlei* ook. Hare word ge*sjampoe*, ge*stileer* en *droog geblaas.* 'n *Deoderant soen* jou *oraloor* en 'n *mondverfrisser* word *gekou.* Baba word *geliefkoos* en *vertroetel.*

7.6.3 Slotopmerkings

Die Huisgenoot 1940

In sekere opsigte is advertensies van hierdie jare meer eufemisties as dié in Die Boerevrou. Sweetgate het porieë geword en vuilgoed word vuiligheid. Alhoewel daar talle advertensies vir sanitêre produkte is, word na menstruasie verwys as *sekere dae van die maand.* Vet is egter steeds vet, en lelik.

Sarie 1960/61

Die advertensies van die sestigerjare is nie konsekwent meer of minder eufemisties as in die veertigerjare nie. Die vuiligheid in die porieë van die veertigerjare is in een advertensie *onreinheid,* in 'n ander *vuil* en *onsuiwerheid.* Sjampoe verwyder egter konsekwent *vuilheid.* Na menstruasie word steeds verwys as *daardie paar dae elke maand.* Vet word *oorgewig* genoem.

Sarie 1980/81

Vir die eerste keer word *menstruasie* op die naam genoem, afgewissel met *maandstonde.* Die Afrikaanse vrouetydskrifleser het nou binne die advertensiegesprek naas 'n postuur en buuste, ook 'n *uterus* en 'n *vaginale wand.* Aan die ander kant, binne dieselfde advertensie wat so prontuit verwys na *menstruasiebloed,* word die aangesproke leser vertel hoe om *glipsies* en *ongelukkies* te verhoed.

'n Ander kenmerk van hierdie jaargang se advertensies is die aantal werkwoorde en adjektiewe wat inpas in 'n paradigma wat 'n mens as "sensueel" kon beskryf. Die woord *vroulik* word ook gebruik met seksuele konnotasies.

> *Vandat ek nie meer broekies dra nie, voel ek vrouliker as ooit*
> *(onderklere:7/80:57)*

ALGEMENE GEVOLGTREKKINGS

Algemene gevolgtrekkings met betrekking tot die gestelde hipoteses

Hier onder is 'n opsomming in tabelvorm van die resultate vir die gestelde hipoteses. Die syfers verwys na die werklike persentasie waarnemings van die betrokke veranderlike minus die verwagte persentasie soos bereken volgens die grootte van die lêer. Vetgedrukte syfers dui 'n resultaat aan waar die verloop van tyd 'n beduidende faktor vir die gedrag van die veranderlike is.

| HIPOTESES | Boere-vrou | Huis-genoot 1940 | Sarie 60/61 | Sarie 80/81 |
|---|---|---|---|---|
| **VROUETAALSTEREOTIPES** | | | | |
| Tipiese adjektiewe neem toe. | 0% | - 5% | 2% | 3% |
| "Leë" intensiewe neem toe. | -13% | - 4% | 26% | - 9% |
| Verkleinwoorde neem toe. | - 6% | 11% | -11% | 6% |
| Vrae neem toe. | -19% | - 6% | 4% | 22% |
| **HANDELINGSFUNKSIES** | | | | |
| Positiewe reaksies neem toe. | -12% | - 5% | 3% | 14% |
| Sosio-emosionele handelingsfunksies (+V, +D, +VI, +VM, +VS) neem toe. | -10% | 1% | 7% | 3% |
| Die leser word toenemend aangespreek. | -12% | - 5% | 4% | 13% |
| ons/'n mens neem af. | -11% | -29% | -22% | 62% |
| Taakgerigte handelingsfunksies (+I/+S/+M) neem af. | 6% | - 1% | - 2% | - 2% |
| "Suggereer gedrag" (+S) neem af. | 2% | 1% | 1% | - 4% |
| **TENTATIWITEIT EN BEHEER** | | | | |
| Naamwoordsinne en beperkende relatiewe bysinne neem af in +S/+M/+I. | - 2% | 0% | - 4% | 5% |
| Voorwaardebysinne en voorbehoudadjunkte neem toe. | - 8% | 0% | - 8% | 16% |
| Bevelsinne in +S neem af. | 2% | 1% | 8% | -11% |
| Die gebruik van modale hulpwerkwoorde neem toe. | - 2% | - 5% | - 1% | 7% |
| Die gebruik van kan met die verbruiker as subjek neem toe. | - 5% | -13% | 2% | 16% |
| Modale hulpwerkwoorde in +I/+M/+S neem toe. | 5% | - 4% | - 5% | 5% |
| Die gebruik van versagters neem toe. | -14% | - 7% | 0% | 20% |
| Die gebruik van versterkers neem af. | - 5% | - 2% | - 2% | 9% |
| Die gebruik van versagters saam met die modale neem toe. | - 3% | -10% | 3% | 11% |

| HIPOTESES | Boere-vrou | Huis-genoot 1940 | Sarie 60/61 | Sarie 80/81 |
|---|---|---|---|---|
| Die gebruik van versterkers saam met modale neem toe. | - 8% | -10% | - 3% | 21% |
| Die gebruik van is en het as hoofwerkwoorde neem af. | 11% | - 2% | - 6% | - 4% |
| Temporele afstand in +S/+I/+M neem toe. | 0% | 1% | -11% | 10% |
| Die gebruik van die passief. | 3% | 9% | - 3% | - 9% |

Daar is belangrike verskille tussen die taalgebruik van die advertensies en dié van die verhale en artikels:

Alhoewel daar wel 'n verskuiwing van 'n uitgesproke taakgerigte rol na 'n sosio-emosionele rol is, is die verskuiwing nie so dramaties soos in die geval van die artikels nie. Die Boerevrou is in hierdie opsig die enigste ekstreme pool. 1980/81 lê baie nader aan die ander twee jaargange as wat by die artikels die geval is, sowel wat betref taakgerigtheid as sosio-emosionele rol. Uit die vooronderskoek het daar nie groot verskille tussen 1980/81 en 1988/89 geblyk nie, maar dit is waarskynlik 'n leemte dat die advertensies van 1988/89 nie ook ondersoek is nie, want 'n mens sou graag wou sien of die tendens tot dieselfde mate toeneem as in die artikels.

Ook anders as in die geval van die artikels behels die verskuiwing na 'n sosio-emosionele rol nie 'n toename in "Dramatisering" nie, maar wel 'n toename in "Vriendelik". Anekdotiese advertensies is veral kenmerkend van 1940 en 1960/61 en nie ook van 1980/81 nie. Die toenemende vriendelikheid van die advertensiestem teenoor die verbruiker gebeur op alle magsvlakke, dus sowel in afpraat as in oppraat. Dit verklaar die oënskynlike teenstrydigheid van die toename in die gebruik van die inklusiewe ons, sowel as 'n verskuiwing na die informele aanspreekvorm en 'n algemene toename in aanspreek van die verbruiker.

Die afwenteling van mag na die verbruiker kry ook neerslag in die toename van kan wat vermoë uitdruk en die verbruiker as subjek het, en die algemene toename in tentatiwiteitsmerkers in die taakgerigte handelinge soos wat die tabel hierbo aandui.

Saam met die uitgesproke toenemende "vroulikheid" van die advertensiestem waarna reeds verwys is, word die advertensiestem dus sonder enige twyfel meer tentatief in taakgerigte handelinge. Dit is volledig in ooreenstemming met die bevindings in verband met die taalgedrag van vroue waarna in hoofstukke 2 en 3 verwys is.

Alhoewel die resultate vir die vrouetaalstereotipes weer eens wisselend is, is dit tog interessant dat, in teenstelling met die artikels, Die Boerevrou hier die meeste negatiewe persentasies het, en Sarie 80/81 die meeste positiewe persentasies. Dus wil dit tog lyk of relatief hoë

persentasies tentatiwiteitsmerkers in taakgerigte handelinge ten minste gedeeltelik saamval met relatief hoë persentasies van die vrouetaalstereotipes.

b) Gevolgtrekkings met betrekking tot die kwalitatiewe navorsing

Heelwat gevolgtrekkings is reeds in besonderhede bespreek. Hier word net verwys na groot algemene tendense.

Daar is reeds verwys na die gebruik van 'n generiese verbruiker as subjek om outoriteit en status aan die produk te verleen. Een van die algemene kenmerke van die advertensies is dat wetenskaplikheid toenemend 'n norm word en bybetrek word as outoriteit.

Die funksie van produkte om vroue meer aanloklik vir mans te maak bly oor die jare. Mans as as eksplisiete outoritêre subjek is egter veral kenmerkend van 1940 en 1960/61. In die tagtigerjare maak die eksplisiete verwysing na mans se goedkeuring plek vir subtiele verwysings na seksuele aantreklikheid met terme soos *verleidelik* en *sensueel*.

Die eiesoortigheid van die advertensietipes, wat die vroeë tydperke kenmerk, bv. instruksies in skoonheidsadvertensies, of anekdotes in advertensies vir tandepasta en verslankingsmiddels word met die verloop van tyd grootliks uitgewis sodat daar in 1980/81 geen noemenswaardige verskil in aanslag tussen die advertensietipes is nie.

Soos aangetoon, is die invloed van Engels geweldig sterk in die advertensies van Die Boerevrou, veel sterker as die invloed van Nederlands. Daarteenoor staan die streng-puristiese aard van die advertensies in Die Huisgenoot van 1940 in skrille kontras. As gevolg van die twintigjaargaping tussen tydperke is dit ongelukkig nie moontlik om te sê hoe lank hierdie strewe voortgeduur het nie. In 1960/61 is bv. *Pond se Koelpommade* weer vervang met *Pond's se Cold Cream* en talle produkname word onvertaal gelaat. Dieselfde gebeur in 1980/81.

Sekere waardes is kenmerkend van 'n tydperk. Duursaamheid van die produk soos uitgedruk in die adjektief sterk met sy verskillende vorme en die werkwoord hou is hoofsaaklik beperk tot Die Boerevrou. Hou kom nog weer later met betrekking tot grimering voor, maar sterk nooit weer nie.

Ek het verwag dat jeugdigheid toenemend 'n waarde sou word. Dit is egter nie die geval nie. Daar is reeds verwys na die beklemtoning van volwasse vroulikheid in 1960/61. In 1940 en in 1980/81 word jeugdigheid besonder hoog aangeslaan, maar die hoogste persentasies word in 1980/81 gevind sodat 'n mens miskien tog van 'n toename kan praat. Dit sou interessant wees om te sien hoe 1988/89 in hierdie opsig vergelyk.

Die toenemende vriendelikheid van die advertensiestem vind ook neerslag in die toename in die frekwensie van die werkwoord help. Slegs in die twee mees resente tydperk haal hierdie werkwoord die hoogste frekwensielys.

Dit was ten slotte interessant om die gedrag van adjektiewe wat

gevoelig vir die verloop van tyd in die artikels getoets het, in die advertensies te toets. Die ooreenkomste is merkwaardig:

Net soos in die artikels, en anders as wat 'n mens vanuit die tagtigerjare se gesondheidsbewuste perspektief sou verwag, is daar verreweg die meeste verwysings na gesondheid in Die Boerevrou.

Dat deftig 'n waarde was van hoofsaaklik die eerste twee tydperke, blyk ook uit die syfers vir sowel die advertensies as die artikels. Vir die artikels kom dit veral frekwent voor in Die Huisgenoot van 1940 voor, maar waarskynlik omdat daar heelwat mode-artikels ingesluit is. Hierteenoor is vroulikheid in die resente tydperke die prominente waarde.

# SLOTSOM

In die voorafgaande hoofstukke is die historiese ontwikkeling van 'n bepaalde diskoerstipe, naamlik dié tussen vrouetydskrifstem en leser, vir Afrikaans aan die hand van Die Boerevrou, die vroue-afdeling van Die Huisgenoot en Sarie beskryf. Daar is gefokus op die drie kernafdelings van die vrouetydskrif, d.w.s. die verhale, die algemene artikels en die advertensies. Die beskrywing van die diskoers is gedoen met betrekking tot drie stelle veranderlikes: die vrouetaalstereotipes, kommunikatiewe handelinge en die merkers van tentatiwiteit en beheer. Wanneer dit relevant was, is die gedrag van addisionele veranderlikes wat in die voorondersoek gevoelig vir die verloop van tyd geblyk het, of wat in vorige studies, bv. dié van Stoops (1972), in ander materiaal ondersoek is, ook bespreek. Vir hierdie deel van die navorsing is in hoofsaak 'n kwantitatiewe benadering gevolg en daar is sterk gesteun op die "Interactional Process Analysis" van Bales (1970) asook op die werk van Preisler (1986) en Fowler (1979). Vir die advertensies is daar egter probeer om die veranderings wat met die verloop van tyd in die konteks van situasie gebeur het ook kwalitatief te beskryf.

Die belangrikste aanname van hierdie studie is dat dit geldig is om vrouetydskriftaal in terme van "vrouetaal" te beskryf. Die blote feit dat die vrouetydskrif tot dié mate soos aangetoon oor die jare gevoelig was vir al drie stelle veranderlikes is 'n bewys van die geldigheid van die aanname.

Die belangrikste algemene gevolgtrekkings is die volgende:

Daar is in al die ondersoekte jaargange, met die uitsondering van 1970/71, 'n beduidende verskil in die taalgedrag van die manlike en vroulike hoofkarakters in die tydskrifverhale. Hierdie verskil is egter nie altyd ewe groot nie, geld nie altyd alle veranderlikes nie en lyk ook nie altyd dieselfde nie. In die hoogs romantiese verhale van die Boerevrou is die man in die liefdesverhouding in 'n onderdanige rol, alhoewel hy in ander opsigte in 'n beherende rol is. Dit is ook nie in die vroeë verhale vreemd vir die manlike karakters om emosioneel hewig ontsteld te word nie. Hierdie rol verander egter met die verloop van tyd. In die jaargang 1970/71 is taalgebruikverskille tussen die geslagte in die liefdesverhouding die minste. In die mees resente jaargang wat ondersoek is, naamlik 1988/89 is die verskille tussen die geslagte die sterkste volgens die gestelde hipoteses, d.w.s. ten gunste van die stereotipes, die tradisionele rolverdeling en die bevindings van Preisler(1986) in verband met geslagsverskille in diskoers. Dat dit ooreenstem met die uitgesproke doelstelling van hierdie verhale: "Afrikaanse vroue soek egte vrystories" is 'n aanduiding van die mate waarin die persepsies in verband met geslagsrolle in die liefdesverhouding, wat die tydskrifverhale weerspieël, ook aansluit by die persepsies van die grootste Afrikaanse vrouetydskrif se lesers. Dit het in hierdie verband ook opgeval hoe sterk selfkrities die vroulike hoofkarakters in die mees resente jaargange uitgebeeld word. Bo en behalwe die verskille tussen die geslagte, het die karakters egter in hulle taalgedrag met die verloop van tyd minder "vroulik" geword, d.w.s. meer taakgerig, meer in beheer, en meer selfversekerd in taakgerigte handelinge.

Die bekende persepsie dat die tydskrifdiskoers mettertyd minder paternalisties, minder afstandelik en meer informeel geword het, word vir die algemene artikels en die advertensies bevestig. Die gedrag van die ondersoekte veranderlikes toon egter die manier waarop dit gebeur op 'n fassinerende konkrete wyse aan. Gemeenskaplik is die afname van die passiewe

konstruksie en 'n ommekeer van die formele aanspreekvorm na die informele. Beide kommunikasietipes vertoon 'n wegswaai van 'n sterk taakgerigte rol, maar die manier waarop dit gebeur, verskil baie.

In die tydskrifartikels is daar 'n massale wegswaai van die taakgerigte handelinge na alle vorms van dramatisering. Alhoewel die vrouetydskrif van vandag veel minder opvoed en leer as vroeër, en veel sterker op vermaak gefokus is, is die wegswaai myns insien te sterk om net aan hierdie faktor toegeskryf te word. Dit is vir die tydskrifstem inderdaad ook 'n wegswaai van 'n oorwegend taakgerigte rol ('n T-rol) na 'n meer sosio-emosionele rol (S-rol), 'n kommunikatiewe rol waarin vroue volgens navorsing meer frekwent as mans optree. Dit is insiggewend dat die verskuiwing hoofsaaklik in die rigting van dramatisering plaasvind. Eerstens impliseer dit die tydskrifstem feitlik alle outoriteit afwentel na 'n derde persoon of persone. Dramatisering beteken verder in feite dat die spreker aan die hoorder iets oor iemand anders vertel, hetsy in die indirekte of die direkte rede. Hoe meer intiem en persoonlik hierdie "iets" is, hoe groter die moontlikheid om die diskoers as "skinder" te tipeer (Vestergaard en Schröder 1985:93). Die kommunikatiewe handelinge en hulle relatiewe frekwensies illustreer dus konkreet die doelstelling met die tydskrifdiskoers van Sarie 1988/89 wat die redakteur uitgespel het as "soos vriendinne wat tee drink".

Hiermee saam is daar 'n ander interessante tendens. Die persentasies tentatiwiteitmerkers in die taakgerigte handelinge is die hoogste in daardie jaargange met die relatief hoë aantal taakgerigte handelinge. Dieselfde geld vir die merkers van beheer. Met ander woorde, hoe sterker die T-rol, hoe meer tentatief of "versag" word die taakgerigte handelinge uitgevoer, en omgekeerd. Hierdie neiging geld selfs vir sekere van die vrouetaalstereotipes. Tentatiwiteitsmerkers is dus in hierdie konteks pragmaties, maar in 'n ander sin as wat Preisler (1986:299) bedoel. Hier is hulle die middel wat die doel heilig.

Die advertensies vertoon ook 'n wegswaai van 'n T-rol na 'n S-rol, maar die wegswaai is nie naastenby so groot soos in die geval van die artikels nie. 'n verklaring daarvoor sou wees dat die groter rol van die advertensies, naamlik om 'n produk op so 'n manier aan te bied dat koopgedrag by die leser gestimuleer word, nie met die verloop van tyd verander nie. Waar die artikels 'n wegswaai na "Dramatisering" vertoon, is die wegswaai by die advertensies na "Vriendelik". Hiernaas word die T-rol toenemend tentatief of versigtig en minder sterk beherend - "vrouliker" dus. Die frekwensie van alle soorte tentatiwiteitsmerkers neem toe. Selfs die vrouetaalstereotipes gee beduidende resultate. Vir die advertensies val die merkers van tentatiwiteit en beheer dus saam met 'n groter-wordende S-rol. Die advertensiestem word dus in alle opsigte "vrouliker". In die advertensies kry 'n mens dus 'n toename in die soort pragmatiese tentatiwiteit wat Preisler(1986) by vroue in groepsinteraksie gevind het.

Hierdie verskuiwings het ten minste gedeeltelik plaasgevind na aanleiding van veranderings in leserprofiel en leserbehoeftes. Die feit dat die leser toenemend hierdie soort kommunikasiestrategieë vereis, is opsigself beduidend.

Die studie het aangetoon dat 'n kwantitatiewe instrument wat ontwikkel is vir groepsinteraksie en gevolglik vir sinchroniese taalbeskrywing, ook suksesvol in 'n historiese studie oor geskrewe taal aangewend kan word. Daar word gehoop dat dit ook die waarde van funksioneel-omskrewe veranderlikes en vergelykbare materiaal in 'n stilistiese beskrywing geïllustreer het.

## BIBLIOGRAFIE


ADAM, L. en V. HENRY. 1880. *Arte y vocabulario de la lingua chiquita.* Parys: Maisonneuve.

AUSTIN, J.L. 1962. *How to do things with words.* New York: Oxford University Press.

BACH, E. en R.T. Harms (reds.). 1968. *Universals in linguistic theory.* New York: Holt, Rinehart & Winston.

BAILEY, L. en L. A. TIMM. 1976. More on women's and men's expletives. *Anthropological Linguistics* 18(9), 438-449.

BAIRD, J.E. Jr. 1976. Sex differences in group communication. A review of relevant research. *Quarterly Journal of Speech* 62, 179-92.

BALES, R.F. 1970. *Personality and Interpersonal Behavior.* New York: Holt, Rinehart & Winston.

BARRON, N. 1971. Sex-typed language: the production of grammatical cases. *Acta sociologica* 14(1-2), 24-72.

BARTHES, R. 1968. *Elements of semiology.* (Vertaal uit die Frans deur Annette Lavers en Colin Smith.) New York: Hill & Wang.

BATE, B. en A. TAYLOR (reds.). 1988. *Women communicating: studies of women's talk.* Norwood, NJ.: Ablex Publishing Corporation.

BAUMANN, M. 1976. Two features of "women's speech"? In Dubois, B.L. en I. Crouch (reds.), *The sociology of the languages of American women.*

BEATTIE, G.W. 1981. Interruption in conversational interaction, and its relation to the sex and status of the interactants. In *Linguistics* 19, 15-35.

BELL, A. 1984. Language style as audience design. *Language in Society* 13(2), 145-204.

BELL, R.T. 1976. *Sociolinguistics. Goals, approaches and problems.* Londen: Batsford.

BENNEY, M., D. RIESMAN en S.A. STAR. 1956. Age and sex in the interview. *The American Journal of Sociology* 62(82), 143-52.

BERRYMAN, C. L. en V. A. EMAN (reds.). 1980. *Communication, language and sex. Proceedings of the First Annual Conference.* Rowley, Mass.: Newbury House.

BLOCK, J.H. 1973. Conceptions of sex role. Some crosscultural and longitudinal perspectives. *American Psycholologist*, Junie 1973, 512-526.

BODINE, A. 1975a. Sex differentiation in language. In Thorne, B. en N. Henley, (reds.), *Language and sex: difference and dominance,* 130-151.

BODINE, A. 1975b. Andocentrism in prescriptive Grammar: singular 'they', sex-indefinite 'he', and 'he or she'. *Language in Society* 4(2), 129-145.

BOLINGER, D. 1968. *Aspects of language.* New York: Harcourt Brace Jovanovich, Inc.

BOSMAN, S.P.E. 1921. *Volk en Taal van Suid-Afrika.* Kaapstad: H.A.U.M.

BOSMAN, D.B., T.H. LE ROUX, D.F. MALHERBE, en J.J. SMITH (samest.) 1921. *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls.* Bloemfontein: Nasionale Pers.

BROUWER, D. 1982. The influence of the addressee's sex on politeness in language use. *Linguistics* 20, 697-711.

BROUWER, D. 1989. *Gender variation in Dutch. A sociolinguistic study of Amsterdam speech.* Dordrecht/Providence: Foris Publications, Topics in Sociolinguistics 8.

BROUWER, D., M. GERRITSEN, D. DE HAAN, A. VAN DER POST, m.m.v. E. DE JONG. 1978. *Vrouwentaal en mannenpraat. Verschillen in taalgebruik en taalgedrag in relatie tot de maatschappelijke rolverdeling.* Amsterdam: Van Gennep.

BROUWER, D. en M. GERRITSEN. 1980. Sociolinguïstiek en de tweede sexe. In Geerts, G. en A. Hagen (reds.), *Sociolinguistische Studies 1: Bijdragen uit het nederlandse Taalgebied*, 50-61.

BROUWER, D., M. GERRITSEN en D. DE HAAN. 1979. Speech differences between women and men: on the wrong track? *Language in Society* 8, 33-50.

BROUWER, D. en D. DE HAAN, (reds.). 1987. *Women's language, socialization and self-image.* Dordrecht/Providence: Foris Publications.

BROVERMAN, I.K., S.R. VOGEL, D.M. BROVERMAN, F.E. CLARKSON, en P.S. ROSENKRANTZ. 1972. Sex-Role Stereotypes: A Current Appraisal. *Journal of Social Issues* 28(2), 599-78.

BROWN, P. en S. LEVINSON. 1979. Social structure, groups and interaction. In Scherer, K.R. en H. Giles (reds.), *Social Markers in Speech.*

BROWN, P. 1980. How and why are women more polite: Some evidence from a Mayan Community. In McConnel-Ginet et al., *Women and language in literature and society.*

BüHLER, K. 1934. *Sprachteorie.* Stuttgart: G. Fischer.

CAMERON, D. en J. Coates. 1985. Some problems in the sociolinguistic explanation of sex differences. *Language and Communication* 5, 143-151.

CAMERON, D. 1985. *Feminism and linguistic theory.* Houndmills: MacMillan.

CASHELL, D.J. 1978. *Sex differences in linguistic style.* Doctoral dissertation, Purdue University. *Dissertation abstracts international,* 1979, 39, 4446B. (University microfilms no. 7005707)

CEDERGREN, H. en G. SANKOFF. 1971. Some results of a sociolinguistic study of Montreal French. In Darnell, R. (red.). *Linguistic Diversity in Canadian Society,* 41-87.

CHAMBERS, J. en P. TRUDGILL. 1980. *Dialectology.* Cambridge: Cambridge University Press.

CHATMAN, S. (red.). 1971. *Literary Style: A Symposium.* London: Oxford University Press.

CHATTERJI, S.M. 1921. Bengali phonetics. *Bulletin of the school of Oriental studies 2*, part I, 1-25.

CHESHIRE, J. 1982. *Variation in an English Dialect: a sociolinguistic study.* Cambridge: Cambridge University Press.

CLAASSEN, G.N. en M.C.J. VAN RENSBURG (reds.). 1983. *Taalverskeidenheid.* Pretoria, Kaapstad, Johannesburg: Academica.

COATES, J. 1983. *The semantics of modal auxiliaries.* Londen: Croom Helm.

COATES, J. 1986. *Women, men and language. A sociolinguistic account of sex differences in language.* Londen & New York: Longman.

COATES J. en D. CAMERON, (reds.). 1989. *Women in their speech communities. New perspectives on language and sex.* Londen & New York: Longman.

COLE, P. en J. MORGAN. 1975. *Syntax and semantics III: speech acts.* New York: Academic.

COMBRINK, J.G.H. 1990. *Afrikaanse morfologie: capita exemplaria.* Kaapstad: Academica.

CONKLIN, N.F. 1974. Towards a feminist analysis of linguistic behavior. *Michigan papers in women's studies* 1(1), 51-73.

CORBETT, E.P.J. 1990. *Classical rhetoric for the modern student.* New York, Oxford: Oxford University Press.

COWHIG, M. 1986. *A quantitative analysis of phonological variables in the speech of Newcastle schoolchildren.* Unpublished dissertation, Department of Speech, University of Newcastle upon Tyne.

CROSBY, F. en L. NYQUIST. 1977. The female register: an empirical study of Lakoff's hypotheses. *Language in Society* 6(2), 313-322.

CRYSTAL, D. 1981. *Directions in Applied linguistics.* Londen: Academic Press.

CRYSTAL, D. en D. DAVEY. 1969. *Investigating English Style.* Londen: Longman.

DARNELL, D. (red.). 1978. *Linguistic Diversity in Canadian Society.* Edmonton: Linguistic Research Inc.

DAS, S.K. 1968. Forms of address and terms of reference in Bengali. *Anthropological Linguistics* 10(4), 19-31.

DE BEAUGRANDE, T. 1980. *Text, discourse and process.* New York: Longman.

DE BEAUGRANDE, R. en W. DRESSLER. 1981. *Introduction to Text Linguistics.* Londen & New York: Longman.

DIEBOLD, A.R. 1961. Incipient bilingualism. *Language,* 37, 97-112.

DRESSLER, W. (red.). 1977. *Current trends in Textlinguistics.* Berlyn : De Gruyter.

DRESSLER, W.U. en N R. WODAK. 1982. Sociophonological methods in the study of sociolinguistic variation in Viennese German. *Language in society* 11(1), 339-370.

DUBOIS, B-L. en I. CROUCH. 1975. The question of tag-questions in women's speech: they don't really use more of them, do they? *Language in Society* 4, 289-295.

DUBOIS, B-L. en I. CROUCH. 1976. *The sociology of the languages of American women.* San Antonio, Texas: Trinity University press.

EAKINS, B.W. en R.G. EAKINS. 1978. *Sex differences in human communication.* Boston etc.: Houghton Mifflin.

EDELSKY, C. 1981. Who's got the floor? *Language in Society.* 10, 383-421.

EHRLICH, 1976. The conditions of feminist research. *Research group one, Report 21*, 1-20.

ENKVIST, N. 1973. *Linguistic Stylistics.* Den Haag: Mouton.

ENKVIST, N. 1977. Stylistics and Text Linguistics. In Dressler, W. (red.) *Current trends in Text Linguistics*, 174-190.

FASOLD, R. 1972. *Tense marking in black English: a linguistic and social analysis.* Washington, D.C.: Center for Applied Linguistics.

FASOLD, R.W. en R.W. SHUY (reds.) 1972. *Analyzing variation in language.* Washington D.C.: Georgetown University Press.

FEAGIN, C. 1979. *Variation and Change in Alabama English.* Washington D.C.: Georgetown University Press.

FEINBERG, Y. 1977. Linguistic and socio-demographic factors influencing the acceptance of Hebrew neologisms. PhD dissertation, Hebrew University, Yeshiva, Israel.

FERGUSON, M. 1983. *Forever Feminine.* London: Heinemann.

FILLMORE, C.T. 1971. The case for case. In Bach, E. en R.T. Harms (reds.), *Universals in linguistic theory*, 1-90.

FISHMAN, J.A. (red.). 1971. *Advances in the sociology of language.* Den Haag: Mouton.

FISHMAN, P.M. 1980. Conversational insecurity. In Giles, H., W.P. Robinson, en P.M. Smith (reds.), *Language: social pshycological perspectives.*

FISHMAN, P.M. 1983. Interaction: the work women do. In Thorne, B., C. Kramarae en N. Henley, (reds.), *Language, gender and society*, 89-101.

FLANNERY, R. 1946. Men's and women's speech in Gros Ventre. *International journal of American linguistics* 12, 133-135.

FOWLER, R., B. HODGE, G. KRESS, en T. TREW. 1979. *Language and control.* Londen: Routledge & Kegan Paul.

FRAZER, J.G. 1900. A suggestion as to the origin of gender in language. *Fortnightly Review* 73, 79-90.

FREEMAN, D.C. 1970. *Linguistics and Literary Style.* New York: Holt, Rinehart & Winston.

FROMKIN, V. en R. RODMAN. 1978. *An introduction to language.* New York: Holt, Rinehart & Winston.

FURFEY, P.H. 1944. Men's and women's language. *The American catholic sociological review*, 5, 218-223.

GAL, S. 1978. Peasant men can't get wives: language change and sex roles in a bilingual community. *Language in Society* 7, 1-16.

GEERTS, G. en A. HAGEN. 1980. *Sociolinguistische Studies 1: Bijdragen uit het Nederlandse Taalgebied.* Groningen: Wolters-Noordhoff.

GERRITSEN, M. 1978. Het dialekt van vrouwen: nu eens ouderwets dan weer modern. In Brouwer et al., *Vrouwentaal en mannenpraat*, 40-68.

GERRITSEN, M. 1980. Een kwantitatief onderzoek naar sekseverschillen in het Amsterdams. In Geerts, G. en A. Hagen, (reds.), *Sociolinguïstische studies 1. Bijdragen uit het Nederlandse taalgebied*, 154-179.

GILES, H. (red.) 1977. *Language, ethnicity and intergroup relations.* Londen: Edward Arnold.

GILES, H. en P.F. POWESLAND. 1975. *Speech style and social evaluation.* Londen: Academic Press.

GILES, H., W.P. ROBINSON, en P.M. SMITH. (reds.). 1980. *Language: Social psychological perspectives.* New York: Pergamom Press.

GILES, H. en R.N. St. CLAIR. 1978. *Language and social psychology.* Oxford: Blackwell.

GINNEKEN, J. van. 1913. De vrouwentaal. In *Handboek der Nederlandsche taal. Deel I. De sociologische structuur der Nederlandsche taal.* Nijmegen: Malmberg, 520-539.

GLASS, D.V. (red.). 1954. *Social mobility in Britain.* Londen: Routledge & Kegan Paul.

GRADDOL, D. en J. SWANN. 1989. *Gender voices.* Oxford: Blackwell.

GRICE, P. 1975. Logic and conversation. In Cole, P. en J. Morgan (reds.), *Syntax and semantics III: speech acts*, 41-58.

GROBLER, H. 1983. Linguistic sexism: Considering 'Masculinity' and 'Femininity'. In *Communique* 8(2), 60-75.

GUIRAUD, P. 1974. Rhetoric and stylistics. In Sebeok, T.A. et al. (reds.), *Style in language*, 943-955.

HAAS, M.R. 1964. Men's and Women's Speech in Koasati. In Hymes, D. (red.). *Language in Culture and Society.* New York: Harper & Row.

HALLIDAY, M.A.K. 1971. Linguistic function and literay style: an inquiry into the language of William Golding's *The Inheritors.* In Chatman, S. (red.), *Literary style: A symposium*, 330-365.

HALLIDAY, M.A.K. 1973. *Explorations in the functions of language.* London: Edward Arnold.

HALLIDAY, M.A.K. 1977. Text as semantic choice in social contexts. In Van Dijk, T.A. en J.S. Petöfi (reds.), *Grammars and descriptions.*

HALLIDAY, M.A.K. 1978. *Language as social semiotic. The social interpretaion of language and meaning.* London : Edward Arnold.

HALLIDAY, M.A.K. 1985. *An introduction fo functional grammar.* Londen: Edward Arnold.

HALLIDAY, M.A.K. en HASAN, R. 1976. *Cohesion in English.* Londen: Longman.

HALLIDAY, M.A.K. en HASAN, R. 1989. *Language context and text: aspects of language in a social-semiotic perspective* Oxford: Oxford University Press.

HARTFORD, B.S. 1976. Phonological differences in the English of adolescent Chicanas and Chicanos. In Dubois, B. en Crouch, I. (reds.), *The sociology of the languages of American women.*

HARTMANN, R.R.K. 1980. *Contrastive textology.* Heidelberg: Julius Groos Verlag.

HENLEY, N.M. 1977. *Body politics. Power, sex and nonverbal communication.* New York: Simon & Schuster.

HERBERT, R.K. (red.). 1975. *Patterns in language, Culture and Society: Sub-Saharan Africa.* Ohio State University.

HILL, C.A. 1975. Sex-based differences in cognitive processing of spatial relations in bilingual students in Niger. In Herbert, R.K. (red.), *Patterns in language, Culture and Society: Sub-Saharan Africa.*

HILPERT, F., D. KRAMER en R.A. CLARK. 1975. Participants' perceptions of self and partners in mixed sex dyads. *Central States Speech Journal*, Spring, 52-56.

HORVATH, B. 1985. *Variation in Australian English.* Cambridge: Cambridge University Press.

HUDSON, R.A. 1980. *Sociolinguistics.* Cambridge: Cambridge University Press.

JABEUR, M. 1987. *A sociolinguistic study in Tunisia, Rades.* Unpublished PhD dissertation, University of Reading.

JAKOBSON, R. 1960. Closing statement: linguistics and poetics. In Sebeok, T.A. (red.), *Style in language.*

JAKOBSON, R. 1990. The Time Factor in Language. In Waugh, L.R. en M. Monville-Burston (reds.), *Roman Jakobson: On language*, 166.

JESPERSEN, O. 1922. *Language, its Nature, Development, and Origin.* Londen: Allen & Unwin.

KEY, M.R. 1972. Linguistic behaviour of male and female. *Linguistics* 88, 15-31.

KEY, M.R. 1975. *Male/Female Language. With a comprehensive bibliography.* Metuchen, N.J.: Scarecrow Press.

KOTZé, E.F., 1983. *Variasiepatrone in Maleier-Afrikaans.* Ongepubliseerde D.Litt-proefskrif: Universiteit van die Witwatersrand.

KRAMER, C. 1974. Women's speech: separate but unequal? *Quarterly Journal of speech* 60, 14-24.

KRAMER, C. 1975. Sex-related differences in address systems. In *Anthropological Linguistics* 17(5), 198-210.

KRAMER, C. 1977. Perceptions of female and male speech. *Language and speech* 20(2), April-Junie, 151-161.

KRAMARAE, C. (red.). 1980. *The voices and words of women and men.* Oxford: Pergamom Press.

KRAMARAE, C. 1981. *Women and men speaking. Frameworks for analysis.* Rowley, Mass.: Newbury House.

LABOV, W. 1966. *The social stratification of English in New York City.* Washington D.C.: Center for Applied Linguistics.

LABOV, W. 1972a. *Language in the inner city. Studies in the black English vernacular.* Philadelphia: University of Pennsylvania Press.

LABOV, W. 1972b. *Sociolinguistic patterns.* Philadelphia: University of Pennsylvania Press.

LABOV, W. 1972c. Some principles of linguistic methodology. *Language in society* 1, 97-120.

LABOV, W. en D. FANSHEL. 1977. *Therapeutic discourse.* New York: Academic Press.

LAKOFF, R. 1973. Language and woman's place. *Language in society*, 2(1), 45-79.

LAKOFF, R. 1975. *Language and woman's place.* New York: Harper & Row.

LAKOFF, R. 1977. Language and sexual identity. In *Semiotica* 19, 119-30.

LAVANDERA, B.R. 1978. Where does the sociolinguistic variable stop? *Language in Society* 7, 171-182.

LEAVIS, Q.D. 1979. *Fiction and the Reading Public.* Britain: Peregrine (second edition).

LEECH, G.N. en SHORT, M. H. 1981. *Style in fiction.* Londen: Longman.

LEET-PELLEGRINI, H.M. 1980. Conversational dominance as a function of gender and expertise. In Giles, H., W.P. Robinson en P.M. Smith (reds.), *Language: Social psychological perspectives.*

LEVINE, L. en H.J. CROCKETT. 1966. Speech variation in a Piedmont community: post vocalir *r.* In Lieberson, S. (red.), *Explorations in sociolinguistics.*

LIEBERSON, S. 1965. Bilingualism in Montreal: a demographic analysis. *American Journal of Sociology*, 71, 10-25.

LIEBERSON, S. (red.). 1966. *Explorations in sociolinguistics.* Den Haag: Mouton.

LIND, E.A. en W.M. O'BARR. 1979. The social significance of speech in the court room. In Giles, H. en R.N. St. Clair (reds.), *Language and social psychology,* 66-87.

MACCOBY, E.E. en C.N. JACKLIN. 1974. *The psychology of sex differences.* Stanford: Stanford University Press.

MACAULAY, R.K.S. 1978. Variation and consistency in Glaswegian English. In Trudgill (red.), *Sociolinguist patterns in British English*, 132-143.

MALHERBE, M. (samest.), 1950. *Die Boerevrouboek.* Pretoria: Van Schaik.

MALHERBE, D.F. 1917. *Afrikaanse Taalboek.* Bloemfontein: Nasionale Pers

MANDELBAUM, D. (red.) 1949. *Selected writings of Edward Sapir.* Berkeley: University of California Press.

MARKEL, N.H., J.J. LONG en T.J. SAINE. 1976. Sex effects in conversational interaction: Another look at male dominance. In *Human communication research* 2, 356-364.

MARTIN, F.M. 1954. Some subjective aspects of social stratification. In Glass, D.V. (red.), *Social mobility in Britain.*

McCONNEL-GINET, S., R. BORKER en N. FURMAN (reds.). 1980. *Women and language in literature and society.* New York: Praeger.

M.E.R., 1972. *My beskeie deel.* Kaapstad: Tafelberg.

MILIC, L.T. 1967. *A quantitative approach to the style of Johathan Swift (= Studies in English literature* 23*)* Den Haag: Mouton.

MILLER, C. en K. SWIFT. 1977. *Words and women.* Londen: Gollancz.

MILROY, J. en L. MILROY. 1978. Belfast: change and variation in an urban vernacular. In Trudgill, P. (red.), *Sociolinguist patterns in British English*, 19-36.

MILROY, L. 1980. *Language and Social Networks.* Oxford: Basil Blackwell.

MILROY, L. 1992. New Perspectives in the analysis of sex differentiation in language. In Bolton, K. en H. Kwok, (reds.). *Sociolinguistics today: international perspectives,* 163-179.

MORRIS, CH. W. 1938. *Foundations of the theory of signs. (=International Encyclopedia of unified science* 1(2)*).* Chicago: Chicago University Press.

MOULTON, J., G.M. ROBINSON, en C. ELIAS. 1978. Sex bias in language use: "neutral" pronouns that aren't. *American Psychologist* 33(11), 1032-1036.

NADLER, L.B., M. K. NADLER en W. R. TODD-MANCILLAS (reds.). 1987. *Advances in gender and communication research.* Lanham, New York, London: University Press of America.

NICHOLS, P.C. 1978. Black women in the rural south: conservative and innovative. *International Journal of the Sociology of Language* 17, 45-55.

NILSEN, A.P., H. BOSMAJIAN, H.L. GERSHUNY, en J P. STANLEY. 1977. *Sexism and language.* Urbana, Ill.: National Council of Teachers of English.

NORDSTRöM P.E. en B. LINDBLOM. 1975. A normalization procedure for vowel formant data. Paper presented at the 8th International Congress of Phonetic Sciences in Leeds, August 1975.

O'BARR, W.M. en B.K. ATKINS. 1980. "Women's language" or "Powerless language"? In McConnel-Ginet et al., *Women and language in literature and society.*

ODENDAL, F.F., P.C. SCHONEES, C.J. SWANEPOEL, S.J. DU TOIT en C.M. BOOYSEN (reds.) 1990. *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse Taal.* Johannesburg: Perskor.

OFTEDAL, M. 1973. Notes on language and sex. *Norwegian Journal of Linguistics,* 27, 67-75.

OHMANN, R. 1964. Generative grammars and the concept of litery style, *Word* 20, 423-39.

OLIVIER, M.M. en J. RUBIN. 1975. The use of expletives by some American women. *Anthropological Linguistics* 17, 191-7.

PELC, J. e.a. (reds.). 1984. *Sign, System and Function. Papers of the First and Second Polish-American Semiotics Colloquia.* Berlyn, New York, Amsterdam: Mouton.

PETERSON, T. 1964. *Magazines in the Twentieth Century.* Illinois: University of Illinois Press.

PHILIPS, S.U., S. STEELE en C. TANZ (reds.). 1987. *Language, gender and sex in comparative perspective.* Cambridge: Cambridge University Press.

PIKE, K. 1954. *Language in relation to a unified theory of the structure of human behavior.* Den Haag: Mouton.

PONELIS, F.A. 1979. *Afrikaanse sintaksis.* Pretoria: Van Schaik

POST, A. van der 1978. Taalgebruik van vrouwen en mannen in niet-Westerse gemeenschappen. In Brouwer, D. et al., *Vrouwentaal en mannenpraat*, 12-39.

POYNTON, C. 1985. *Language and gender: making the difference.* Deakin: Deakin University Press.

PREISLER, B. 1986. *Linguistic sex roles in conversation. Social variation in the expression of tentativeness in English.* Berlyn: Mouton/De Gruyter.

RABE, L. 1985. *Die ontstaan en ontwikkeling van Sarie Marais as massatydskrif vir die Afrikaanse vrou.* Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch.

RAIDT, E.H. 1968. *Geskiedenis van die byvoeglike verbuiging in Nederlands en Afrikaans.* Kaapstad: NASOU

RAIDT, E.H. 1977. *Afrikaans en sy Europese verlede.* Bloemfontein, Durban, Pretoria: Nasou Beperk.

RAIDT, E.H. 1985. *Vrouetaal en taalverandering.* Intreerede gelewer op 27 September 1984. Johannesburg: Wits University Press.

RIGG, L. 1987. *A quantitative study of sociolinguistic patterns of variation in adult Tyneside speakers.* Unpublished dissertation, Department of Speech, University of Newcastle upon Tyne.

ROMAINE, S. 1982. *Socio-historical Linguistics.* Cambridge: Cambridge University Press.

RUKE-DRAVINA, V. 1952. Einige Beobachtungen über die Frauensprache in Letland. *Orbis* 1, 55-73.

SAPIR, E. 1929. Male and female forms of speech in Yana. In Teeuwen, St. W.J. (red.). *Donum Natalicium Schrijnen.* Nijmegen-Utrecht: Dekker en Van de Begt. Herdruk in Mandelbaum, D. (red.), *Selected writings of Edward Sapir.*

SCHERER, K.R. en H. GILES. 1979. *Social markers in Speech.* Cambridge: Cambridge University Press.

SEARLE, S. 1969. *Speech acts.* Londen: Cambridge University Press.

SEBEOK, T. A.(red.). 1960. *Style in language.* New York: MIT Press en Wiley.

SEBEOK, T.A. et al. (reds.). 1974. *Current trends in linguistics* 12. Den Haag: Mouton.

SHUY, R.W., W.A. WOLFRAM, en W.K. RILEY. 1967. *Linguistic correlates of social stratification in Detroit. speech cooperative research project 6-1347.* East Lansing: US office of Education.

SHUY, R.W. 1969. Sociolinguistic research at the Center for Applied Linguistics: the correlation of language and sex. *Giornata internazionali di Sociolinguistica.* Rome: Palazzo Baldassini.

SIEGLER, D.M. en R.S. SIEGLER. 1976. Stereotypes of male's and female's speech. *Psychological Reports* 39, 167-170.

SMITH, P. M. 1979. Sex markers in speech. In Scherer K.R. en H. Giles, (reds.), *Social markers in speech*, 109-146.

SMITH, P. M. 1985. *Language, the sexes and society.* Oxford/New York: Blackwell.

SNOW, E.C. 1975. Linguistics as behavioural scientists: towards a methodology for testing linguistic intuitions. In *Linguistics in the Netherlands* 1972-1973. Assen: Van Gorcum.

SOLé, Y.R. 1976. Sociocultural and sociopsychological factors in differential language retentiveness by sex. Im Dubois, B. en I. Crouch (reds.) *The sociology of the languages of American women.*

SPENDER, D. 1980. *Man made language.* Londen, Boston, Melbourne & Henley: Routledge & Kegan Paul.

STALEY, C.M. 1981. *Quantitative and qualitative sex-related language differences in children: a sociolinguiatic study of male and female communication.* Unpublished PhD dissertation, University of Colorado at Boulder. (University Microfilms International.)

STEYN, J.C. 1989. 'n Paar aantekeninge oor Afrikaanse koerante se grammatiese probleme in die 'owergangstijdperk' tot omstreeks 1917. *S.A. Tydskrif vir Taalkunde* 7(1), 20-29.

STOOPS, Y.H.L. 1972. *Die taalgebruik in "Die Huisgenoot".* Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Port Elizabeth.

SWACKER, M. 1975. The sex of the speaker as a sociolinguistic variable. In Thorne, B. en N. Henley (reds.), *Language and sex: difference and dominance*, 76-84.

TANNEN, D. 1990. *You just don't understand. Women and men in conversation.* New York: William Morrow and Company.

TEN CATE, A.P. 1978. Taal van en over vrouwen. In *Tabu* 8, 21-31.

THORNE, B., C. KRAMARAE en N. HENLEY, (reds.). 1983. *Language, gender and society.* Rowley, Mass.: Newbury House.

THORNE, B. en N. HENLEY, (reds.). 1975. *Language and sex: difference and dominance.* Rowley, Mass.: Newbury House.

TIMM, L.A. 1976. Review of Robin Lakoff: Language and Woman's Place. *Lingua* 39, 244-52.

TRUDGILL, P. 1972. Sex, covert prestige and linguistic change in the urban British English of Norwich. *Language in Society* 1, 179-195.

TRUDGILL, P. 1974a. *Sociolinguistics: An introduction.* Harmondsworth: Penguin Books.

TRUDGILL, P. 1974b. *The social differentiation of English in Norwich.* Cambridge: Cambridge University Press.

TRUDGILL, P. 1975. *Accent, dialect and the school.* Londen: Edward Arnold.

TRUDGILL, P. 1978. *Sociolinguistic patterns in British English.* Londen: Edward Arnold.

TRUDGILL, P. 1983. *On dialect: social and geographical perspectives.* Oxford: Basil Blackwell.

TRUDGILL, P. (red.). 1984. *Language in the British isles.* Londen: Academic Press.

TRUDGILL, P. en G.A. TZAVARAS. 1977. Why Albanian-Greeks are not Albanians: language shift in Attica and Bioia. In Giles, H. (red.) *Language, ethnicity and intergroup relations.*

VAN DIJK, T.A. 1972. *Some aspects of text grammars: a study in theoretical linguistics and poetics.* Den Haag : Mouton.

VAN DIJK, T.A. en J.S. PETöFI. 1977. *Grammars and Descriptions.* Berlyn: De Gruyter.

VAN PEER, W. 1986. *Stylistics and Psychology.* London: Croom Helm.

VESTERGAARD, T. en K. SCHRöDER. 1985. *The language of advertising.* Oxford: Blackwell.

VETTERLING-BRAGGIN, M. (red.). 1981. *Sexist language. A modern philosophical analysis.* Totowa, N.J.: Littlefield, Adams.

WARSHAY, D.W. 1969. *Instrumental and affective language styles in sex status.* Unpublished doctoral dissertation, Ohio State University. (University Microfilms no. 70-6906).

WAUGH, L.R. 1984. The Nature of the Linguistic Sign. In J. Pelc e.a. (reds.). *Sign, System and Function. Papers of the First and Second Polish-American Semiotics Colloquia*, 409.

WAUGH L.R. en M. MONVILLE-BURSTON (reds.). 1990. *Roman Jakobson: On Language.* Londen en Cambridge, Mass: Harvard University Press.

WITTGENSTEIN, L. 1974. *Philosophical Investigations.* Oxford: Basil Blackwell.

WOOLFSON, N. 1976. Speech events and natural speech: some implications for sociolinguistic methodology. *Language in society* 5, 189-211.

WOLFRAM, W. 1969. *Sociolinguistic description of Detroit negro speech.* Washinton, D.C.: Center for Applied Linguistics.

WOOD, M. 1966. The influence of sex and knowledge. In *Word* 22(1/2/3), 112-137.

ZIMMERMAN, D.H. en C. West 1975. Sex roles, interruptions and silences in conversation. In Thorne, B. en N. Henley, (reds.), *Language and sex: difference and dominance*, 105-129.

## TYDSKRIFTE

*Die Boerevrou.* 1919-1931. Pretoria: Die Boerevrou

*Fair Lady.* 1965-1989. Kaapstad: Nasionale Tydskrifte.

*International Journal of the Sociology of Language* 17 (1978). *American minority women in sociolinguistic perspective.* (Dubois, B-L. and I. M. Crouch, Issue Editors).

*Die Huisgenoot.* 1940. Kaapstad: Nasionale Tydskrifte

*Die moderne vrou.* 1936-1937. Johannesburg: Lyceum-uitgewers.

*Sarie (Marais).* 1949-1989. Kaapstad: Nasionale Tydskrifte.

## ADDISIONELE BRONNE

PISAL (Periodicals in South African Libraries)

Onderhoude met Izak de Villiers, Joan Kruger, voormalige senior redaksielid van *Sarie* en die navorsingsbestuurder van Nasionale Tydskrifte, Chris le Grange.

AMPS-resultate van 1986/87, 1987/88 en 1988/89.

Sosiomonitor-resultate van 1976, 1980, 1984 en 1986.

Die sirkulasiesyfers van die Ouditburo vir Sirkulasie (ABC).

*Afrikaanse woordelys en spelreëls.* Uitgegee in 1990 in opdrag van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns. Saamgestel deur die Taalkommissie. Kaapstad: Tafelberg.